

My boek met
**BYBEL-
VERHALE**






HIERDIE BOEK BEHOORT AAN

My boek met
BYBEL-
VERHALE

© 1978, 2004
WATCH TOWER BIBLE AND TRACT SOCIETY
OF PENNSYLVANIA

My boek met Bybelverhale

Uitgewers
PRINTED BY WATCH TOWER BIBLE AND TRACT SOCIETY
OF SOUTH AFRICA NPC
Robert Broomrylaan-Oos 1, Rangeview, Krugersdorp, 1739, RSA



Die Skrifaaahalings in hierdie boek is geparafraseer. Dit word in eenvoudige taal gestel sodat jong kinders dit kan verstaan. Teksverwysings aan die einde van elke verhaal wys waar dit in die Bybel aangetref word.

Druk van 2012

Hierdie publikasie word nie verkoop nie. Dit word voorsien as deel van 'n wêreldwye Bybelonderrigtingswerk wat deur vrywillige bydraes ondersteun word.

My Book of Bible Stories
Afrikaans (*my-AF*)

Made in the Republic of South Africa
Gedruk in die Republiek van Suid-Afrika

MY BOEK MET BYBELVERHALE

HIERDIE is 'n boek met ware verhale. Hulle kom uit die Bybel, die heel beste boek in die wêreld. Die verhale vertel jou die geskiedenis van die wêreld van die tyd dat God begin skep het tot ons dag. Hulle vertel selfs wat God belowe om in die toekoms te doen.

Hierdie boek gee jou 'n idee waarom die Bybel handel. Dit vertel van mense in die Bybel en die dinge wat hulle gedoen het. Dit vertel ook van die wonderlike hoop wat God aan mense gegee het, naamlik die ewige lewe op 'n paradysaarde.

Daar is 116 verhale in die boek. Hulle is in agt dele gegroepeer. 'n Bladsy aan die begin van elke deel vertel kortliks wat in daardie deel bespreek word. Die verhale verskyn in die volgorde waarin gebeure in die geskiedenis plaasgevind het. Dit help jou om te leer wanneer gebeure plaasgevind het in verhouding tot ander gebeure in die geskiedenis.

Die verhale word in eenvoudige taal vertel. Kinders, baie van julle sal dit self kan lees. Ouers, julle sal vind dat julle kleiner kinders dit baie geniet om hierdie verhale oor en oor te hoor. Julle sal vind dat hierdie boek baie dinge bevat wat vir oud sowel as jonk interessant is.

Aan die einde van elke verhaal is daar teksverwysings. Julle word aangespoor om hierdie dele van die Bybel, waarop die verhale gebaseer is, te lees.

INHOUD

DEEL 1 VAN DIE SKEPPING TOT DIE VLOED

- | | |
|------------------------------|------------------------------|
| 1 God begin om dinge te maak | 6 'n Goeie en 'n slegte seun |
| 2 'n Pragtige tuin | 7 'n Dapper man |
| 3 Die eerste man en vrou | 8 Reuse op die aarde |
| 4 Hulle verloor hulle tuiste | 9 Noag bou 'n ark |
| 5 'n Moeilike lewe begin | 10 Die groot vloed |

DEEL 2 VAN DIE VLOED TOT DIE VERLOSSING UIT EGIPTES

- | | |
|--------------------------------|-------------------------------|
| 11 Die eerste reënboog | 23 Farao se drome |
| 12 Mense bou 'n groot toring | 24 Josef toets sy broers |
| 13 Abraham—'n vriend van God | 25 Die gesin trek na Egipte |
| 14 God toets Abraham se geloof | 26 Job is getrou aan God |
| 15 Lot se vrou het omgekyk | 27 'n Slegte koning in Egipte |
| 16 Isak kry 'n goeie vrou | 28 Hoe baba Moses gered is |
| 17 'n Tweeling wat verskil het | 29 Hoekom Moses gevlug het |
| 18 Jakob gaan na Haran | 30 'n Bos wat brand |
| 19 Jakob het 'n groot gesin | 31 Moses en Aäron by Farao |
| 20 Dina kom in die moeilikheid | 32 Die 10 plae |
| 21 Josef se broers haat hom | 33 Deur die Rooi See |
| 22 Josef in die tronk | |

DEEL 3 VAN DIE VERLOSSING UIT EGIPTES TOT ISRAEL SE EERSTE KONING

- | | |
|-------------------------|---------------------------|
| 34 'n Nuwe soort kos | 36 Die goue kalf |
| 35 Jehovah gee sy wette | 37 'n Tent vir aanbidding |

- | | |
|-----------------------------|---------------------------|
| 38 Die 12 spioene | 47 'n Dief in Israel |
| 39 Aäron se staf kry blomme | 48 Die wyse Gibeoniete |
| 40 Moses slaan die rots | 49 Die son staan stil |
| 41 Die koperslang | 50 Twee dapper vroue |
| 42 'n Donkie praat | 51 Rut en Naomi |
| 43 Josua word leier | 52 Gideon en sy 300 manne |
| 44 Ragab help die spioene | 53 Jefta se belofte |
| 45 Deur die Jordaanrivier | 54 Die sterkste man |
| 46 Die mure van Jerigo | 55 'n Seuntjie dien God |

**DEEL 4 VAN ISRAEL SE EERSTE KONING
TOT GEVANGENSKAP IN BABILON**

- | | |
|---------------------------------|----------------------------------|
| 56 Saul—Israel se eerste koning | 67 Josafat vertrou op Jehovah |
| 57 God kies vir Dawid | 68 Twee seuns wat weer lewe |
| 58 Dawid en Goliat | 69 'n Kind help 'n vername man |
| 59 Hoekom Dawid moet vlug | 70 Jona en die groot vis |
| 60 Abigail en Dawid | 71 God belowe 'n paradys |
| 61 Dawid word koning gemaak | 72 God help koning Hiskia |
| 62 Moeilikheid in Dawid se huis | 73 Israel se laaste goeie koning |
| 63 Wyse koning Salomo | 74 'n Man wat nie bang is nie |
| 64 Salomo bou die tempel | 75 Vier seuns in Babilon |
| 65 Die koninkryk word verdeel | 76 Jerusalem word vernietig |
| 66 Isebel—'n slegte koningin | |

**DEEL 5 VAN GEVANGENSKAP IN BABILON
TOT DIE HERBOUING VAN JERUSALEM SE MURE**

- | | |
|--------------------------------|----------------------------|
| 77 Hulle weier om neer te buig | 81 Vertroue op God se hulp |
| 78 Die skrif teen die muur | 82 Mordegai en Ester |
| 79 Daniël in die leeu kuil | 83 Die mure van Jerusalem |
| 80 God se volk verlaat Babilon | |

DEEL 6 VAN JESUS SE GEBOORTE TOT SY DOOD

84	'n Engel kom na Maria toe	93	Jesus gee baie mense kos
85	Jesus word in 'n stal gebore	94	Hy is lief vir kindertjies
86	Mans gelei deur 'n ster	95	Hoe Jesus ander leer
87	Jong Jesus in die tempel	96	Jesus maak siekes gesond
88	Johannes doop vir Jesus	97	Jesus kom as koning
89	Jesus reinig die tempel	98	Op die Olyfberg
90	Die vrou by die put	99	In 'n bokamer
91	Jesus leer op 'n berg	100	Jesus in die tuin
92	Jesus wek dooies op	101	Jesus word doodgemaak

DEEL 7 VAN JESUS SE OPSTANDING TOT PAULUS SE GEVANGENSKAP

102	Jesus lewe	108	Op die pad na Damaskus
103	In 'n geslote kamer	109	Petrus by Kornelius
104	Jesus gaan terug hemel toe	110	Timoteus help vir Paulus
105	Hulle wag in Jerusalem	111	'n Seun raak aan die slaap
106	Uit die tronk vrygelaat	112	Gestrand op 'n eiland
107	Stefanus word gestenig	113	Paulus in Rome

DEEL 8 WAT DIE BYBEL VOORSPEL, WORD BEWAARHEID

114	'n Einde aan alle slegte dinge	116	Hoe ons vir ewig kan lewe
115	'n Nuwe paradys op aarde		

Studievrae vir *My boek met Bybelverhale*

Die vrae vir elkeen van die 116 verhale wat hierbo gelys is, begin op die bladsy ná die einde van Verhaal 116.

Van die skepping tot die Vloed

Waar het die hemel en die aarde vandaan gekom? Hoe het die son, maan en sterre, asook al die dinge op die aarde, daar gekom? Die Bybel gee die ware antwoord wanneer dit sê dat God dit geskep het. Daarom begin ons boek met Bybelverhale oor die skepping.

Ons leer dat die eerste dinge wat God geskep het, geespersone soos hy was. Hulle was engele. Maar die aarde is geskep vir mense soos ons. Daarom het God die man en vrou, Adam en Eva, gemaak en hulle in 'n pragtige tuin gesit. Maar hulle was ongehoorsaam aan God en het die reg verloor om aan te hou lewe.

Van Adam se skepping af tot die groot Vloed was altesaam 1 656 jaar. Gedurende hierdie tyd het daar baie persone gelewe wat sleg was. In die hemel was daar die onsigbare geespersone—Satan en sy slegte engele. Op die aarde was daar Kain en baie ander slegte mense, onder andere sekere buitengewoon sterk manne. Maar daar was ook goeie mense op die aarde—Abel, Henog en Noag. In DEEL 1 gaan ons van al hierdie mense en gebeure lees.

GOD BEGIN OM DINGE TE MAAK 1

AL DIE goeie dinge wat ons het, kom van God af. Hy het die son gemaak om vir ons in die dag lig te gee, en die maan en sterre sodat ons in die nag 'n bietjie lig kan hê. En God het die aarde gemaak sodat ons daarop kan lewe.

Maar die son, die maan, die sterre en die aarde was nie die eerste dinge wat God gemaak het nie. Weet jy wat hy eerste gemaak het? God het eers persone gemaak wat soos hy was. Ons kan hierdie persone nie sien nie, net soos ons God nie kan sien nie. Die Bybel noem hierdie persone engele. God het die engele gemaak om saam met hom in die hemel te lewe.

Die eerste engel wat God gemaak het, was baie spesiaal. Hy was God se eerste Seun, en hy het saam met sy Vader gewerk. Hy het God gehelp om alle ander dinge te maak. Hy het God gehelp om die son, die maan, die sterre en ook ons aarde te maak.

Hoe het die aarde toe gelyk? In die begin kon niemand op die aarde lewe nie. Daar was net een groot see bo-oor die land. Maar God wou hê dat mense op die aarde moet lewe. Daarom het hy begin om dinge vir ons reg te maak. Wat het hy gedoen?

Wel, die aarde het eerstens lig nodig gehad. Daarom het God die lig van die son op die aarde laat skyn. Hy het dit só gemaak dat daar nag en dag sou wees. Daarna het God die grond bokant die water van die see laat opkom.

Eers was daar niks op die land nie. Dit het soos hierdie prent gelyk. Daar was geen blomme of bome of diere nie. Daar was nie eens visse in die see nie. God moes nog baie doen om die aarde mooi te maak sodat diere en mense daarop kon lewe.

Jeremia 10:12; Kolossense 1:15-17;
Genesis 1:1-10.





'N PRAGTIGE TUIN

2

KYK hoe lyk die aarde hier! Hoe mooi is alles tog nie! Kyk na die gras en die bome, die blomme en al die diere. Kan jy die olifant en die leeus sien?

Hoe het hierdie pragtige tuin daar gekom? Wel, kom ons kyk hoe God die aarde vir ons reggemaak het.

God het eers groen gras gemaak om die grond te bedek. En hy het allerhande plantjies en bosse en bome gemaak. Hierdie groeiende dinge




help om die aarde mooi te maak. Maar dit is nie al nie. Baie van hulle gee ons ook kos wat baie lekker smaak.

God het later visse gemaak om in die water te swem en voëls om in die lug te vlieg. Hy het honde en katte en perde gemaak; groot diere en klein diertjies. Watter diere woon naby jou huis? Moet ons nie bly wees dat God al hierdie dinge vir ons gemaak het nie?

Eindelik het God een deel van die aarde 'n baie spesiale plek gemaak. Hy het hierdie plek die tuin van Eden genoem. Dit was volmaak. Alles daarin was pragtig. En God wou hê dat die hele aarde moes word net soos hierdie mooi tuin wat hy gemaak het.

Maar kyk weer na die prent van hierdie tuin. God het gesien dat iets kortkom. Weet jy wat dit is? Kom ons kyk.

Genesis 1:11-25; 2:8, 9.



WAT is anders in hierdie prent? Ja, daar is mense daarin. Hulle is die eerste man en vrou. Wie het hulle gemaak? Dit was God. Weet jy wat sy naam is? Dit is Jehovah. En die man en vrou is Adam en Eva genoem.

Hoe het Jehovah God vir Adam gemaak? Hy het stof van die aarde gevat en 'n volmaakte liggaam, 'n man se liggaam, daarmee gemaak. Toe het hy in die man se neus geblaas, en Adam het lewendig geword.

Jehovah God het 'n werk vir Adam gehad. Hy het vir Adam gesê om vir al die soorte diere name te gee. Adam het die diere dalk lank dopgehou sodat hy die beste name vir almal van hulle kon kies. Terwyl Adam vir die diere name gegee het, het hy iets opgemerk. Weet jy wat dit was?

Die diere het almal maats gehad. Daar was pappa-olifante en mamma-olifante, en daar was pappa-leeus en mamma-leeus.



Maar Adam het nie 'n maat gehad nie. Toe het Jehovah Adam vas aan die slaap laat raak en 'n ribbebeen uit sy sy geneem. Van hierdie rib het Jehovah 'n vrou vir Adam gemaak.

Hoe gelukkig was Adam tog nou! En dink net hoe gelukkig Eva moes gewees het omdat sy in so 'n pragtige tuin kon lewe! Nou kon hulle kinders hê en gelukkig saamlewe.

Jehovah wou hê dat Adam en Eva vir ewig moes lewe. Hy wou hê dat hulle die hele aarde so mooi soos die tuin van Eden moes maak. Hoe gelukkig moes Adam en Eva tog gewees het toe hulle hieraan gedink het! Sou jy graag saam met hulle die aarde in 'n mooi tuin wou verander? Maar Adam en Eva se geluk het nie lank geduur nie. Kom ons vind uit hoekom nie.

Psalm 83:18; Genesis 1:26-31; 2:7-25.





HULLE VERLOOR HULLE TUISTE 4

KYK wat gebeur nou. Adam en Eva word uit die pragtige tuin van Eden weggejaag. Weet jy hoekom?

Dit is omdat hulle iets baie verkeerd gedoen het. En nou straf Jehovah hulle. Weet jy wat Adam en Eva gedoen het?

Hulle het iets gedoen wat God gesê het hulle nie mag doen nie. God het vir hulle gesê dat hulle die vrugte van die bome van die tuin kon eet. Maar van een boom het God gesê dat hulle nie mag eet nie, anders sou hulle doodgaan. Hy het daardie boom vir homself gehou. En ons weet mos dit is verkeerd om iets te vat wat aan iemand anders behoort, nè? Wel, wat het gebeur?

Terwyl Eva eendag alleen in die tuin was, het 'n slang met haar gepraat. Dink net daaraan! Dit het vir Eva gesê om vrugte te eet van die boom waarvan God gesê het hulle nie mag eet nie. Toe Jehovah slange gemaak het, het hy hulle nie gemaak sodat hulle kon praat nie. Dit kan dan net beteken dat iemand anders die slang laat praat het. Wie was dit?

Dit was nie Adam nie. Dit moes dan een van die persone gewees het wat Jehovah lank voor die aarde gemaak het. Daardie persone is engele, en ons kan hulle nie sien nie. Een van hierdie engele het baie trots geword. Hy het begin dink dat hy, net soos God, 'n heerser moet wees. En hy wou hê dat mense aan hom gehoorsaam moes wees in plaas van aan Jehovah. Hy was die engel wat die slang laat praat het.

Hierdie engel het dit reggekry om Eva te bedrieg. Toe hy vir haar gesê het dat sy soos God sou word as sy die vrug eet, het sy dit geglo. Daarom het sy geëet, en Adam ook. Adam en Eva was ongehoorsaam aan God, en dit is hoekom hulle hulle pragtige tuintuiste verloor het.

Maar eendag sal God sorg dat die hele aarde so mooi soos die tuin van Eden lyk. Ons sal later uitvind hoe jy kan help om dit so te maak. Maar kom ons kyk nou wat met Adam en Eva gebeur het.

BUITE die tuin van Eden het Adam en Eva baie probleme gehad. Hulle moes hard werk vir hulle kos. In plaas van mooi vrugtebome het daar dorings en dissels rondom hulle gegroei. Dit is wat gebeur het toe Adam en Eva aan God ongehoorsaam was en opgehou het om Sy vriende te wees.

Maar nog erger, Adam en Eva het begin doodgaan. Onthou, God het hulle gewaarsku dat hulle sou doodgaan as hulle die vrugte van 'n sekere boom eet. Wel, op dieselfde



dag dat hulle daarvan geëet het, het hulle begin doodgaan. Hoe dwaas was hulle tog om nie na God te luister nie!

Adam en Eva se kinders is almal gebore nadat God hulle ouers uit die tuin van Eden weggejaag het. Dit beteken dat die kinders ook sou oud word en doodgaan.

As Adam en Eva maar net aan Jehovah gehoorsaam was, sou hulle en hulle kinders 'n gelukkige lewe gehad het. Hulle sou almal vir ewig in geluk op die aarde kon gelewe het. Niemand sou moes oud en siek geword en doodgegaan het nie.




God wil hê dat mense vir ewig in geluk moet lewe, en Hy belowe dat hulle eendag sal. Nie alleen sal die hele aarde mooi wees nie, maar al die mense sal gesond wees. En almal op die aarde sal goeie vriende van mekaar en van God wees.

Maar Eva was nie meer 'n vriendin van God nie. Daarom was dit nie vir haar maklik toe sy kinders gekry het nie. Sy het baie pyn gehad. Ongehoorsaamheid aan Jehovah het beslis vir haar baie verdriet veroorsaak, nie waar nie?

Adam en Eva het baie seuns en dogters gehad. Toe hulle eerste seun gebore is, het hulle hom Kain genoem. Hulle het hulle tweede seun Abel genoem. Wat het met hulle gebeur? Weet jy?

Genesis 3:16-23; 4:1, 2; Openbaring 21:3, 4.



'N GOEIE EN 'N SLEGTE SEUN 6

KYK hoe lyk Kain en Abel nou. Hulle het albei grootgeword. Kain het 'n boer geword. Hy boer met graan en vrugte en groente.

Abel het 'n skaapwagter geword. Hy hou daarvan om lammetjies op te pas. Hulle word groot, en daarom het Abel sommer gou 'n hele trop skape om op te pas.

Eendag bring Kain en Abel 'n offer aan God. Kain bring van die kos wat hy gekweek het. En Abel bring die heel beste skaap wat hy het. Jehovah hou van Abel en sy offer. Maar hy hou nie van Kain en sy offer nie. Weet jy hoekom nie?

Dit is nie net dat Abel se offer beter as Kain s'n is nie. Dit is omdat Abel 'n goeie man is. Hy is lief vir




Jehovah en sy broer. Maar Kain is sleg; hy is nie lief vir sy broer nie.

Daarom sê God vir Kain dat hy moet verander. Maar Kain luister nie. Hy is baie kwaad omdat God meer van Abel hou. Daarom sê Kain vir Abel: 'Kom ons gaan veld toe.' Toe hulle daar kom en hulle heeltemal alleen is, slaan Kain vir sy broer Abel. Hy slaan hom so hard dat hy hom doodsla. Was dit nie 'n verskriklike ding wat Kain gedoen het nie?

Selfs al het Abel doodgegaan, onthou God hom nog altyd. Abel was 'n goeie mens, en Jehovah vergeet so iemand nooit. Daarom sal Jehovah God eendag vir Abel weer lewendig maak. Dan sal Abel nooit weer hoef dood te gaan nie. Hy sal vir ewig hier op die aarde kan lewe. Sal dit nie wonderlik wees om mense soos Abel te leer ken nie?

Maar God hou nie van mense soos Kain nie. Daarom het God vir Kain gestraf nadat hy sy broer doodgemaak het en hom ver van die res van sy gesin af weggestuur. Toe Kain weggegaan het om in 'n ander deel van die aarde te woon, het hy een van sy susters saamgeneem, en sy het sy vrou geword.


Later het Kain en sy vrou kinders gehad. Ander seuns en dogters van Adam en Eva het getrou, en hulle het ook kinders gehad. Daar was somer gou baie mense op die aarde. Kom ons leer party van hulle beter ken.



TOE die mense op aarde begin meer word, het die meeste van hulle slegte dinge gedoen, net soos Kain. Maar een man was anders. Sy naam was Henog. Henog was 'n dapper man. Die mense rondom hom het dinge gedoen wat baie sleg was, maar Henog het aangehou om God te dien.

Weet jy hoekom die mense in daardie dae soveel slegte dinge gedoen het? Wel, dink 'n bietjie: Wie het vir Adam en Eva aan God ongehoorsaam laat word en die vrug laat eet wat God gesê het hulle nie mag eet nie? Ja, dit was 'n slegte engel. Die Bybel noem hom Satan. En hy probeer om almal sleg te laat wees.

Eendag het Jehovah God vir Henog gesê om vir die mense iets te vertel wat hulle nie wou hoor nie. Hy moes vir hulle sê: 'God gaan eendag al die slegte mense vernietig.' Die mense was seker baie kwaad toe hulle





dit hoor. Hulle het dalk selfs probeer om Henog dood te maak. Daarom moes Henog baie dapper wees om vir die mense te vertel wat God gaan doen.

God het Henog nie lank tussen daardie slegte mense laat lewe nie. Henog het net 365 jaar oud geword. Hoekom sê ons “net 365 jaar”? Omdat mense

in daardie dae baie sterker was as nou en baie langer gelewe het. Henog se seun Metu'salag het dan glad 969 jaar oud geword!

Wel, nadat Henog doodgegaan het, het die mense net al hoe slegter geword. Die Bybel sê dat ‘alles waaraan hulle gedink het, die hele tyd sleg was’ en dat ‘die aarde vol geweld was’.

Weet jy wat is een van die redes hoekom daar in daardie dae soveel moeilikheid op die aarde was? Dit is omdat Satan 'n nuwe manier gehad het om mense te kry om slegte dinge te doen. Ons volgende verhaal vertel hiervan.

Genesis 5:21-24, 27: 6:5;
Hebreeërs 11:5; Judas 14, 15.



WAT sou jy dink as iemand na jou toe aangestap kom wat so lank is dat sy kop aan die dak van jou huis kan raak? Hy sou 'n reus wees! Op een tyd was daar regtig reuse op die aarde. Die Bybel sê dat hulle pa's engele uit die hemel was. Maar hoe was dit moontlik?

Onthou, die slegte engel Satan was besig om moeilikheid te maak. Hy het selfs probeer om God se engele sleg te laat wees. Na 'n ruk het party van hierdie engele na Satan begin luister. Hulle het opgehou om die werk te doen wat God vir hulle in die hemel gehad het. En hulle het aarde toe gekom en vir hulleself menseliggame gemaak. Weet jy hoekom?

Die Bybel sê dat hierdie seuns van God die mooi vroue op die aarde gesien het en saam met hulle wou lewe. Daarom het hulle aarde toe gekom en met hierdie vroue getrou. Die Bybel sê dat dit verkeerd was, want God het die engele gemaak om in die hemel te woon.

Toe die engele en hulle vrouens babas gehad het, was hierdie babas anders. Aan die begin het hulle miskien nie baie anders gelyk nie. Maar hulle het al hoe groter en al hoe sterker geword totdat hulle reuse was.

Hierdie reuse was sleg. En omdat hulle so groot en sterk was, het hulle mense seergemaak. Hulle het almal probeer dwing om sleg te wees, net soos hulle.

Henog was al dood, maar daar was nou een man op die aarde wat goed was. Hierdie man se naam was Noag. Hy het altyd gedoen wat God wou hê hy moes doen.

Eendag het God vir Noag gesê dat die tyd gekom het vir Hom om al die slegte mense te vernietig. Maar God sou Noag, sy gesin en baie van die diere red. Kom ons kyk hoe God dit gedoen het.





NOAG het 'n vrou en drie seuns gehad. Sy seuns se name was Sem, Gam en Jafet. En elkeen van hierdie seuns het 'n vrou gehad. Daar was met ander woorde agt mense in Noag se gesin.

God het Noag nou 'n eenaardige ding laat doen. Hy het vir hom gesê om 'n groot ark te bou. Hierdie ark was so groot soos 'n skip, maar dit het meer soos 'n groot, lang kis gelyk. 'Maak dit drie verdiepings hoog', het God gesê, 'en bou kamers daarin.' Die kamers was vir Noag en sy gesin, die diere en al die kos wat hulle sou nodig hê.

God het ook vir Noag gesê om die ark te maak sodat daar geen water kan inkom nie. God het gesê: 'Ek gaan 'n groot watervloed bring en die hele wêreld vernietig. Almal wat nie in die ark is nie, sal doodgaan.'

Noag en sy seuns het Jehovah gehoorsaam en begin bou. Maar die ander mense het net gelag. Hulle het aangehou om slegte dinge te doen. Niemand het Noag geglo toe hy vir hulle vertel het wat God gaan doen nie.





Omdat die ark so groot was, het dit lank gevat om dit te bou. Ná baie jare was dit uiteindelik klaar. Toe het God vir Noag gesê om die diere in die ark in te bring. God het gesê dat hy van party soorte diere twee, 'n mannetjie en 'n wyfie, moes inbring. Maar van ander soorte diere het God vir Noag gesê dat hy sewe moes inbring. God het ook vir Noag gesê om al die soorte voëls in te bring. Noag het gedoen net soos God gesê het.

Daarna het Noag en sy gesin ook in die ark ingegaan. Toe het God die deur toegemaak. Binne-in het Noag en sy gesin gewag. Verbeel jou jy sit saam met hulle in die ark en wag. Gaan daar regtig 'n vloed wees soos God gesê het?

Genesis 6:9-22; 7:1-9.

BUITE die ark het die mense net aangehou lewe soos voorheen. Hulle het nog steeds nie geglo dat die Vloed gaan kom nie. Hulle het seker meer as ooit gelag. Maar hulle het gou opgehou lag.

Skielik het water begin val. Dit het uit die lug gestort soos wanneer jy water uit 'n emmer gooi. Noag was reg! Maar dit was nou te laat vir enigiemand anders om in die ark in te gaan. Jehovah het die deur styf toegemaak.

Al die lae gebiede was gou oorstrom. Die water het soos groot riviere geword. Dit het bome omgestoot en groot klippe rondgerol en baie geraas gemaak. Die mense was bang. Hulle het na hoër grond geklim. O, hoe het hulle tog gewens dat hulle na Noag



geluister het en in die ark ingegaan het toe die deur nog oop was! Maar nou was dit te laat.

Die water het al hoe hoër geword. Veertig dae en 40 nagte lank het die water uit die lug neergestort. Dit het teen die berge opgestoot, en selfs die hoogste berge was gou bedek. Al die mense en diere buite die ark het doodgegaan, net soos God gesê het. Maar almal binne-in die ark was veilig.

Noag en sy seuns het die ark goed gebou. Die water het dit opgelig, en dit het bo-op die water gedryf. Toe, eendag nadat die reën opgehou val het, het die son begin skyn. Wat 'n gesig was dit tog! Daar was oral net een groot see. En die enigste ding wat 'n mens kon sien, was die ark wat daarop gedryf het.

Die reuse was nou dood. Hulle sou mense nooit weer kon seermaak nie. Hulle het saam met hulle ma's en al die ander slegte mense verdrink. Maar wat het met hulle pa's gebeur?





Die reuse se pa's was nie regtig mense soos ons nie. Hulle was engele wat afgekóm het om soos mense op die aarde te lewe. Daarom het hulle nie saam met die res van die mense doodgegaan toe die Vloed gekóm het nie. Hulle het opgehou om die menseliggame te gebruik wat hulle gemaak het en het as engele teruggegaan hemel toe. Maar hulle is nie meer toegelaat om deel te wees van God se gesin van engele nie. Hulle het toe die engele van Satan geword. In die Bybel word hulle demone genoem.

God het nou 'n wind laat waai, en die water van die vloed het begin sak. Vyf maande later het die ark op die top van 'n berg tot rus gekóm. Nog baie dae het verbygegaan, en die mense in die ark kon uitkyk en die toppe van die berge sien. Die water het al hoe laer gesak.

Toe het Noag 'n swart voël wat 'n raaf genoem word, uit die ark gestuur. Dit het 'n paar keer 'n ruk lank weggevlieg en dan weer teruggekóm, want dit kon nie 'n plek kry om te gaan sit nie. Dit het aangehou om dit te doen, en elke keer as dit teruggekóm het, het dit op die ark kom sit.

Noag wou sien of die water van die aarde af weggevloei het, en daarom het hy toe 'n duif uit die ark gestuur. Maar die duif het ook teruggekóm omdat dit nie 'n plek kon kry om te bly nie. Noag het dit 'n tweede keer uitgestuur, en dit het teruggekóm met 'n olyfblaar in sy snawel. Toe het Noag geweet dat die water gesak het. Noag het die duif 'n derde keer uitgestuur, en uiteindelik het dit 'n droë plek gekry waar dit kon bly.

God het toe met Noag gepraat. Hy het gesê: 'Gaan uit die ark uit. Vat jou hele gesin en die diere saam met jou.' Hulle was meer as 'n jaar lank in die ark. Dink net hoe bly hulle was om weer buite te kom en om nog te lewe!

Van die Vloed tot die verlossing uit Egipte

Net agt mense het die Vloed oorleef, maar later het hulle tot derduisende toegeneem. Toe, 352 jaar ná die Vloed, is Abraham gebore. Ons leer hoe God sy belofte gehou het deur vir Abraham 'n seun met die naam Isak te gee. Van Isak se twee seuns is Jakob deur God gekies.


Jakob het 'n groot gesin van 12 seuns en 'n paar dogters gehad. Jakob se 10 seuns het hulle jonger broer Josef gehaat en hom verkoop om 'n slaaf in Egipte te word. Later het Josef 'n belangrike heerser in Egipte geword. Toe daar 'n groot hongersnood kom, het Josef sy broers getoets om te sien of hulle verander het. Uiteindelik het Jakob se hele gesin, die Israeliete, na Egipte toe getrek. Dit was 290 jaar nadat Abraham gebore is.

Gedurende die volgende 215 jaar het die Israeliete in Egipte gewoon. Ná Josef se dood het hulle daar slawe geword. Later is Moses gebore, en God het hom gebruik om die Israeliete uit Egipte te verlos. DEEL 2 dek altesaam 857 jaar van die geskiedenis.

WEET jy wat Noag heel eerste gedoen het nadat hy en sy gesin uit die ark gekom het? Hy het 'n offer of gawe aan God gebring. In die prent hieronder kan jy sien hoe hy dit doen. Noag het hierdie diere geoffer om vir God dankie te sê omdat Hy sy gesin uit die groot vloed gered het.

Dink jy die gawe het Jehovah bly gemaak? Ja, dit het. Daarom het hy vir Noag belowe dat hy nooit weer die wêreld deur 'n vloed sal vernietig nie.

Die grond was gou heeltemal droog, en Noag en sy gesin het 'n nuwe lewe buite die ark begin. God het hulle geseën en vir hulle gesê: 'Julle moet baie kinders hê. Julle moet meer word totdat daar mense oor die hele aarde woon.'





Maar as mense later van die groot vloed hoor, sou hulle miskien bang wees dat daar weer so 'n vloed sal kom. Daarom het God iets gegee wat mense sou herinner aan sy belofte om nooit weer die hele aarde te laat oorstroom nie. Weet jy wat hy gegee het om hulle daaraan te herinner? Dit was 'n reënboog.

'n Mens sien baie keer 'n reënboog in die lug wanneer die son skyn nadat dit gereën het. Reënboë het 'n hele paar pragtige kleure. Het jy al ooit een gesien? Sien jy die een in die prent?

God het gesê: 'Ek belowe dat alle mense en diere nooit weer deur 'n vloed vernietig sal word nie. Ek sit my reënboog in die wolke. En wanneer die reënboog verskyn, sal ek dit sien en hierdie belofte van my onthou.'

Waarom moet dit jou dan laat dink wanneer jy 'n reënboog sien? Ja, aan God se belofte dat hy nooit weer die wêreld deur 'n groot vloed sal vernietig nie.

MENSE BOU 'N GROOT TORING 12

BAIE jare het verbygegaan. Noag se seuns het baie kinders gehad. En hulle kinders het groot geword en ook kinders gehad. Daar was gou baie mense op die aarde.

Een van hierdie mense was 'n agterkleinseun van Noag met die naam Nimrod. Hy was 'n slegte man wat diere sowel as mense gejag en doodgemaak het. Nimrod het homself ook 'n koning gemaak wat oor ander mense regeer. God het nie van Nimrod gehou nie.

Al die mense wat toe geleef het, het een taal gepraat. Nimrod wou hulle bymekaar laat bly sodat hy oor hulle kon regeer. Weet jy wat hy toe gedoen het? Hy het vir die mense gesê om 'n stad te bou met 'n groot toring daarin. In die prent kan jy sien hoe hulle bakstene maak.


Jehovah God het nie van hierdie bouery gehou nie. God wou hê die mense moes wegtrek en oor die hele aarde woon. Maar die mense het gesê: 'Kom! Laat ons 'n stad bou en 'n toring wat so hoog is dat sy punt tot by die hemel kom. Dan sal ons beroemd wees!' Die mense het hulle eie eer gesoek, nie God s'n nie.



Daarom het God die mense laat ophou om die toring te bou. Weet jy hoe hy dit gedoen het? Deur mense skielik verskillende tale te laat praat, in plaas van net een. Die bouers kon mekaar toe nie meer verstaan nie. Dit is hoekom hulle stad Babel, of Babilon, genoem is, want dit beteken “Verwarring”.

Die mense het nou van Babel af begin wegtrek. Groepe mense wat dieselfde taal gepraat het, het saam in ander dele van die aarde gaan woon.

Genesis 10:1, 8-10; 11:1-9.





ABRAHAM—'N VRIEND VAN GOD 13

EEN van die plekke waar mense ná die Vloed gaan woon het, is Ur genoem. Dit het 'n belangrike stad geword, en daar was mooi huise daarin. Maar die mense wat daar gewoon het, het valse gode aanbid. Dit was wat hulle ook in Babel gedoen het. Die mense in Ur en Babel was nie soos Noag en sy seun Sem wat aangehou het om Jehovah te dien nie.

Getroue Noag het 350 jaar ná die vloed doodgegaan. Net twee jaar later is die man wat jy in hierdie prent sien, gebore. Hy was 'n baie spesiale persoon vir God. Sy naam was Abraham. Hy het saam met sy familie in die stad Ur gewoon.

Eendag het Jehovah vir Abraham gesê: 'Gaan weg uit Ur en van jou familielede, en gaan na 'n land wat ek vir jou sal wys.' Was Abraham gehoorsaam aan God en het hy weggegaan van al die geriewe in Ur? Ja. En dit was omdat Abraham altyd gehoorsaam was aan God dat hy later God se vriend genoem is.

Party van Abraham se familielede het saam met hom gegaan toe hy uit Ur weggetrek het. Sy pa Tera het, en ook sy neef Lot. En Abraham se vrou Sara het natuurlik ook saamgegaan. Na 'n ruk het hulle by 'n plek met die naam Haran gekom, waar Tera doodgegaan het. Hulle was ver van Ur af.

Na 'n ruk het Abraham en sy huisgesin uit Haran weggegaan en in die land Kanaän gekom. Daar het Jehovah gesê: 'Dit is die land wat ek aan jou kinders gaan gee.' Abraham het in Kanaän gebly en in tente gewoon.

God het Abraham begin help sodat hy uiteindelik groot troppe skape en ander diere en honderde diensknegte gehad het. Maar hy en Sara het geen kinders gehad nie.

Toe Abraham 99 jaar oud was, het Jehovah gesê: 'Ek belowe jou dat jy die vader van baie nasies sal word.' Maar hoe kon dit gebeur, as Abraham en Sara nou al te oud was om 'n kind te hê?

GOD TOETS ABRAHAM SE GELOOF 14

KAN jy sien wat Abraham hier doen? Hy het 'n mes, en dit lyk asof hy sy seun gaan doodmaak. Hoekom sou hy so iets doen? Kom ons kyk eers hoe Abraham en Sara hulle seun gekry het.

Onthou, God het hulle belowe dat hulle 'n seun sou hê. Maar dit het onmoontlik gelyk omdat Abraham en Sara so oud was. Maar Abraham het geglo dat God enigiets kan doen, al lyk dit onmoontlik. Wat het toe gebeur?

Nadat God sy belofte gemaak het, het 'n hele jaar verbygegaan. Toe Abraham 100 jaar oud en Sara 90 jaar oud was, het hulle 'n babaseuntjie met die naam Isak gekry. God het sy belofte gehou!

Maar toe Isak ouer geword het, het Jehovah Abraham se geloof getoets. Hy het geroep: 'Abraham!' En Abraham het geantwoord: 'Hier is ek!' Toe het God gesê: 'Neem jou seun, jou enigste seun, Isak, en gaan na 'n berg wat ek jou sal wys. Daar moet jy jou seun doodmaak en hom as 'n offerande bring.'

Hoe hartseer het hierdie woorde Abraham tog gemaak, want Abraham was baie lief vir sy seun. En onthou, God het belowe dat Abraham se kinders in die land Kanaän sou woon. Maar hoe kon dit gebeur as Isak dood was? Abraham het nie verstaan nie, maar hy was nogtans gehoorsaam aan God.

Toe hy by die berg kom, het Abraham vir Isak vasebind en hom op die altaar gesit wat hy gebou het. Toe het hy die mes uitgehaal om sy seun dood te maak. Maar op daardie oomblik het God se engel geroep: 'Abraham, Abraham!' En Abraham het geantwoord: 'Hier is ek!'

'Moenie die seun seermaak of enigiets aan hom doen nie', het God gesê. 'Nou weet ek dat jy in my glo, want jy het nie jou seun, jou enigste seun, van my teruggehou nie.'

Hoe groot was Abraham se geloof in God tog! Hy het geglo dat niks vir Jehovah onmoontlik is nie en dat Jehovah vir Isak selfs uit die

dode kon opwek. Maar God wou nie regtig hê dat Abraham vir Isak moes doodmaak nie. Daarom het God gesorg dat 'n skaap in 'n bos daar naby vassit, en hy het vir Abraham gesê om dit in die plek van sy seun te offer.

Genesis 21:1-7; 22:1-18.



LOT SE VROU HET OMGEKYK 15

LOT en sy gesin het saam met Abraham in die land Kanaän gewoon. Eendag het Abraham vir Lot gesê: ‘Daar is nie genoeg land hier vir al ons diere nie. Laat ons asseblief uitmekaargaan. As jy in een rigting gaan, sal ek in die ander rigting gaan.’

Lot het oor die land uitgekyk. Hy het ’n baie mooi deel van die land gesien wat water en oorgenoeg goeie gras vir sy diere gehad het. Dit was die Jordaanstreek. Toe het Lot met sy gesin en diere soontoe getrek. Hulle het eindelijk in die stad Sodom gaan woon.

Die mense van Sodom was baie sleg. Dit het Lot ontstel, want hy was ’n goeie man. God was ook ontsteld. Uiteindelijk het God twee



engele gestuur om Lot te waarsku dat hy Sodom en die nabygeleë stad Gomor'ra gaan vernietig omdat hulle so sleg was.

Die engele het vir Lot gesê: 'Maak gou! Neem jou vrou en jou twee dogters en gaan uit hierdie plek uit!' Lot en sy gesin was 'n bietjie stadig, en daarom het die engele hulle aan die hand gevat en uit die stad gelei. Toe het een van die engele gesê: 'Vlug vir julle lewe! Moenie omkyk nie. Vlug na die berge sodat julle nie doodgaan nie.'

Lot en sy dogters was gehoorsaam en het van Sodom af weggevlug. Hulle het nie vir 'n oomblik gestop nie, en hulle het nie omgekyk nie. Maar Lot se vrou was ongehoorsaam. 'n Ent buite Sodom het sy gaan staan en omgekyk. Toe het Lot se vrou 'n soutpilaar geword. Kan jy haar in die prent sien?


Ons kan 'n goeie les hieruit leer. Dit wys vir ons dat God die mense red wat aan hom gehoorsaam is, maar dié wat aan hom ongehoorsaam is, sal hulle lewe verloor.

Genesis 13:5-13; 18:20-33; 19:1-29; Lukas 17:28-32; 2 Petrus 2:6-8.



WEET jy wie die vrou in hierdie prent is? Haar naam is Rebekka. En die man na wie sy toe loop, is Isak. Sy gaan sy vrou word. Hoe het dit gebeur?

Wel, Isak se pa, Abraham, wou 'n goeie vrou vir sy seun kry. Hy wou nie hê Isak moes met een van die vroue van Kanaän trou nie, want hierdie mense het valse gode aanbid. Daarom het Abraham sy kneg



geroep en gesê: 'Ek wil hê jy moet teruggaan na Haran waar my familieledede woon en 'n vrou vir my seun Isak kry.'

Abraham se kneg het dadelik tien kamele geneem en op die lang reis vertrek. Toe hy naby die plek kom waar Abraham se familieledede gewoon het, het hy by 'n put gestop. Dit was laat in die middag, die tyd wanneer die vroue van die stad uitgegaan het om water uit die put te skep. Toe het Abraham se kneg tot Jehovah gebid: 'Mag die vrou wat vir my en die kamele water skep, die een wees wat u kies om Isak se vrou te wees.'

Kort daarna het Rebekka daar aangekom om water te kry. Toe die kneg vir haar water vra om te drink, het sy dit vir hom gegee. Toe het sy gegaan en genoeg water vir al die dors kamele geskep. Dit was harde werk, want kamele drink sommer baie water.

Toe Rebekka daarmee klaar was, het Abraham se kneg gevra wat haar pa se naam is. Hy het ook gevra of hy die nag by hulle huis kon slaap. Sy het gesê: 'My pa is Be'tuel, en daar is plek vir u om by ons te bly.' Abraham se kneg het geweet dat Be'tuel die seun van Abraham se broer Nahor was. Toe het hy gekniel en vir Jehovah dankie gesê omdat hy hom na Abraham se familieledede toe gelei het.

Daardie nag het Abraham se kneg vir Be'tuel en Rebekka se broer Laban gesê hoekom hy gekom het. Hulle het albei gesê dat Rebekka saam met hom kon gaan om met Isak te trou. Wat het Rebekka gesê toe hulle vir haar gevra het? Sy het gesê: 'Ja', sy wou gaan. Toe het hulle sommer die volgende dag op die kamele geklim en met die lang reis terug na Kanaän begin.

Dit was aand toe hulle daar aankom. Rebekka het 'n man in die veld sien loop. Dit was Isak. Hy was bly om Rebekka te sien. Sy ma, Sara, is net drie jaar vroeër dood, en hy was nog hartseer daaroor. Maar nou het Isak baie lief geword vir Rebekka, en hy was weer gelukkig.

'N TWEELING WAT VERSKIL HET 17

HIERDIE twee seuns verskil baie van mekaar, nie waar nie? Ken jy hulle name? Die jagter is Esau, en die seun wat die skape oppas, is Jakob.

Esau en Jakob was die tweeling van Isak en Rebekka. Hulle pa, Isak, het baie van Esau gehou omdat hy 'n goeie jagter was wat vir die gesin kos huis toe gebring het. Maar Rebekka was die liefste vir Jakob, want hy was 'n stil, rustige seun.

Oupa Abraham het nog gelewe, en ons kan ons net voorstel hoe Jakob dit geniet het om te luister wanneer hy oor Jehovah gepraat het. Abraham het op die ouderdom van 175 jaar doodgegaan, toe die tweeling 15 jaar oud was.

Toe Esau 40 jaar oud was, het hy met twee vroue van die land Kanaän getrou. Dit het Isak en Rebekka baie hartseer gemaak, want hierdie vroue het nie vir Jehovah aanbid nie.

Eendag het iets gebeur wat



Esau baie kwaad gemaak het vir sy broer, Jakob. Die tyd het gekom vir Isak om sy oudste seun te seën. Omdat Esau ouer was as Jakob, het Esau verwag om hierdie seën te kry. Maar Esau het die reg om die seën te kry, vroeër aan Jakob verkoop. God het ook toe die twee seuns gebore is, gesê dat Jakob die seën sou kry. En dit is wat gebeur het. Isak het die seën aan sy seun Jakob gegee.

Toe Esau later hiervan hoor, het hy baie kwaad geword vir Jakob. Hy was so kwaad dat hy gesê het hy gaan Jakob doodmaak. Toe Rebekka dit hoor, was sy baie bekommerd. Daarom het sy vir Isak gesê: 'Dit sal verskriklik wees as Jakob ook met een van hierdie vroue van Kanaän trou.'

Toe het Isak sy seun Jakob geroep en vir hom gesê: 'Moenie met 'n vrou van Kanaän trou nie. Gaan liever na die huis van jou oupa Be'tuel in Haran. Trou met een van die dogters van sy seun Laban.'

Jakob het na sy pa geluister en het dadelik met die lang reis na sy familielede in Haran begin.

Genesis 25:5-11, 20-34; 26:34, 35; 27:1-46; 28:1-5; Hebreërs 12:16, 17.



WEET jy wie hierdie mans is met wie Jakob gesels? Nadat hy baie dae lank gereis het, het Jakob hulle by 'n put ontmoet. Hulle het hulle skape opgepas. Jakob het gevra: 'Waar kom julle vandaan?'


'Haran', het hulle gesê.

'Ken julle vir Laban?' het Jakob gevra.

'Ja', het hulle geantwoord. 'Kyk, hier kom sy dogter Ragel met sy trop skape.' Kan jy Ragel daar in die verte sien aankom?

Toe Jakob vir Ragel met sy oom Laban se skape sien, het hy die klip van die put af weggerol sodat die skape kon drink. Toe het Jakob vir Ragel gesoen en vir haar gesê wie hy is. Sy was baie opgewonde en het huis toe gegaan en vir haar pa, Laban, daarvan vertel.


Laban was baie bly dat Jakob by hom kom bly het. En toe Jakob vra om met Ragel te trou, het dit Laban gelukkig



gemaak. Maar hy het vir Jakob gevra om sewe jaar lank vir Ragel op sy grond te werk. Omdat Jakob baie lief was vir Ragel, het hy dit gedoen. Maar weet jy wat gebeur het toe die tyd kom vir hulle om te trou?

Laban het sy oudste dogter Lea vir Jakob gegee in plaas van Ragel. Nadat Jakob gesê het dat hy nog sewe jaar vir Laban sou werk, het Laban vir hom ook Ragel gegee om mee te trou. In daardie dae het God mans toegelaat om meer as een vrou te hê. Maar nou mag 'n man, soos die Bybel sê, net een vrou hê.

Genesis 29:1-30.





KYK net na hierdie groot gesin. Dit is Jakob se 12 seuns. En hy het ook dogters gehad. Ken jy die name van party van die kinders? Kom ons leer 'n paar van hulle.

Lea het geboorte gegee aan Ruben, Si'meon, Levi en Juda. Toe Ragel sien dat sy geen kinders kry nie, was sy baie hartseer. Daarom het sy haar diensmeisie Bilha aan Jakob gegee, en Bilha het twee seuns gehad, naamlik Dan en Naftali. Toe het Lea ook haar diensmeisie Silpa aan Jakob gegee, en Silpa het geboorte gegee aan Gad en Aser. Lea het eindelijk nog twee seuns gehad, Is'saskar en Se'bulon.

Uiteindelijk het Ragel 'n kind gehad. Sy het hom Josef genoem. Later sal ons baie meer oor Josef leer, want hy het 'n baie belangrike man geword. Dit was die 11 seuns wat vir Jakob gebore is terwyl hy by Ragel se pa, Laban, gewoon het.

Jakob het ook 'n paar dogters gehad, maar die Bybel gee die naam van net een. Haar naam was Dina.

Eendag het Jakob besluit om van Laban af weg te gaan en terug te gaan na Kanaän toe. Toe het hy sy groot gesin en al sy troppe skape en beeste bymekaargemaak en met die lang reis begin.

Nadat Jakob en sy gesin 'n ruk lank in Kanaän terug was, het Ragel nog 'n seun gehad. Dit het gebeur terwyl hulle op reis was. Ragel het baie swaar gekry, en sy het uiteindelijk doodgegaan terwyl sy besig was om die baba te kry. Maar die babaseuntjie was gesond. Jakob het hom Benjamin genoem.

Ons wil die name van die 12 seuns van Jakob onthou, want die hele nasie Israel het van hulle afgestam. Om die waarheid te sê, die 12 stamme van Israel is na 10 seuns van Jakob en twee seuns van Josef vernoem. Isak het nog lank gelewe nadat al hierdie seuns gebore is, en dit moes hom bly gemaak het om soveel kleinseuns te hê. Maar kom ons kyk wat met sy kleindogter Dina gebeur het.



S IEN jy by wie Dina gaan kuier? Sy gaan kuier by party van die meisies wat in die land Kanaän woon. Sou haar pa, Jakob, bly wees hieroor? Om die antwoord op hierdie vraag te kry, kan jy gerus probeer onthou wat Abraham en Isak van die vroue van Kanaän gedink het.

Wou Abraham hê dat sy seun Isak met 'n meisie van Kanaän trou? Nee, hy wou nie. Wou Isak en Rebekka hê dat hulle seun Jakob met 'n Kanaänitiese meisie trou? Nee, hulle wou nie. Weet jy hoekom nie?

Dit was omdat hierdie mense in Kanaän valse gode aanbid het. Hulle was nie goeie mense om as mans en vrouens te hê nie, en hulle was nie goeie mense om mee vriende te wees nie. Daarom kan ons seker wees dat Jakob nie daarvan sou hou dat sy dogter met hierdie Kanaänitiese meisies vriende maak nie.

En sowaar, Dina het in die moeilikheid gekom. Kan jy daardie Kanaänitiese man in die prent sien wat na Dina kyk? Sy naam is Sigem. Toe Dina eendag daar gaan kuier het, het Sigem vir Dina gegryp en haar gedwing om by hom te gaan lê. Dit was verkeerd, want net mans en vrouens wat getroud is, mag by mekaar lê. Hierdie slegte ding wat Sigem aan Dina gedoen het, het baie moeilikheid veroorsaak.

Toe Dina se broers hoor wat gebeur het, was hulle baie kwaad. Twee van hulle, Si'meon en Levi, was so kwaad dat hulle swaarde gevat het, na die stad toe gegaan en die mans onverwags aangeval het. Hulle en hulle broers het Sigem en al die ander mans doodgemaak. Jakob was kwaad omdat sy seuns hierdie slegte ding gedoen het.

Hoe het al hierdie moeilikheid begin? Dit was omdat Dina vriende gemaak het met mense wat nie God se wette gehoorsaam het nie. Ons wil nie sulke vriende maak nie, nè?

JOSEF SE BROERS HAAT HOM 21

KYK hoe hartseer en moedeloos lyk die seun. Dit is Josef. Sy broers het hom so pas aan hierdie mans verkoop wat na Egipte toe op pad is. Daar sal Josef 'n slaaf word. Hoekom het sy halfbroers hierdie slegte ding gedoen? Dit is omdat hulle jaloers is op Josef.

Hulle pa, Jakob, was baie, baie lief vir Josef. Hy het dit gewys deur vir hom 'n pragtige lang kleed te laat maak. Toe Josef se 10 ouer broers sien hoe lief Jakob vir hom is, het hulle jaloers geraak en Josef begin haat. Maar daar was ook 'n ander rede hoekom hulle hom gehaat het.

Josef het twee drome gehad. In albei van Josef se drome het sy broers voor hom gebuig. Toe Josef vir sy broers van hierdie drome vertel, het hulle hom nog meer gehaat.

Terwyl Josef se ouer broers eendag hulle pa se skape opgepas het, vra Jakob vir Josef om te gaan kyk hoe dit met hulle gaan. Toe Josef se broers hom sien aankom, sê party van hulle: 'Kom ons maak hom dood!' Maar Ruben, die oudste broer, sê: 'Nee, moenie dit doen nie!' Hulle gryp toe vir Josef en gooi hom in 'n droë waterput. Toe gaan hulle sit om te besluit wat om met hom te doen.

Omtrent hierdie tyd




kom 'n paar Ismaelitiese manne daar verby. Juda sê vir sy halfbroers: 'Kom ons verkoop hom aan die Ismaeliete.' En dit is wat hulle doen. Hulle verkoop Josef vir 20 silwerstukke. Hoe gemeen en wreed was dit tog!

Wat gaan die broers vir hulle pa sê? Hulle maak 'n bok dood en druk Josef se mooi kleed 'n hele paar keer in die bok se bloed. Dan neem hulle die kleed huis toe na hulle pa, Jakob, en sê: 'Kyk wat het ons gekry. Is dit nie Josef se kleed nie?'

Jakob sien dat dit Josef s'n is. 'n Wilde dier moes Josef doodgemaak het', roep hy uit. En dit is presies wat Josef se broers wil hê hulle pa moet dink. Jakob is baie, baie hartseer. Hy huil baie dae lank. Maar Josef is nie dood nie. Kom ons kyk wat met hom gebeur op die plek waarheen hy geneem is.

Genesis 37:1-35.



JOSEF is net 17 jaar oud wanneer hy na Egipte toe geneem word. Daar word hy verkoop aan 'n man met die naam Po'tifar. Po'tifar werk vir die koning van Egipte, wat Farao genoem word.

Josef werk hard vir sy heer, Po'tifar. Wanneer Josef ouer word, stel Potifar hom oor sy hele huis aan. Hoekom is Josef dan hier in die tronk? Dit is Po'tifar se vrou se skuld.

Wanneer Josef groot word, is hy 'n baie aantreklike man, en Po'tifar se vrou wil hê dat hy by haar moet kom lê. Maar Josef weet dat dit verkeerd is, en hy weier. Po'tifar se vrou is baie kwaad. Daarom jok sy vir haar man wanneer hy by die huis kom en sê: 'Daardie slegte Josef het probeer om by my te kom lê!' Po'tifar glo sy vrou, en hy is baie kwaad vir Josef. Daarom laat hy hom in die tronk gooi.

Die man in beheer van die tronk sien gou dat Josef 'n goeie man is. Daarom stel hy hom oor al die ander gevangenes aan. Later word Farao kwaad vir sy skinker en sy bakker, en hy laat hulle in die tronk gooi. Een nag het albei van hulle 'n spesiale droom, maar hulle weet nie wat hulle drome beteken nie. Die volgende dag sê Josef: 'Vertel julle drome vir my.' En wanneer hulle dit doen, verduidelik Josef, met God se hulp, vir hulle wat hulle drome beteken.

Vir die skinker sê Josef: 'Oor drie dae sal jy vrygelaat word, en jy sal weer Farao se skinker word.' Toe sê Josef verder: 'Vertel vir Farao van my wanneer jy uitkom, en help my om uit hierdie plek te kom.' Maar vir die bakker sê Josef: 'Oor net drie dae sal Farao jou kop laat afkap.'

Ná drie dae gebeur dit presies soos Josef gesê het. Farao laat die bakker se kop afkap. Maar die skinker word vrygelaat en begin weer om die koning te bedien. Maar die skinker vergeet heeltemal van Josef! Hy vertel nie vir Farao van hom nie, en Josef moet in die tronk bly.



TWEE jaar gaan verby, en Josef is nog steeds in die tronk. Die skinker het hom nie onthou nie. Een nag het Farao twee baie spesiale drome, en hy wonder wat hulle beteken. Sien jy hom hier slaap? Die volgende oggend laat roep Farao sy wyse manne en vertel hy vir hulle van die dinge wat hy gedroom het. Maar hulle kan nie vir hom sê wat sy drome beteken nie.

Nou onthou die skinker uiteindelik vir Josef. Hy sê vir Farao: 'Toe ek in die tronk was, was daar 'n man wat kon sê wat drome beteken.' Farao laat Josef dadelik uit die tronk haal.

Farao vertel vir Josef sy drome: 'Ek het sewe vet, mooi koeie gesien. Toe het ek sewe brandmaer koeie gesien. En die maer koeie het die vettes opgeëet.'



‘In my tweede droom het ek sewe are vol ryp graan aan een steel gesien. Toe het ek sewe dun, uitgedroogde are gesien. En die maer are het begin om die sewe goeie are in te sluk.’

Josef sê vir Farao: ‘Die twee drome beteken dieselfde. Die sewe vet koeie en die sewe vol graanare beteken sewe jaar, en die sewe maer koeie en die sewe dun graanare beteken nog sewe jaar. Daar sal sewe jaar wees wanneer daar baie kos in Egipte sal wees. Dan sal daar sewe jaar wees wanneer daar baie min kos sal wees.’

Toe sê Josef vir Farao: ‘Kies ’n wyse man en stel hom aan om gedurende die sewe goeie jare kos bymekaar te maak. Dan sal die mense nie van die honger doodgaan in die sewe swaar jare daarna wanneer daar baie min kos sal wees nie.’

Farao hou van die idee. En hy kies Josef om die kos bymekaar te maak en in skure te sit. Josef word die belangrikste man in Egipte, naas Farao.

Agt jaar later, gedurende die hongersnood, sien Josef ’n paar manne wat soontoe kom. Weet jy wie hulle is? Dit is sy 10 ouer broers! Hulle pa, Jakob, het hulle na Egipte toe gestuur omdat hulle kos in Kanaän besig was om op te raak. Josef herken sy broers, maar hulle herken

hom nie. Weet jy hoekom nie? Dit is omdat Josef ouer geword het en sy klere anders is.


Josef onthou dat hy, toe hy ’n seun was, gedroom het dat sy broers voor hom kom buig. Onthou jy dat ons dit gelees het? Nou weet Josef dat dit God is wat hom na Egipte toe gestuur het, en dit met ’n goeie rede. Wat dink jy doen Josef nou? Kom ons kyk.



JOSEF wil weet of sy 10 ouer broers nog steeds gemeen en wreed is. Daarom sê hy: 'Julle is spioene. Julle het gekom om uit te vind waar ons land swak is.'

'Nee, ons is nie', sê hulle. 'Ons is eerlike manne. Ons is almal broers. Ons was 12. Maar een broer lewe nie meer nie, en die jongste is by die huis by ons pa.'

Josef maak of hy hulle nie glo nie. Hy sit sy broer Si'meon in die tronk, en laat die ander kos neem en huis toe gaan. Maar hy sê vir hulle: 'Wanneer julle terugkom, moet julle julle jongste broer saambring.'



Wanneer hulle in Kanaän by die huis kom, vertel die broers vir hulle pa, Jakob, alles wat gebeur het. Jakob is baie hartseer. ‘Josef is weg’, roep hy uit, ‘en nou is Si’meon weg. Ek sal nie toelaat dat julle my jongste seun, Benjamin, neem nie.’ Maar wanneer hulle kos begin opraak, moet Jakob eenvoudig vir Benjamin saam met hulle na Egipte toe laat gaan sodat hulle nog kos kan kry.

Josef sien sy broers aankom. Hy is baie bly om sy jonger broer, Benjamin, te sien. Nie een van hulle weet natuurlik dat hierdie belangrike man Josef is nie. Josef doen nou iets om sy 10 halfbroers te toets.

Hy laat sy knegte al hulle sakke vol kos maak. Maar sonder dat hulle dit weet, laat hy ook sy spesiale silwerbeker in Benjamin se sak sit. Nadat hulle almal vertrek het en ’n entjie gereis het, stuur Josef sy knegte agter hulle aan. Wanneer die knegte hulle inhaal, sê hulle: ‘Hoekom het julle ons heer se silwerbeker gesteel?’

‘Ons het nie sy beker gesteel nie’, sê al die broers. ‘As julle die beker by enigeen van ons kry, kan julle hom doodmaak.’

Dan soek die knegte deur al die sakke, en hulle kry die beker in Benjamin se sak, soos jy hier kan sien. Die knegte sê: ‘Die res van julle kan gaan, maar Benjamin moet saam met ons kom.’ Wat gaan die 10 halfbroers nou doen?

Hulle gaan almal saam met Benjamin terug na Josef se huis toe. Josef sê vir sy broers: ‘Julle kan almal huis toe gaan, maar Benjamin moet hier bly as my slaaf.’

Juda sê nou: ‘As ek sonder die seun by die huis aankom, sal my pa doodgaan, want hy is baie lief vir hom. Hou my hier as u slaaf, maar laat die seun asseblief huis toe gaan.’

Josef kan sien dat sy broers verander het. Hulle is nie meer gemeen en wreed nie. Kom ons vind uit wat Josef nou doen.

JOSEF kan sy gevoelens nie langer inhou nie. Hy sê dat al sy knegte uit die kamer moet uitgaan. Wanneer hy alleen saam met sy broers is, begin Josef huil. Ons kan ons voorstel hoe verbaas sy broers is, want hulle weet nie hoekom hy huil nie. Eindelik sê hy: 'Ek is Josef. Lewe my pa nog?'

Sy broers is so verbaas dat hulle nie kan praat nie. Hulle is bang. Maar Josef sê: 'Kom asseblief nader.' Wanneer hulle dit doen, sê hy: 'Ek is julle broer Josef, vir wie julle na Egipte verkoop het.'

Josef bly vriendelik en sê: 'Moenie julleself blameer omdat julle my hierheen verkoop het nie. Dit was eintlik God wat my na Egipte toe gestuur het om mense se lewens te red. Farao het my as heerser oor die hele land aangestel. Gaan nou gou terug na my pa toe en vertel dit vir hom. En sê vir hom om hier te kom woon.'




Dan omhels Josef sy broers en soen hulle almal. Wanneer Farao hoor dat Josef se broers gekom het, sê hy vir Josef: 'Laat hulle waens neem en hulle pa en hulle gesinne hierheen bring. Ek sal vir hulle die beste deel van die hele Egipteland gee.'

Dit is toe wat hulle gedoen het. Hier kan jy sien hoe Josef sy pa groet toe hy met sy hele gesin in Egipte aangekom het.

Jakob se gesin het baie groot geword. Daar was altesaam 70 toe hulle na Egipte toe getrek het, as ons Jakob en sy kinders en kleinkinders tel. Maar daar was ook die vrouens, en heel moontlik baie knegte. Hulle almal het in Egipte begin woon. Hulle is Israëliete genoem, want God het Jakob se naam na Israel verander. Die Israëliete het vir God 'n baie spesiale volk geword, soos ons later sal sien.

Genesis 45:1-28; 46:1-27.



KRY jy hierdie siek man jammer? Sy naam is Job, en dit is sy vrou wat by hom staan. Weet jy wat sê sy vir Job? ‘Vervloek God en sterf.’ Kom ons kyk hoekom sy so ’n verskriklike ding gesê het en hoekom Job soveel gely het.


Job was ’n getroue man wat gehoorsaam was aan Jehovah. Hy het in die land Us gewoon, nie ver van Kanaän af nie. Jehovah was baie lief vir Job, maar daar was iemand wat hom gehaat het. Weet jy wie?

Dit was Satan die Duiwel. Onthou, Satan is die slegte engel wat vir Jehovah haat. Hy het Adam en Eva sover gekry om aan Jehovah ongehoorsaam te wees, en hy het gedink hy kan alle ander mense ook sover kry om aan Jehovah ongehoorsaam te wees. Maar kon hy? Nee. Dink net aan al die getroue mans en vroue waarvan ons geleer het. Hoeveel kan jy opnoem?

Nadat Jakob en Josef in Egipte doodgegaan het, was daar niemand anders op die hele aarde wat so getrou was aan Jehovah soos Job nie. Jehovah wou hê Satan moet weet dat hy nie almal sover kon kry om sleg te wees nie, en daarom het hy gesê: ‘Kyk na Job. Kyk hoe getrou is hy aan my.’

‘Hy is getrou’, het Satan gesê, ‘want u seën hom en hy het baie goeie dinge. Maar as u dit wegvat, sal hy u vervloek.’

Toe het Jehovah gesê: ‘Goed dan. Vat dit weg. Doen al die slegte



dinge aan Job wat jy wil. Ons sal sien of hy my sal vervloek. Sorg net dat jy hom nie doodmaak nie.'

Eers het Satan gereël dat mense Job se beeste en kamele kom steel, en sy skape is doodgemaak. Toe het hy sy 10 seuns en dogters in 'n storm doodgemaak. Daarna het Satan Job met hierdie verskriklike siekte getref. Job het baie gely. Dit is hoekom Job se vrou vir hom gesê het: 'Vervloek God en sterf.' Maar Job het geweier. Drie valse vriende het ook gekom en vir hom gesê dat hy 'n slegte lewe gelei het. Maar Job het getrou gebly.

Dit het Jehovah baie bly gemaak, en daarna het hy Job gesê, soos jy in die prent kan sien. Hy het Job gesond gemaak. Job het nog 10 pragtige kinders gehad, asook twee keer soveel beeste, skape en kamele as wat hy vroeër gehad het.

Sal jy altyd aan Jehovah getrou wees, soos Job? As jy is, sal God jou ook seën. Jy sal vir ewig kan lewe wanneer die hele aarde net so mooi soos die tuin van Eden gemaak is.

Job 1:1-22; 2:1-13; 42:10-17.



HIERDIE mans dwing die mense om te werk. Kyk na die man wat een van die werkers met 'n sweep slaan! Die werkers is uit die familie van Jakob, en hulle word Israëliete genoem. En die mans wat hulle dwing om te werk, is Egiptenaars. Die Israëliete het die Egiptenaars se slawe geword. Hoe het dit gebeur?


Jare lank het Jakob se groot familie in vrede in Egipte gelewe. Josef, wat die belangrikste man in Egipte was naas Farao, die koning, het vir hulle gesorg. Maar toe het Josef doodgegaan. En 'n nuwe Farao, wat nie van die Israëliete gehou het nie, het in Egipte koning geword.

Hierdie slegte Farao het die Israëliete slawe gemaak. En hy het gemene en wrede mans oor hulle aangestel. Hulle het die



Israëliete gedwing om baie hard te werk om stede vir Farao te bou. Maar die Israëliete het al hoe meer geword. Na 'n ruk het die Egiptenaars bang geword dat die Israëliete te veel en te sterk sou word.

Weet jy wat Farao gedoen het? Hy het met die vroue gepraat wat die Israëlitiese ma's gehelp het wanneer hulle babas kry en vir hulle gesê: 'Julle moet elke seuntjie wat gebore word, doodmaak.' Maar hulle was goeie vroue, en hulle het nie die babas doodgemaak nie.



Toe het Farao sy hele volk beveel: 'Vat die Israëlitiese babaseuntjies en maak hulle dood. Laat net die babadogtertjies lewe.' Was dit nie 'n verskriklike ding om te sê nie? Kom ons kyk hoe een van die babaseuntjies gered is.

Eksodus 1:6-22.

KYK hoe huil die babatjie en hoe hou hy die vrou se vinger vas. Dit is Moses. Weet jy wie die mooi vrou is? Sy is 'n Egiptiese prinses, Farao se eie dogter.

Moses se ma het hom weggesteek totdat hy drie maande oud was, want sy wou nie hê die Egiptenaars moet hom doodmaak nie. Maar sy het geweet dat hulle Moses miskien sou kry. Kyk wat het sy toe gedoen om hom te red.

Sy het 'n mandjie gevat en dit gemaak sodat daar geen water kon inkom nie. Toe het sy Moses daarin neergelê en die mandjie in die lang gras langs die Nylrivier gesit. Moses se suster, Mirjam, is aangesê om daar naby te staan en te kyk wat gebeur.

Kort daarna het Farao se dogter na die Nylrivier toe gekom om te bad. Skielik het sy die mandjie in die lang gras gesien. Sy het vir een van haar diensmeisies gesê: 'Gaan haal daardie mandjie vir my.' Wat 'n pragtige baba het die prinses tog gesien toe sy die mandjie oopmaak! Klein Moses het gehuil, en die prinses het hom jammer gekry. Sy wou nie hê hy moet doodgemaak word nie.

Toe het Mirjam nader gekom. Jy kan haar in die prent sien. Mirjam het vir Farao se dogter gevra: 'Sal ek 'n Israelitiese vrou gaan roep om die baba vir u te soog?'

'Asseblief', het die prinses gesê.

Mirjam het gou na haar ma toe gehardloop en haar daarvan vertel. Toe Moses se ma by die prinses kom, het die prinses gesê: 'Neem hierdie baba en soog hom vir my, en ek sal jou daarvoor betaal.'

So kon Moses se ma haar eie kind versorg. Later, toe Moses oud genoeg was, het sy hom na Farao se dogter toe geneem, en sy het hom as haar eie seun aangeneem. Dit is hoe dit gebeur het dat Moses in die huis van Farao grootgeword het.



HOEKOM MOSES GEVLUG HET 29

KYK hoe vlug Moses uit Egipte. Kan jy die mans sien wat hom jaag? Weet jy hoekom hulle Moses wil doodmaak? Kom ons kyk of ons kan uitvind.


Moses het in die huis van Farao, die heerser van Egipte, grootgeword. Hy het 'n baie wyse en belangrike man geword. Moses het geweet dat hy nie 'n Egiptenaar is nie, maar dat sy regte ouers Israelitiese slawe is.

Eendag, toe Moses 40 jaar oud was, het hy besluit om te gaan kyk hoe dit met sy volk gaan. Hulle is verskriklik sleg behandel. Hy het 'n Egiptenaar gesien wat 'n Israelitiese slaaf slaan. Moses het rondgekyk, en toe hy sien dat niemand kyk nie, het hy die Egiptenaar geslaan, en die Egiptenaar het doodgegaan. Toe het Moses sy liggaam in die sand weggesteek.

Die volgende dag het Moses weer na sy volk toe gegaan. Hy het gedink dat hy hulle kon help sodat hulle nie meer slawe sou wees nie. Maar hy het twee Israelitiese mans sien baklei. Toe het Moses vir die een wie se skuld dit was, gesê: 'Hoekom slaan jy jou broer?'

Die man het gesê: 'Wie het jou as heerser en regter aangestel? Gaan jy my doodmaak net soos jy daardie Egiptenaar doodgemaak het?'

Moses het nou bang geword. Hy het geweet dat mense uitgevind het wat hy aan die Egiptenaar gedoen het. Selfs Farao het daarvan gehoor, en hy het mans gestuur om Moses dood te maak. Dit is hoekom Moses uit Egipte moes vlug.



Toe Moses uit Egipte weggegaan het, het hy ver weg gegaan, na die land Mi'dian toe. Daar het hy Jetro se gesin ontmoet en met een van sy dogters, Sippo'ra, getrou. Moses het 'n herder geword en Jetro se skape opgepas. Hy het 40 jaar lank in die land Mi'dian gewoon. Hy was nou 80 jaar oud. Terwyl hy Jetro se skape opgepas het, het daar eendag iets verbasends gebeur wat Moses se hele lewe verander het. Blaai om en kom ons kyk wat hierdie verbasende ding is.

Eksodus 2:11-25; Handeling 7:22-29.



'N BOS WAT BRAND 30

MOSES het tot by die berg Horeb gekom om gras vir sy skape te soek. Hier het hy 'n bos gesien wat brand, maar dit het nie uitgebrand nie!

'Dit is eienaardig', het Moses gedink. 'Ek sal nader gaan om dit beter te sien.' Toe hy dit doen, het 'n stem uit die bos gesê: 'Moenie nader kom nie. Trek jou sandale uit, want jy staan op heilige grond.' Dit was God wat deur 'n engel gepraat het, en daarom het Moses sy gesig toegedou.

Toe het God gesê: 'Ek het gesien hoe my volk in Egipte swaarkry. Daarom gaan ek hulle bevry, en ek stuur vir jou om my volk uit Egipte te lei.' Jehovah sou sy volk na die pragtige land Kanaän bring.

Maar Moses het gesê: 'Wie is ek? Hoe kan ek dit doen? Maar sê nou ek gaan wel. Die Israeliete sal vir my sê: "Wie het jou gestuur?" Wat sal ek dan sê?'

'Dit is wat jy moet sê', het God geantwoord. "JEHOVAH, die God van Abraham, die God van Isak en die God van Jakob het my na julle toe gestuur." En Jehovah het bygevoeg: 'Dit is my naam vir ewig.'





‘Maar sê nou hulle glo my nie wanneer ek sê dat u my gestuur het nie’, het Moses geantwoord.

‘Wat is in jou hand?’ het God gevra.

Moses het geantwoord: ‘’n Stok.’

‘Gooi dit op die grond’, het God gesê. En toe Moses dit doen, het die stok ’n slang geword. Toe het Jehovah vir Moses nog ’n wonderwerk gewys. Hy het gesê: ‘Steek jou hand in jou kleeed.’ Moses het dit gedoen, en toe hy sy hand uittrek, was dit wit soos sneeu! Sy hand het gelyk asof dit ’n gevaarlike siekte het wat melaatsheid genoem word. Daarna het Jehovah vir Moses die krag gegee om ’n derde wonderwerk te doen. Toe het hy gesê: ‘Wanneer jy hierdie wonderwerke doen, sal die Israeliete glo dat ek jou gestuur het.’

Daarna het Moses huis toe gegaan en vir Jetro gesê: ‘Laat my asseblief teruggaan na my familielede in Egipte om te sien hoe dit met hulle gaan.’ Toe het Jetro vir Moses gegroet, en Moses het na Egipte toe gegaan.



TOE Moses in Egipte teruggekom het, het hy vir sy broer Aäron van die wonderwerke vertel. En toe Moses en Aäron hierdie wonderwerke vir die Israëliete gewys het, het die mense almal geglo dat Jehovah met hulle was.

Toe het Moses en Aäron na Farao toe gegaan. Hulle het vir hom gesê: ‘Jehovah, die God van Israel, sê: “Laat my volk drie dae lank gaan sodat hulle my in die wildernis kan aanbid.”’ Maar Farao het geantwoord: ‘Ek glo nie aan Jehovah nie. En ek sal Israel nie laat gaan nie.’


Farao was kwaad omdat die mense tyd by die werk wou afkry om Jehovah te aanbid. Daarom het hy hulle gedwing om selfs harder te werk. Die Israëliete het gesê dit is Moses se skuld dat hulle so sleg behandel word, en Moses het hartseer gevoel. Maar Jehovah het vir hom gesê om nie daarvoor bekommerd te wees nie. ‘Ek sal Farao dwing om my volk te laat gaan’, het Jehovah gesê.

Moses en Aäron het weer na Farao toe gegaan. Hierdie keer het hulle ’n wonderwerk gedoen. Aäron het sy stok neergegooi, en dit het ’n groot slang geword. Maar Farao se wyse manne het ook stokke neergegooi, en dit het slange geword. Maar, kyk! Aäron se slang eet die wyse manne se slange op. Farao wou die Israëliete nog steeds nie laat gaan nie.

Toe het die tyd gekom dat Jehovah vir Farao ’n les leer. Weet jy hoe hy dit gedoen het? Hy het 10 plae, of groot probleme, oor Egipte gebring.

Ná baie van die plae het Farao vir Moses laat roep en gesê: ‘Laat die plaag ophou, en ek sal Israel laat gaan.’ Maar wanneer die plaag opgehou het, het Farao van plan verander. Hy het die volk nie laat gaan nie. Maar uiteindelik, ná die 10de plaag, het Farao die Israëliete weggestuur.

Weet jy wat elkeen van die 10 plae was? Blaai om en laat ons meer van hulle leer.



KYK na die prente. Elkeen wys 'n plaag waarmee Jehovah Egipte getref het. In die eerste prent kan jy sien hoe Aäron met sy stok op die Nylrivier slaan. Toe hy dit doen, het die water in die rivier in bloed verander. Die visse het doodgegaan, en die rivier het begin stink.

Daarna het Jehovah paddas uit die Nylrivier laat kom. Hulle was oral—in die oonde, die bakpanne, in mense se beddens—oral. Toe die paddas doodgaan, het die Egiptenaars hulle in groot hope bymekaargemaak, en die land het daarvan gestink.

Toe het Aäron met sy stok op die grond geslaan, en die stof het in muggies verander. Dit is klein vlieënde goggatjies wat byt. Die muggies was die derde plaag wat die land Egipte getref het.

Die res van die plaë het net die Egiptenaars getref, nie die Israëliete nie. Die vierde plaag was groot vlieë wat in swerms in die huise van al die Egiptenaars ingevlieg het. Die vyfde plaag het die diere getref. Baie van die Egiptenaars se beeste en skape en bokke het doodgegaan.

Toe het Moses en Aäron as gevat en

dit in die lug gegooi. Dit het groot swere op die mense en die diere laat kom. Dit was die sesde plaag.

Daarna het Moses sy hand in die lug opgesteek, en Jehovah het donder en hael gestuur. Dit was die ergste haelstorm wat daar nog ooit in Egipte was.

Die agtste plaag was 'n groot swerm sprinkane. Nog nooit tevore of daarna was daar soveel sprinkane nie. Hulle het alles geëet wat die hael nie vernietig het nie.

Die negende plaag was donkerte. Drie dae lank was dit baie donker in die hele land, maar die Israeliete het lig gehad waar hulle gewoon het.

Uiteindelik het God vir sy volk gesê om die bloed van 'n jong bok of 'n jong skaap op hulle deurposte te spat. Toe het God se engel deur Egipte getrek. Wanneer die engel die bloed gesien het, het hy niemand in daardie huis doodgemaak nie. Maar in al die huise waar daar geen bloed aan die deurposte was nie, het God se engel die eersgeborenes van mens sowel as dier doodgemaak. Dit was die 10de plaag.

Ná hierdie laaste plaag het Farao vir die Israeliete gesê hulle moet gaan. God se volk was reg om te gaan, en daardie selfde nag het hulle uit Egipte begin trek.

Eksodus hoofstukke 7 tot 12.



KYK net wat gebeur! Dit is Moses wat sy stok oor die Rooi See uitsteek. Die mense wat veilig saam met hom aan die oorkant is, is die Israeliete. Maar Farao en sy hele leër verdrink in die see. Kom ons kyk hoe dit gebeur het.

Soos ons geleer het, het Farao vir die Israeliete gesê om uit Egipte weg te gaan nadat God die 10de plaag oor die Egiptenaars gebring het. Omtrent 600 000 Israelitiese mans het uitgetrek, en ook baie vroue en kinders. Baie ander mense, wat in Jehovah begin glo het, het ook saam met die Israeliete getrek. Hulle het almal hulle skape en bokke en beeste saam met hulle geneem.

Voordat hulle weggegaan het, het die Israeliete die Egiptenaars gevra vir klere en goed wat van goud en silwer gemaak is. Die



Egiptenaars was baie bang as gevolg van die laaste plaag wat hulle getref het. Daarom het hulle die Israelite alles gegee waarvoor hulle gevra het.

Ná 'n paar dae het die Israelite by die Rooi See gekom. Daar het hulle gerus. Intussen het Farao en sy manne begin spyt kry dat hulle die Israelite weggestuur het. 'Ons het ons slawe laat gaan!' het hulle gesê.

Toe het Farao weer 'n keer van plan verander. Hy het gou sy strydwa en sy leër gereed gekry. Toe het hy die Israelite met 600 spesiale strydwaens, tesame met al die ander strydwaens van Egipte, agternagesit.



Toe die Israeliete sien dat Farao en sy leër agter hulle aan kom, was hulle baie bang. Hulle kon nêrens heen vlug nie. Die Rooi See was aan die een kant, en die Egiptenaars het van die ander kant af gekom. Maar Jehovah het 'n wolk tussen sy volk en die Egiptenaars laat kom. Daarom kon die Egiptenaars die Israeliete nie sien om hulle aan te val nie.

Jehovah het toe vir Moses gesê om sy stok oor die Rooi See uit te steek. Toe hy dit doen, het Jehovah 'n sterk oostewind laat waai. Die waters van die see is verdeel en is aan albei kante teruggehou.

Toe het die Israeliete op droë grond deur die see begin trek. Dit het ure geneem vir die miljoene mense met al hulle diere om veilig aan die ander kant van die see uit te kom. Uiteindelik kon die Egiptenaars die Israeliete weer sien. Hulle slawe was besig om weg te kom! Daarom het hulle die see ingestorm agter hulle aan.

Toe hulle dit doen, het God het die wiele van hulle strydwaens laat afval. Die Egiptenaars het baie bang geword en begin uitroep: 'Jehovah veg vir die Israeliete teen ons. Laat ons hier uitkom!' Maar dit was te laat.

Dit was toe dat Jehovah vir Moses gesê het om sy stok oor die Rooi See uit te steek, soos jy in die prent gesien het. En toe Moses dit doen, het die mure van water begin terugvloei en oor die Egiptenaars en hulle strydwaens gespoel. Die hele leër het die Israeliete die see in gevolg. En nie een van die Egiptenaars het lewendig uitgekam nie!

Hoe bly was God se hele volk tog dat hulle gered is! Die mans het 'n danklied aan Jehovah gesing en gesê: 'Jehovah het 'n wonderlike oorwinning behaal. Hy het die perde en hulle ruiters in die see gegooi.' Moses se suster Mirjam het haar tamboeryn gevat, en al die vroue het haar met hulle tamboeryne gevolg. En terwyl hulle van vreugde gedans het, het hulle dieselfde lied as die mans gesing: 'Jehovah het 'n wonderlike oorwinning behaal. Hy het die perde en hulle ruiters in die see gegooi.'

Van die verlossing uit Egipte tot Israel se eerste koning

Moses het die Israeliete uit gevangenskap in Egipte na die berg Sinai gelei, waar God sy wette vir hulle gegee het. Later het Moses 12 mans gestuur om die land Kanaän te verken. Maar 10 van hulle het met 'n slegte verslag teruggekom. Hulle het gemaak dat die mense na Egipte toe wou teruggaan. Weens hulle gebrek aan geloof het God die Israeliete gestraf deur hulle 40 jaar lank in die wildernis te laat rondtrek.

Later is Josua gekies om die Israeliete in die land Kanaän in te lei. Om hulle te help om die land oor te neem, het Jehovah wonderwerke laat gebeur. Hy het die Jordaanrivier laat ophou vloei, die mure van Jerigo laat inmekaarval en die son 'n hele dag laat stilstaan. Ná ses jaar is die land van die Kanaäniete afgeneem.

Van die tyd van Josua af het rigters 356 jaar lank oor Israel regeer. Ons leer van baie van hulle, soos Barak, Gideon, Jeftha, Simson en Samuel. Ons lees ook van vroue soos Ragab, Debora, Jael, Rut, Naomi en Delila. DEEL 3 dek altesaam 396 jaar van die geskiedenis.

KAN jy sien wat die mense van die grond af optel? Dit lyk soos ryp. Dit is wit, en dit is dun en vlokkerig. Maar dit is nie ryp nie; dit is iets om te eet.

Dit is net omtrent 'n maand nadat die Israëliete uit Egipte weggegaan het. Hulle is in die wildernis. Hier groei min kos, en daarom kla die mense: 'Ons wens Jehovah het ons in Egipte doodgemaak. Daar het ons ten minste oorgenoeg kos gehad.'

Daarom sê Jehovah: 'Ek gaan kos uit die hemel laat reën.' En dit is wat Jehovah doen. Wanneer die Israëliete die volgende oggend hierdie wit goed sien wat geval het, vra hulle vir mekaar: 'Wat is dit?'

Moses sê: 'Dit is die kos wat Jehovah vir julle gee om te eet.' Die mense noem dit MANNA. Dit smaak soos dun koeke wat met heuning gemaak is.

'Julle mag soveel optel as wat elkeen kan eet', sê Moses vir die volk. Dit is dan wat hulle elke oggend doen. Wanneer die son warm word, smelt die manna wat op die grond oorgebly het.

Moses sê ook: 'Niemand mag enige manna tot die volgende dag oorhou nie.' Maar party van die mense luister nie. Weet jy wat gebeur? Die volgende oggend is die manna wat hulle oorgehou het, vol wurms, en dit begin stink!

Maar daar is een dag van die week waarop Jehovah sê dat die volk twee keer soveel manna moet optel. Dit is op die sesde dag. En Jehovah sê hulle moet tot die volgende dag daarvan oorhou, want hy sal op die sewende dag niks laat val nie. Wanneer hulle die manna tot die sewende dag oorhou, raak dit nie vol wurms nie en stink dit nie! Dit is nog 'n wonderwerk!

Al die jare wat die Israëliete in die wildernis is, gee Jehovah vir hulle manna om te eet.



JEHOVAH GEE 35 SY WETTE

OMTRENT twee maande nadat hulle uit Egipte weggegaan het, kom die Israeliete by die berg Si'nai, wat ook Horeb genoem word. Dit is dieselfde plek waar Jehovah uit die brandende bos met Moses gepraat het. Die volk slaan kamp op en bly 'n rukkie hier.


Terwyl die volk onder wag, klim Moses op die berg. Bo-op die berg sê Jehovah vir Moses Hy wil hê die Israeliete moet aan Hom gehoorsaam wees en Sy spesiale volk word. Wanneer Moses afkom, vertel hy vir die Israeliete wat Jehovah gesê het. En die mense sê hulle sal aan Jehovah gehoorsaam wees, want hulle wil sy volk wees.

Nou doen Jehovah iets eienaardigs. Hy laat die top van die berg rook en veroorsaak harde donderslae. Hy praat ook met die volk: 'Ek is Jehovah julle God wat julle uit Egipte uitgelei het.' Dan beveel hy: 'Julle mag geen ander gode behalwe my aanbid nie.'

God gee vir die Israeliete nog nege gebooie, of wette. Die mense is baie bang. Hulle sê vir Moses: 'Praat jy met ons, want ons is bang dat ons sal doodgaan as God met ons praat.'

Later sê Jehovah vir Moses: 'Klim op die berg na my toe. Ek sal vir jou twee plat klippe gee waarop ek die wette geskryf het wat ek wil hê die volk moet hou.' Toe klim Moses weer teen die berg op. Hy bly 40 dae en nagte daar.


God het baie, baie wette vir sy volk. Moses skryf hierdie wette



neer. God gee ook vir Moses die twee plat klippe. Hierop het God die 10 wette geskryf wat hy self vir die hele volk gegee het. Dit word die Tien Gebooie genoem.

Die Tien Gebooie is belangrike wette. Maar al die ander wette wat God vir die Israëliete gee, is ook belangrik. Een van hierdie wette is: 'Jy moet Jehovah jou God liefhê met jou hele hart, jou hele verstand, jou hele siel en al jou krag.' En 'n ander is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.' God se Seun, Jesus Christus, het gesê dat dit die twee grootste wette is wat Jehovah vir sy volk Israel gegee het. Ons sal later baie dinge van God se Seun en sy leringe leer.

Eksodus 19:1-25; 20:1-21; 24:12-18; 31:18; Deuteronomium 6:4-6;
Levitikus 19:18; Matteus 22:36-40.



OAARDE! Wat doen die mense nou? Hulle aanbid 'n kalf!
Hoekom doen hulle dit?

Toe Moses 'n lang ruk op die berg bly, sê die mense: 'Ons weet nie wat met Moses gebeur het nie. Kom ons maak nou 'n god wat ons uit hierdie land kan lei.'


'Goed dan', sê Moses se broer Aäron. 'Haal julle goue ooringe af en bring dit vir my.' Wanneer die mense dit doen, smelt Aäron dit en maak hy 'n goue kalf. En die mense sê: 'Dit is ons God, wat



ons uit Egipte uitgelei het!' Dan hou die Israeliete 'n groot fees, en hulle aanbid die goue kalf.

Wanneer Jehovah dit sien, is hy baie kwaad. Daarom sê hy vir Moses: 'Maak goue en klim af. Die mense doen iets baie slegs. Hulle het my wette vergeet en buig voor 'n goue kalf.'

Moses klim vinnig teen die berg af. En wanneer hy naby kom, is dit wat hy sien. Die mense sing en dans rondom die goue kalf! Moses is so kwaad dat hy die twee plat klippe met die wette daarop neergooi, en hulle breek in baie stukkies. Hy vat dan die goue kalf en smelt dit. Daarna maal hy dit totdat dit poeier is.



Die mense het 'n baie slegte ding gedoen. Daarom sê Moses vir party van die mans om hulle swaarde te vat. 'Die slegte mense wat die goue kalf aanbid het, moet doodgemaak word', sê Moses. Die mans maak toe 3 000 mense dood! Wys dit nie dat ons moet sorg dat ons net vir Jehovah aanbid, en geen valse gode nie? Eksodus 32:1-35.

WEET jy wat hierdie gebou is? Dit is 'n spesiale tent om Jehovah te aanbid. Dit word ook die tabernakel genoem. Die volk het



dit klaar gebou een jaar nadat hulle uit Egipte weggegaan het. Weet jy wie se idee dit was?

Dit was Jehovah se idee. Terwyl Moses op die berg Si'nai was, het Jehovah vir hom vertel hoe om dit te bou. Hy het gesê dat hulle dit moes maak sodat dit maklik uitmeakaargehaal kon word. Dan kon die dele na 'n ander plek toe gedra word en daar weer aanmeakaargesit word. Wanneer die Israëliete van plek tot plek in die wildernis getrek het, het hulle die tent saamgevat.

As jy in die kleiner kamer aan die end van die tent kyk, kan jy 'n kis sien. Dit word die verbondsark genoem. Dit het twee engele of gerubs van goud gehad, een op elke punt. God het weer die Tien Gebooie op twee plat klippe geskryf, want Moses het die eerste twee gebreek. En hierdie klippe is binne-in die verbondsark gehou. Daar is ook 'n houër met manna daarin gehou. Onthou jy wat manna is?

Jehovah kies Moses se broer Aäron om die hoëpriester te wees. Hy lei die volk in hulle aanbidding van Jehovah. En sy seuns is ook priesters.

Kyk nou na die groter kamer van die tent. Dit is twee keer so groot soos die kleiner kamer. Sien jy die kissie en die rook wat daarvandaan opstyg? Dit is die altaar waarop die priesters goed brand wat lekker ruik en wierook genoem word. Dan is daar die lampstaander met sewe lampe. En die derde ding in die kamer is 'n tafel. Daarop word 12 brode gehou.

In die werf rondom die tabernakel is daar 'n groot kom wat vol water is. Die priesters gebruik dit om mee te was. Daar is ook die groot altaar. Hier word die dooie diere as 'n offer aan Jehovah verbrand. Die tent is in die middel van die kamp, en die Israëliete woon in hulle tente rondom dit.

KYK na die vrugte wat hierdie mans dra. Kyk net hoe groot is daardie tros druwe. Twee mans moet dit aan 'n paal dra. En kyk net die vye en die granate. Waar kom hierdie mooi vrugte vandaan? Uit die land Kanaän. Onthou, Kanaän is die plek waar Abraham, Isak en Jakob vroeër gewoon het. Maar omdat daar 'n



hongersnood was, het Jakob en sy gesin na Egipte toe getrek. Nou, omtrent 216 jaar later, lei Moses die Israëliete terug na Kanaän. Hulle het by 'n plek in die wildernis gekom wat Kades genoem word.

Slegte mense woon in die land Kanaän. Daarom stuur Moses 12 spioene uit en sê vir hulle: 'Vind uit hoeveel mense daar woon, en hoe sterk hulle is. Vind uit of die grond vrugbaar is. En bring tog van die vrugte saam met julle terug.'

Wanneer die spioene by Kades terugkom, sê hulle vir Moses: 'Dit is regtig 'n goeie land.' En om dit te bewys, wys hulle vir Moses van die vrugte. Maar 10 van die spioene sê: 'Die mense wat daar woon, is groot en sterk. Hulle sal ons doodmaak as ons probeer om die land oor te neem.'

Die Israëliete is bang wanneer hulle dit hoor. 'Dit sou beter gewees het as ons in Egipte of selfs hier in die wildernis doodgegaan het', sê hulle. 'Ons sal in die oorlog doodgemaak word, en ons vrouens en kinders sal gevang word. Kom ons kies 'n nuwe leier in die plek van Moses en gaan terug na Egipte toe!'

Maar twee van die spioene vertrou op Jehovah, en hulle probeer om die volk te kalmeer. Hulle name is Josua en Kaleb. Hulle sê: 'Moenie bang wees nie. Jehovah is met ons. Ons sal die land maklik oorneem.' Maar die volk luister nie. Hulle wil selfs vir Josua en Kaleb doodmaak.

Dit maak Jehovah baie kwaad, en hy sê vir Moses: 'Nie een van die mense wat 20 jaar oud of ouer is, sal in die land Kanaän ingaan nie. Hulle het die wonderwerke gesien wat ek in Egipte en in die wildernis gedoen het, en nogtans vertrou hulle my nie. Daarom sal hulle 40 jaar lank in die wildernis rondtrek totdat die laaste een doodgaan. Net Josua en Kaleb sal in die land Kanaän ingaan.'



AÄRON SE STAF KRY BLOMME 39

KYK na die blomme en ryp amandels aan hierdie staf, of stok. Dit is Aäron se staf. Hierdie blomme en die ryp neutte het in net een nag uit Aäron se staf gegroei! Kom ons kyk hoekom.

Die Israeliete trek nou al 'n hele ruk lank in die wildernis rond. Party mense dink nie dat Moses die leier moet wees of dat Aäron die hoëpriester moet wees nie. Korag is een van die mense wat so dink, en so ook Datan, Abi'ram en 250 leiers van die volk. Hulle kom almal na Moses toe en sê: 'Hoekom hou jy jou belangriker as ons?'

Moses sê vir Korag en sy volgelinge: 'Neem môre-oggend vuurbakke en sit reukwerk daarin. Kom dan na Jehovah se tabernakel toe. Ons sal sien wie Jehovah kies.'

Die volgende dag kom Korag en sy 250 volgelinge na die tabernakel toe. Baie ander kom saam om hierdie mans te ondersteun. Jehovah is baie kwaad. 'Maak dat julle wegkom van die tente van hierdie slegte mans', sê Moses. 'Moenie aan enigiets raak wat aan hulle behoort nie.' Die volk luister en gaan weg van die tente van Korag, Datan en Abi'ram.

Dan sê Moses: 'Hieraan sal julle weet wie Jehovah gekies het. Die grond sal oopgaan en hierdie slegte mans insluk.'

Sodra Moses ophou praat, gaan die grond oop. Korag se tent en besittings en Datan en Abi'ram en almal saam met hulle val daarin, en die grond gaan oor hulle toe. Toe die volk die geskreeu hoor van die mense wat in die skeur val, roep hulle uit: 'Hardloop! Die aarde sal ons miskien ook insluk!'

Korag en sy 250 volgelinge staan nog steeds naby die tabernakel. Toe stuur Jehovah vuur, en hulle word almal doodgebrand. Daarna sê Jehovah vir Aäron se seun Elea'sar om die vuurbakke van die dooie mans te vat en 'n dun oortreksel vir die altaar daarvan te maak. Hierdie altaarootreksel moet vir die Israeliete 'n

waarskuwing wees dat niemand behalwe Aäron en sy seuns priesters vir Jehovah mag wees nie.

Maar Jehovah wil baie duidelik wys dat dit Aäron en sy seuns is wat hy as priesters gekies het. Daarom sê hy vir Moses: 'Laat 'n leier uit elke stam van Israel sy staf bring. Vir die stam van Levi moet Aäron sy staf bring. Sit dan al hierdie stawwe in die tabernakel voor die verbondsark. Die staf van die man wat ek as priester gekies het, sal blomme kry.'

Toe Moses die volgende oggend gaan kyk, het hierdie blomme en ryp amandels uit Aäron se staf gegroei! Sien jy nou hoekom Jehovah blomme uit Aäron se staf laat groei het?

Numeri 16:1-49; 17:1-11; 26:10.




DIE jare gaan verby—10 jaar, 20 jaar, 30 jaar, 39 jaar! En die Israëliete is nog steeds in die wildernis. Maar gedurende al hierdie jare sorg Jehovah vir sy volk. Hy gee vir hulle manna om te eet. In die dag lei hy hulle met 'n wolkkolom en in die nag met 'n vuurkolom. En gedurende al hierdie jare dra hulle nie hulle klere op nie en word hulle voete nie seer nie.

Dit is nou die eerste maand van die 40ste jaar nadat hulle uit Egipte weggegaan het. Die Israëliete slaan weer by Kades kamp op. Hulle was hier toe die 12 spioene uitgestuur is om die land Kanaän amper 40 jaar gelede te verken. Moses se suster Mirjam gaan in Kades dood. En soos vroeër is daar weer moeilikheid hier.

Die volk kan nêrens water kry nie. Daarom kla hulle by Moses: 'Dit sou beter gewees het as ons doodgegaan het. Hoekom het jy ons uit Egipte gebring na hierdie verskriklike plek waar niks groei nie? Daar is geen graan, geen vye, geen druiwe en geen granate nie. Daar is nie eens water om te drink nie.'

Wanneer Moses en Aäron na die tabernakel toe gaan om te bid, sê Jehovah vir Moses: 'Laat die volk bymekaarkom. Praat dan voor hulle almal met daardie rots daar. Daar sal genoeg water daaruit kom vir die volk en al hulle diere.'

Daarom laat Moses die volk bymekaarkom, en hy sê: 'Luister hier, julle wat geen vertrouwe in God het nie! Moet ek en Aäron vir julle water uit hierdie rots laat kom?' Dan slaan Moses die rots twee keer met 'n stok, en 'n groot stroom water vloei daaruit. Daar is genoeg water vir die hele volk en al die diere om te drink.



Maar Jehovah is kwaad vir Moses en Aäron. Weet jy hoekom? Dit is omdat Moses en Aäron gesê het dat *hulle* water uit die rots gaan laat kom. Maar dit was eintlik Jehovah wat dit laat gebeur het. En omdat Moses en Aäron nie die waarheid hieroor vertel het nie, sê Jehovah hy gaan hulle straf. ‘Julle sal my volk nie in Kanaän inlei nie’, sê hy.

Kort daarna gaan die Israeliete weg uit Kades. Na ’n kort rukkie kom hulle by die berg Hor. Aäron gaan bo-op hierdie berg dood. Hy is 123 jaar oud wanneer hy doodgaan. Die Israeliete is baie hartseer, en die hele volk huil 30 dae oor Aäron. Sy seun Elea’sar word die volgende hoëpriester van die nasie Israel.


Numeri 20:1-13, 22-29; Deuteronomium 29:5.



LYK dit soos 'n regte slang daar om die paal? Dit is nie. Die slang is van koper gemaak. Jehovah het vir Moses gesê om dit op die paal te sit sodat die volk daarna kan kyk en aan die lewe kan bly. Maar die ander slange op die grond is regte slange. Hulle het die mense gepik en siek gemaak. Weet jy hoekom?

Dit is omdat die Israëliete teen God en Moses gepraat het. Hulle kla: 'Hoekom het julle ons uit Egipte uitgelei om in hierdie wildernis dood te gaan? Daar is niks kos of water hier nie. En ons is siek en sat vir hierdie manna.'

Maar die manna is goeie kos. Jehovah het dit deur 'n wonderwerk vir hulle gegee. En hy het ook deur 'n wonderwerk vir hulle water gegee. Maar die mense is nie dankbaar oor die manier waarop God vir hulle sorg nie. Daarom stuur Jehovah hierdie giftige slange om die Israëliete te straf. Die slange pik hulle, en baie van hulle gaan dood.



Uiteindelik kom die volk na Moses toe en sê: 'Ons het gesondig, want ons het teen Jehovah en teen jou gepraat. Bid nou tot Jehovah sodat hy hierdie slange kan wegneem.'

Daarom bid Moses vir die volk. En Jehovah sê vir Moses om hierdie koperslang te maak. Hy sê dit moet op 'n paal gesit word en elkeen wat gepik word, moet daarna kyk. Moses doen net soos God sê. En die mense wat gepik is, kyk na die koperslang en word weer gesond.

Ons kan 'n les hieruit leer. Ons is almal, in 'n sekere sin, soos die Israëliete wat deur daardie slange gepik is. Ons is almal besig om dood te gaan. Kyk net en jy sal sien dat mense oud en siek word en doodgaan. Dit is omdat die eerste man en vrou, Adam en Eva, hulle rug op Jehovah gedraai het, en ons is almal hulle kinders. Maar Jehovah het iets gedoen sodat ons vir ewig kan lewe.

Jehovah het sy Seun, Jesus Christus, na die aarde toe gestuur. Jesus is aan 'n paal gehang omdat baie mense gedink het dat hy sleg is. Maar Jehovah het Jesus gegee om ons te red. As ons na hom kyk, as ons hom volg, kan ons ewige lewe kry. Maar ons sal later meer hiervan leer.

Numeri 21:4-9; Johannes 3:14, 15.



HET jy al ooit gehoor van 'n donkie wat kon praat? 'Nee', sê jy dalk. 'Diere kan mos nie praat nie.' Maar die Bybel vertel van 'n donkie wat gepraat het. Kom ons kyk hoe dit gebeur het.

Die Israëliete is amper gereed om in die land Kanaän in te gaan. Balak, die koning van Moab, is bang vir die Israëliete. Daarom laat hy 'n slim man met die naam Bi'leam kom om die Israëliete te vervloek. Balak belowe om vir Bi'leam 'n klomp geld te gee, en daarom klim Bi'leam op sy donkie en gaan hy na Balak toe.

Jehovah wil nie hê Bi'leam moet Sy volk vervloek nie. Daarom stuur hy 'n engel met 'n lang swaard om in die pad te staan en Bi'leam te keer. Bi'leam kan nie die engel sien nie, maar sy donkie kan. Daarom probeer die donkie aanhoudend om weg te draai van die engel af, en uiteindelik gaan lê dit in die pad. Bi'leam is baie kwaad en slaan sy donkie met 'n stok.

Dan laat Jehovah Bi'leam hoor hoe sy



donkie met hom praat. ‘Wat het ek aan jou gedoen dat jy my slaan?’ vra die donkie.

‘Jy maak ’n gek van my’, sê Bi’leam. ‘As ek ’n swaard gehad het, het ek jou doodgemaak!’

‘Het ek jou al ooit voorheen so behandel?’ vra die donkie.

‘Nee’, antwoord Bi’leam.


Jehovah laat Bi’leam dan die engel met die swaard in die pad sien. Die engel sê: ‘Hoekom het jy jou donkie geslaan? Ek het gekom om jou te keer, want jy moet Israel nie gaan vervloek nie. As jou donkie nie van my af weggedraai het nie, sou ek jou doodgemaak het, maar ek sou nie jou donkie seergemaak het nie.’

Bi’leam sê: ‘Ek het gesondig. Ek het nie geweet dat u in die pad staan nie.’ Die engel laat Bi’leam gaan, en Bi’leam gaan na Balak toe. Hy probeer nog altyd om Israel te vervloek, maar in plaas daarvan laat Jehovah hom Israel drie keer seën.

Numeri 21:21-35; 22:1-40; 23:1-30; 24:1-25.



MOSES wil saam met die Israëliete in Kanaän ingaan. Daarom vra hy: 'Jehovah, laat my deur die Jordaanrivier trek en die goeie land sien.' Maar Jehovah sê: 'Dit is genoeg! Moenie weer hieroor praat nie!' Weet jy hoekom Jehovah dit gesê het?



Dit is oor wat gebeur het toe Moses die rots geslaan het. Onthou, hy en Aäron het Jehovah nie geëer nie. Hulle het nie vir die volk gesê dit was Jehovah wat water uit die rots laat kom nie. Daarom het Jehovah gesê dat hy hulle nie in Kanaän sal laat ingaan nie.

'n Paar maande ná Aäron se dood sê Jehovah vir Moses: 'Neem Josua, en laat hom voor Elea'sar, die priester, en die volk staan. En daar voor hulle almal moet jy vir hulle sê dat Josua die nuwe leier is.' Moses doen net soos Jehovah sê, soos jy in die prent kan sien.

Dan sê Jehovah vir Josua: 'Wees sterk en moenie bang wees nie. Jy sal die Israeliete in die land Kanaän inlei wat ek aan hulle belowe het, en ek sal met jou wees.'


Later sê Jehovah vir Moses om tot bo-op die berg Nebo in die land Moab te klim. Van daar af kan Moses oor die Jordaanrivier kyk en die pragtige land Kanaän sien. Jehovah sê: 'Dit is die land wat ek belowe het om aan die kinders van Abraham, Isak en Jakob

te gee. Ek het jou dit laat sien, maar ek sal jou nie daar laat ingaan nie.'

Moses gaan daar bo-op die berg Nebo dood. Hy was 120 jaar oud. Hy was nog sterk en hy kon nog goed sien. Die volk is baie hartseer en huil omdat Moses dood is. Maar hulle is bly dat Josua hulle nuwe leier is.

Numeri 27:12-23;
Deuteronomium 3:23-29; 31:1-8,
14-23; 32:45-52; 34:1-12.





HIERDIE mans is in die moeilikheid. Hulle moet wegkom of hulle gaan doodgemaak word. Hulle is Israelitiese spioene, en die vrou wat hulle help, is Ragab. Ragab woon hier in 'n huis op die muur van die stad Je'rigo. Kom ons vind uit hoekom hierdie mans in die moeilikheid is.

Die Israëliete is gereed om oor die Jordaanrivier in die land Kanaän in te gaan. Maar eers stuur Josua twee spioene uit. Hy sê vir hulle: 'Gaan bekyk die land en die stad Je'rigo.'

Wanneer die spioene in Je'rigo kom, gaan hulle na Ragab se huis toe. Maar iemand sê vir die koning van Je'rigo: 'Twee Israëliete het vannag hierheen gekom om die land te verken.' Wanneer hy dit hoor, stuur die koning mans na Ragab toe, en hulle beveel haar: 'Bring die mans uit wat in jou huis is!' Maar Ragab het die spioene op haar dak weggesteek. Daarom sê sy: 'Daar het mans na my huis toe gekom, maar ek weet nie van waar hulle was nie. Hulle het weggegaan net toe dit donker word, voordat die stadspoort toegemaak is. As julle gou maak, kan julle hulle vang!' Toe het die mans hulle agternagesit.


Wanneer hulle weg is, gaan Ragab gou op na die dak toe. 'Ek weet dat Jehovah hierdie land aan julle gaan gee', sê sy vir die spioene. 'Ons het gehoor hoe hy die Rooi See laat opdroog het toe julle uit Egipte weggegaan het, en hoe julle die konings Sihon en Og doodgemaak het. Ek was goed vir julle, en nou moet julle my asseblief belowe dat julle vir my goed sal wees. Red my pa en my ma en my broers en susters.'

Die spioene belowe dit, maar Ragab moet iets doen. 'Vat hierdie rooi tou en maak dit in jou venster vas', sê die spioene, 'en bring al jou familieledes by jou in jou huis bymekaar. En wanneer ons terugkom om Je'rigo aan te val, sal ons hierdie tou in jou venster sien en niemand in jou huis doodmaak nie.' Wanneer die spioene by Josua terugkom, vertel hulle vir hom alles wat gebeur het.

KYK! Die Israëliete trek deur die Jordaanrivier! Maar waar is die water? Omdat dit daardie tyd van die jaar baie reën, was die rivier 'n paar minute vroeër baie vol. Maar nou is al die water weg! En die Israëliete trek op droë grond deur net soos by die Rooi See! Wat het van al die water geword? Kom ons kyk.

Toe die tyd kom dat die Israëliete deur die Jordaanrivier moet trek, het Jehovah Josua vir die volk laat sê: 'Die priesters moet die verbondsark vat en voor ons uitgaan. Wanneer hulle hulle voete in die water van die Jordaanrivier steek, sal die water ophou vloei.'

Daarom tel die priesters die verbondsark op en dra dit voor die volk uit. Wanneer hulle by die Jordaan kom, loop die priesters tot in die water. Dit vloei baie vinnig en diep. Maar sodra hulle voete die water raak, hou die water op om te vloei! Dit is 'n wonderwerk! Hoër op in die rivier het Jehovah die water ogedam. Daar is dan gou





niks water meer in die rivier nie!

Die priesters wat die verbondsark dra, loop tot in die middel van die droë rivier. Kan jy hulle in die prent sien? Terwyl hulle daar staan, loop al die Israeliete op droë grond deur die Jordaanrivier!

Wanneer almal deur is, laat Jehovah Josua vir 12 sterk mans sê: 'Gaan in die rivier in tot waar die priesters met die verbondsark staan. Tel 12 klippe op en pak hulle op mekaar waar julle vanaand gaan bly. Wanneer julle kinders dan in die toekoms vra wat hierdie klippe beteken, moet julle vir hulle sê dat die water opgehou vloei het toe Jehovah se verbondsark deur die Jordaan getrek het. Die klippe sal julle aan hierdie wonderwerk herinner!' Josua pak ook 12 klippe waar die priesters in die rivierbedding gestaan het.

Uiteindelik sê Josua vir die priesters wat die verbondsark dra: 'Klim op uit die Jordaan.' En sodra hulle dit doen, begin die rivier weer vloei.

WAT laat hierdie mure van Je'rigo inmekaarval? Dit lyk asof 'n groot bom hulle getref het. Maar in daardie dae was daar nie bomme nie; hulle het nie eens gewere gehad nie. Dit is nog 'n wonderwerk van Jehovah! Kom ons vind uit hoe dit gebeur het.

Luister wat sê Jehovah vir Josua: 'Jy en jou soldate moet om die stad trek. Trek ses dae lank een keer elke dag om die stad. Dra



die verbondsark saam met julle. Sewe priesters moet voor die ark loop en op hulle horings blaas.

‘Op die sewende dag moet julle *sewe* keer om die stad trek. Blaas dan lank op die horings en laat almal ’n groot oorlogskreet skreeu. En die mure sal inmekaarval!’

Josua en die volk doen wat Jehovah sê. Terwyl hulle trek, bly almal stil. Niemand sê ’n woord nie. Al wat ’n mens kan hoor, is die geluid van die horings en die voetstappe. Die vyande van God se volk in Je’rigo moes bang gewees het. Kan jy daardie rooi tou sien wat by ’n venster uithang? Wie se venster is dit?

Ja, Ragab het gedoen wat die twee spioene vir haar gesê het. Haar hele familie is daar binne en kyk saam met haar wat gebeur.

Uiteindelik, op die sewende dag, nadat hulle sewe keer om die stad getrek het, word die horings geblaas, skreeu die soldate en val die mure inmekaar. Dan sê Josua: ‘Maak almal in die stad dood en verbrand dit. Verbrand alles. Hou net die silwer, goud, koper en yster, en gee dit aan die skatkis van Jehovah se tent.’

Vir die twee spioene sê Josua: ‘Gaan na die huis van Ragab toe, en bring haar en haar hele familie uit.’ Ragab en haar familie word gered, net soos die spioene haar belowe het.

Josua 6:1-25.



KYK wat begrawe hierdie man in sy tent! 'n Mooi kleed, 'n goudstaaf en 'n paar silwerstukke. Hy het dit uit die stad Je'rigo geneem. Maar wat moes met die goed in Je'rigo gedoen word? Onthou jy?

Dit moes vernietig word, en die goud en silwer moes aan die skatkis van Jehovah se tabernakel gegee word. Hierdie mense was dan eintlik ongehoorsaam aan God. Hulle het goed gesteel wat aan God behoort. Die man se naam is Agan, en die mense by hom is lede van sy gesin. Kom ons kyk wat gebeur.

Nadat Agan hierdie goed gesteel het, stuur Josua 'n klompie mans om teen die stad Ai te veg. Maar hulle word verslaan. Party word doodgemaak, en die res vlug. Josua is baie hartseer. Hy gaan lê met sy gesig op die grond en bid tot Jehovah: 'Hoekom het u dit met ons laat gebeur?'

Jehovah antwoord: 'Staan op! Israel het gesondig. Hulle het van die goed gevat wat vernietig moes word of aan Jehovah se tabernakel gegee moes word. Hulle het 'n mooi



kleed gesteel en dit geheim gehou. Ek sal julle nie seën voordat julle dit sowel as die een wat die goed gevat het, vernietig nie.’ Jehovah sê dat hy vir Josua sal wys wie die slegte man is.

Josua laat toe die hele volk bymekaarkom, en Jehovah wys die slegte man Agan uit. Agan sê: ‘Ek het gesondig. Ek het ’n mooi kleed, die goudstaaf en die silwerstukke gesien. Ek wou dit so graag hê dat ek dit gevat het. Julle sal dit in my tent kry waar ek dit begrawe het.’

Wanneer hulle hierdie goed kry en dit na Josua toe bring, sê hy vir Agan: ‘Hoekom het jy moeilikheid oor ons gebring? Nou sal Jehovah moeilikheid oor jou bring!’ Dan stenig die hele volk Agan en sy gesin. Wys dit nie dat ons nooit dinge moet vat wat nie aan ons behoort nie?

Daarna trek Israel weer uit om teen Ai te veg. Hierdie keer help Jehovah sy volk, en hulle wen die geveg.

Josua 7:1-26; 8:1-29.



BAIE van die stede in Kanaän maak hulle nou klaar om teen Israel te veg. Hulle dink dat hulle kan wen. Maar die mense in die nabygeleë stad Gi'beon dink nie so nie. Hulle glo dat God die Israeliete help, en hulle wil nie teen God veg nie. Weet jy wat die Gibeoniete nou doen?

Hulle besluit om dit te laat lyk asof hulle baie ver daarvandaan woon. Daarom trek party van die mans geskeurde klere en stukkende sandale aan. Hulle laai stukkende sakke op hulle donkies en vat ou, droë brood saam. Dan gaan hulle na Josua toe en sê: 'Ons kom van 'n baie ver land af, want ons het van julle groot God, Jehovah, gehoor. Ons het gehoor van alles wat hy in Egipte vir julle gedoen het. Ons leiers het vir ons gesê om padkos te vat vir 'n reis en na julle toe te kom en te sê: "Ons is julle knegte. Belowe dat julle nie teen ons sal oorlog maak nie."



Julle kan sien dat ons klere stukkend is van die lang reis en dat ons brood oud en droog geword het.’

Josua en die ander leiers glo die Gibeoniete. Daarom belowe hulle om nie teen hulle te veg nie. Maar drie dae later vind hulle uit dat die Gibeoniete eintlik daar naby woon.

‘Hoekom het julle vir ons gesê dat julle van ’n ver land af kom?’ vra Josua hulle.

Die Gibeoniete antwoord: ‘Ons het dit gedoen omdat ons gehoor het dat julle God Jehovah belowe het om hierdie hele land Kanaän aan julle te gee. Daarom was ons bang dat julle ons sal doodmaak.’ Maar die Israëliete hou hulle belofte, en hulle maak nie die Gibeoniete dood nie. Hulle maak hulle eerder hulle knegte.

Die koning van Jerusalem is kwaad omdat die Gibeoniete vrede gemaak het met Israel. Daarom sê hy vir vier ander konings: ‘Kom help my om teen Gi’beon te veg.’ En dit is wat hierdie vyf konings doen. Was dit wys van die Gibeoniete om met Israel vrede te maak, iets wat hierdie konings nou teen hulle laat kom veg? Ons sal sien.

Josua 9:1-27; 10:1-5.



KYK na Josua. Hy sê: 'Son, staan stil!' En die son staan stil. Dit bly 'n hele dag daar in die middel van die hemel. Jehovah laat dit gebeur! Maar kom ons kyk hoekom Josua wil hê die son moet bly skyn.



Wanneer die vyf slegte konings in die land Kanaän teen die Gibeoniete begin veg, stuur die Gibeoniete 'n man om Josua te vra om hulle te help. 'Kom gou na ons toe!' sê hy. 'Red ons! Al die konings in die heuweland het teen u knegte kom veg.'

Josua en al sy soldate gaan dadelik. Hulle trek die hele nag lank. Wanneer hulle by Gi'beon kom, is die soldate van die vyf konings bang en begin hulle wegvlug. Dan laat Jehovah groot haelstene uit die lug val, en die haelstene maak meer soldate dood as wat Josua se soldate doodmaak.

Josua sien dat die son binnekort sal ondergaan. Dit sal donker wees, en baie van die vyf slegte konings se soldate sal wegkom. Dit is hoekom Josua tot Jehovah bid en dan sê: 'Son, staan still!' En wanneer die son stilstaan, kan die Israëliete die oorwinning voltooi.

Daar is nog baie ander slegte konings in Kanaän wat God se volk haat. Dit neem omtrent ses jaar vir Josua en sy leër om 31 konings in die land te verslaan. Daarna sorg Josua dat die land Kanaän verdeel word onder die stamme wat nog nie gebied het nie.

Baie jare gaan verby, en Josua gaan later dood wanneer hy 110 jaar oud is. Terwyl hy en sy vriende lewe, is die volk gehoorsaam aan Jehovah. Maar wanneer hierdie goeie mans doodgaan, begin die volk slegte dinge doen en kom hulle in die moeilikheid. Dit is wanneer hulle regtig God se hulp nodig het.





WANNEER die Israeliete in die moeilikheid kom, roep hulle tot Jehovah. Jehovah verhoor hulle deur dapper leiers te gee om hulle te help. Die Bybel noem hierdie leiers rigters. Josua was die eerste rigter, en party van die rigters ná hom was Ot'niël, Ehud en Samgar. Maar twee van die mense wat Israel help, is vroue wie se name Debo'ra en Jael is.

Debo'ra is 'n profetes. Jehovah sê vir haar wat in die toekoms gaan gebeur, en dan vertel sy vir die volk wat Jehovah sê. Debo'ra is ook 'n rigter. Sy sit altyd onder 'n sekere palmboom in die heuweland, en mense kom na haar toe vir raad met hulle probleme.

Jabin is nou die koning van Kanaän. Hy het 900 strydwaens. Sy leer is so sterk dat baie van die Israeliete gedwing is om knegte van Jabin te word. Die hoof van koning Jabin se leer se naam is Si'sera.



Eendag laat Debo'ra vir rigter Barak haal, en sy sê vir hom: 'Jehovah het gesê: "Vat 10 000 mans en lei hulle na die berg Tabor toe. Daar sal ek Si'sera na jou toe bring. En ek sal jou die oorwinning oor hom en sy leer gee."'

Barak sê vir Debo'ra: 'Ek sal gaan as jy saam met my kom.' Debo'ra gaan saam, maar sy sê vir Barak: 'Jy sal nie die eer vir die oorwinning kry nie, want Jehovah sal Si'sera in die hand van 'n vrou gee.' En dit is wat gebeur.


Barak trek van die berg Tabor af om teen Si'sera se soldate te veg. Skielik veroorsaak Jehovah 'n oorstroming, en baie van die vyand se soldate verdrink. Maar Si'sera klim van sy strydwa af en vlug.

Na 'n ruk kom Si'sera by Jael se tent. Sy nooi hom in en gee vir hom melk. Dit maak hom vaak, en hy is gou-gou vas aan die slaap. Dan vat Jael 'n tentpen en kap dit in hierdie slegte man se kop in. Later, wanneer Barak daar kom, wys sy vir hom die dooie Si'sera! Nou kan jy sien dat wat Debo'ra gesê het, waar geword het.

Eindelik word koning Jabin ook doodgemaak, en die Israëliete het weer 'n ruk lank vrede.

IN DIE Bybel sal jy 'n boek met die naam Rut kry. Dit is 'n verhaal oor 'n gesin wat gelewe het in die dae toe Israel rigters gehad het. Rut is 'n jong vrou uit die land Moab; sy is nie 'n lid van God se nasie Israel nie. Maar wanneer Rut van die ware God Jehovah leer, kry sy hom baie lief. Nao'mi is 'n ouer vrou wat Rut gehelp het om van Jehovah te leer.

Nao'mi is 'n Israelitiese vrou. Sy en haar man en twee seuns het na die land Moab toe getrek toe daar min kos in Israel was. Toe het Nao'mi se man doodgegaan. Later het Nao'mi se seuns met twee Moabitiese meisies getrou wie se name Rut en Orpa was. Maar ná omtrent 10 jaar het Nao'mi se twee seuns doodgegaan. Hoe hartseer was Nao'mi en die twee meisies tog! Wat sou Nao'mi nou doen?



Eendag besluit Nao'mi om op die lang reis terug na haar eie volk toe te gaan. Rut en Orpa wil by haar bly, en daarom gaan hulle saam. Maar nadat hulle 'n ent gegaan het, sê Nao'mi vir die meisies: 'Gaan terug huis toe en woon by julle ma's.'

Nao'mi groet hulle met 'n soen. Dan begin hulle huil, want hulle is baie lief vir Nao'mi. Hulle sê: 'Nee! Ons sal saam met jou na jou volk toe gaan.' Maar Nao'mi antwoord: 'Julle moet teruggaan, my dogters. Dit sal beter met julle gaan by julle huis.' Toe gaan Orpa terug na haar huis toe. Maar nie Rut nie.

Nao'mi sê nou vir haar: 'Orpa het omgedraai. Gaan saam met haar huis toe.' Maar Rut antwoord: 'Moenie my probeer wegstuur nie! Laat my saam met jou gaan. Waar jy gaan, sal ek gaan, en waar jy woon, sal ek woon. Jou volk sal my volk wees, en jou God sal my God wees. Waar jy doodgaan, sal ek doodgaan, en dit is waar ek begrawe sal word.' Wanneer Rut dit sê, hou Nao'mi op om haar te probeer ompraat om na haar huis toe te gaan.

Uiteindelik kom die twee vroue in Israel aan. Hier kry hulle 'n plek om te woon. Rut begin dadelik op die landerye werk, want dit is tyd vir die garsoes. 'n Man met die naam Boas laat haar in sy landerye gars optel. Weet jy wie was Boas se ma? Dit was Ragab van die stad Je'rigo.

Eendag sê Boas vir Rut: 'Ek het alles van jou gehoor, en hoe goed jy vir Nao'mi is. Ek weet hoe jy van jou pa en jou ma en jou eie land weggegaan het en hoe jy kom woon het onder 'n volk wat jy nie geken het nie. Mag Jehovah vir jou goed wees!'

Rut antwoord: 'Jy is baie goed vir my, meneer. Jy laat my beter voel omdat jy so mooi met my praat.' Boas hou baie van Rut, en kort daarna trou hy met haar. Hoe bly is Nao'mi tog hieroor! Maar Nao'mi is selfs blyer wanneer Rut en Boas hulle eerste seun, naamlik Obed, het. Later word Obed die oupa van Dawid, van wie ons later nog baie sal leer.

SIEN jy wat gebeur hier? Dit is almal soldate van Israel. Die mans wat afbuig, is besig om te drink. Dit is rigter Gi'deon wat hier by hulle staan. Hy kyk hoe hulle die water drink.

Kyk na die verskillende maniere waarop die mans drink. Party bring hulle gesigte tot by die water. Maar een bring die water met sy hand na sy mond sodat hy kan kyk wat rondom hom gebeur. Dit



is belangrik, want Jehovah het vir Gi'deon gesê om net die mans te kies wat bly rondkyk terwyl hulle drink. Die res, het God gesê, moet huis toe gestuur word. Kom ons kyk hoekom.

Die Israëliete is weer in groot moeilikheid. Dit is omdat hulle ongehoorsaam was aan Jehovah. Die mense van Mi'dian het die oorhand oor hulle gekry en behandel hulle sleg. Daarom roep die Israëliete tot Jehovah om hulp, en Jehovah luister na hulle geroep.

Jehovah beveel Gi'deon om 'n leër op die been te bring, en Gi'deon kry 32 000 soldate bymekaar. Maar daar is 'n leër van 135 000 mans teen Israel. En nogtans sê Jehovah vir Gi'deon: 'Jy het te veel mans.' Hoekom het Jehovah so gesê?

Wel, as Israel die oorlog wen, sou hulle dalk dink dat hulle die oorlog self gewen het. Hulle sou dalk dink dat hulle nie Jehovah se hulp nodig gehad het om te wen nie. Daarom sê Jehovah vir Gi'deon: 'Sê vir almal wat bang is, om huis toe te gaan.' Toe Gi'deon dit doen, gaan 22 000 van sy soldate huis toe. Nou bly daar net 10 000 mans oor om teen daardie 135 000 soldate te veg.

Maar, luister! Jehovah sê: 'Jy het nog te veel mans.' Daarom sê Jehovah vir Gi'deon om die mans by hierdie stroompie te laat drink en almal huis toe te stuur wat hulle gesigte tot by die water bring om te drink. 'Ek sal jou die oorwinning gee met die 300 mans wat bly rondkyk het terwyl hulle gedrink het', belowe Jehovah.

Dit word tyd vir die geveg. Gi'deon verdeel sy 300 manne in drie groepe. Hy gee vir elke man 'n horing en 'n kruik met 'n fakkel daarin. Omtrent middernag gaan staan hulle almal rondom die kamp van die vyand. Dan blaas hulle almal saam op hulle horings en breek hulle hulle kruike en skreeu: 'Jehovah se swaard en Gi'deon s'n!' Wanneer die vyand se soldate wakker skrik, is hulle verward en bang. Hulle begin almal weghardloop, en die Israëliete wen die geveg.

HET jy al ooit 'n belofte gemaak en dit later moeilik gevind om dit te hou? Dit is wat die man in hierdie prent gedoen het, en dit is hoekom hy so hartseer is. Die man is 'n dapper rigter van Israel. Sy naam is Jefta.

Jefta lewe in 'n tyd wanneer die Israëliete Jehovah nie meer aanbid nie. Hulle doen weer slegte dinge. Daarom laat Jehovah toe dat die mense van Ammon hulle sleg behandel. Dit laat die Israëliete tot Jehovah roep: 'Ons het teen u gesondig. Red ons, asseblief!'

Die volk is jammer oor die slegte dinge wat hulle gedoen het. Hulle wys dat hulle jammer is deur Jehovah weer te aanbid. En daarom help Jehovah hulle weer 'n keer.

Die volk kies vir Jefta om teen die slegte Ammoniete te veg. Jefta wil baie graag hê dat Jehovah hom in die geveg moet help.

Daarom belowe hy vir Jehovah: 'As u vir my die oorwinning oor die Ammoniete gee, sal ek die eerste persoon wat uit my huis kom om my te verwelkom wanneer ek van die oorlog af terugkom, aan u gee.'

Jehovah luister na Jefta se belofte en help hom om die geveg te wen. Weet jy wie eerste uitkom om Jefta te verwelkom wanneer hy by die huis kom? Dit is sy dogter, sy enigste kind. 'O, my dogter!' roep Jefta uit. 'Hoe hartseer




maak jy my tog. Maar ek het 'n belofte aan Jehovah gemaak, en ek kan dit nie terugtrek nie.'

Wanneer Jefta se dogter van sy belofte hoor, is sy ook eers hartseer. Want dit beteken dat sy van haar pa en vriende sal moet weggaan. Maar sy sal Jehovah die res van haar lewe by sy tabernakel in Silo dien. Daarom sê sy vir haar pa: 'As u 'n belofte aan Jehovah gemaak het, moet u dit hou.'

Daarom gaan Jefta se dogter na Silo toe, en sy dien Jehovah die res van haar lewe daar by sy tabernakel. Elke jaar gaan kuier die vroue van Israel vier dae lank daar vir haar, en hulle geniet hulle tydjie saam. Die volk is lief vir Jefta se dogter, want sy is so 'n goeie kneg van Jehovah.

Rigters 10:6-18; 11:1-40.





KEN jy die naam van die sterkste man wat nog ooit gelewe het? Hy is 'n rigter met die naam Simson. Simson kry sy krag van Jehovah af. Nog voordat Simson gebore word, sê Jehovah vir sy ma: 'Jy sal binnekort 'n seun hê. Hy sal die leiding neem om Israel van die Filistyne te verlos.'

Die Filistyne is slegte mense wat in Kanaän woon. Hulle het baie soldate, en hulle behandel die Israëliete baie sleg. Wanneer Simson eenkeer op pad is na die gebied van die Filistyne toe, storm 'n groot, brullende leeu op hom af. Maar Simson maak die leeu met sy kaal hande dood. Hy maak ook honderde slegte Filistyne dood.

Later raak Simson verlief op 'n vrou met die naam Deli'la. Die




leiers van die Filistyne belowe dat elkeen van hulle vir Deli'la 1 100 silwerstukke sal gee as sy vir hulle vertel wat Simson so sterk maak. Deli'la wil al daardie geld hê. Sy is nie 'n ware vriendin van Simson of van God se volk nie. Daarom vra sy aanhoudend vir Simson wat hom so sterk maak.

Uiteindelik kry Deli'la vir Simson om vir haar die geheim van sy krag te vertel. 'My hare is nog nooit gesny nie', sê hy. 'Van my geboorte af het God my gekies om een van sy spesiale knegte te wees, wat 'n Nasire'ër genoem word. As my hare gesny word, sal ek my krag verloor.'

Wel, wanneer Deli'la dit hoor, maak sy Simson op haar skoot aan die slaap. Dan roep sy 'n man om sy hare te kom afsny. Wanneer Simson wakker word, het hy sy krag verloor. Die Filistyne kom nou in en neem hom gevange. Hulle steek albei sy oë uit en maak hom hulle slaaf.

Eendag het die Filistyne 'n groot fees om hulle god Dagon te aanbid, en hulle bring Simson uit die tronk om met hom te spot. Intussen het Simson se hare weer gegroei. Simson sê vir die seun wat hom aan die hand lei: 'Laat my die pilare voel waarop die gebou rus.' Dan bid Simson tot Jehovah vir krag, en hy gryp die pilare vas. Hy roep uit: 'Laat my saam met die Filistyne doodgaan.' Daar is 3 000 Filistyne by die fees, en toe Simson met al sy krag teen die pilare stoot, val die gebou inmekaar en maak dit al daardie slegte mense dood.

Rigters hoofstukke 13 tot 16.





IS DIT nie 'n mooi seuntjie nie? Sy naam is Samuel. En die man met sy hand op Samuel se kop is Israel se hoëpriester Eli. Dit is Samuel se pa, El'kana, en sy ma, Hanna, wat vir Samuel na Eli toe bring.

Samuel is maar vier of vyf jaar oud. Maar hy gaan saam met Eli en die ander priesters hier by Jehovah se tabernakel woon. Hoekom bring El'kana en Hanna iemand so jonk soos Samuel om Jehovah by die tabernakel te dien? Kom ons kyk.

Net 'n paar jaar vroeër was Hanna baie hartseer. Dit was omdat sy nie 'n baba kon hê nie, en sy wou baie, baie graag een hê. Daarom het Hanna, toe sy eendag by Jehovah se tabernakel was, gebid: 'O, Jehovah, moet my nie vergeet nie! As u vir my 'n seun gee, belowe ek dat ek hom aan u sal gee sodat hy u sy hele lewe lank kan dien.'

Jehovah het Hanna se gebed verhoor, en maande later is Samuel gebore. Hanna was lief vir haar seuntjie, en sy het hom van Jehovah begin leer terwyl hy nog baie klein was. Sy het vir haar man gesê: 'Sodra Samuel oud genoeg is om nie meer gesoog te word nie, sal ek hom na die tabernakel toe neem om Jehovah daar te dien.'

Dit is wat ons Hanna en El'kana in die prent sien doen. En omdat Samuel se ouers hom so goed geleer het, is hy bly om Jehovah hier by Sy tent te kan dien. Hanna en El'kana kom elke jaar om by hierdie spesiale tent te aanbid en om vir hulle seuntjie te kuier. En elke jaar bring Hanna 'n nuwe moulose oorkleedjie saam wat sy vir Samuel gemaak het.

Die jare gaan verby, en Samuel hou aan om by Jehovah se tabernakel te dien, en Jehovah sowel as die volk hou van hom. Maar hoëpriester Eli se seuns Hofni en Pi'nehas is sleg. Hulle

doen allerhande slegte dinge, en hulle kry ander om ook aan Jehovah ongehoorsaam te wees. Eli moet hulle eintlik as priesters verwyder, maar hy doen dit nie.

Jong Samuel hou nie op om Jehovah te dien nie, al gebeur daar slegte dinge by die tabernakel. Maar omdat so min mense Jehovah regtig liefhet, het Jehovah lank laas met enige mens gepraat. Toe Samuel 'n bietjie ouer is, gebeur die volgende:

Terwyl Samuel in die tabernakel slaap, maak 'n stem hom wakker. Hy antwoord: 'Hier is ek.' Hy staan op, hardloop na Eli toe en sê: 'U het my geroep en hier is ek.'

Maar Eli antwoord: 'Ek het jou nie geroep nie; gaan terug bed toe.' Dan gaan Samuel weer bed toe.

'n Tweede keer roep iemand: 'Samuel!' Toe staan Samuel op en hardloop weer na Eli toe. 'U het my geroep en hier is ek', sê hy. Maar Eli antwoord: 'Ek het nie geroep nie, my seun. Gaan lê maar weer.' Dan gaan Samuel terug bed toe.

'Samuel!' roep die stem 'n derde keer. Samuel hardloop na Eli toe. 'Hier is ek, want u móés my hierdie keer geroep het', sê hy. Eli weet nou dat dit Jehovah moet wees wat roep. Daarom sê hy vir Samuel: 'Gaan lê weer, en as hy weer roep, moet jy sê: "Spreek, Jehovah, want u kneg luister."'

Dit is wat Samuel sê wanneer Jehovah weer roep. Jehovah vertel dan vir Samuel dat hy Eli en sy seuns gaan straf. Later word Hofni en Pi'nehas in 'n geveg teen die Filistyne doodgemaak, en wanneer Eli hoor wat gebeur het, val hy agteroor, breek hy sy nek en gaan hy ook dood. Só word Jehovah se woord bewaarheid.

Samuel word groot en word die laaste rigter van Israel. Wanneer hy oud word, vra die volk vir hom: 'Kies 'n koning om oor ons te regeer.' Samuel wil dit nie doen nie, want Jehovah is eintlik hulle koning. Maar Jehovah sê vir hom om na die volk te luister.

Van Israel se eerste koning tot gevangenskap in Babilon

Saul het Israel se eerste koning geword. Maar Jehovah het hom verwerp, en Dawid is gekies om in sy plek koning te wees. Ons leer baie van Dawid. As 'n jong man het hy teen die reus Goliat geveg. Later het hy vir jaloerse koning Saul gevlug. Toe het pragtige Abigail gekeer dat hy 'n dwase ding te doen.

Daarna leer ons baie dinge van Dawid se seun Salomo, wat in Dawid se plek koning van Israel geword het. Die eerste drie konings van Israel het elkeen 40 jaar lank regeer. Ná Salomo se dood is Israel in twee koninkryke, 'n noordelike en 'n suidelike koninkryk, verdeel.

Die noordelike tienstammeryk het 257 jaar bestaan voordat dit deur die Assiriërs vernietig is. En 133 jaar later is die suidelike tweestammeryk ook vernietig. Hierdie keer is die Israeliete as gevangenes na Babilon toe geneem. DEEL 4 dek 510 jaar van die geskiedenis, waartydens baie opwindende dinge gebeur het.

KYK hoe gooi Samuel olie op die man se kop. Dit is wat hulle met iemand gedoen het om te wys dat hy gekies is om koning te wees. Jehovah sê vir Samuel om die olie op Saul se kop te gooi. Dit is 'n spesiale olie wat lekker ruik.

Saul het nie gedink dat hy goed genoeg is om koning te wees nie. 'Ek behoort aan die stam Benjamin, die kleinste in Israel', sê hy vir Samuel. 'Hoekom sê u dat ek koning sal wees?' Jehovah hou van Saul omdat hy nie maak of hy groot en belangrik is nie. Dit is hoekom Hy hom kies om koning te wees.

Maar Saul is nie arm of klein nie. Hy kom uit 'n ryk gesin, en hy is 'n baie aantreklike, lang man. Hy is 'n hele kop langer as almal in Israel! Saul kan ook baie vinnig hardloop, en hy is baie sterk. Die volk is bly dat Jehovah Saul gekies het om koning te wees. Hulle begin almal uitroep: 'Mag die koning lank lewe!'

Israel se vyande is nog so sterk soos altyd. Hulle maak die lewe nog steeds baie moeilik vir die Israeliete. Kort nadat Saul koning gemaak is, kom die Ammoniete om teen hulle te veg. Maar Saul maak 'n groot leër bymekaar en hy wen die geveg teen die Ammoniete. Dit maak die volk baie bly dat Saul koning is.

Met verloop van jare lei Saul die Israeliete sodat hulle baie gevegte teen hulle vyande wen. Saul het ook 'n dapper seun met die naam Jo'natan. En Jo'natan help Israel om baie gevegte te wen. Die Filistyne is nog altyd die Israeliete se grootste vyand. Eendag kom duisende der duisende Filistyne om teen die Israeliete te veg.

Samuel sê vir Saul om te wag totdat hy kom om 'n offerande, of gawe, aan Jehovah te bring. Maar Samuel vat lank om te kom. Saul is bang dat die Filistyne die geveg sal begin, en hy bring toe self die offerande. Wanneer Samuel eindelik daar aankom, sê hy

vir Saul dat hy ongehoorsaam was. ‘Jehovah gaan iemand anders kies om koning oor Israel te wees’, sê Samuel.

Later is Saul weer ongehoorsaam. Daarom sê Samuel vir hom: ‘Dit is beter om aan Jehovah gehoorsaam te wees as om die beste skaap aan hom te offer. Omdat jy nie gehoorsaam was aan Jehovah nie, sal Jehovah jou nie meer koning van Israel laat wees nie.’

Ons kan ’n goeie les hieruit leer. Dit wys vir ons hoe belangrik dit is om altyd gehoorsaam te wees aan Jehovah. En dit wys dat ’n goeie mens, soos Saul vroeër was, kan verander en sleg word. Ons wil mos nooit sleg word nie, nè?

1 Samuel hoofstukke 9 tot 11;
13:5-14; 14:47-52; 15:1-35; 2 Samuel 1:23.





KAN jy sien wat gebeur het? Die seun het hierdie lammetjie van die beer gered. Die beer het die lammetjie weggedra om dit te eet. Maar die seun het agter hulle aan gehardloop en die lammetjie uit die beer se bek gered. En toe die beer op sy agterpote gaan staan, het die seun die beer gegryp en hom doodgeslaan! Op 'n ander keer het hy een van die skape van 'n leeu gered. Hy is 'n dapper seun, nè? Weet jy wie hy is?

Dit is jong Dawid. Hy woon in die dorp Betlehem. Sy oupa was Obed, die seun van Rut en Boas. Onthou jy hulle? En Dawid se pa is Isai. Dawid pas sy pa se skape op. Dawid is gebore 10 jaar nadat Jehovah Saul gekies het om koning te wees.

Op 'n dag sê Jehovah vir Samuel: 'Vat van die spesiale olie en gaan na die huis van Isai in Betlehem. Ek het een van sy seuns gekies om koning te wees.' Wanneer Samuel Isai se oudste seun Eli'ab sien, sê hy vir homself: 'Dit is sekerlik die een wat Jehovah gekies het.' Maar Jehovah sê vir hom: 'Moenie kyk hoe lank en aantreklik hy is nie. Ek het hom nie gekies om koning te wees nie.'

Isai roep toe sy seun Abina'dab en bring hom na Samuel toe. Maar Samuel sê: 'Nee, Jehovah het hom ook nie gekies nie.' Dan bring Isai sy seun Samma. 'Nee, Jehovah het hom ook nie gekies nie', sê Samuel. Isai bring sewe van sy seuns na Samuel toe, maar Jehovah kies nie enigeen van hulle nie. 'Is dit al die seuns?' vra Samuel.

'Daar is nog die jongste', sê Isai. 'Maar hy pas die skape op.' Toe Dawid ingebring word, kan Samuel sien dat hy 'n mooi seun is. 'Dit is hy', sê Jehovah. 'Gooi die olie op hom.' En dit is wat Samuel doen. Eendag sal Dawid koning van Israel word.

DIE Filistyne kom weer om teen Israel te veg. Dawid se drie oudste broers is nou in Saul se leër. Op 'n dag sê Isai vir Dawid: 'Vat graan en brode na jou broers toe. Vind uit hoe dit met hulle gaan.'


Wanneer Dawid by die leërkamp aankom, hardloop hy na die plek waar die soldate staan om na sy broers te soek. Die Filistynse reus Go'liat kom uit om met die Israeliete te spot. Hy doen dit nou al 40 dae lank elke oggend en aand. Hy roep: 'Kies een van julle manne om teen my te veg. As hy wen en my doodmaak, sal ons julle slawe wees. Maar as ek wen en hom doodmaak, sal julle ons slawe wees. Ek daag julle uit om iemand te kies om teen my te veg.'

Dawid vra vir 'n paar van die soldate: 'Wat sal die man kry wat hierdie Filistyn doodmaak en hierdie skande van Israel wegneem?'

'Saul sal die man baie ryk maak', sê die soldate. 'En hy sal vir hom sy dogter gee om mee te trou.'

Maar al die Israeliete is bang vir Go'liat omdat hy so groot is. Hy is omtrent 3 meter lank, en hy laat 'n ander soldaat sy skild vir hom dra.

Party soldate gaan sê vir koning Saul dat Dawid teen Go'liat wil veg. Maar Saul sê vir Dawid: 'Jy kan nie teen hierdie Filistyn veg nie. Jy is net 'n seun, en hy is al sy hele lewe lank 'n soldaat.' Dawid antwoord: 'Ek het 'n



beer en 'n leeu doodgemaak wat my pa se skape weggedra het. En hierdie Filistyn sal soos een van hulle word. Jehovah sal my help.' Toe sê Saul: 'Gaan, en mag Jehovah met jou wees.'

Dawid gaan na 'n stroompie toe en tel vyf gladde klippe op en sit hulle in sy sak. Dan vat hy sy slinger en loop na die reus toe. Wanneer Go'liat hom sien, kan hy dit nie glo nie. Hy dink dat dit baie maklik sal wees om Dawid dood te maak.

'Kom na my toe', sê Go'liat, 'dat ek jou liggaam vir die voëls en die diere kan gee om te eet.' Maar Dawid sê: 'Jy kom na my toe met 'n swaard en 'n spies en 'n werpspies, maar ek kom na jou toe met die naam van Jehovah. Vandag sal Jehovah jou in my hand gee, en ek sal jou doodmaak.'

Toe hardloop Dawid na Go'liat toe. Hy haal 'n klip uit sy sak, sit dit in sy slinger en gooi dit so hard soos hy kan. Die klip tref Go'liat in sy voorkop, en hy slaan dood neer! Wanneer die Filistyne sien dat hulle baasvegter dood is, draai hulle almal om en hardloop weg. Die Israeliete sit hulle agterna en wen die geveg.



NADAT Dawid vir Go'liat doodgemaak het, bring Abner, die hoof van Israel se leër, hom na Saul toe. Saul is baie tevrede met Dawid. Hy gee hom 'n belangrike posisie in sy leër en laat hom in die koning se huis woon.

Later, wanneer die leër terugkom ná 'n geveg teen die Filistyne, sing die vroue: 'Saul het duisende doodgemaak, maar Dawid tienduise.' Dit maak Saul jaloeers, want hulle gee meer eer aan Dawid as aan Saul. Maar Saul se seun Jo'natan is nie jaloeers nie. Hy is baie lief vir Dawid, en Dawid is ook lief vir Jonatan. Daarom belowe die twee mekaar dat hulle altyd vriende sal wees.

Dawid kan baie goed op die harp speel, en Saul hou van die musiek wat hy speel. Maar eendag laat Saul se jaloesie hom iets verskrikliks doen. Terwyl Dawid

op die harp speel, vat Saul sy spies en gooi dit terwyl hy sê: 'Ek sal Dawid teen die muur vaspen!' Maar Dawid koes en die spies mis hom. Later gooi Saul Dawid weer met sy spies mis. Dawid weet nou dat hy baie versigtig moet wees.

Onthou jy die belofte wat Saul gemaak het? Hy het belowe dat hy vir die man wat



Go'liat doodmaak, sy dogter sal gee om mee te trou. Saul sê uiteindelik vir Dawid dat hy sy dogter Migal kan kry, maar hy moet eers 100 Filistyne doodmaak. Dink net daaraan! Saul hoop eintlik dat die Filistyne vir Dawid sal doodmaak. Maar dit gebeur nie, en Saul gee toe maar sy dogter om Dawid se vrou te wees.

Eendag sê Saul vir Jo'natan en al sy knegte dat hy Dawid wil doodmaak. Maar Jo'natan sê vir sy pa: 'Moenie iets slegs aan Dawid doen nie. Hy het nog nooit teen u gesondig nie. Alles wat hy gedoen het, was eerder vir u 'n groot hulp. Hy het sy lewe gewaag toe hy Go'liat doodgemaak het, en toe u dit gesien het, was u bly.'

Saul luister na sy seun, en hy belowe om niks slegs aan Dawid te doen nie. Dawid word teruggebring, en hy dien Saul weer in sy huis net soos vroeër. Maar eendag terwyl Dawid musiek speel, gooi Saul weer sy spies na Dawid. Dawid koes, en die spies tref die muur. Dit is die derde keer! Dawid weet nou dat hy moet vlug!

Daardie nag gaan Dawid na sy eie huis toe. Maar Saul stuur 'n paar mans om hom dood te maak. Migal weet wat haar pa beplan. Daarom sê sy vir haar man: 'As jy nie vannag vlug nie, sal jy môre dood wees.' Daardie nag help Migal vir Dawid om deur 'n venster te ontsnap. Omtrent sewe jaar lank moet Dawid in die een plek na die ander wegkruip sodat Saul hom nie in die hande kan kry nie.

1 Samuel 18:1-30; 19:1-18.



WEET jy wie die mooi vrou is wat na Dawid toe kom? Haar naam is Abi'gail. Sy is wys, en sy keer dat Dawid 'n slegte ding doen. Maar voordat ons hiervan leer, kom ons kyk eers wat intussen met Dawid gebeur het.

Nadat Dawid vir Saul gevlug het, kruip hy in 'n grot weg. Sy broers en die res van sy familie kom bly ook daar. Daar kom altesaam omtrent 400 mans na hom toe, en Dawid word hulle leier.



Dan gaan Dawid na die koning van Moab toe en sê: ‘Laat my pa en my ma asseblief by u bly totdat ek sien wat met my gebeur.’ Later begin Dawid en sy manne in die heuwels wegkruip.

Dit is hierna dat Dawid vir Abi’gail ontmoet. Haar man, Nabal, is ’n ryk boer. Hy het 3 000 skape en 1 000 bokke. Nabal is ’n gemene man. Maar sy vrou Abi’gail is pragtig. Sy weet ook hoe om te doen wat reg is. Sy red selfs eenkeer haar gesin. Kom ons kyk hoe.

Dawid en sy manne was goed vir Nabal. Hulle het gehelp om sy skape te beskerm. Op ’n dag stuur Dawid ’n paar van sy manne om vir Nabal ’n guns te vra. Dawid se manne kom by Nabal terwyl hy en sy helpers die skape se wol afskeer. Dit is ’n feesdag, en Nabal het baie en lekker kos. Daarom sê Dawid se manne: ‘Ons was goed vir jou. Ons het nie een van jou skape gesteel nie, maar het gehelp om hulle op te pas. Gee nou asseblief vir ons ’n bietjie kos.’

‘Ek sal nie my kos vir mense soos julle gee nie’, sê Nabal. Hy praat baie lelik en sê slegte dinge van Dawid. Toe die mans weer by Dawid kom en vir hom daarvan vertel, is Dawid baie kwaad. ‘Vat julle swaarde!’ sê hy vir sy manne. En hulle gaan uit om Nabal en sy manne dood te maak.

Een van Nabal se manne wat die lelike dinge gehoor het wat Nabal gesê het, vertel vir Abi’gail wat gebeur het. Abi’gail maak dadelik kos bymekaar. Sy laai dit op ’n paar donkies en vertrek. Wanneer sy by Dawid kom, klim sy van haar donkie af, buig en sê: ‘Asseblief, meneer, moet u nie aan my man Nabal steur nie. Hy is ’n dwaas en hy doen dwase dinge. Hier is ’n geskenk. Aanvaar dit asseblief, en vergewe ons vir wat gebeur het.’

‘Jy is ’n wyse vrou’, antwoord Dawid. ‘Jy het gekeer dat ek Nabal doodmaak om hom terug te betaal vir sy gemeenheid. Gaan nou in vrede huis toe.’ Later gaan Nabal dood, en Abi’gail word een van Dawid se vrouens.

DAWID WORD 61 KONING GEMAAK



SAUL probeer weer om vir Dawid te vang. Hy neem 3 000 van sy beste soldate en gaan soek na hom. Wanneer Dawid dit hoor, stuur hy spioene uit om uit te vind waar Saul en sy manne kamp opgeslaan het vir die nag. Dan vra Dawid vir twee van sy manne: ‘Wie van julle sal saam met my na Saul se kamp gaan?’

‘Ek sal’, sê Abi’sai. Abi’sai is die seun van Dawid se suster Seru’ja. Terwyl Saul en sy manne slaap, sluip Dawid en Abi’sai in die kamp

in. Hulle vat Saul se spies en sy waterkruik, wat reg langs Saul se kop lê. Niemand sien of hoor hulle nie, want almal is vas aan die slaap.

Kyk nou na Dawid en Abi’sai. Hulle het weggekom en is veilig bo-op ’n bult. Dawid roep na die hoof van Israel se leër: ‘Abner, hoekom beskerm jy nie jou heer, die koning, nie? Kyk! Waar is sy spies en sy waterkruik?’

Saul word wakker. Hy herken Dawid se stem en vra: ‘Is dit jy, Dawid?’ Kan jy vir Saul en Abner daar onder sien?

‘Ja, my heer die koning’, antwoord Dawid vir Saul. En Dawid vra: ‘Waarom probeer u my vang? Watter slegte ding het ek

gedoen? Hier is u spies, o koning. Laat een van u manne dit kom haal.’

‘Ek het gesondig’, erken Saul. ‘Ek het dwaas opgetree.’ Dan gaan Dawid weg, en Saul gaan terug huis toe. Maar Dawid sê vir homself: ‘Een van die dae gaan Saul my doodmaak. Ek moet na die land van die Filistyne vlug.’ En dit is wat hy doen. Dawid kry dit reg om die Filistyne om die bos te lei en hulle te laat glo dat hy nou aan hulle kant is.

’n Ruk later trek die Filistyne op om teen Israel te veg. In die geveg word Saul en Jo’natan albei doodgemaak. Dit maak Dawid baie hartseer, en hy skryf ’n pragtige lied waarin hy sing: ‘Ek voel hartseer oor jou, my broer Jo’natan. Hoe lief was ek tog vir jou!’

Hierna gaan Dawid terug na Israel toe en gaan woon hy in die stad Hebron. Daar is oorlog tussen die mense wat Saul se seun Is-Boset as koning wil hê en die mense wat wil hê dat Dawid koning moet wees. Maar uiteindelik wen Dawid se manne. Dawid is 30 jaar oud wanneer hy koning gemaak word. Hy regeer sewe en ’n half jaar lank in Hebron. Party van die seuns wat daar vir hom gebore word, is Amnon, Absalom en Ado’nia.

Eendag trek Dawid en sy manne op om ’n pragtige stad met die naam Jerusalem oor te neem. Joab, ’n ander seun van Dawid se suster Seru’ja, neem die leiding in die geveg. Daarom beloon Dawid vir Joab deur hom die hoof van sy leër te maak. Dawid begin nou in die stad Jerusalem regeer.

1 Samuel 26:1-25; 27:1-7; 31:1-6;

2 Samuel 1:26; 3:1-21; 5:1-10;

1 Kronieke 11:1-9.



MOEILIKHEID IN DAWID SE HUIS 62

NADAT Dawid in Jerusalem begin regeer het, laat Jehovah sy leër baie gevegte teen hulle vyande wen. Jehovah het belowe om die land Kanaän aan die Israëliete te gee. En nou, met Jehovah se hulp, het die hele gebied wat aan hulle belowe is, uiteindelik hulle s'n geword.

Dawid is 'n goeie koning. Hy het Jehovah lief. Daarom is een van die eerste dinge wat hy doen nadat hy Jerusalem oorgeneem het, om Jehovah se verbondsark soontoe te bring. En hy wil 'n tempel bou om die ark in te sit.

Wanneer Dawid ouer word, maak hy 'n groot fout. Dawid weet dat dit verkeerd is om iets te vat wat aan iemand anders behoort. Maar een aand, terwyl hy op die dak van sy paleis is, kyk hy af en sien 'n baie mooi vrou. Haar naam is Bat'seba, en haar man, Uri'a, is een van sy soldate.

Dawid wil Bat'seba so graag hê dat hy haar na sy paleis toe laat bring. Haar man is nie daar nie, want hy maak oorlog saam met die soldate. Wel, Dawid slaap by haar, en later vind sy uit dat sy 'n baba verwag. Dawid is baie bekommerd en sê vir Joab, die hoof van sy leër, om Uri'a heel voor in die geveg te sit waar hy doodgemaak sal word. Wanneer Uri'a dood is, trou Dawid met Bat'seba.

Jehovah is baie kwaad vir Dawid. Daarom stuur hy sy kneg Natan om vir hom van sy sondes te vertel. Hier kan jy Natan met Dawid sien praat. Dawid is baie jammer oor wat hy gedoen het, en daarom maak Jehovah hom nie dood nie. Maar Jehovah sê: 'Omdat jy hierdie slegte dinge gedoen het, sal jy baie moeilikheid in jou huis hê.' En hoeveel moeilikheid het Dawid tog!

Eers gaan Bat'seba se seun dood. Dan sorg Dawid se eersgebore seun, Amnon, dat hy alleen saam met sy suster Tamar is en dwing haar om by hom te slaap. Dawid se seun Absalom is so kwaad hieroor dat hy Amnon doodmaak. Later maak Absalom hom baie

gewild onder die volk en laat hy hom koning maak. Uiteindelik wen Dawid die oorlog teen Absalom, wat doodgemaak word. Ja, Dawid het baie moeilikheid.

Intussen het Bat'seba 'n seun met die naam Salomo. Wanneer Dawid oud en siek is, probeer sy seun Ado'nia homself koning maak. Dan laat Dawid 'n priester met die naam Sadok olie op Salomo se kop gooi om te wys dat Salomo koning gaan wees. Kort daarna gaan Dawid dood wanneer hy 70 jaar oud is. Hy het 40 jaar lank regeer, maar nou is Salomo die koning van Israel.

2 Samuel 11:1-27; 12:1-18; 1 Konings 1:1-48.



SALOMO is 'n tiener wanneer hy koning word. Hy het Jehovah lief, en hy volg die goeie raad wat sy pa, Dawid, vir hom gegee het. Jehovah hou baie van Salomo, en daarom sê hy een nag vir hom in 'n droom: 'Salomo, wat wil jy graag hê moet ek vir jou gee?'

Salomo antwoord: 'Jehovah my God, ek is baie jonk en ek weet nie hoe om te regeer nie. Gee vir my die wysheid om op die regte manier oor u volk te regeer.'



Jehovah is bly oor wat Salomo vra. Daarom sê Hy: ‘Omdat jy wysheid gevra het en nie ’n lang lewe of rykdom nie, sal ek jou meer wysheid gee as enigiemand wat nog ooit gelewe het. Maar ek sal jou ook gee wat jy nie gevra het nie, naamlik rykdom en heerlikheid.’

’n Rukkie daarna kom twee vroue met ’n groot probleem na Salomo toe. ‘Ek en hierdie vrou woon in dieselfde huis’, verduidelik een van hulle. ‘Ek het ’n babaseuntjie gehad, en twee dae later het sy ook ’n babaseuntjie gehad. Een nag het haar baba doodgegaan. Maar terwyl ek geslaap het, het sy haar dooie kind langs my neergelê en my baba gevat. Toe ek wakker word en na die dooie kind kyk, het ek gesien dat hy nie myne is nie.’

Toe sê die ander vrou: ‘Nee! Die lewende kind is myne, en die dooie is hare!’ Die eerste vrou antwoord: ‘Nee! Die dooie kind is joune, en die lewende is myne!’ Dit is hoe die twee vroue stry. Wat gaan Salomo doen?

Hy laat ’n swaard haal, en wanneer dit gebring word, sê hy: ‘Sny die lewende baba in twee en gee ’n helfte aan elke vrou.’

‘Nee!’ skreeu die regte ma. ‘Moet asseblief nie die baba doodmaak nie. Gee hom vir haar!’ Maar die ander vrou sê: ‘Moet hom nie vir een van ons gee nie; sny hom in twee.’


Uiteindelik praat Salomo: ‘Moenie die kind doodmaak nie! Gee hom vir die eerste vrou. Sy is die regte ma.’ Salomo weet dit, want die regte ma is so lief vir die baba dat sy hom selfs vir die ander vrou sal gee sodat hy nie doodgemaak sal word nie. Wanneer die volk hoor hoe Salomo die probleem opgelos het, is hulle bly dat hulle so ’n wyse koning het.

Gedurende die tyd dat Salomo regeer, seën God die volk deur die grond baie koring en gars, druiwe en vye en ander kos te laat voortbring. Die mense dra mooi klere en woon in goeie huise. Daar is oorgenoeg goeie dinge vir almal.

VOORDAT Dawid doodgegaan het, het hy die plan vir Jehovah se tempel, wat hy van God gekry het, vir Salomo gegee. In die vierde jaar van sy regering begin Salomo die tempel bou, en dit neem sewe en 'n half jaar om dit te klaar te maak. Tienduisende

mans werk aan die tempel, en die gebou kos baie, baie geld. Dit is omdat soveel goud en silwer daarvoor gebruik word.

Die tempel het twee hoofkamers, net soos die tabernakel gehad het. Maar hierdie kamers is twee keer so groot soos dié in die tabernakel.



Salomo laat hulle die verbondsark in die binneste kamer van die tempel sit, en die ander dinge wat in die tabernakel gehou is, word in die ander kamer gesit.

Wanneer die tempel klaar gebou is, is daar 'n groot fees. Salomo kniel voor die tempel en bid, soos jy in die prent kan sien. 'Nie eens die hele hemel is groot genoeg om u te bevat nie', sê Salomo vir Jehovah, 'hoeveel minder kan hierdie tempel u dan bevat. Maar, o my God, luister asseblief na u volk wanneer hulle na hierdie plek toe bid.'

Wanneer Salomo klaar gebed het, kom daar vuur uit die hemel. Dit verbrand die diere-offers wat gebring is. En 'n helder lig van Jehovah af vul die tempel. Dit wys dat Jehovah luister en dat hy hou van die tempel en Salomo se gebed. Die tempel is nou die plek waarheen die volk kom om te aanbid, nie meer die tabernakel nie.

Salomo regeer 'n lang ruk op 'n wyse manier, en die volk is gelukkig. Maar Salomo trou met baie vroue uit ander lande wat Jehovah nie aanbid nie. Kan jy sien hoe een van hulle die afgod aanbid? Uiteindelik kry Salomo se vrouens hom ook om ander gode te aanbid. Weet jy wat gebeur wanneer Salomo dit doen? Hy behandel die volk nie meer goed nie. Hy word wreed, en die volk is nie meer gelukkig nie.


Dit maak Jehovah kwaad vir Salomo, en hy sê vir hom: 'Ek sal die koninkryk van jou af wegneem en vir 'n ander man gee. Ek sal dit nie gedurende jou lewe doen nie, maar wanneer jou seun regeer. Maar ek sal nie al die mense van die koninkryk van jou seun af wegneem nie.' Kom ons kyk hoe dit gebeur.

1 Kronieke 28:9-21; 29:1-9; 1 Konings 5:1-18;
2 Kronieke 6:12-42; 7:1-5; 1 Konings 11:9-13.



DIE KONINKRYK WORD VERDEEL 65

WEET jy hoekom hierdie man sy kleed stukkend skeur? Jehovah het vir hom gesê om dit te doen. Hierdie man is God se profeet Ahi'a. Weet jy wat 'n profeet is? Dit is iemand vir wie God voor die tyd sê wat gaan gebeur.



Ahi'a praat hier met Jero'beam. Jero'beam is 'n man vir wie Salomo aangestel het om van sy bouwerk te doen. Wanneer Ahi'a Jero'beam hier op die pad ontmoet, doen Ahi'a iets eenaardigs. Hy trek sy nuwe klee uit en skeur dit in 12 stukke. Hy sê vir Jero'beam: 'Wat vir jou 10 stukke.' Weet jy hoekom Ahi'a vir Jero'beam 10 stukke gee?

Ahi'a verduidelik dat Jehovah die koninkryk van Salomo af gaan wegneem. Hy sê dat Jehovah 10 stamme vir Jero'beam gaan gee. Dit beteken dat daar net twee stamme sal oorbly waarvoor Salomo se seun Reha'beam sal regeer.

Wanneer Salomo hoor wat Ahi'a vir Jero'beam gesê het, word hy baie kwaad. Hy probeer Jero'beam doodmaak. Maar Jero'beam vlug na Egipte toe. Na 'n ruk gaan Salomo dood. Hy was 40 jaar lank koning, maar nou word sy seun Reha'beam koning gemaak. In Egipte hoor Jero'beam dat Salomo dood is, en daarom kom hy terug na Israel toe.

Reha'beam is nie 'n goeie koning nie. Hy behandel die volk selfs slegter as wat sy pa, Salomo, hulle behandel het. Jero'beam en 'n paar ander belangrike mans gaan na koning Reha'beam toe en vra hom om die volk beter te behandel. Maar Reha'beam luister nie. Om die waarheid te sê, hy behandel hulle selfs slegter as vroeër. Daarom maak die volk vir Jero'beam koning oor 10 stamme, maar die twee stamme Benjamin en Juda hou vir Reha'beam as hulle koning.

Jero'beam wil nie hê dat sy volk na Jerusalem toe moet gaan om by Jehovah se tempel te aanbid nie. Daarom maak hy twee goue kalwers en kry hy die mense van die tienstammeryk om hulle te aanbid. Gou is die land vol misdaad en geweld.

Daar is ook moeilikheid in die tweestammeryk. Minder as vyf jaar nadat Reha'beam koning geword het, kom die koning van Egipte teen Jerusalem veg. Hy vat baie skatte uit Jehovah se tempel saam met hom weg. Die tempel bly dus net 'n kort rukkie soos dit was toe dit gebou is.

NÁ KONING Jero'beam se dood is al die konings van die noordelike tienstammeryk van Israel sleg. Koning Agab is die slegste koning van almal. Weet jy hoekom? Een groot rede is sy vrou, goddelose koningin Ise'bel.

Ise'bel is nie 'n Israëliet nie. Sy is die dogter van die koning van Sidon. Sy aanbid die valse god Baäl, en sy kry ook Agab en baie Israëliete om Baäl te aanbid. Ise'bel haat Jehovah en maak baie van sy profete dood. Ander moet in grotte wegkruip sodat hulle nie doodgemaak word nie. As Ise'bel iets wil hê, sal sy selfs iemand doodmaak om dit te kry.

Eendag voel koning Agab baie ongelukkig. Daarom vra Ise'bel vir hom: 'Hoekom voel jy vandag so ongelukkig?'

'Dit is oor wat Nabot vir my gesê het', antwoord Agab. 'Ek wou sy wingerd koop. Maar hy het gesê ek kan nie.'

'Moenie bekommerd wees nie', sê Ise'bel. 'Ek sal dit vir jou kry.'

Ise'bel skryf toe briewe aan belangrike mans in die stad waar hierdie man Nabot woon. 'Kry 'n paar nikswerd mans om te sê dat Nabot God en die koning vervloek het', sê sy vir hulle. 'Neem Nabot dan uit die stad en stenig hom.'

Sodra Ise'bel hoor dat Nabot dood is, sê sy vir Agab: 'Gaan vat nou sy wingerd vir jou.' Stem jy nie saam dat Ise'bel gestraf moet word omdat sy so 'n verskriklike ding gedoen het nie?

Daarom stuur Jehovah later die man Jehu om haar te straf. Wanneer Ise'bel hoor dat Jehu kom, verf sy haar oë en probeer sy haar mooi maak. Maar wanneer Jehu kom en Ise'bel in die venster sien, roep hy na die mans in die paleis: 'Gooi haar af!' Die mans gehoorsaam hom, soos jy in die prent kan sien. Hulle gooi haar af, en sy gaan dood. Dit is die einde van slegte koningin Ise'bel.



JOSAFAT VERTROU OP JEHOVAH 67

WEET jy wie hierdie mans is en wat hulle doen? Hulle gaan uit om te veg, en die mans heel voor is besig om te sing. Maar jy vra dalk: 'Hoekom het die sangers nie swaarde en spiese om mee te veg nie?' Kom ons kyk.

Jo'safat is die koning van die tweestammeryk van Israel. Hy lewe gedurende dieselfde tyd as koning Agab en Ise'bel van die noordelike tienstammeryk. Maar Jo'safat is 'n goeie koning, en sy pa, Asa, was ook 'n goeie koning. Daarom geniet die volk van die suidelike tweestammeryk baie jare lank 'n goeie lewe.

Maar nou gebeur iets wat die volk bang maak. Boodskappers sê vir Jo'safat: 'n Groot leër van die lande Moab, Ammon en die berg Seïr kom om u aan te val.' Baie Israeliete kom by Jerusalem bymekaar om Jehovah se hulp te vra. Hulle gaan na die tempel toe,



en daar bid Jo'safat: 'O Jehovah ons God, ons weet nie wat om te doen nie. Ons is hulpeloos teen hierdie groot leër. Ons vertrou op u om ons te help.'

Jehovah luister en laat een van sy knegte vir die volk sê: 'Die geveg is nie julle s'n nie, maar God s'n. Julle sal nie hoef te veg nie. Kyk net, en sien hoe Jehovah julle sal red.'

Die volgende oggend sê Jo'safat vir die volk: 'Vertrou op Jehovah!' Dan laat hy sangers voor sy soldate loop, en terwyl hulle optrek, sing hulle lofiedere aan Jehovah. Weet jy wat gebeur wanneer hulle naby die slagveld kom? Jehovah laat die vyande se soldate teen mekaar veg. En wanneer die Israeliete daar aankom, is al die soldate dood!

Dit was wys van Jo'safat om op Jehovah te vertrou, nè? Ons sal ook wys wees as ons op Hom vertrou.

1 Konings 22:41-53; 2 Kronieke 20:1-30.





TWEE SEUNS WAT WEER LEWE 68

SÊ NOU jy gaan dood. Hoe sal jou ma voel as jy weer lewendig gemaak word? Sy sal baie bly wees! Maar kan iemand wat doodgegaan het, weer lewe? Het dit al gebeur?

Kyk na die man hier, en die vrou en die seuntjie. Die man is die profeet Eli'a. Die vrou is 'n weduwee van die stad Sarfat, en die seun is haar kind. Wel, eendag word die seun siek. Hy word al hoe sieker en gaan uiteindelik dood. Eli'a sê dan vir die vrou: 'Gee die seun vir my.'

Eli'a dra die dooie kind teen die trap op en lê hom op die bed neer. Dan bid hy: 'O Jehovah, laat die seun weer lewe.' En die seun begin asemhaal! Daarna neem Eli'a hom weer ondertoe en sê vir die vrou: 'Kyk, jou seun lewe!' Dit is hoekom die ma so bly is.

Nog 'n belangrike profeet van Jehovah is Eli'sa. Hy is Eli'a se helper. Maar later gebruik Jehovah Eli'sa ook om wonderwerke te doen. Eendag gaan Eli'sa na die stad Sunem waar 'n vrou baie goed is vir hom. Later kry hierdie vrou 'n babaseuntjie.

Een oggend, toe die kind ouer is, gaan hy na sy pa toe wat op die landerye werk. Skielik roep die seun uit: 'My kop is seer!' Nadat hy huis toe geneem is, gaan die seun dood. Hoe hartseer is sy ma tog! Sy gaan haal dadelik vir Eli'sa.

Wanneer Eli'sa daar aankom, gaan hy in die kamer in waar die dooie kind lê. Hy bid tot Jehovah en gaan lê op die lyk. Die seun se liggaam word sommer gou warm, en hy nies sewe keer. Hoe bly is sy ma tog wanneer sy inkom en sien dat haar seun lewe!

Baie, baie mense het al doodgegaan. Dit het hulle gesinne en vriende baie hartseer gemaak. Ons het nie die mag om dooie mense op te wek nie. Maar Jehovah het. Later sal ons uitvind hoe hy miljoene mense weer lewendig gaan maak.

'N KIND HELP 'N VERNAME MAN 69

WEET jy wat hierdie meisietjie sê? Sy vertel vir die vrou van Jehovah se profeet Eli'sa en die wonderlike dinge wat Jehovah hom help om te doen. Die vrou weet nie van Jehovah nie, want sy is nie 'n Israeliet nie. Kom ons kyk hoekom die meisietjie dan in die vrou se huis is.

Die vrou is 'n Siriër. Haar man is Naäman, die hoof van die Siriese leër. Die Siriërs het hierdie Israelitiese meisietjie gevang, en nou is sy Naäman se vrou se diensmeisie.

Naäman het 'n vreeslike siekte wat melaatsheid genoem word. Dit kan selfs stukke van 'n mens se vlees laat afval. Daarom sê die meisietjie vir Naäman se vrou: 'Ek wens my heer kon na Jehovah se profeet in Israel gaan. Hy sal hom gesond maak van sy melaatsheid.' Later word dit vir die vrou se man vertel.



Naāman wil baie graag gesond word; daarom besluit hy om na Israel toe te gaan. Wanneer hy daar kom, gaan hy na Eli'sa se huis toe. Eli'sa stuur sy kneg uit om vir Naāman te sê om sewe keer in die Jordaanrivier te gaan was. Dit maak Naāman baie kwaad, en hy sê: 'Die riviere in my land is beter as enige rivier in Israel!' Nadat hy dit gesê het, gaan Naāman weg.

Maar een van sy knegte sê vir hom: 'Meneer, as Eli'sa vir u gesê het om iets moeiliks te doen, sou u dit mos gedoen het. Hoekom gaan was u u nie net soos hy gesê het nie?' Naāman luister na sy kneg en gaan was homself sewe keer in die Jordaanrivier. Wanneer hy dit doen, word sy vlees gesond!

Naāman is baie bly. Hy gaan terug na Eli'sa toe en sê vir hom: 'Nou weet ek vir seker dat die God in Israel die enigste ware God in die hele aarde is. Aanvaar asseblief hierdie geskenk van my.' Maar Eli'sa antwoord: 'Nee, ek sal dit nie aanvaar nie.' Eli'sa weet dat dit verkeerd sal wees as hy die geskenk aanvaar, want dit was Jehovah wat Naāman gesond gemaak het. Maar Eli'sa se kneg Geha'si wil die geskenk vir homself hê.

Dit is wat Geha'si toe doen: Nadat Naāman weggegaan het, hardloop Geha'si agter hom aan. 'Eli'sa het my gestuur om vir u te sê dat hy graag 'n deel van u geskenk wil hê vir vriende wat nou net vir hom kom kuier het', sê Geha'si. Dit is natuurlik 'n leuen. Maar Naāman weet nie dat dit 'n leuen is nie; daarom gee hy vir Geha'si van die goed.

Wanneer Geha'si by die huis kom, weet Eli'sa wat hy gedoen het. Jehovah het vir hom gesê. Daarom sê hy: 'Omdat jy hierdie slegte ding gedoen het, sal jy Naāman se melaatsheid kry.' En dit gebeur sommer dadelik!

Wat kan ons hieruit leer? Eerstens, ons moet soos die meisietjie wees en van Jehovah praat. Dit kan mense baie help. Tweedens, ons moenie trots wees soos Naāman eers was nie, maar ons moet gehoorsaam wees aan God se knegte. En derdens, ons moenie leuens vertel soos Geha'si nie. Ons kan baie leer wanneer ons die Bybel lees, nê?

KYK na die man in die water. Hy is in groot moeilikheid, nè? Daardie vis gaan hom insluk! Weet jy wie hierdie man is? Sy naam is Jona. Kom ons kyk hoe hy in soveel moeilikheid gekom het.

Jona is 'n profeet van Jehovah. Kort ná die profeet Eli'sa se dood sê Jehovah vir Jona: 'Gaan na die groot stad Ni'neve toe. Die mense daar is baie sleg, en ek wil hê jy moet met hulle daaroor praat.'

Maar Jona wil nie gaan nie. Daarom klim hy op 'n skip wat in die teenoorgestelde rigting as Ni'neve gaan. Jehovah is ontevrede met Jona omdat hy weghardloop. Daarom veroorsaak Hy 'n groot storm. Dit is so erg dat die skip byna sink. Die matrose is baie bang en hulle roep hulle gode aan om hulle te help.

Uiteindelik sê Jona vir hulle: 'Ek aanbid Jehovah, die God wat die hemel en die aarde gemaak het. En ek vlug weg van iets wat Jehovah gesê het ek moet doen.' Daarom vra die matrose: 'Wat moet ons met jou doen om die storm te laat ophou?'

'Gooi my in die see, en die see sal weer kalm word', sê Jona. Die matrose wil dit nie doen nie, maar wanneer die storm erger word, gooi hulle Jona uiteindelik in die see. Die storm hou dadelik op, en die see is weer kalm.

Wanneer Jona in die water afsink, sluk die groot vis hom in. Maar hy gaan nie dood nie. Hy is drie dae en drie nagte in die maag van daardie vis. Jona is baie jammer dat hy nie aan Jehovah gehoorsaam was en na Ni'neve toe gegaan het nie. Weet jy wat hy toe doen?

Jona bid tot Jehovah om hulp. Dan laat Jehovah die vis vir Jona op droë grond uitspoeg. Daarna gaan Jona na Ni'neve toe. Dit leer vir ons hoe belangrik dit is om te doen wat Jehovah sê, nè?




DIT is 'n prent van 'n paradys soos God moontlik vir sy profeet Jesaja gewys het. Jesaja het kort ná Jona gelewe.

Paradys beteken “tuin” of “park”. Laat dit jou nie aan iets dink wat ons vroeër in hierdie boek gesien het nie? Dit lyk baie soos die pragtige tuin wat Jehovah God vir Adam en Eva gemaak het, nie waar nie? Maar sal die hele aarde ooit 'n paradys wees?

Jehovah het vir sy profeet Jesaja gesê om te skryf oor die nuwe paradys vir God se volk wat nog gaan kom. Hy het gesê: ‘Wolwe en





skape sal in vrede saamlewe. Kalwers en leeuwepies sal saam eet, en jong kindertjies sal hulle oppas. Selfs al speel 'n baba naby 'n giftige slang, sal niks slegs met hom gebeur nie.'

'Dit kan nooit gebeur nie', sal baie sê. 'Daar was nog altyd moeilikheid op die aarde, en daar sal altyd wees.' Maar dink 'n bietjie hieraan: Watter soort tuiste het God vir Adam en Eva gegee?


God het vir Adam en Eva in 'n paradys gesit. Dit is net omdat hulle aan God ongehoorsaam was dat hulle hulle pragtige tuiste verloor het, oud geword het en doodgegaan het. God belowe dat hy vir mense wat vir hom lief is, alles sal gee wat Adam en Eva verloor het.

In die nuwe paradys wat nog gaan kom, sal daar niks wees wat mense seermaak of iets vernietig nie. Daar sal volmaakte vrede wees. Almal sal gesond en gelukkig wees. Dit sal wees net soos God dit aan die begin wou hê. Maar ons sal later leer hoe God dit gaan doen.

WEET jy hoekom hierdie man tot Jehovah bid? Hoekom het hy hierdie briewe voor Jehovah se altaar neergesit? Die man is Hiski'a. Hy is die koning van die suidelike twee stamme van Israel. En hy is in groot moeilikheid. Hoekom?

Want die Assiriese leërs het alreeds die noordelike 10 stamme vernietig. Jehovah het dit laat gebeur omdat daardie mense so sleg was. En nou het die Assiriese leërs gekom om teen die tweestammeryk te veg.

Die koning van Assirië het nou net briewe aan koning Hiski'a gestuur. Dit is die briewe wat Hiski'a hier voor God



neergesit het. Die briewe spot met Jehovah en sê vir Hiski'a om oor te gee. Dit is hoekom Hiski'a bid: 'O Jehovah, red ons van die koning van Assirië. Dan sal al die nasies weet dat u alleen God is.' Gaan Jehovah na Hiski'a luister?

Hiski'a is 'n goeie koning. Hy is nie soos die slegte konings van die tienstammeryk van Israel of soos sy slegte pa, koning Agas, nie. Hiski'a het sy bes gedoen om al Jehovah se wette te gehoorsaam. Daarom stuur die profeet Jesaja hierdie boodskap van Jehovah aan Hiski'a nadat hy klaar gebid het: 'Die koning van Assirië sal nie in Jerusalem inkom nie. Nie een van sy soldate sal eens daar naby kom nie. Hulle sal nie 'n enkele pyl teen die stad skiet nie.'

Kyk na die prent op hierdie bladsy. Weet jy wie al hierdie dooie soldate is? Hulle is die Assiriërs. Jehovah het sy engel gestuur, en in een nag het die engel 185 000 Assiriese soldate doodgemaak. Daarom gee die koning van Assirië op en gaan hy terug huis toe.

Die tweestammeryk is gered, en die mense het 'n ruk lank vrede. Maar ná Hiski'a se dood word sy seun Manas'se koning. Manas'se en sy seun Amon ná hom is albei baie slegte konings. Daarom word die land weer vol misdaad en geweld. Wanneer koning Amon deur sy eie knegte vermoor word, word sy seun Josi'a koning van die tweestammeryk.

2 Konings 18:1-36; 19:1-37; 21:1-25.





JOSIA is net agt jaar oud wanneer hy die koning van die suidelike twee stamme van Israel word. Dit is baie jonk vir iemand om koning te wees. Daarom help 'n paar ouer mense hom aan die begin om oor die nasie te regeer.

Nadat Josi'a sewe jaar lank koning is, begin hy Jehovah soek. Hy volg die voorbeeld van goeie konings soos Dawid, Jo'safat en Hiski'a. En terwyl hy nog 'n tiener is, doen Josi'a 'n dapper ding.

Die meeste Israëliete is al lank baie sleg. Hulle aanbid valse gode. Hulle buig voor

afgode neer. Daarom gaan Josi'a saam met sy manne uit en begin hy om valse aanbidding uit die land te verwyder. Dit is 'n groot werk, want so baie mense aanbid valse gode. Kyk hoe kap Josi'a en sy manne hier die afgode stukkend.

Daarna stel Josi'a drie mans aan oor die herstelwerk aan Jehovah se tempel. Die volk gee geld, en dit word vir hierdie mans gegee om vir die werk te betaal. Terwyl hulle aan die tempel werk, kry die hoëpriester Hilki'a iets baie belangriks daar. Dit is die wetboek wat Jehovah lank, lank gelede vir Moses gesê het om te skryf. Dit was baie jare lank weg.

Die boek word na Josi'a toe geneem, en hy vra dat dit vir hom gelees word. Terwyl hy luister, besef Josi'a dat die volk nie Jehovah se wet gehou het nie. Hy voel baie hartseer daaroor, en daarom skeur hy sy klere, soos jy hier kan sien. Hy sê: 'Jehovah is kwaad vir ons, want ons vaders het nie die wette in hierdie boek gehou nie.'

Josi'a beveel hoëpriester Hilki'a om uit te vind wat Jehovah met hulle gaan doen. Hilki'a gaan na die vrou Hulda, 'n profetes, en vra vir haar. Sy gee vir hom hierdie boodskap van Jehovah af om na Josi'a toe terug te neem: 'Jerusalem en die hele volk gaan gestraf word omdat hulle valse gode aanbid het en die land vol slegte dinge is. Maar omdat jy, Josi'a, gedoen het wat goed is, sal hierdie straf eers ná jou dood kom.'

2 Kronieke 34:1-28.



KYK hoe spot die mense met hierdie jong man. Weet jy wie hy is? Dit is Jeremia. Hy is 'n baie belangrike profeet van God.

Kort nadat koning Josi'a begin het om die afgode uit die land te vernietig, sê Jehovah vir Jeremia om Sy profeet te wees. Jeremia dink dat hy te jonk is om 'n profeet te wees. Maar Jehovah sê dat Hy hom sal help.

Jeremia sê vir die Israëliete om op te hou om slegte dinge te doen. 'Die gode wat die mense van die nasies aanbid, is valse gode', sê hy. Maar baie Israëliete wil liever afgode aanbid as om die ware God Jehovah te aanbid. Wanneer Jeremia vir die volk sê dat God hulle gaan straf omdat hulle sleg is, lag hulle net vir hom.

Jare gaan verby. Josi'a gaan dood, en drie maande later word sy seun Jo'jakim koning. Jeremia sê oor en oor vir die volk: 'Jerusalem gaan vernietig word as julle nie julle slegte weë verander nie.' Die priesters gryp Jeremia en roep uit: 'Jy behoort doodgemaak te word omdat jy hierdie dinge sê.' Dan sê hulle vir die vorste van Israel: 'Jeremia moet doodgemaak word, want hy sê slegte dinge van ons stad.'


Wat gaan Jeremia nou doen? Hy is nie bang nie! Hy sê vir hulle: 'Jehovah het my gestuur om hierdie dinge vir julle te sê. As julle nie julle slegte lewenswyse verander nie, gaan Jehovah Jerusalem vernietig. Maar hiervan kan julle seker wees: As julle my doodmaak, sal julle iemand doodmaak wat niks verkeerd gedoen het nie.'

Die vorste laat Jeremia lewe, maar die Israëliete verander nie hulle slegte weë nie. Later kom veg Nebukadne'sar, die koning van Babilon, teen Jerusalem. Uiteindelik maak Nebukadne'sar die Israëliete sy knegte. Hy neem duisende van hulle na Babilon toe. Dink net hoe dit sal wees as vreemde mense jou van jou huis af na 'n vreemde land wegneem!



KONING Nebukadne'sar neem al die geleerdste Israëliete na Babilon toe. Daarna kies die koning die aantreklikste en slimste jong mans onder hulle uit. Vier van hulle is die seuns wat jy hier sien. Een is Daniël, en die ander drie word deur die Babiloniërs Sadrag, Mesag en Abedne'go genoem.

Nebukadne'sar wil die jong mans oplei om in sy paleis te werk. Ná drie jaar van opleiding sal hy net die slimstes kies om hom te help om probleme op te los. Die koning wil hê die seuns moet sterk en gesond wees terwyl hulle opgelei word. Daarom beveel hy sy knegte om vir hulle almal dieselfde ryk kos en wyn te gee as wat hy en sy gesin kry.



Kyk na jong Daniël. Weet jy wat hy vir Nebukadne'sar se hoofbediende As'penas sê? Daniël sê vir hom dat hy nie die ryk kos van die koning se tafel wil eet nie. Maar As'penas is bekommerd. 'Die koning het besluit wat julle moet eet en drink', sê hy. 'En as julle nie so gesond soos die ander jong mans lyk nie, sal hy my miskien doodmaak.'

Daarom gaan Daniël na die oppasser wat As'penas oor hom en sy drie vriende aangestel het. 'Toets ons asseblief 10 dae lank', sê hy. 'Gee vir ons groente om te eet en water om te drink. Vergelyk ons dan met die ander jong mans wat die koning se kos eet, en kyk wie lyk die beste.'

Die oppasser sê hy sal dit doen. En ná die 10 dae lyk Daniël en sy drie vriende gesonder as al die ander jong mans. Daarom laat die oppasser hulle toe om aan te hou om groente te eet in plaas van wat die koning gee.

Teen die einde van drie jaar word al die jong mans na Nebukadne'sar toe geneem. Nadat hy met almal van hulle gepraat het, sien die koning dat Daniël en sy drie vriende die slimstes is. Daarom hou hy hulle om hom in die paleis te help. En wanneer die koning vir Daniël, Sadrag, Mesag en Abedne'go vrae vra of vir hulle moeilike probleme bring, weet hulle 10 keer meer as enige van sy priesters of wyse manne.

Daniël 1:1-21.





MEER as 10 jaar het verbygegaan nadat koning Nebukadne'sar al die geleerdste Israëliete na Babilon toe geneem het. En kyk wat gebeur nou! Jerusalem word verbrand. Die Israëliete wat nie doodgemaak is nie, word as gevangenes na Babilon toe geneem.

Onthou, dit is wat Jehovah se profete gewaarsku het sou gebeur as die mense nie hulle slegte weë verander nie. Maar die Israëliete het nie na die profete geluister nie. Hulle het aangehou om valse gode te dien in plaas van Jehovah. Daarom verdien die mense om gestraf te word. Ons weet dit, want God se profeet Ese'giël vertel vir ons van die slegte dinge wat die Israëliete gedoen het.

Weet jy wie Ese'giël is? Hy is een van die jong mans wat koning Nebukadne'sar meer as 10 jaar voor hierdie groot vernietiging van Jerusalem na Babilon toe geneem het. Daniël en sy drie vriende, Sadrag, Mesag en Abedne'go, is gedurende dieselfde tyd ook na Babilon toe geneem.

Terwyl Ese'giël nog in Babilon is, wys Jehovah vir hom die slegte dinge wat by die tempel in Jerusalem gebeur. Jehovah doen dit deur 'n wonderwerk. Ese'giël is eintlik nog in Babilon, maar Jehovah laat hom alles sien wat by die tempel gebeur. En die dinge wat Ese'giël sien, is skokkend!

'Kyk na die gruwelike dinge wat die mense hier by die tempel doen', sê Jehovah vir Ese'giël. 'Kyk, oral op die mure is prente van slange en ander diere. En kyk hoe aanbid die Israëliete hulle!' Ese'giël kan hierdie dinge sien, en hy skryf neer wat gebeur.

'Sien jy wat die Israelitiese leiers in die geheim doen?' vra Jehovah vir Ese'giël. Ja, hy kan dit ook sien. Daar is 70 mans, en hulle aanbid almal valse gode. Hulle sê: 'Jehovah sien ons nie. Hy het uit die land weggegaan.'

Dan wys Jehovah vir Ese'giël 'n klompie vroue by die noordelike

poort van die tempel. Hulle sit daar en aanbid die valse god Tammus. En kyk na die mans by die ingang van Jehovah se tempel! Daar is omtrent 25 van hulle. Ese'giël sien hulle. Hulle buig na die ooste toe en aanbid die son!

‘Hierdie mense het geen respek vir my nie’, sê Jehovah. ‘Hulle doen nie net slegte dinge nie, maar hulle kom doen dit hier by my tempel! Daarom belowe Jehovah: ‘Hulle sal uitvind hoe kwaad ek is. En ek sal hulle nie jammer kry wanneer hulle vernietig word nie.’

Dit is net omtrent drie jaar nadat Jehovah hierdie dinge vir Ese'giël gewys het dat die Israeliete teen koning Nebukadne'sar rebelleer. Daarom gaan veg hy teen hulle. Ná 'n jaar en 'n half breek die Babiloniërs deur die mure van Jerusalem en verbrand hulle die hele stad. Die meeste mense word doodgemaak of as gevangenes na Babilon toe geneem.

Hoekom het Jehovah toegelaat dat hierdie verskriklike vernietiging oor die Israeliete kom? Dit is omdat hulle nie na Jehovah geluister het nie en sy wette nie gehoorsaam het nie. Dit wys hoe belangrik dit is dat ons altyd doen wat God sê.

Aan die begin word 'n paar mense toegelaat om in die land Israel te bly. Koning Nebukadne'sar stel 'n Jood met die naam Gedal'ja oor hierdie mense aan. Maar dan vermoor 'n paar Israeliete vir Gedal'ja. Die mense is nou bang dat die Babiloniërs hulle almal sal kom vernietig omdat hierdie slegte ding gebeur het. Daarom vlug hulle na Egipte toe, en hulle dwing Jeremia om saam met hulle te gaan.

Nou is daar glad nie meer mense in die land van Israel oor nie. Sewentig jaar lank woon niemand in die land nie. Dit is heeltemal leeg. Maar Jehovah belowe dat hy sy volk ná 70 jaar na die land sal terugbring. Wat gebeur intussen met God se volk in die land Babilon waarheen hulle geneem is? Kom ons kyk.

Van gevangenskap in Babilon tot die herbouing van Jerusalem se mure

Terwyl die Israëliete in Babilon in gevangenskap was, is hulle geloof baie keer beproef. Sadrag, Mesag en Abednego is in 'n brandende vuuroond gegooi, maar God het hulle lewend daaruit gebring. Later, nadat Babilon deur die Meders en die Perse oorgeneem is, is Daniël in 'n leeuuil gegooi, maar God het hom ook beskerm deur die leeus se bekke te sluit.

Uiteindelik het die Persiese koning Kores die Israëliete vrygelaat. Hulle het net mooi 70 jaar nadat hulle as gevangenes na Babilon geneem is, na hulle vaderland toe teruggegaan. Een van die eerste dinge wat hulle gedoen het toe hulle in Jerusalem teruggekom het, was om Jehovah se tempel te begin bou. Maar vyande het gou 'n einde aan die werk gemaak. Daarom het hulle eers omtrent 22 jaar nadat hulle in Jerusalem teruggekom het, die tempel uiteindelik klaar gebou.

Daarna leer ons van Esra se reis na Jerusalem om die tempel mooi te maak. Dit was omtrent 47 jaar nadat die tempel klaar gebou is. Toe, 13 jaar ná Esra se reis, het Nehemia gehelp om Jerusalem se afgebreekte mure te herbou. DEEL 5 dek 152 jaar van die geskiedenis tot op hierdie tyd.

HULLE WEIER OM NEER TE BUIG 77

ONTHOU jy dat jy van hierdie drie jong mans gehoor het? Ja, hulle is die vriende van Daniël wat geweier het om kos te eet wat nie vir hulle goed was nie. Die Babiloniërs het hulle Sadrag, Mesag en Abedne'go genoem. Maar kyk nou na hulle. Hoekom buig hulle nie soos al die ander mense voor hierdie yslike beeld neer nie? Kom ons vind uit.

Onthou jy die wette wat Jehovah self neergeskryf het en wat die Tien Gebooië genoem is? Die eerste een het gesê: 'Jy mag geen ander gode behalwe my aanbid nie.' Hierdie jong manne gehoorsaam hierdie wet, al is dit nie maklik nie.

Nebukadne'sar, die koning van Babilon, het baie belangrike mense laat kom om eer te gee aan hierdie beeld wat hy opgerig het. Hy het so pas vir al die mense gesê: 'Wanneer julle die geluid van die horings, die harpe en die ander musiekinstrumente hoor, moet julle neerbuig en hierdie goue beeld aanbid. Enigiemand wat nie neerbuig en aanbid nie, sal dadelik in 'n brandende vuuroond gegooi word.'

Wanneer Nebukadne'sar uitvind dat Sadrag, Mesag en Abedne'go nie neergebuig het nie, is hy baie kwaad. Hy laat hulle na hom toe bring. Hy gee hulle nog 'n kans om neer te buig. Maar die jong mans vertrou op Jehovah. 'Ons God wat ons dien, kan ons red', sê hulle vir Nebukadne'sar. 'Maar al red hy ons nie, sal ons nie voor u goue beeld neerbuig nie.'

Wanneer Nebukadne'sar dit hoor, word hy nog kwater. Daar is 'n vuuroond daar naby en hy beveel: 'Maak die vuuroond sewe keer warmer as wat dit was!' Dan laat hy die sterkste mans in sy leër vir Sadrag, Mesag en Abedne'go vasbind en in die vuuroond gooi. Die vuuroond is so warm dat die sterk mans deur die vlamme doodgebrand word. Maar wat van die drie jong mans wat hulle ingegooi het?

Die koning kyk in die vuuroond in en word baie bang. ‘Het ons nie drie mans vasgebind en in die brandende vuuroond gegooi nie?’ vra hy.


‘Ja, ons het’, antwoord sy knegte.

‘Maar ek sien vier mans in die vuur rondloop’, sê hy. ‘Hulle is nie vasgebind nie, en die vuur doen niks aan hulle nie. En die vierde een lyk soos ’n god.’ Die koning gaan nader aan die deur van die vuuroond en roep uit: ‘Sadrag! Mesag! Abedne’go! Kom uit, knegte van die Allerhoogste God!’

Wanneer hulle uitkom, kan almal sien dat hulle niks oorgekom het nie. Dan sê die koning: ‘Mag die God van Sadrag, Mesag en Abedne’go geloof word! Hy het sy engel gestuur en hulle gered omdat hulle voor geen god behalwe hulle eie wou neerbuig en aanbid nie.’

Dit is vir ons ’n goeie voorbeeld van getrouheid aan Jehovah, nê?

Eksodus 20:3; Daniël 3:1-30.



WAT gebeur hier? Die mense hou 'n groot fees. Die koning van Babilon het 'n duisend belangrike gaste genooi. Hulle gebruik die goue bekers en die silwerbekers en die bakke wat uit Jehovah se tempel in Jerusalem geneem is. Maar skielik verskyn die vingers van 'n mens se hand in die lug en begin dit op die muur skryf. Almal is bang.

Bel'sasar, die kleinseun van Nebukadne'sar, is nou koning. Hy roep uit dat sy wyse manne ingebring moet word. 'Enigiemand wat hierdie skrif kan lees en vir my kan sê wat dit beteken', sê die koning, 'sal baie geskenke kry en sal die derde belangrikste heerser in die koninkryk word.' Maar nie een van die wyse manne kan die skrif teen die muur lees of sê wat dit beteken nie.

Die koning se ma hoor die geraas en kom na die groot eetsaal toe. 'Moenie so bang wees nie', sê sy vir die koning. 'Daar is 'n



man in jou koninkryk wat die heilige gode ken. Toe jou oupa Nebukadne'sar koning was, het hy hom oor al sy wyse manne aangestel. Sy naam is Daniël. Laat hom haal, en hy sal vir jou sê wat dit alles beteken.'

Hy laat Daniël sommer dadelik haal. Nadat hy geweier het om enige geskenke te vat, begin Daniël vertel hoekom Jehovah eenkeer Bel'sasar se oupa Nebukadne'sar as koning verwyder het. 'Hy was baie trots', sê Daniël. 'En Jehovah het hom gestraf.'

'Maar u', sê Daniël vir Bel'sasar, 'weet goed wat met hom gebeur het, en u is nog steeds net so trots soos Nebukadne'sar was. U het die bakers en die bakke van Jehovah se tempel laat haal en uit hulle gedrink. U het gode van hout en klip geloof, en u het nie ons Groot Skepper vereer nie. Dit is hoekom God die hand gestuur het om hierdie woorde te skryf.

'Dit is wat daar geskryf is', sê Daniël: 'MENE, MENE, TEKEL en PARSIN.'

'MENE beteken dat God die dae van u koninkryk getel het en 'n einde daaraan gemaak het. TEKEL beteken dat u op die weegskaal geweeg is en daar gevind is dat u nie goed genoeg is nie. PARSIN beteken dat u koninkryk aan die Meders en die Perse gegee is.'

Terwyl Daniël nog praat, begin die Meders en die Perse om Babilon aan te val. Hulle neem die stad oor en maak Bel'sasar dood. Wat die skrif teen die muur gesê het, gebeur nog daardie selfde nag! Maar wat gaan nou met die Israeliete gebeur? Ons sal binnekort uitvind, maar kom ons kyk eers wat met Daniël gebeur.



OAARDE! Dit lyk of Daniël in groot moeilikheid is. Maar die leeus maak hom nie seer nie! Weet jy hoekom nie? Wie het Daniël hier by al hierdie leeus gesit? Kom ons vind uit.

Die koning van Babilon is nou 'n man met die naam Dari'us. Hy hou baie van Daniël omdat Daniël so goed en wys is. Dari'us stel Daniël as 'n belangrike heerser in sy koninkryk aan. Dit maak ander mans in die koninkryk jaloers op Daniël.

Daarom gaan hulle na Dari'us toe en sê: 'Ons wil hê, o koning, dat u 'n wet moet maak wat sê dat niemand 30 dae lank tot enige god of mens behalwe u, o koning, mag bid nie. As enigiemand daaraan ongehoorsaam is, moet hy vir die leeus gegooi word.' Dari'us weet nie hoekom hierdie mans wil hê dat hierdie wet gemaak moet word nie. Maar hy dink dit is 'n goeie idee, en daarom laat hy die wet opskryf. Nou kan die wet nie verander word nie.





Wanneer Daniël van die wet hoor, gaan hy huis toe en bid, net soos hy nog altyd gedoen het. Die slegte mans weet dat Daniël nie sal ophou om tot Jehovah te bid nie. Hulle is bly, want dit lyk of hulle plan om van Daniël ontslae te raak, werk.

Wanneer koning Dari'us uitvind hoekom hierdie mans wou hê dat hierdie wet gemaak moes word, is hy baie jammer. Maar hy kan nie die wet verander nie; daarom moet hy beveel dat Daniël in

die leeu kuil gegooi word. Maar die koning sê vir Daniël: 'Ek hoop jou God, wat jy dien, sal jou red.'

Dari'us is so ontsteld dat hy daardie nag nie kan slaap nie. Die volgende oggend hardloop hy na die leeu kuil toe. Jy kan hom daar sien. Hy roep uit: 'Daniël, kneg van die lewende God! Kon die God wat jy dien, jou van die leeus red?'

'God het sy engel gestuur', antwoord Daniël, 'en die leeus se bekke gesluit sodat hulle my nie seergemaak het nie.'

Die koning is baie bly. Hy beveel dat Daniël uit die kuil gehaal moet word. Dan laat hy die slegte mans wat van Daniël ontslae probeer raak het, vir die leeus gooi. Nog voordat hulle die grond raak, val die leeus hulle aan en breek hulle al hulle bene.

Dan skryf koning Dari'us aan al die mense in sy koninkryk: 'Ek beveel dat almal Daniël se God moet respekteer. Hy doen groot wonderwerke. Hy het Daniël van die leeus gered.'

Daniël 6:1-28.

GOD SE VOLK VERLAAT BABILON 80

AMPER twee jaar het verbygegaan nadat Babilon deur die Meders en die Perse oorgeneem is. En kyk wat gebeur nou! Ja, die Israëliete gaan weg uit Babilon. Hoe het hulle vrygekóm? Wie het hulle laat gaan?

Kores, die koning van Persië, het. Lank voor Kores gebore is, het Jehovah sy profeet Jesaja oor hom laat skryf: 'Jy sal alles doen wat ek wil hê jy moet doen. Die poorte sal oopgelos word sodat jy die stad kan oorneem.' En Kores het wel die leiding geneem toe Babilon oorgeneem is. Die Meders en die Perse het gedurende die nag in die stad ingekom deur die poorte wat oopgelos is.

Maar Jehovah se profeet Jesaja het ook gesê dat Kores die bevel sou gee dat Jerusalem en sy tempel herbou word. Het Kores hierdie bevel gegee? Ja, hy het. Dit is wat Kores vir die Israëliete sê: 'Gaan nou na Jerusalem toe en bou die tempel van Jehovah julle God.' En dit is presies wat hierdie Israëliete op pad is om te doen.

Maar nie al die Israëliete in Babilon kan op die lang reis na Jerusalem toe gaan nie. Dit is 'n lang, lang reis van omtrent 800 kilometer, en baie is te oud of te siek om so ver te reis. En



daar is ander redes hoekom party nie gaan nie. Maar Kores sê vir dié wat nie gaan nie: ‘Gee silwer en goud en ander geskenke vir die mense wat teruggaan om Jerusalem en sy tempel te herbou.’

Daarom kry die Israëliete wat op pad is na Jerusalem toe, baie geskenke. Kores gee ook vir hulle die bakke en die bekere wat koning Nebukadne’sar uit Jehovah se tempel geneem het toe hy Jerusalem vernietig het. Die mense het baie goed om saam met hulle terug te neem.

Ná ’n reis van omtrent vier maande kom die Israëliete presies op tyd in Jerusalem aan. Dit is net mooi 70 jaar vandat die stad vernietig is en daar niks meer mense in die land oorgebly het nie. Maar al is die Israëliete nou terug in hulle eie land, lê daar moeilike tye voor, soos ons nou sal sien. Jesaja 44:28; 45:1-4; Esra 1:1-11.



BAIE duisende mense gaan op die lang reis van Babilon na Jerusalem. Maar wanneer hulle in Jerusalem aankom, is dit net 'n groot puinhoop. Niemand woon daar nie. Die Israëliete moet alles van voor af bou.

Een van die eerste dinge wat hulle bou, is 'n altaar. Dit is 'n plek waar hulle diere-offers, of gawes, aan Jehovah kan bring. 'n Paar maande later begin die Israëliete om die tempel te bou. Maar vyande in die lande daar naby wil nie hê dat die Israëliete dit moet bou nie. Daarom probeer hulle hulle bang maak sodat hulle sal ophou. Uiteindelik oorreed hierdie vyande die nuwe koning van Persië om 'n wet te maak wat sê dat hulle met die bouwerk moet ophou.

Jare gaan verby. Dit is nou 17 jaar vandat die Israëliete uit Babilon teruggekom het. Jehovah stuur sy profete Haggai en Sagari'a om vir die volk te sê om weer te begin bou. Die volk vertrou op God se hulp, en hulle luister na die profete. Hulle begin weer bou, al is daar 'n wet wat sê dat hulle nie dit mag doen nie.

Daarom kom vra 'n Persiese amptenaar met die naam Tat'tenai die Israëliete watter reg hulle het om die tempel te bou. Die Israëliete sê vir hom dat toe hulle nog in Babilon was, koning Kores vir hulle gesê het: 'Gaan nou na Jerusalem toe en bou die tempel van Jehovah julle God.'

Tat'tenai stuur 'n brief na Babilon en vra of Kores, wat nou dood is, regtig so gesê het. Kort daarna kry hy 'n brief van die nuwe koning van Persië. Dit sê dat Kores regtig so gesê het. Daarom skryf die koning: 'Laat die Israëliete die tempel van hulle God bou. En ek beveel jou om hulle te help.' Die tempel word binne omtrent vier jaar klaar gebou, en die Israëliete is baie bly.

Nog baie jare gaan verby. Dit is nou omtrent 48 jaar vandat die tempel klaar gebou is. Die mense in Jerusalem is arm, en die stad en God se tempel lyk nie baie mooi nie. In Babilon hoor die Israëliet Esra dat God se tempel reggemaak moet word. Weet jy wat hy toe doen?

Esra gaan na Artasas'ta, die koning van Persië, en hierdie goeie koning gee vir Esra baie geskenke om terug te neem na Jerusalem toe. Esra vra die Israëliete in Babilon om hom te help om hierdie geskenke na Jerusalem toe te dra. Omtrent 6 000 mense sê hulle sal gaan. Hulle het baie silwer en goud en ander kosbare dinge wat hulle saam met hulle moet neem.

Esra is bekommerd, want daar is slegte mense langs die pad. Hierdie mense sal dalk hulle silwer en goud steel en hulle doodmaak. Daarom roep Esra die mense bymekaar, soos jy in die prent kan sien. Dan bid hulle tot Jehovah om hulle op hulle lang reis na Jerusalem toe te beskerm.

Jehovah beskerm hulle dan ook. En nadat hulle vier maande lank gereis het, kom hulle veilig in Jerusalem aan. Wys dit nie dat Jehovah die mense kan beskerm wat op sy hulp vertrou nie?

Esra hoofstukke 2 tot 8.



KOM ons gaan 'n paar jaar terug tot die tyd voordat Esra na Jerusalem gegaan het. Mor'degai en Ester is die belangrikste Israëliete in die koninkryk van Persië. Ester is die koningin, en haar neef Mor'degai is die belangrikste man, naas die koning. Kom ons kyk hoe dit gebeur het.

Ester se ouers het doodgegaan toe sy nog baie klein was, en daarom het Mor'degai haar grootgemaak. Ahas'veros, die koning van Persië, het 'n paleis in die stad Susaan, en Mor'degai is een van sy knegte. Wel, eendag is die koning se vrou Vasti aan hom ongehoorsaam, en daarom kies die koning 'n nuwe vrou om sy koningin te wees. Weet jy wie kies hy? Ja, die pragtige jong Ester.

Sien jy hierdie trotse man voor wie mense buig? Dit is Haman. Hy is 'n baie belangrike man in Persië. Haman wil hê dat Mor'degai, wat jy hier kan sien sit, ook voor hom moet buig. Maar Mor'degai weier. Hy dink dit is verkeerd om voor so 'n slegte man te buig. Dit maak Haman baie kwaad. En dít is wat hy toe doen.

Haman vertel vir die koning leuens oor die Israëliete. 'Hulle is slegte mense wat nie u wette gehoorsaam nie', sê hy. 'Hulle moet doodgemaak word.' Ahas'veros weet nie dat sy vrou Ester 'n



Israeliet is nie. Daarom luister hy na Haman, en hy laat 'n wet maak dat alle Israeliete op 'n sekere dag doodgemaak moet word.

Wanneer Mor'degai van hierdie wet hoor, is hy baie ontsteld. Hy stuur 'n boodskap na Ester: 'Jy moet vir die koning vertel en hom smeek om ons te red.' In Persië is dit teen die wet om na die koning toe te gaan as jy nie genooi is nie. Maar Ester gaan in sonder dat sy genooi is. Die koning steek sy goue septer na haar toe uit, wat beteken dat sy nie doodgemaak moet word nie. Ester nooi die koning en Haman uit na 'n groot ete. Daar vra die koning vir Ester watter guns hy vir haar kan doen. Ester sê dat sy vir hom sal sê as hy en Haman die volgende dag weer by haar kom eet.

By daardie ete sê Ester vir die koning: 'Ek en my volk gaan doodgemaak word.' Die koning is kwaad. 'Wie durf so iets doen?' vra hy.

'Die man, die vyand, is hierdie slegte Haman!' sê Ester.

Nou is die koning éérs kwaad. Hy beveel dat Haman doodgemaak moet word. Dan gee die koning Mor'degai die hoogste posisie naas homself. Mor'degai sorg dan dat 'n nuwe wet gemaak word wat die Israeliete toelaat om hulle te verdedig op die dag wat hulle doodgemaak moet word. Omdat Mor'degai nou so 'n belangrike man is, help baie mense die Israeliete, en hulle word van hulle vyande gered.


Die Bybelboek Ester.



KYK net hoe werk die mense hier. Die Israëliete is besig om die mure van Jerusalem te bou. Toe koning Nebukadne'sar Jerusalem 152 jaar vroeër vernietig het, het hy die mure afgebreek en die stad se poorte verbrand. Die Israëliete het nie dadelik die mure herbou toe hulle van Babilon af teruggekom het nie.

Hoe dink jy het dit vir die mense gevoel om al hierdie jare sonder mure rondom hulle stad te woon? Hulle het nie veilig gevoel nie. Hulle vyande kon hulle maklik kom aanval. Maar nou help hierdie man Nehemi'a die volk uiteindelik om die mure te herbou. Weet jy wie Nehemi'a is?





Nehemi'a is 'n Israeliet wat van die stad Susaan kom, waar Mor'degai en Ester woon. Nehemi'a het in die koning se paleis gewerk, en hy was dalk 'n goeie vriend van Mor'degai en koningin Ester. Maar die Bybel sê nie dat Nehemi'a vir Ester se man, koning Ahas'veros, gewerk het nie. Hy het vir die volgende koning, koning Artasas'ta, gewerk.

Onthou, Artasas'ta is die goeie koning wat vir Esra al daardie geld gegee het om na Jerusalem toe te neem om Jehovah se tempel reg te maak. Maar Esra het nie die afgebreekte mure van die stad herbou nie. Kom ons kyk hoe dit gebeur het dat Nehemi'a hierdie werk gedoen het.

Dertien jaar het verbygegaan vandat Artasas'ta vir Esra die geld gegee het om die tempel reg te maak. Nehemi'a is nou koning Artasas'ta se hoofskinker. Dit beteken dat hy die koning se wyn inskink en sorg dat

niemand probeer om die koning te vergiftig nie. Dit is 'n baie belangrike werk.

Wel, eendag kom kuier Nehemi'a se broer Hana'ni en ander mans van die land van Israel vir Nehemi'a. Hulle vertel vir hom van die Israeliete se probleme, en dat die mure van Jerusalem nog steeds stukkend lê. Dit maak Nehemi'a baie hartseer, en hy bid tot Jehovah hieroor.

Eendag sien die koning dat Nehemi'a hartseer is en hy vra: 'Waarom lyk jy so hartseer?' Nehemi'a sê vir hom dat dit is omdat Jerusalem in so 'n slegte toestand is en die mure stukkend is. 'Wat wil jy hê?' vra die koning.

'Laat my na Jerusalem toe gaan', sê Nehemi'a, 'sodat ek die mure kan herbou.' Koning Artasas'ta is baie gaaf. Hy sê Nehemi'a kan gaan, en hy help hom om hout te kry om van die bouwerk te doen. Kort nadat Nehemi'a in Jerusalem aankom, vertel hy die volk van sy planne. Hulle hou van die idee en sê: 'Kom ons begin bou.'

Wanneer die Israeliete se vyande sien dat die muur hoër word, sê hulle: 'Ons sal hulle gaan doodmaak en 'n einde aan die bouery maak.' Maar Nehemi'a hoor hiervan en gee vir die werkers swaarde en spiese. En hy sê: 'Moenie vir ons vyande bang wees nie. Veg vir julle broers, julle kinders, julle vrouens en julle huise.'

Die mense is baie dapper. Hulle hou hulle wapens dag en nag by hulle en hou aan bou. Binne net 52 dae is die mure dan klaar gebou. Nou kan die mense veilig voel in die stad. Nehemi'a en Esra leer die volk God se wet, en die mense is gelukkig.

Maar dinge is nog steeds nie soos dit was voordat die Israeliete as gevangenes na Babilon toe geneem is nie. Die koning van Persië regeer oor die volk, en hulle moet hom dien. Maar Jehovah het belowe dat hy 'n nuwe koning sal stuur en dat hierdie koning vir die volk vrede sal bring. Wie is hierdie koning? Hoe sal hy vrede op die aarde bring? Omtrent 450 jaar gaan verby voordat mense meer hiervan leer. Dan word 'n baie belangrike baba gebore. Maar dit is 'n ander verhaal.

Van Jesus se geboorte tot sy dood

Die engel Gabriël is na 'n goeie jong vrou met die naam Maria gestuur. Hy het vir haar gesê dat sy 'n kind sou hê wat vir ewig as koning sou regeer. Die kind, Jesus, is in 'n stal gebore waar herders na hom toe gekom het. Later het 'n ster mans uit die Ooste na die jong kind toe gelei. Ons leer wie hulle daardie ster laat sien het en hoe Jesus gered is van die pogings om hom dood te maak.

Daarna sien ons die twaalfjarige Jesus waar hy met die leermeesters in die tempel gesels. Agtien jaar later is Jesus gedoop, en toe het hy begin met die Koninkrykspredikings- en onderrigtingswerk wat God hom na die aarde toe gestuur het om te doen. Om hom met hierdie werk te help, het Jesus 12 mans gekies en hulle sy apostels gemaak.

Jesus het ook baie wonderwerke gedoen. Hy het duisende mense met net 'n paar vissies en 'n paar brode kos gegee. Hy het siekes gesond gemaak en selfs dooies opgewek. Dan leer ons ook van al die dinge wat op die laaste dag van Jesus se lewe met hom gebeur het en hoe hy doodgemaak is. Jesus het omtrent drie en 'n half jaar lank gepreek. DEEL 6 dek net 'n bietjie meer as 34 jaar.

HIERDIE mooi vrou is Maria. Sy is 'n Israeliet wat in die dorp Na'saret woon. God weet dat sy 'n baie goeie mens is. Dit is hoekom hy sy engel Ga'briël gestuur het om met haar te praat. Weet jy wat Ga'briël vir Maria kom vertel? Kom ons kyk.

'Goeiedag, hoogbegunstigde vrou', sê Ga'briël vir haar. 'Jehovah is met jou.' Maria het nog nooit hierdie persoon gesien nie. Sy is bekommerd, want sy weet nie wat hy bedoel nie. Maar Ga'briël stel haar dadelik gerus.

'Moenie bang wees nie, Maria', sê hy. 'Jehovah hou baie van jou. Dit is hoekom hy iets wonderliks vir jou gaan doen. Jy gaan binnekort 'n baba hê. En jy moet hom Jesus noem.'

Ga'briël verduidelik verder: 'Hierdie kind sal belangrik wees, en hy sal die Seun van die Allerhoogste God genoem word. Jehovah sal hom koning maak, net soos Dawid was. Maar Jesus sal vir ewig 'n koning wees, en sy koninkryk sal nooit eindig nie!'

'Hoe kan dit wees?' vra Maria. 'Ek is nie eens getroud nie. Ek het nog nooit saam met 'n man gebly nie, hoe kan ek dan 'n baba hê?'

'God se krag sal oor jou kom', antwoord Ga'briël. 'Daarom sal die kind God se Seun genoem word.' Dan sê hy vir Maria: 'Onthou jou familielid Elisabet. Mense het gesê sy is te oud om kinders te hê. Maar sy gaan binnekort 'n seun hê. Soos jy kan sien, is daar niks wat God nie kan doen nie.'

Maria sê dadelik: 'Ek is Jehovah se slavin! Mag dit met my gebeur net soos u gesê het.' Dan gaan die engel weg.

Maria gaan dadelik na Elisabet toe om vir haar te kuier. Wanneer Elisabet Maria se stem hoor, spring die baba binne-in Elisabet van vreugde. Elisabet is vervul met God se gees en sy sê vir Maria: 'Jy is baie gesênd onder die vroue.' Maria bly omtrent drie maande by Elisabet, en dan gaan sy terug na Na'saret toe.

Maria gaan binnekort trou met 'n man met die naam Josef. Maar wanneer Josef hoor dat Maria 'n baba gaan hê, dink hy dat hy nie met haar moet trou nie. Dan sê God se engel vir hom: 'Moenie bang wees om met Maria te trou nie. Want dit is God wat vir haar 'n seun gegee het.' Dan trou Maria en Josef, en hulle wag dat Jesus gebore moet word.

Lukas 1:26-56; Matteus 1:18-25.



JESUS WORD IN 'N STAL GEBORE 85

WEET jy wie hierdie babatjie is? Ja, dit is Jesus. Hy is nou net in 'n stal gebore. 'n Stal is waar diere gehou word. Maria lê Jesus in die krip neer, die plek waarin die voer vir donkies en ander diere gesit word. Maar hoekom is Maria en Josef hier by die diere? Dit is mos nie die plek vir 'n baba om gebore te word nie, of hoe?

Nee, dit is nie. Maar hulle is hier omdat die heerser van Rome, keiser Augustus, 'n wet gemaak het dat elkeen moet teruggaan na



die stad waar hy gebore is, sodat sy naam in 'n boek geskryf kan word. Wel, Josef is hier in Betlehem gebore. Maar toe hy en Maria hier aankom, was daar nêrens vir hulle 'n kamer nie. Daarom moes hulle hier by die diere kom bly. En op hierdie einste dag is Jesus gebore! Maar soos jy kan sien, makeer hy niks nie.



Kan jy die herders sien wat na Jesus toe kom? Hulle het in die nag hulle skape in die veld opgepas, en 'n helder lig het hulle rondom hulle geskyn. Dit was 'n engel! Die herders was baie bang. Maar die engel het gesê: 'Moenie bang wees nie! Ek het vir julle goeie nuus. Christus die Here is vandag in Betlehem gebore. Hy sal die mense red! Julle sal hom in doeke toegedraai en in 'n krip kry.' Skielik het daar baie engele gekom en God begin loof. Toe het hierdie herders dadelik na Jesus gaan soek, en nou het hulle hom gekry.


Weet jy hoekom Jesus so spesiaal is? Weet jy wie hy *regtig* is? Onthou jy dat ons jou in die eerste verhaal in hierdie boek van God se eerste Seun vertel het? Hierdie Seun het saam met Jehovah gewerk toe hy die hemel en die aarde en alle ander dinge gemaak het. Wel, dit is wie Jesus is!

Ja, Jehovah het die lewe van sy Seun uit die hemel geneem en dit binne-in Maria gesit. Dadelik het 'n baba binne-in haar begin groei net soos ander babas in hulle ma's groei. Maar hierdie baba was God se Seun. Uiteindelik is Jesus hier in 'n stal in Betlehem gebore. Kan jy nou verstaan hoekom die engele so bly was om vir mense te vertel dat Jesus gebore is?

KAN jy die helder ster sien waarna een van hierdie mans wys? Toe hulle uit Jerusalem weggegaan het, het die ster verskyn. Hierdie mans kom uit die Ooste, en hulle bestudeer die sterre. Hulle glo dat hierdie nuwe ster hulle na 'n belangrike persoon lei.

Toe die mans in Jerusalem gekom het, het hulle gevra: 'Waar is die kind wat die koning van die Jode gaan word?' "Jode" is 'n ander naam vir die Israeliete. 'Ons was in die Ooste toe ons die kind se ster die eerste keer gesien het', het die mans gesê, 'en ons het gekom om hom te aanbid.'

Toe Herodes, wat in Jerusalem koning is, hiervan hoor, was hy baie ontsteld. Hy wou nie hê dat 'n ander koning sy plek moet vat nie. Toe het Herodes die hoofpriesters geroep en gevra: 'Waar sal





die beloofde koning gebore word?’ Hulle het geantwoord: ‘Die Bybel sê in Betlehem.’

Daarom het Herodes die mans uit die Ooste laat roep en gesê: ‘Gaan soek die jong kind. Laat my weet wanneer julle hom kry. Ek wil hom ook gaan aanbid.’ Maar Herodes wou eintlik die kind kry sodat hy hom kon doodmaak!

Dan beweeg die ster voor die mans uit na Betlehem toe, en dit gaan staan bokant die plek waar die kind is. Wanneer die mans in die huis ingaan, sien hulle Maria en klein Jesus. Hulle haal geskenke uit en gee dit vir Jesus. Maar later waarsku Jehovah die mans in ’n droom om nie na Herodes toe terug te gaan nie. Daarom gaan hulle met ’n ander pad terug na hulle eie land toe.

Wanneer Herodes hoor dat die mans uit die Ooste weer huis toe is, word hy baie kwaad. Hy beveel toe dat al die seuns in Betlehem wat twee jaar en jonger is, doodgemaak moet word. Maar Jehovah waarsku Josef voor die tyd in ’n droom, en Josef trek met sy gesin na Egipte toe. Wanneer Josef later hoor dat Herodes dood is, vat hy Maria en Jesus terug na Na’saret toe. Dit is waar Jesus grootword.

Wie dink jy het daardie nuwe ster laat skyn? Onthou, die mans het eers na Jerusalem toe gegaan nadat hulle die ster gesien het. Satan die Duiwel wou God se Seun doodmaak, en hy het geweet dat koning Herodes van Jerusalem hom sou probeer doodmaak. Dit moet dan Satan wees wat daardie ster laat skyn het.

KYK na die jong seun wat met hierdie ouer mans praat. Hulle is leermeesters in God se tempel in Jerusalem. En die seun is Jesus. Hy is al heelwat groter. Hy is nou 12 jaar oud.

Die leermeesters is baie verbaas dat Jesus so baie weet van God en van die dinge wat in die Bybel geskrywe is. Maar hoekom is Josef en Maria nie ook hier nie? Waar is hulle? Kom ons vind uit.

Elke jaar bring Josef sy gesin na Jerusalem toe vir die spesiale fees wat die Pasga genoem word. Dit is 'n lang reis van Na'saret na Jerusalem. Niemand het 'n motor nie, en daar is geen treine nie. In daardie dae was daar nog nie sulke goed nie. Die meeste mense loop, en dit vat omtrent drie dae om by Jerusalem te kom.

Josef het nou al 'n groot gesin. Dit wil sê, Jesus het jonger broers en susters wat opgepas moet word. Wel, hierdie jaar het Josef en Maria met hulle kinders die lang reis terug na Na'saret begin. Hulle dink dat Jesus by die ander mense is wat saam met hulle reis. Maar wanneer hulle teen die aand stop, kan hulle Jesus nie kry nie. Hulle soek na hom onder hulle familielede en vriende, maar hy is nie by hulle nie! Daarom gaan hulle terug na Jerusalem toe om daar na hom te soek.

Uiteindelik kry hulle Jesus hier by die leermeesters. Hy luister na hulle en vra vrae. En al die mense is verbaas oor hoe wys Jesus is. Maar Maria sê: 'Kind, hoekom het jy dit aan ons gedoen? Ek en jou pa was baie bekommerd oor jou en het na jou gesoek.'


'Hoekom het julle na my gesoek?' antwoord Jesus. 'Het julle nie geweet dat ek in die huis van my Vader moet wees nie?'

Ja, Jesus hou baie daarvan om te wees waar hy van God kan leer. Is dit nie hoe ons ook moet voel nie? In Na'saret gaan Jesus elke week na vergaderinge om te aanbid. Omdat hy altyd mooi geluister het, het hy baie dinge uit die Bybel geleer. Laat ons soos Jesus wees en sy voorbeeld navolg.



SIEN jy die duif bokant die man se kop? Die man is Jesus. Hy is nou omtrent 30 jaar oud. En die man by hom is Johannes. Ons het alreeds iets oor hom geleer. Onthou jy dat Maria by haar familielid Elisabet gaan kuier het en dat die baba binne-in Elisabet van vreugde gespring het? Daardie ongebore baba was Johannes. Maar wat doen Johannes en Jesus nou?

Johannes het Jesus nou net onder die water van die Jordaanrivier ingedruk. Dit is hoe 'n mens gedoop word. Hy word eers onder die water ingedruk en dan weer uitgebring. Omdat Johannes dit met mense doen, word hy Johannes die Doper genoem. Maar hoekom het Johannes vir Jesus gedoop?



Wel, Johannes het dit gedoen omdat Jesus na hom toe gekom het en gevra het dat Johannes hom moet doop. Johannes doop mense wat wil wys dat hulle jammer is oor die slegte dinge wat hulle gedoen het. Maar het Jesus ooit iets slegs gedoen waaroor hy moet jammer wees? Nee, Jesus het nooit so iets gedoen nie, want hy is God se Seun uit die hemel. Hy het om 'n ander rede vir Johannes gevra om hom te doop. Kom ons kyk wat daardie rede is.


Voordat Jesus hier na Johannes toe gekom het, was hy 'n timmerman. 'n Timmerman is iemand wat goed soos tafels en stoele en banke van hout maak. Maria se man, Josef, was 'n timmerman, en hy het Jesus geleer om ook een te wees. Maar Jehovah het nie sy Seun na die aarde toe gestuur om 'n timmerman te wees nie. Hy het 'n spesiale werk vir hom, en die tyd het gekom dat Jesus dit moet begin doen. Om te wys dat hy nou gekom het om sy Vader se wil te doen, vra Jesus vir Johannes om hom te doop. Is God bly daaroor?

Ja, hy is, want wanneer Jesus uit die water opkom, sê 'n stem uit die hemel: 'Dit is my Seun, wat ek goedgekeur het.' Dit lyk ook asof die hemel oopgaan en hierdie duif na Jesus toe afkom. Maar dit is nie 'n regte duif nie. Dit lyk net soos een. Dit is eintlik God se heilige gees.

Jesus het nou baie om oor te dink, en daarom gaan hy vir 40 dae na 'n eensame plek toe. Daar kom Satan na hom toe. Satan probeer drie keer om Jesus te kry om iets te doen wat teen God se wette is. Maar Jesus weier om dit te doen.

Daarna gaan Jesus terug, en hy ontmoet 'n paar mans wat sy eerste volgelinge, of dissipels, word. Party van hulle se name is Andre'as, Petrus (wat ook Simon genoem word), Filippus en Nata'nael (wat ook Bartolome'us genoem word). Jesus en hierdie nuwe dissipels gaan na Galile'a toe. In Galile'a bly hulle in Kana, Nata'nael se tuisdorp. Daar gaan Jesus na 'n groot troue toe en doen hy sy eerste wonderwerk. Weet jy wat dit is? Hy verander water in wyn.

JESUS lyk hier regtig kwaad, nè? Weet jy hoekom hy so kwaad is? Dit is omdat hierdie mans by God se tempel in Jerusalem



baie geldgierig is. Hulle probeer om baie geld te maak uit die mense wat hierheen gekom het om God te aanbid.

Sien jy al daardie jong bulle en skape en duiwe? Wel, die mans verkoop hierdie diere hier in die tempel. Weet jy hoekom? Dit is omdat die Israelite diere en voëls nodig het om aan God te offer.

God se wet het gesê dat wanneer 'n Israelite iets verkeerd gedoen het, hy 'n offer aan God moes bring. En daar was ook ander tye wanneer die Israelite offers moes bring. Maar waar kon 'n Israelite voëls en diere kry om aan God te offer?

Party Israelite het self voëls en diere gehad. Dan kon hulle dit offer. Maar baie Israelite het self geen diere of voëls gehad nie. En ander het so ver van Jerusalem af gewoon dat hulle nie een van hulle diere na die tempel toe kon bring nie. Daarom het die mense hierheen gekom en die diere of voëls gekoop wat hulle nodig gehad het. Maar hierdie mans het die mense te veel laat betaal. Hulle het die mense gekul. Boonop mag hulle nie goed hier in God se tempel verkoop nie.

Dit is wat Jesus kwaad maak. Daarom keer hy die mans se tafels met die geld om, en die muntstukke rol oral rond. Hy maak ook 'n sweep van toue en jaag al die diere uit die tempel. Hy beveel die mans wat die duiwe verkoop: 'Vat hulle hier uit! Hou op om geld te maak in my Vader se huis.'

Party van Jesus se volgelinge is saam met hom hier by die tempel in Jerusalem. Hulle is verbaas oor wat hulle Jesus sien doen. Dan dink hulle aan die plek in die Bybel waar dit van God se Seun sê: 'Liefde vir God se huis sal soos 'n vuur in hom brand.'

Terwyl Jesus die Pasga hier in Jerusalem bywoon, doen hy baie wonderwerke. Daarna gaan Jesus weg uit Jude'a en begin hy met sy reis terug na Galile'a toe. Maar op pad soontoe gaan hy deur Samari'a. Kom ons kyk wat gebeur daar.

JESUS het by 'n put in Samari'a gestop om te rus. Sy dissipels het die dorp toe gegaan om kos te koop. Die vrou met wie Jesus gesels, het kom water haal. Hy sê vir haar: 'Gee vir my 'n bietjie water om te drink.'

Dit verbaas die vrou baie. Weet jy hoekom? Want Jesus is 'n Jood en sy is 'n Samaritaan. En die meeste Jode hou nie van Samaritane nie. Hulle praat nie eens met hulle nie! Maar Jesus is lief vir alle soorte mense. Daarom sê hy: 'As jy geweet het wie vir jou 'n bietjie water vra om te drink, sou jy hom gevra het en hy sou vir jou lewegewende water gee.'

'Meneer', sê die vrou, 'die put is diep, en jy het nie eens 'n emmer nie. Waar sal jy hierdie lewegewende water kry?'

'As jy water uit hierdie put drink, sal jy weer dors word', verduidelik Jesus. 'Maar die water wat ek jou sal gee, kan 'n mens vir ewig laat lewe.'

'Meneer', sê die vrou, 'gee vir my hierdie water! Dan sal ek nooit weer dors wees nie. En ek sal nie meer hierheen hoef te kom om water te haal nie.'

Die vrou dink Jesus praat van regte water. Maar hy praat van die waarheid oor God en sy koninkryk. Hierdie waarheid is soos lewegewende water. Dit kan vir 'n mens ewig lewe gee.

Jesus sê nou vir die vrou: 'Gaan roep jou man en kom terug.'

'Ek het nie 'n man nie', antwoord sy.


'Jy het reg geantwoord', sê Jesus. 'Maar jy het vyf mans gehad, en die man saam met wie jy nou lewe, is nie jou man nie.'

Die vrou is verbaas, want al hierdie dinge is waar. Hoe het Jesus hierdie dinge geweet? Ja, dit is omdat Jesus die Beloofde Een is wat deur God gestuur is, en God laat hom dit weet. Net toe

kom Jesus se dissipels terug, en hulle is verbaas dat hy met 'n Samaritaanse vrou gesels.

Wat leer ons hieruit? Dit wys dat Jesus mense van alle rasse vriendelik behandel. En ons moet ook. Ons moenie dink dat party mense sleg is net omdat hulle aan 'n sekere ras behoort nie. Jesus wil hê dat alle mense die waarheid moet ken wat na die ewige lewe lei. En ons moet ook mense wil help om die waarheid te leer.

Johannes 4:5-43; 17:3.



KYK wat doen Jesus. Hy leer al hierdie mense op 'n berg in Galile'a. Die mans wat naaste aan hom sit, is sy dissipels. Hy het 12 van hulle gekies om apostels te wees. Die apostels is Jesus se spesiale dissipels. Ken jy hulle name?

Daar is Simon Petrus en sy broer Andre'as. Dan is daar Jakobus en Johannes, wat ook broers is. Daar is nog 'n apostel met die naam Jakobus, en nog een met die naam Simon. Twee apostels het die naam Judas. Een is Judas Iska'riot, en die ander Judas word ook Tadde'us genoem. Dan is daar Filippus en Nata'nael (wat ook Bartolome'us genoem word), en Matte'us en Tomas.

Nadat hy van Samari'a af teruggekom het, het Jesus vir die eerste keer begin preek: 'Die koninkryk van die hemele is naby.' Weet jy wat daardie koninkryk is? Dit is 'n regte regering van God. Jesus is



die koning daarvan. Hy sal uit die hemel regeer en vrede op die aarde bring. God se koninkryk sal die hele aarde in 'n pragtige paradys verander.

Jesus leer die mense hier van die koninkryk. 'So moet julle bid', verduidelik hy. 'Ons Vader in die hemel, laat u naam geheilig word. Laat u koninkryk kom. Laat u wil op aarde gedoen word, net soos dit in die hemel gedoen word.' Baie mense noem dit die 'Onse Vader'. Kan jy die hele gebed opsê?

Jesus leer die mense ook hoe hulle mekaar moet behandel. 'Doen vir ander wat jy wil hê hulle vir jou moet doen', sê hy. Jy hou mos daarvan wanneer ander mense jou vriendelik behandel, nê? Dan moet ons ander mense vriendelik behandel, soos Jesus sê. Sal dit nie op die paradysaarde wonderlik wees wanneer almal dit doen nie?

Matteus hoofstukke 5 tot 7; 10:1-4.



DIE meisie wat jy hier sien, is 12 jaar oud. Jesus hou haar hand vas, en haar ma en pa staan daar naby. Weet jy waarom hulle so bly lyk? Kom ons vind uit.

Die meisie se pa is 'n belangrike man met die naam Jaïrus. Eendag word sy dogter siek, en hulle sit haar in die bed. Maar sy word nie beter nie. Sy word net al hoe sieker. Jaïrus en sy vrou is baie bekommerd, want dit lyk of hulle dogtertjie sal doodgaan. Sy



is hulle enigste dogter. Daarom gaan soek Jairo na Jesus. Hy het van Jesus se wonderwerke gehoor.

Wanneer Jairo vir Jesus kry, is daar 'n groot skare rondom hom. Maar Jairo druk deur die skare en val by Jesus se voete neer. 'My dogter is baie, baie siek', sê hy. 'Kom asseblief en maak haar gesond', soebat hy. Jesus sê hy sal kom.

Terwyl hulle loop, hou die skare aan stoot om nader te kom. Skielik gaan Jesus staan. 'Wie het aan my geraak?' vra hy. Jesus het gevoel dat krag uit hom gaan. Daarom weet hy dat iemand aan hom geraak het. Maar wie? Dit is 'n vrou wat 12 jaar lank baie siek was. Sy het nader gekom en aan Jesus se klere geraak, en sy is gesond gemaak!

Dit laat Jairo beter voel, want hy kan sien hoe maklik dit vir Jesus is om iemand gesond te maak. Maar dan kom 'n boodskapper daar aan. 'Moenie vir Jesus verder lastig val nie', sê hy vir Jairo. 'U dogter is dood.' Jesus hoor dit en sê vir Jairo: 'Moenie bekommerd wees nie, sy sal gesond word.'

Wanneer hulle uiteindelik by Jairo se huis kom, huil die mense vreeslik. Maar Jesus sê: 'Moenie huil nie. Die kind is nie dood nie. Sy slaap net.' Maar hulle lag en spot met Jesus, want hulle weet sy is dood.

Dan vat Jesus die meisie se pa en ma en drie van sy apostels na die kamer waar die kind lê. Hy vat haar hand en sê: 'Staan op!' En sy word lewendig, net soos jy hier sien. En sy staan op en loop rond! Dit is hoekom haar ma en pa só bly is.

Dit is nie die eerste mens wat Jesus uit die dode opgewek het nie. Die eerste een waarvan die Bybel vertel, is die seun van 'n weduwee wat in die stad Nain woon. Later wek Jesus ook vir La'sarus, die broer van Maria en Marta, uit die dode op. Wanneer Jesus as God se koning regeer, sal hy baie, baie dooie mense weer lewendig maak. Moet ons nie bly wees daaroor nie?

IETS verskrikliks het gebeur. Johannes die Doper is so pas doodgemaak. Hero'dias, die koning se vrou, het nie van hom gehou nie. En sy het die koning omgepraat om Johannes se kop te laat afkap.

Wanneer Jesus dit hoor, is hy baie hartseer. Hy gaan alleen na 'n eensame plek toe. Maar die mense volg hom. Wanneer Jesus die skare sien, kry hy hulle jammer. Daarom praat hy met hulle oor die koninkryk van God, en hy maak hulle siekes gesond.

Daardie aand kom sy dissipels na hom toe en sê: 'Dit is al laat, en dit is 'n eensame plek. Stuur die mense weg sodat hulle vir hulle in die dorpie hier naby kos kan koop.'

'Hulle hoef nie te gaan nie', antwoord Jesus. 'Gee julle vir hulle iets om te eet.' Jesus draai na Filippus toe en vra: 'Waar kan ons genoeg kos koop om vir al hierdie mense kos te gee?'

'Dit sal vreeslik baie geld kos om genoeg te koop sodat elkeen net 'n bietjie kan kry', antwoord Filippus. Andre'as sê: 'Hierdie seun, wat ons kos dra, het vyf brode en twee visse. Maar dit sal nie naastenby genoeg wees vir al hierdie mense nie.'

'Sê vir die mense om op die gras te gaan sit', sê Jesus. Dan sê hy vir God dankie vir die kos en begin hy om dit in stukke te breek. Daarna gee die dissipels die brood en vis vir al die mense. Daar is 5 000 mans, en ook nog duisende vroue en kinders. Hulle eet almal totdat hulle genoeg gehad het. En wanneer die dissipels die kos optel wat oorgebly het, is daar 12 mandjies vol!

Jesus laat sy dissipels nou in 'n boot klim om na die oorkant van die See van Galile'a te vaar. Gedurende die nag kom 'n groot storm op, en golwe laat die boot heen en weer rol. Die dissipels is baie bang. Dan, in die middel van die nag, sien hulle iemand oor die water na hulle toe loop. Hulle skreeu van vrees, want hulle weet nie wat hulle sien nie.

‘Moenie bang wees nie’, sê Jesus. ‘Dit is ek!’ Hulle kan dit nog altyd nie glo nie. Daarom sê Petrus: ‘As dit regtig u is, Here, sê dan vir my om oor die water na u toe te loop.’ Jesus antwoord: ‘Kom!’ En Petrus klim uit en loop op die water! Dan word hy bang, en hy begin sink, maar Jesus red hom.

Later gee Jesus weer vir duisende mense kos. Hierdie keer doen hy dit met sewe brode en ’n paar vissies. En weer is daar genoeg vir almal. Is dit nie wonderlik hoe Jesus vir mense sorg nie? Wanneer hy as God se koning regeer, sal ons nooit oor enigiets bekommerd hoef te wees nie!

Matteus 14:1-32; 15:29-38; Johannes 6:1-21.



KYK na Jesus met sy arms om die seuntjie. 'n Mens kan sien dat Jesus regtig vir kindertjies omgee. Die mans hier by hom is sy apostels. Wat sê Jesus vir hulle? Kom ons vind uit.

Jesus en sy apostels het nou net van 'n lang reis af teruggekom. Langs die pad het sy apostels met mekaar gestry. Ná die reis vra Jesus toe vir hulle: 'Waaroor het julle op die pad gestry?' Jesus weet eintlik al klaar waarom hulle gestry het. Maar hy vra hulle om te kyk of die apostels vir hom sal vertel.

Die apostels antwoord nie, want op die pad het hulle gestry oor wie van hulle die belangrikste is. Party apostels wil belangriker as die ander wees. Hoe gaan Jesus vir hulle vertel dat dit nie reg is om die belangrikste te wil wees nie?

Hy roep die seuntjie en laat hom voor hulle staan. Dan sê hy vir sy dissipels: 'Ek wil hê julle moet dit vir seker weet: As julle nie verander en soos kindertjies word nie, sal julle nooit in God se koninkryk ingaan nie. Die belangrikste persoon in die koninkryk is die een wat soos hierdie kind word.' Weet jy hoekom Jesus dit gesê het?

Wel, klein kindertjies is nie daarvoor bekommerd of hulle belangriker as ander is of nie. Daarom moet die apostels leer om op hierdie manier soos kinders te wees en nie te stry oor wie die belangrikste is nie.

Daar is ook ander tye wanneer Jesus wys hoe baie hy vir kindertjies omgee. 'n Paar maande later bring party mense hulle kinders na Jesus toe. Die apostels probeer hulle keer. Maar Jesus sê vir sy apostels: 'Laat die kinders na my toe kom, en moet hulle nie keer nie, want die koninkryk van God behoort aan mense wat soos hulle is.' Dan neem Jesus die kinders in sy arms en seën hulle. Is dit nie goed om te weet dat Jesus lief is vir kindertjies nie?



EENDAG sê Jesus vir 'n man dat hy sy naaste moet liefhê. Die man vra vir Jesus: 'Wie is my naaste?' Wel, Jesus weet wat hierdie man dink. Die man dink dat net mense van sy eie ras en godsdiens sy naaste is. Kom ons kyk wat Jesus vir hom sê.

Partykeer leer Jesus ander deur 'n storie te vertel. Dit is wat hy nou doen. Hy vertel 'n storie oor 'n Jood en 'n Samaritaan. Ons het vroeër geleer dat die meeste Jode nie van Samaritane hou nie. Wel, hier is Jesus se storie:

Eendag het 'n Jood met 'n bergpad na Je'rigo toe gereis. Maar rowers het hom aangeval. Hulle het sy geld gevat en hom geslaan totdat hy amper dood was.

Later het 'n Joodse priester daarlangs geloop. Hy het die beseerde man gesien. Wat dink jy het hy gedoen? Hy het net na die ander kant van die pad toe gegaan en verder geloop. Toe het 'n ander baie godsdienstige man verbygekom. Hy was 'n Leviet. Het hy gestop? Nee, hy het ook nie die beseerde man gehelp nie. Jy kan die priester en die Leviet daar ver in die pad sien loop.

Maar wie is hier by die beseerde man? Dit is 'n Samaritaan. En hy help die Jood. Hy sit medisyne op sy wonde. Daarna vat hy die Jood na 'n plek waar hy kan rus en gesond word.

Aan die einde van sy storie vra Jesus vir die man wat hom die vraag gevra het: 'Watter een van hierdie drie dink jy het opgetree soos die naaste




van die beseerde man? Was dit die priester, die Leviet of die Samaritaan?’


Die man antwoord: ‘Die Samaritaanse man. Hy was goed vir die man wat beseer is.’

Jesus sê: ‘Jy is reg. Gaan nou en doen aan ander net soos hy gedoen het.’

Hou jy nie van die manier waarop Jesus ander leer nie? Ons kan baie belangrike dinge leer as ons luister na wat Jesus in die Bybel sê, nê?

Lukas 10:25-37.





TERWYL Jesus deur die land reis, maak hy siekes gesond. Die nuus van hierdie wonderwerke word in al die dorpies in die omgewing oorvertel. Daarom bring mense kreupeles en blindes en dowes na hom toe, en ook baie ander wat siek is. En Jesus maak hulle almal gesond.

Meer as drie jaar is nou al verby vandat Johannes vir Jesus gedoop het. En Jesus sê vir sy apostels dat by binnekort na Jerusalem toe sal gaan, waar hy doodgemaak sal word en dan uit die dode sal opstaan. Intussen hou Jesus aan om siekes gesond te maak.

Eendag leer Jesus mense op die Sabbat. Die Sabbat is 'n rusdag vir die Jode. Die vrou wat jy hier sien, was baie siek. Sy het 18 jaar lank krom geloop en kon nie regop staan nie. Jesus sit toe sy hande op haar, en sy begin regop staan. Sy is gesond!

Dit maak die godsdiensteleiers kwaad. 'Daar is ses dae waarop ons moet werk', skreeu een van hulle vir die skare. 'Dit is die dae waarop julle kan kom om gesond gemaak te word, nie op die Sabbat nie!'

Maar Jesus antwoord: 'Julle slegte mense. Enigeen van julle sal julle donkie losmaak en dit op die Sabbat na die water lei om te drink. Moet hierdie arme vrou, wat 18 jaar lank siek was, dan nie op die Sabbat gesond gemaak word nie?' Jesus se antwoord laat hierdie slegte mans skaam voel.


Later reis Jesus en sy apostels na Jerusalem toe. Wanneer hulle net buitekant die dorp Je'rigó kom, hoor twee blinde bedelaars dat Jesus verbygaan. Daarom roep hulle uit: 'Jesus, help ons!'

Jesus roep die blinde mans na hom toe en vra: 'Wat wil julle hê moet ek vir julle doen?' Hulle sê: 'Here, laat ons oë oopgaan.' Jesus raak aan hulle oë, en dadelik kan hulle sien! Weet jy hoekom Jesus al hierdie wonderwerke doen? Omdat hy mense liefhet en wil hê dat hulle in hom moet glo. Daarom kan ons seker wees dat wanneer hy as Koning regeer, niemand op die aarde weer siek sal wees nie.

NKORT rukkie nadat Jesus die twee blinde bedelaars gesond gemaak het, kom hy by 'n klein dorpie naby Jerusalem. Hy sê vir twee van sy dissipels: 'Gaan in die dorpie in en julle sal 'n jong donkie kry. Maak dit los en bring dit na my toe.'

Wanneer hulle die donkie na hom toe bring, gaan sit Jesus daarop. Dan ry hy na Jerusalem, 'n kort entjie daarvandaan. Wanneer hy naby die stad kom, kom 'n groot skare mense uit om hom te ontmoet. Die meeste trek hulle boklere uit en sit dit op die pad. Ander sny takke van palmbome af. Hulle sit dit ook op die pad en roep uit: 'Mag God die koning seën wat in Jehovah se naam kom!'

Lank gelede het nuwe konings in Israel op 'n jong donkie in Jerusalem ingery om hulleself vir die mense te wys. Dit is wat Jesus doen. En hierdie mense wys dat hulle wil hê dat Jesus




hulle koning moet wees. Maar nie al die mense wil hom hê nie. Ons kan dit sien uit wat gebeur wanneer Jesus na die tempel toe gaan.

By die tempel maak Jesus mense gesond wat blind en kreupel is. Wanneer die jong kinders dit sien, loof hulle Jesus. Maar dit maak die priesters kwaad en hulle sê vir Jesus: ‘Hoor jy wat die kinders sê?’

‘Ja, ek hoor’, antwoord Jesus. ‘Het julle nooit in die Bybel geles nie waar dit sê: “Uit die mond van jong kindertjies sal God lof voortbring?”’ Daarom hou die kinders aan om God se koning te loof.

Ons wil soos daardie kinders wees, nè? Party mense sal ons dalk probeer keer om oor God se koninkryk te praat. Maar ons sal aanhou om vir ander te vertel van die wonderlike dinge wat Jesus vir mense gaan doen.

Toe Jesus op aarde was, was dit nie die tyd vir hom om as koning te begin regeer nie. Wanneer sal hierdie tyd kom? Jesus se dissipels wil weet. Ons sal volgende hiervan lees. Matteus 21:1-17; Johannes 12:12-16.



HIER is Jesus op die Olyfberg. Die vier mans by hom is sy apostels. Dit is die broers Andre'as en Petrus, en ook die broers Jakobus en Johannes. Dit is God se tempel in Jerusalem wat jy daar in die verte sien.

Dit is nou twee dae nadat Jesus op die jong donkie in Jerusalem ingery het. Dit is Dinsdag. Jesus was vroeër die dag by die tempel. Daar het die priesters probeer om Jesus te vang om hom dood te maak. Maar hulle was bang om dit te doen, want die mense hou van Jesus.

‘Julle slange en kinders van slange!’ het Jesus daardie godsdiensteikers genoem. Toe het Jesus gesê dat God hulle gaan straf vir al die slegte dinge wat hulle gedoen het. Daarna het Jesus teen die Olyfberg opgeklim, en toe het hierdie vier apostels begin om vir hom vrae te vra. Weet jy wat hulle vir Jesus vra?

Die apostels vra hom uit oor die toekoms. Hulle weet dat Jesus 'n einde aan alle slegte dinge op die aarde gaan maak. Maar hulle wil weet *wanneer* dit gaan gebeur. Wanneer gaan Jesus weer kom om as Koning te regeer?

Jesus weet dat sy volgelinge op die aarde hom nie sal kan sien wanneer hy weer kom nie. Dit is omdat hy in die hemel sal wees, en hulle sal hom nie daar kan sien nie. Daarom vertel Jesus vir sy apostels party van die dinge wat op die aarde gaan gebeur wanneer hy as Koning in die hemel regeer. Wat is party van hierdie dinge?

Jesus sê daar gaan groot oorloë wees, baie mense sal siek wees en honger ly, misdaad sal 'n baie groot probleem wees en daar sal groot aardbewings wees. Jesus sê ook dat die goeie nuus van God se koninkryk oor die hele aarde verkondig sal word. Het ons hierdie dinge in ons tyd sien gebeur? Ja! En daarom kan ons seker wees dat Jesus nou in die hemel regeer. Hy sal binnekort 'n einde aan alle slegte dinge op die aarde maak.



DIT is nou Donderdagnag, twee dae later. Jesus en sy 12 apostels het na hierdie groot bokamer toe gekom om die Pasgamaal te eet. Die man wat jy sien uitgaan, is Judas Iska'riot. Hy gaan vir die priesters vertel hoe hulle Jesus kan vang.

Net die vorige dag het Judas na hulle toe gegaan en gevra: 'Wat sal julle my gee as ek julle help om Jesus te vang?' Hulle het gesê: 'Dertig silwerstukke.' Judas gaan hierdie mans nou ontmoet sodat hy hulle na Jesus toe kan lei. Is dit nie verskriklik nie?

Die Pasgamaal is klaar. Maar Jesus begin nou met 'n ander spesiale maal. Hy gee vir sy apostels 'n brood en sê: 'Eet dit, want dit beteken my liggaam wat vir julle gegee gaan word.' Dan gee hy vir hulle 'n beker wyn en sê: 'Drink dit, want dit beteken my bloed, wat vir julle



uitgestort gaan word.’ Die Bybel noem dit ‘die Here se aandmaal’ of ‘die nagmaal van die Here’.

Die Israëliete het die Pasga geëet om hulle te laat dink aan die tyd toe God se engel hulle huise in Egipte oorgeslaan het, maar die eersgeborenes in die huise van die Egiptenaars doodgemaak het. Maar nou wil Jesus hê dat sy volgelinge aan hom moet dink, en hoe hy sy lewe vir hulle gegee het. En dit is hoekom hy vir hulle sê om hierdie spesiale maal elke jaar te eet.

Nadat hulle die Here se Aandmaal geëet het, sê Jesus vir sy apostels om dapper te wees en sterk geloof te behou. Dan sing hulle liedere aan God en gaan weg. Dit is nou baie laat, moontlik ná middernag. Kom ons kyk waarheen hulle gaan.

Matteus 26:14-30; Lukas 22:1-39; Johannes hoofstukke 13 tot 17; 1 Korintiërs 11:20.





NADAT Jesus en sy apostels uit die bokamer weggegaan het, gaan hulle na die tuin van Getse'mane toe. Hulle het al baie keer hiernatoe gekom. Jesus sê nou vir hulle om wakker te bly en te bid. Dan gaan hy 'n entjie verder en buig met sy gesig tot op die grond om te bid.

Later kom Jesus terug na waar sy apostels is. Wat dink jy doen hulle? Hulle slaap! Drie keer sê Jesus vir hulle dat hulle moet wakker bly, maar elke keer wanneer hy terugkom, is hulle aan die slaap. 'Hoe kan julle op so 'n tyd slaap?' sê Jesus wanneer hy die laaste keer terugkom. 'Die uur het gekom dat ek aan my vyande oorgegee moet word.'

Op daardie oomblik kan die geraas van 'n groot skare gehoor word. Kyk! Die mense kom met swaarde en knuppels! En hulle dra fakkels om lig te gee. Wanneer hulle nader kom, loop iemand uit die skare uit tot by Jesus. Hy soen hom, soos jy hier kan sien. Die man is Judas Iska'riot! Hoekom soen hy vir Jesus?

Jesus vra: 'Judas, verraaï jy my met 'n soen?' Ja, die soen is 'n teken. Dit sê vir die mense saam met Judas dat dit Jesus is, die man na wie hulle soek. Dan staan Jesus se vyande nader om hom te gryp. Maar Petrus gaan nie toelaat dat hulle Jesus sommer so wegvat nie. Hy gryp die swaard wat hy saamgebring het en slaan na die man naby hom. Die swaard mis die man se kop net-net en kap sy regteroor af. Maar Jesus raak aan die man se oor en maak dit gesond.

Jesus sê vir Petrus: 'Sit jou swaard terug. Dink jy nie dat ek my Vader kan vra om duisende engele te stuur om my te red nie?' Ja, hy kan! Maar Jesus vra God nie om enige engele te stuur nie, want hy weet dat die tyd gekom het vir sy vyande om hom te vang. Daarom laat hy hulle toe om hom weg te neem. Kom ons kyk wat nou met Jesus gebeur.



KYK wat 'n verskriklike ding gebeur hier! Jesus word doodgemaak. Hulle het hom aan 'n paal vasgespyker. Spykers is in sy hande en voete ingeslaan. Waarom sou enigiemand dit aan Jesus wou doen?

Dit is omdat party persone Jesus haat. Weet jy wie hulle is? Een van hulle is die slegte engel Satan die Duiwel. Dit is hy wat Adam en Eva omgepraat het om aan Jehovah ongehoorsaam te wees. En dit is Satan wat Jesus se vyande gekry het om hierdie verskriklike misdaad te pleeg.

Selfs voordat Jesus hier aan die paal vasgespyker is, het sy vyande hom sleg behandel. Onthou jy hoe hulle na die tuin van Getse'mane toe gekom het en hom weggevat het? Wie was daardie vyande? Ja, dit was die godsdiensteleiers. Wel, kom ons kyk wat volgende gebeur.

Wanneer Jesus deur die godsdiensteleiers gevang word, hardloop sy apostels weg. Hulle laat Jesus alleen by sy vyande, want hulle is bang. Maar die apostels Petrus en Johannes gaan nie ver weg nie. Hulle gaan saam om te sien wat met Jesus gebeur.

Die priesters vat Jesus na die ou man Annas, wat vroeër die hoëpriester was. Die skare bly nie lank hier nie. Daarna vat hulle Jesus na die huis van Ka'jafas, wat nou die hoëpriester is. Baie godsdiensteleiers het by sy huis bymekaargekom.

Hier by Ka'jafas se huis hou hulle 'n hofspraak. Mense word ingebring om leuens oor Jesus te vertel. Die godsdiensteleiers sê almal: 'Jesus moet doodgemaak word.' Dan spoeg hulle in sy gesig, en hulle slaan hom met hulle vuiste.

Terwyl dit alles gebeur, is Petrus buite die huis. Dit is 'n koue nag en daarom maak die mense 'n vuur. Terwyl hulle rondom die vuur staan om warm te kry, kyk 'n diensmeisie na Petrus en sê: 'Hierdie man was ook saam met Jesus.'

'Nee, ek was nie!' antwoord Petrus.

Drie keer sê mense vir Petrus dat hy saam met Jesus was. Maar Petrus sê elke keer dat dit nie waar is nie. Toe Petrus dit die derde keer sê, draai Jesus om en kyk hy na hom. Petrus is baie jammer omdat hy hierdie leuens vertel het, en hy gaan weg en huil.

Wanneer die son Vrydagoggend begin opkom, vat die priesters Jesus na hulle groot vergaderplek, die San'hedrinsaal. Hier bespreek hulle wat hulle met hom gaan doen. Hulle vat hom na Pontius Pilatus, die heerser van Jude'a.

'Hy is 'n slegte man', sê die priesters vir Pilatus. 'Hy moet doodgemaak word.' Nadat hy Jesus ondervra het, sê Pilatus: 'Ek dink nie hy het iets verkeerds gedoen nie.' Dan stuur Pilatus vir Jesus na Herodes An'tipas toe. Herodes is die heerser van Galile'a, maar hy woon in Jerusalem. Herodes dink ook nie dat Jesus iets verkeerds gedoen het nie, en daarom stuur hy hom terug na Pilatus toe.

Pilatus wil Jesus vrylaat. Maar Jesus se vyande wil hê dat 'n ander gevangene vrygelaat moet word. Hierdie man is die rower Barab'bas. Dit is omtrent twaalfuur in die middag toe Pilatus Jesus uitbring. Hy sê vir die mense: 'Kyk! Julle koning!' Maar die hoofpriesters skreeu: 'Vat hom weg! Maak hom dood! Maak hom dood!' Daarom laat Pilatus vir Barab'bas vry, en hulle vat Jesus weg om hom dood te maak.

Vroeg Vrydagmiddag word Jesus aan 'n paal vasgespyker. Jy kan hulle nie in die prent sien nie, maar aan elke kant van Jesus is daar 'n misdadiger wat ook aan 'n paal vasgemaak is. Kort voordat Jesus doodgaan, sê een van die misdadigers vir hom: 'Dink aan my wanneer u in u koninkryk kom.' En Jesus antwoord: 'Ek belowe jou dat jy saam met my in die Paradys sal wees.'

Is dit nie 'n wonderlike belofte nie? Weet jy van watter paradys Jesus praat? Waar was die paradys wat God in die begin gemaak het? Ja, op die aarde. En wanneer Jesus as koning in die hemel regeer, sal hy hierdie man weer lewendig maak om die nuwe Paradys op die aarde te geniet. Moet ons nie bly wees daaroor nie?

Van Jesus se opstanding tot Paulus se gevangenskap

Op die derde dag ná sy dood is Jesus opgewek. Op daardie dag het hy vyf keer aan sy volgelinge verskyn. Jesus het oor 'n tydperk van 40 dae nog baie kere aan hulle verskyn. Toe, terwyl party van sy dissipels gekyk het, het Jesus opgevaar hemel toe. Tien dae later het God heilige gees uitgestort op Jesus se volgelinge wat in Jerusalem gewag het.

Later het vyande van God die apostels in die tronk laat gooi, maar 'n engel het hulle vrygelaat. Die dissipel Stefanus is deur teenstanders gestenig. Maar ons leer dat Jesus een van hierdie teenstanders gekies het om sy spesiale kneg te wees, en hy het die apostel Paulus geword. Toe, drie en 'n half jaar ná Jesus se dood, het God die apostel Petrus gestuur om vir die nie-Jood Kornelius en sy huisgesin te gaan preek.

Omtrent 13 jaar later het Paulus met sy eerste sendingreis begin. Op Paulus se tweede reis het Timoteus by hom aangesluit. Ons leer van baie opwindende dinge wat Paulus en dié wat saam met hom gereis het, in God se diens ervaar het. Uiteindelik is Paulus in Rome in die tronk gegooi. Twee jaar later is hy vrygelaat, maar toe is hy weer in die tronk gegooi en doodgemaak. Die gebeure van DEEL 7 strek oor 'n tydperk van omtrent 32 jaar.

WEET jy wie die vrou en die twee mans is? Die vrou is Maria Magdale'na, 'n vriendin van Jesus. En die mans met die wit klere is engele. Hierdie klein kamertjie waar Maria inkyk, is die plek



waar Jesus se liggaam ná sy dood gesit is. Dit is 'n graf. Maar nou is die liggaam nie meer daar nie! Wie het dit gevat? Kom ons kyk.

Nadat Jesus doodgegaan het, sê die priesters vir Pilatus: 'Toe Jesus nog gelewe het, het hy gesê dat hy ná drie dae opgewek sal word. Beveel dan dat die graf bewaak moet word. Dan kan sy dissipels nie sy lyk steel en sê dat hy uit die dode opgewek is nie!' Pilatus sê vir die priesters om soldate te stuur om by die graf wag te hou.

Maar baie vroeg op die derde dag ná Jesus se dood verskyn 'n engel van Jehovah skielik. Hy rol die klip voor die graf weg. Die soldate is so bang dat hulle nie kan beweeg nie. Wanneer hulle uiteindelik by die graf inkyk, is die lyk weg! Party van die soldate gaan in die stad in en vertel die priesters daarvan. Weet jy wat doen die slegte priesters? Hulle betaal die soldate om te lieg. 'Julle moet sê: "Sy dissipels het in die nag gekom en die lyk gesteel terwyl ons geslaap het"', sê die priesters vir die soldate.

Intussen kom 'n paar vriendinne van Jesus na die graf toe. Hoe verbaas is hulle tog toe hulle sien dat dit leeg is! Skielik verskyn twee engele in helder klere. 'Waarom soek julle hier na Jesus?' vra hulle. 'Hy is opgewek. Gaan gou en vertel dit vir sy dissipels.' Hoe vinnig hardloop die vroue tog! Maar terwyl hulle op pad is, keer 'n man hulle voor. Weet jy wie dit is? Dit is Jesus! 'Gaan vertel dit vir my dissipels', sê hy.

Wanneer die vroue vir die dissipels vertel dat Jesus lewe en dat hulle hom gesien het, kan die dissipels dit amper nie glo nie. Petrus en Johannes hardloop na die graf toe om self te kyk, maar die graf is leeg! Wanneer Petrus en Johannes weggaan, bly Maria Magdale'na agter. Dit is wanneer sy inkyk en die twee engele sien.

Weet jy wat met Jesus se liggaam gebeur het? God het dit laat verdwyn. God het Jesus nie opgewek in die vleeslike liggaam waarin hy doodgegaan het nie. Hy het vir Jesus 'n nuwe geesliggaam gegee, soos die engele in die hemel het. Maar om vir sy dissipels te wys dat hy lewe, kan Jesus 'n liggaam aanneem wat mense kan sien, soos ons sal leer.

NADAT Petrus en Johannes weggegaan het van die graf waar Jesus se liggaam was, bly Maria alleen agter. Sy begin huil. Dan buk sy vooroor en kyk in die graf in, soos ons in die vorige prent gesien het. Daar sien sy twee engele! Hulle vra vir haar: 'Hoekom huil jy?'

Maria antwoord: 'Hulle het my Here weggevat, en ek weet nie waar hulle hom gesit het nie.' Dan draai Maria om, en sy sien 'n man. Hy vra vir haar: 'Wie soek jy?'

Maria dink dat die man die tuinier is, en dat dit dalk hy was wat Jesus se liggaam weggevat het. Daarom sê sy: 'As jy hom weggevat het, sê vir my waar jy hom gesit het.' Maar die man is eintlik Jesus. Hy het 'n liggaam aangeneem wat Maria nie herken nie. Maar wanneer hy haar op haar naam noem, weet Maria dat dit Jesus is. Sy hardloop en vertel vir die dissipels: 'Ek het die Here gesien!'


Later daardie dag, terwyl twee dissipels na die dorp Em'maus toe loop, begin 'n man saam met hulle loop. Die dissipels is baie hartseer omdat Jesus doodgemaak is. Maar terwyl hulle loop, verduidelik die man baie dinge uit die Bybel, en dit laat hulle beter voel. Uiteindelik, wanneer hulle stop om iets te eet, besef die dissipels dat hierdie man Jesus is. Dan verdwyn Jesus, en hierdie twee dissipels gaan gou die hele pad terug na Jerusalem toe om vir die apostels daarvan te vertel.

Intussen verskyn Jesus ook aan Petrus. Die ander raak opgewonde wanneer hulle dit hoor. Dan gaan hierdie twee dissipels na Jerusalem toe en kry die apostels. Hulle vertel vir die apostels hoe Jesus op die pad ook aan hulle verskyn het. En weet jy watter verbasende ding gebeur terwyl hulle nog vir die ander hiervan vertel?

Kyk na die prent. Jesus verskyn daar in die kamer, selfs al is die deur gesluit. Hoe bly is die dissipels tog! Wat 'n opwindende dag! Kan jy tel hoeveel keer Jesus nou al aan sy volgelinge verskyn het? Kry jy ook vyf?

Die apostel Tomas is nie saam met hulle wanneer Jesus verskyn nie. Daarom vertel die dissipels vir hom: 'Ons het die Here gesien!' Maar Tomas sê hy wil eers self vir Jesus sien voordat hy dit glo. Wel, agt dae later is die dissipels weer saam in 'n geslote kamer, en hierdie keer is Tomas saam met hulle. Skielik verskyn Jesus daar in die kamer. Nou glo Tomas.

Johannes 20:11-29; Lukas 24:13-43.




JESUS GAAN TERUG HEMEL TOE 104

GEDURENDE die dae daarna verskyn Jesus baie keer aan sy volgelinge. Eenkeer sien omtrent 500 van sy dissipels hom. Weet jy waarom Jesus met hulle praat wanneer hy aan hulle verskyn? Die koninkryk van God. Jehovah het Jesus na die aarde toe gestuur om mense van die Koninkryk te leer. En hy hou aan om dit te doen selfs nadat hy uit die dode opgewek is.

Onthou jy wat God se koninkryk is? Ja, die Koninkryk is 'n regte regering van God in die hemel, en Jesus is die Een wat God gekies het om die koning te wees. Soos ons geleer het, het Jesus gewys wat 'n wonderlike koning hy sal wees deur vir honger mense kos te gee, siekes gesond te maak en selfs dooies op te wek!





Hoe sal dit dan op die aarde wees wanneer Jesus 'n duisend jaar lank as koning in die hemel regeer? Ja, die hele aarde sal 'n pragtige paradys gemaak word. Daar sal geen oorloë, misdaad, siekte of selfs dood meer wees nie. Ons weet dat dit waar is, want God het die aarde gemaak om 'n paradys te wees wat mense kon geniet. Dit is hoekom hy in die begin die tuin van Eden gemaak het. En Jesus sal sorg dat God se wil uiteindelik gedoen word.

Die tyd kom nou dat Jesus moet teruggaan hemel toe. Jesus het 40 dae lank aan sy dissipels verskyn. Daarom is hulle seker dat hy weer lewe. Maar voordat hy van sy dissipels af weggaan, sê hy vir hulle: 'Bly in Jerusalem totdat julle heilige gees kry.' Die heilige gees is God se werkende krag, soos wind wat waai, en dit sal sy volgelinge help om God se wil te doen. Heel laaste sê Jesus: 'Julle moet tot in die mees afgeleë dele van die aarde oor my preek.'

Nadat Jesus dit gesê het, gebeur 'n verbasende ding. Hy begin in die lug opstyg, soos jy hier kan sien. Dan verdwyn hy agter 'n wolk, en die dissipels sien Jesus nie weer nie. Jesus gaan hemel toe, en hy begin om van daar af oor sy volgelinge op die aarde te regeer.

1 Korintiërs 15:3-8; Openbaring 21:3, 4; Handeling 1:1-11.



HIERDIE mense is Jesus se volgeling. Hulle was gehoorsaam aan hom en het in Jerusalem gebly. En terwyl hulle almal saam wag, vul 'n geraas die hele huis. Dit klink soos 'n sterk wind wat waai. En dan verskyn 'n vuurtong bokant elke dissipel se kop. Kan jy die vuur bokant elkeen van hulle sien? Wat beteken dit alles?

Dit is 'n wonderwerk! Jesus is terug in die hemel by sy Vader, en hy stort God se heilige gees op sy volgeling uit. Weet jy wat hierdie gees hulle laat doen? Hulle begin almal in verskillende tale praat.

Baie mense in Jerusalem hoor die geluid wat soos 'n sterk wind klink, en hulle kom kyk wat gebeur. Party van die mense is uit ander nasies wat vir die Israelitiese Pinksterfees hierheen gekom het. Wat 'n verrassing kry hierdie besoekers tog! Hulle hoor hoe die dissipels in hulle eie tale praat oor die wonderlike dinge wat God gedoen het.

'Hierdie mense kom almal uit Galile'a', sê die besoekers. 'Hoe is dit dan dat hulle kan praat in die verskillende tale van die lande waar ons vandaan kom?'

Petrus staan nou op om vir hulle te verduidelik. Met 'n harde stem vertel hy vir die mense hoe Jesus doodgemaak is en dat Jehovah hom opgewek het. 'Nou is Jesus in die hemel aan die regterhand van God', sê Petrus. 'En hy het die beloofde heilige gees uitgestort. Dit is hoekom julle hierdie wonderwerke sien en hoor.'

Wel, wanneer Petrus hierdie dinge sê, is baie van die mense baie jammer oor wat aan Jesus gedoen is. 'Wat moet ons doen?' vra hulle. Petrus sê vir hulle: 'Julle moet julle lewens verander en gedoop word.' Daarom laat omtrent 3 000 mense hulle op daardie dag doop en word hulle volgeling van Jesus.

KYK na die engel wat die tronkdeur oophou. Die mans wat hy vrylaat, is Jesus se apostels. Kom ons vind uit hoekom hulle in die tronk gegooi is.

Dit is net 'n kort rukkie vandat die heilige gees op Jesus se dissipels uitgestort is. En dit is wat gebeur: Een middag gaan Petrus en Johannes na die tempel in Jerusalem. Daar, naby die deur, is 'n man wat al sy hele lewe kreupel is. Mense dra hom elke dag hierheen sodat hy geld kan bedel by die mense wat in die tempel ingaan. Wanneer hy Petrus en Johannes sien, smee hy hulle om vir hom iets te gee. Wat gaan die apostels doen?

Hulle staan stil en kyk na die arme man. 'Ek het niks geld nie', sê Petrus, 'maar ek sal vir jou gee wat ek het. In die naam van Jesus, staan op en loop!' Petrus vat dan die man se regterhand, en dadelik spring hy



op en begin hy loop. Wanneer die mense dit sien, is hulle verbaas en baie bly oor hierdie wonderwerk.

‘Dit is deur die krag van God, wat Jesus uit die dode opgewek het, dat ons hierdie wonderwerk gedoen het’, sê Petrus. Terwyl hy en Johannes nog praat, kom ’n paar godsdiensteleiers daar aan. Hulle is kwaad omdat Petrus en Johannes vir die volk vertel dat Jesus uit die dode opgewek is. Daarom gryp hulle hulle, en hulle gooi hulle in die tronk.

Die volgende dag het die godsdiensteleiers ’n groot vergadering. Petrus en Johannes en die man wat hulle gesond gemaak het, word ingebring. ‘Deur watter krag het julle hierdie wonderwerk gedoen?’ vra die godsdiensteleiers.

Petrus sê vir hulle dat dit deur die krag van God is, die God wat Jesus uit die dode opgewek het. Die priesters weet nie wat om te doen nie, want hulle kan nie sê dat hierdie wonderwerk nie regtig gebeur het nie. Daarom waarsku hulle die apostels om nie meer oor Jesus te praat nie, en hulle laat hulle gaan.

Maar in die dae daarna hou die apostels aan om oor Jesus te preek en siekes gesond te maak. Die nuus omtrent hierdie wonderwerke versprei. En daarom bring selfs skares uit die dorpe rondom Jerusalem siekes na die apostels toe om gesond gemaak te word. Dit maak die godsdiensteleiers jaloers, en daarom gryp hulle die apostels en gooi hulle hulle in die tronk. Maar hulle bly nie lank daar nie.

Gedurende die nag maak God se engel die tronkdeur oop, soos jy hier kan sien. Die engel sê: ‘Gaan staan in die tempel en hou aan om met die mense te praat.’ Wanneer die godsdiensteleiers die volgende oggend mans na die tronk toe stuur om die apostels te gaan haal, is hulle weg. Later kry die mans hulle waar hulle besig is om in die tempel te leer, en hulle bring hulle na die Sanhedrinsaal toe.

‘Ons het julle duidelik beveel om nie meer oor Jesus te leer nie’, sê die godsdiensteleiers. ‘Maar julle het Jerusalem met julle leer vervul.’ Dan antwoord die apostels: ‘Ons moet eerder aan God as heerser gehoorsaam wees as aan mense.’ Daarom hou hulle aan om mense die “goeie nuus” te leer. Is dit nie ’n goeie voorbeeld vir ons nie?

DIE man wat hier kniel, is Ste'fanus. Hy is 'n getroue dissipel van Jesus. Maar kyk wat gebeur nou met hom! Hierdie mans gooi hom met groot klippe. Hoekom haat hulle Ste'fanus so baie dat hulle hierdie verskriklike ding doen? Kom ons kyk.


God het Ste'fanus gehelp om wonderwerke te doen. Hierdie mans hou nie hiervan nie, en daarom stry hulle met hom omdat hy die volk die waarheid leer. Maar God gee vir Ste'fanus groot wysheid, en Ste'fanus wys dat hierdie mans valse dinge leer. Dit maak hulle nog kwater. Daarom gryp hulle hom, en hulle roep mense om leuens oor hom te vertel.

Die hoëpriester vra vir Ste'fanus: 'Is hierdie dinge waar?' Ste'fanus antwoord deur 'n baie goeie toespraak uit die Bybel te hou. Teen die einde vertel hy hoe slegte mense in die verlede Jehovah se profete gehaat het. Dan sê hy: 'Julle is net soos daardie mense. Julle het God se kneg Jesus doodgemaak en julle het nie God se wette gehoorsaam nie.'

Dit maak hierdie godsdiensteleiers baie kwaad! Hulle kners op hulle tande van woede. Maar dan lig Ste'fanus sy kop op en sê: 'Kyk! Ek sien Jesus wat aan die regterhand van God in die hemel staan.' Dan druk hierdie mans hulle hande oor hulle ore en storm hulle op Ste'fanus af. Hulle gryp hom en sleep hom uit die stad uit.

Daar trek hulle hulle boklere uit, en hulle gee dit vir die jong man Saulus om op te pas. Sien jy vir Saulus? Dan begin party van die mans om Ste'fanus met klippe te gooi. Ste'fanus kniel, soos jy hier kan sien, en bid tot God: 'Jehovah, moenie hulle vir hierdie slegte daad straf nie.' Hy weet dat party van hulle deur die godsdiensteleiers mislei is. Daarna gaan Ste'fanus dood.

Probeer jy, wanneer iemand iets slegs aan jou doen, om hom ook seer te maak of vra jy vir God om hom te straf? Dit is nie wat Ste'fanus of Jesus gedoen het nie. Hulle was vriendelik selfs met mense wat onvriendelik met hulle was. Kom ons probeer om hulle voorbeeld na te volg.




WEET jy wie lê daar op die grond? Dit is Saulus. Jy onthou mos, dit was hy wat die klere opgepas het van die mans wat Ste'fanus gestenig het. Kyk na daardie helder lig! Wat gebeur?

Nadat Ste'fanus doodgemaak is, neem Saulus die leiding daarin om na Jesus se volgelingen te soek sodat hy hulle sleg kan behandel. Hy gaan van een huis na die ander en sleep hulle uit en gooi hulle in die tronk. Baie van die dissipels vlug na ander stede en begin die "goeie nuus" daar verkondig. Maar Saulus gaan na ander stede om Jesus se volgelingen te soek. Hy is nou op pad na Damaskus toe. Maar op pad gebeur 'n verbasende ding:

Skielik flits 'n lig uit die hemel rondom Saulus. Hy val op die grond, soos ons hier sien. Dan sê 'n stem: 'Saul, Saul! Waarom vervolg jy my?' Die mans saam met Saulus sien die lig en hoor die geluid van die stem, maar hulle kan nie verstaan wat gesê word nie.

'Wie is u, Here?' vra Saulus.

'Ek is Jesus, die een wat jy vervolg', sê die stem. Jesus sê dit omdat dit vir



hom voel asof Saulus hom vervolg wanneer Saulus sy volgelinge vervolg.

Saulus vra nou: 'Wat moet ek doen, Here?'

'Staan op en gaan in Damaskus in', sê Jesus. 'Daar sal jy vertel word wat jy moet doen.' Wanneer Saulus opstaan en sy oë oopmaak, kan hy niks sien nie. Hy is blind! Daarom moet die mans wat saam met hom is, sy hand vat en hom in Damaskus inlei.

Jesus praat nou met een van sy dissipels in Damaskus en sê: 'Staan op, Anani'as. Gaan na die straat wat Reguit genoem word. Vra by die huis van Judas vir 'n man met die naam Saulus. Ek het hom gekies om 'n spesiale kneg van my te wees.'

Anani'as gehoorsaam Jesus. Wanneer hy Saulus ontmoet, sit hy sy hande op hom en sê: 'Die Here het my na jou toe gestuur sodat jy weer kan sien en met heilige gees vervul kan word.' Dadelik val iets wat soos skubbe lyk, van Saulus se oë af, en hy kan weer sien.

Saulus word op 'n wonderlike manier gebruik om vir mense van baie nasies te preek. Hy raak bekend as die apostel Paulus, van wie ons nog baie sal leer. Maar kom ons kyk eers wat God vir Petrus stuur om te doen.

Handelinge 8:1-4; 9:1-20; 22:6-16; 26:8-20.



DIT is die apostel Petrus wat hier staan, en van sy vriende staan agter hom. Maar hoekom kniel die man voor Petrus? Is dit reg dat hy dit doen? Weet jy wie hy is?

Die man is Kornelius. Hy is 'n offisier in die Romeinse leër. Kornelius ken nie vir Petrus nie, maar hy is gesê om hom na sy huis te nooi. Kom ons vind uit hoe dit gebeur het.

Jesus se eerste volgelinge was Jode, maar Kornelius is nie 'n Jood nie. Tog het hy God lief, bid hy tot hom en doen hy baie goeie dinge vir mense. Wel, een middag verskyn 'n engel aan hom en sê: 'God hou van jou en hy gaan jou gebede verhoor. Stuur 'n paar mans om



'n sekere man met die naam Petrus te gaan haal. Hy bly in Joppe by die huis van Simon, wat by die see woon.'

Wel, Kornelius stuur dadelik mans om Petrus te soek. Die volgende dag, wanneer die mans naby Joppe kom, is Petrus op die plat dak van Simon se huis. Daar laat God vir Petrus dink dat hy 'n groot doek uit die hemel sien kom. In die doek is allerhande diere. Volgens God se wet was hierdie diere onrein as kos, en tog sê 'n stem: 'Staan op, Petrus. Slag en eet.'

'Nee!' antwoord Petrus. 'Ek het nog nooit iets geëet wat onrein is nie.' Maar die stem sê vir Petrus: 'Hou op om die dinge wat God nou sê rein is, onrein te noem.' Dit gebeur drie keer. Terwyl Petrus wonder wat dit beteken, kom die mans wat Kornelius gestuur het, by die huis aan en vra waar Petrus is.

Petrus gaan ondertoe en sê: 'Ek is die man na wie julle soek. Hoekom het julle gekom?' Wanneer die mans verduidelik dat 'n engel vir Kornelius gesê het om Petrus na sy huis te nooi, sê Petrus dat hy saam met hulle sal gaan. Die volgende dag gaan Petrus en party van sy vriende na Kornelius in Sesare'a.

Kornelius het sy familieleden en goeie vriende bymekaargeroep. Wanneer Petrus kom, gaan ontmoet Kornelius hom. Hy val neer en kniel voor Petrus se voete, soos jy hier sien. Maar Petrus sê: 'Staan op; ek is ook net 'n mens.' Ja, die Bybel wys dat dit verkeerd is om te kniel en 'n mens te aanbid. Ons moet net vir Jehovah aanbid.

Petrus preek nou vir die mense wat daar bymekaargekom het. 'Ek sien dat God alle mense wat hom wil dien, aanvaar', sê Petrus. En terwyl hy praat, stuur God sy heilige gees, en die mense begin om in verskillende tale te praat. Dit verbaas die Joodse dissipels wat saam met Petrus gekom het, want hulle het gedink dat God net van die Jode hou. Dit leer hulle dan dat die mense van een ras nie vir God beter of belangriker is as die mense van enige ander ras nie. Sal dit nie goed wees as ons almal dit onthou nie?

TIMOTEUS HELP VIR PAULUS 110

DIE jong man wat jy hier saam met die apostel Paulus sien, is Timo'teus. Timo'teus woon saam met sy gesin in Listra. Sy ma se naam is Euni'ce en sy ouma se naam is Lo'is.


Dit is die derde keer dat Paulus in Listra is. Paulus en Bar'nabas het 'n jaar of wat gelede op 'n predikingsreis vir die eerste keer hierheen gekom. En nou het Paulus saam met sy vriend Silas teruggekom.

Weet jy wat sê Paulus vir Timo'teus? 'Wil jy graag saam met my en Silas kom?' vra hy. 'Jy sal ons kan help wanneer ons vir mense in ver plekke preek.'

'Ja', antwoord Timo'teus, 'ek sal graag wil saamgaan.' Kort daarna gaan Timo'teus van sy gesin af weg en gaan hy saam met Paulus en Silas. Maar voordat ons van hulle reis leer, kom ons kyk eers wat intussen met Paulus gebeur het. Dit is omtrent 17 jaar nadat Jesus op die pad na Damaskus aan hom verskyn het.

Onthou, Paulus het na Damaskus toe gekom om Jesus se dissipels te vervolg, maar nou is hy self 'n dissipel! Later maak party van Paulus se vyande planne om hom dood te maak, want hulle hou nie van wat hy die mense oor Jesus leer nie. Maar die dissipels help Paulus om te vlug. Hulle sit hom in 'n mandjie en laat hom buite teen die stadsmuur afsak.

Daarna gaan preek Paulus in Antiogi'ë. Dit is hier dat Jesus se volgelinge vir die eerste keer Christene genoem





word. Dan word Paulus en Bar'nabas uit Antiochië op 'n predikingsreis na verre lande gestuur. Een van die stede waarheen hulle gaan, is Listra, waar Timo'teus woon.

Nou, omtrent 'n jaar later, is Paulus op 'n tweede reis terug in Listra. Weet jy waarheen hulle gaan wanneer Timo'teus saam met Paulus en Silas daar weggaan? Kyk na die kaart en leer 'n paar van die plekke ken.

Hulle gaan eers na Iko'nium daar naby, dan na 'n tweede stad met die naam Antiochië. Daarna reis hulle na Troas, en dan na Filip'pi, Tessaionika en Bere'a. Sien jy Atene op die kaart? Paulus preek daar. Daarna preek hulle 'n jaar en 'n half in Korinte. Uiteindelik bly hulle vir 'n kort rukkie in Efese. Dan kom hulle per boot terug na Sesare'a en reis na Antiochië, waar Paulus woon.

So reis Timo'teus honderde en honderde kilometers om Paulus te help om die "goeie nuus" te verkondig en baie Christengemeentes te stig. Gaan jy, wanneer jy ouer word, soos Timo'teus 'n getroue knecht van God wees?

Handelinge 9:19-30; 11:19-26; hoofstukke 13 tot 17; 18:1-22.

'N SEUN RAAK AAN DIE SLAAP 111

OAARDE! Wat gebeur hier? Het die seun wat op die grond lê, baie seer gekry? Kyk! Een van die mans wat uit die huis kom, is Paulus. Kan jy vir Timo'teus ook daar sien? Het die seun uit die venster geval?

Ja, dit is presies wat gebeur het. Paulus het vir die dissipels hier in Troas 'n toespraak gehou. Hy het geweet dat hy hulle nie gou weer sal sien nie, want hy moes die volgende dag op 'n boot daarvandaan weggaan. Daarom het hy tot middernag aangehou praat.

Wel, hierdie seun met die naam Eu'tigus het in die venster gesit en aan die slaap geraak. Hy het omgeval en uit die venster op die derde verdieping tot op die grond geval! Nou kan jy verstaan hoekom die mense so bekommerd lyk. Wanneer die mans die seun optel, is dit net soos hulle gedink het. Hy is dood!

Wanneer Paulus sien dat die seun dood is, gaan lê hy bo-op hom en omhels hom. Dan sê hy: 'Moenie bekommerd wees nie. Hy makeer niks!' En dit is so! Dit is 'n wonderwerk! Paulus het hom weer lewendig gemaak! Die skare is baie, baie bly.


Hulle gaan almal weer boontoe en eet saam. Paulus hou aan praat totdat dit dag word. Maar jy kan seker wees Eu'tigus raak nie weer aan die slaap nie! Dan klim Paulus, Timo'teus en dié wat saam met hulle reis, op die boot. Weet jy waarheen hulle gaan?

Paulus is aan die einde van sy derde predikingsreis en is op pad huis toe. Op hierdie reis het Paulus drie jaar lank in net die stad E'fese gebly. Hierdie reis is dan selfs langer as sy tweede reis.

Nadat die boot uit Troas weggegaan het, stop dit vir 'n rukkie by Mile'te. Omdat E'fese net 'n paar kilometer daarvandaan is, laat Paulus die ouer manne van die gemeente na Mile'te toe kom sodat hy vir die laaste keer met hulle kan praat. Hoe hartseer is hulle tog dat Paulus moet gaan wanneer dit tyd is vir die boot om te seil!

Uiteindelik kom die boot weer by Sesare'a aan. Terwyl Paulus hier in die huis van die dissipel Filippus bly, waarsku die profeet A'gabus vir Paulus. Hy sê dat Paulus gevange geneem sal word wanneer hy in Jerusalem kom. En dit is ook net wat gebeur. Nadat Paulus twee jaar in Sesare'a in die tronk was, word hy na Rome toe gestuur om deur die Romeinse keiser verhoor te word. Kom ons kyk wat gebeur gedurende die reis na Rome toe.

Handelinge hoofstukke 19 tot 26.



KYK! Die boot is in die moeilikheid! Dit breek in stukke! Sien jy die mense wat in die water gespring het? Party is al klaar op die strand. Is dit Paulus daardie? Kom ons vind uit wat met hom gebeur het.

Onthou, Paulus is twee jaar lank in Sesare'a in die tronk. Dan word hy en ander gevangenes op 'n boot gesit, en hulle seil na Rome toe. Wanneer hulle naby die eiland Kreta verbyseil, is daar 'n verskriklike storm. Die wind waai so hard dat die mans die boot nie kan stuur nie. En hulle kan in die dag nie die son en in die nag nie die sterre sien



nie. Uiteindelik, ná baie dae, gee die mense op die boot alle hoop op om gered te word.

Dan staan Paulus op en sê: ‘Nie een van julle sal doodgaan nie; net die boot sal verlore gaan. Want verlede nag het ’n engel van God na my toe gekom en gesê: “Moenie bang wees nie, Paulus! Jy moet voor die Romeinse keiser staan. En God sal almal red wat saam met jou seil.”’

Omtrent middernag op die 14de dag van die storm kom die matrose agter dat die water vlakker word! Omdat hulle bang is dat hulle teen rotse sal vasseil, laat sak hulle die ankers. Die volgende oggend sien hulle ’n baai. Hulle besluit om met die boot tot op die strand te probeer seil.

Wel, wanneer hulle naby die strand kom, tref die boot ’n sandbank en sit dit vas. Dan begin die golwe daarteen slaan, en die boot begin in stukke breek. Die leëroffisier in bevel sê: ‘Almal wat kan swem, moet eerste in die see spring en na die strand toe swem. Die res van julle moet ná hulle inspring en stukke van die boot gryp om aan vas te hou.’ En dit is wat hulle toe doen. Só kom al 276 mense wat op die boot was, veilig op die strand, net soos die engel belowe het.

Die eiland word Malta genoem. Die mense is baie vriendelik, en hulle sorg vir die mense wat op die boot was. Wanneer die weer beter word, word Paulus op ’n ander boot gesit en na Rome toe geneem.

Handelinge 27:1-44; 28:1-14.





S IEN jy die kettings aan Paulus en die Romeinse soldaat wat hom oppas? Paulus is 'n gevangene in Rome. Hy wag dat die Romeinse keiser besluit wat om met hom te doen. Terwyl hy 'n gevangene is, mag mense vir hom kom kuier.

Drie dae nadat Paulus in Rome aangekom het, nooi hy 'n paar Joodse leiers om na hom toe te kom. As gevolg hiervan kom baie van die Jode in Rome na hom toe. Paulus preek vir hulle oor Jesus en die koninkryk van God. Party glo en word Christene, maar ander glo nie.

Paulus preek ook vir die soldate wat hom moet oppas. Gedurende die twee jaar wat hy hier 'n gevangene is, preek Paulus vir almal wat hy kan. As gevolg hiervan hoor selfs die huisgesin van die keiser die goeie nuus van die Koninkryk, en party van hulle word Christene.

Maar wie is die besoeker wat by die tafel sit en skryf? Kan jy raai? Ja, dit is Timo'teus. Timo'teus was ook in die tronk omdat hy oor die Koninkryk gepreek het, maar hy is weer vry. En hy het gekom om vir Paulus te help. Weet jy wat Timo'teus skryf? Kom ons kyk.

Onthou jy die stede Filip'pi en E'fese in Verhaal 110? Paulus het gehelp om Christengemeentes in daardie stede te stig. Nou, terwyl hy in die tronk is, skryf Paulus briewe aan daardie Christene. Die briewe is in die Bybel, en hulle word Efesiërs en Filippense genoem. Paulus vertel hier vir Timo'teus wat om aan hulle Christenvriende in Filip'pi te skryf.

Die Filippense was baie goed vir Paulus. Hulle het vir hom 'n geskenk hier in die tronk gestuur, en nou sê Paulus vir hulle dankie daarvoor. Epafrodi'tus het die geskenk gebring. Maar hy het baie siek geword en amper doodgegaan. Nou is hy weer gesond en kan hy huis toe gaan. Hy sal hierdie brief van Paulus en Timo'teus saam met hom vat wanneer hy na Filip'pi toe teruggaan.

Terwyl Paulus in die tronk is, skryf hy nog twee briewe wat in die Bybel is. Een is aan die Christene in die stad Kolos'se. Weet jy wat

dit genoem word? Kolossense. Die ander een is 'n persoonlike brief aan 'n baie goeie vriend met die naam File'mon wat ook in Kolos'se woon. Hierdie brief is oor File'mon se kneg One'simus.

One'simus het weggeloop van File'mon af en na Rome toe gekom. Toe het One'simus gehoor dat Paulus hier in die tronk is. Hy het na hom toe gekom, en Paulus het vir One'simus gepreek. One'simus het sommer gou ook 'n Christen geword. Nou is One'simus jammer dat hy weggeloop het. Weet jy wat Paulus in hierdie brief aan File'mon skryf?

Paulus vra vir File'mon om One'simus te vergewe. 'Ek stuur hom terug na jou toe', skryf Paulus. 'Maar nou is hy nie net jou kneg nie. Hy is ook 'n goeie Christenbroer.' Wanneer One'simus na Kolos'se toe teruggaan, neem hy hierdie twee briewe saam met hom, een vir die Kolossense en die ander een vir File'mon. Ons kan net dink hoe bly File'mon is wanneer hy hoor dat sy kneg 'n Christen geword het.

Wanneer Paulus aan die Filippense en aan File'mon skryf, het hy sommer baie goeie nuus. 'Ek stuur Timo'teus na julle toe', sê Paulus vir die Filippense. 'Maar ek sal ook binnekort na julle toe kom.' En aan File'mon skryf hy: 'Kry vir my 'n plek reg dat ek daar kan bly.'

Wanneer Paulus vrygelaat word, gaan hy na sy Christenbroers en -susters in baie plekke toe. Maar later word Paulus weer in Rome gevange gehou. Hierdie keer weet hy dat hy doodgemaak gaan word. Daarom skryf hy aan Timo'teus en vra hom om gou te kom. 'Ek was getrou aan God', skryf Paulus, 'en God sal my beloon.' 'n Paar jaar nadat Paulus doodgemaak is, word Jerusalem weer vernietig, hierdie keer deur die Romeine.

Maar daar is nog meer dinge in die Bybel. Jehovah God laat die apostel Johannes die laaste Bybelboeke skryf, waarvan Openbaring een is. Hierdie Bybelboek vertel van die toekoms. Kom ons vind nou uit wat in die toekoms gaan gebeur.

Wat die Bybel voorspel, word bewaarheid

Die Bybel vertel nie net die waarheid oor wat in die verlede gebeur het nie, maar dit vertel ook wat in die toekoms gaan gebeur. Mense kan nie sê wat in die toekoms gaan gebeur nie. Dit is hoe ons weet dat die Bybel van God af kom. Wat sê die Bybel oor die toekoms?

Dit vertel van 'n groot oorlog van God. In hierdie oorlog sal God alle slegte dinge en alle slegte mense van die aarde af wegneem, maar hy sal die mense wat hom dien, beskerm. God se koning, Jesus Christus, sal sorg dat God se knegte vrede en geluk geniet en dat hulle nooit weer siek sal word of sal doodgaan nie.

Ons kan bly wees dat God 'n nuwe paradys op die aarde gaan maak, nè? Maar ons moet iets doen as ons in hierdie paradys wil lewe. Die laaste verhaal in die boek leer vir ons wat ons moet doen om die wonderlike dinge te geniet wat God vir die mense wat hom dien, sal gee. Lees nou DEEL 8 en vind uit wat die Bybel vir die toekoms voorspel.

'N EINDE AAN ALLE SLEGTE DINGE 114

WAT sien jy hier? Ja, 'n leër op wit perde. Maar kyk waar kom hulle vandaan. Die perde kom uit die hemel en galop op die wolke! Is daar regtig perde in die hemel?

Nee, dit is nie regte perde nie. Ons weet dit, want perde kan mos nie op wolke hardloop nie. Maar die Bybel praat tog van perde in die hemel. Weet jy hoekom?

Dit is omdat perde vroeër baie gebruik is wanneer mense oorlog gemaak het. Daarom vertel die Bybel van persone wat uit die hemel op perde ry om te wys dat God oorlog gaan maak teen mense op die aarde. Weet jy wat die plek genoem word waar hierdie oorlog gaan wees? Armageddon. Daardie oorlog gaan alle slegte dinge op die aarde vernietig.

Jesus is die Een wat die leiding gaan neem in die geveg gedurende hierdie oorlog by Armageddon. Onthou, Jesus is die een wat Jehovah gekies het om die koning van Sy regering te wees. Dit is hoekom Jesus 'n kroon op sy kop het. En die swaard wys dat hy al God se vyande gaan doodmaak. Moet ons verbaas wees dat God alle slegte mense gaan vernietig?

Blaai terug na Verhaal 10. Wat sien jy daar? Ja, die groot Vloed wat slegte mense vernietig het. Wie het daardie Vloed gebring? Jehovah God. Kyk nou na Verhaal 15. Wat gebeur daar? Sodom en Gomor'a word vernietig deur vuur wat Jehovah gestuur het.

Blaai na Verhaal 33. Kyk wat gebeur met die perde en strydwaens van die Egiptenaars. Wie het die water oor hulle laat terugvloei? Jehovah. Hy het dit gedoen om sy volk te beskerm. Kyk na Verhaal 76. Jy sal daar sien dat Jehovah selfs sy eie volk, die Israeliete, laat vernietig het omdat hulle slegte dinge gedoen het.

Ons moet dan nie verbaas wees dat Jehovah sy hemelse leërs gaan stuur om 'n einde aan alle slegte dinge op die aarde te maak nie. Maar dink net wat dit gaan beteken! Blaai om en kyk. Openbaring 16:16; 19:11-16.




'N NUWE PARADYS OP AARDE 115

KYK na daardie groot bome, mooi blomme en hoë berge. Is dit nie 'n pragtige plek nie? Kyk hoe eet die bokkie uit die seuntjie se hand. En kyk na die leeus en die perde daar agter in die veld. Sal jy nie daarvan hou om in 'n huis in so 'n plek te bly nie?

God wil hê dat jy vir ewig in 'n paradys op die aarde moet lewe. En hy wil nie hê dat jy aan die kwale en pyne moet ly wat mense vandag het nie. Aan die mense wat in die nuwe paradys gaan lewe, belowe die Bybel: 'God sal met hulle wees. Daar sal nie meer dood of gehuil of pyn wees nie. Die ou dinge het verbygegaan.'


Jesus sal sorg dat hierdie wonderlike verandering plaasvind. Weet jy wanneer? Ja, nadat hy alle slegte dinge en slegte mense van die aarde weggeneem het. Onthou, toe Jesus op die aarde was, het




hy mense met allerhande siektes gesond gemaak, en hy het selfs dooies opgewek. Jesus het dit gedoen om te wys wat hy oor die hele aarde gaan doen wanneer hy Koning van God se koninkryk word.

Dink net hoe wonderlik dit in die nuwe paradys op die aarde gaan wees! Jesus gaan saam met dié wat hy kies, uit die hemel regeer. Hierdie heersers sal vir almal op die aarde sorg en sal seker maak dat hulle gelukkig is. Kom ons kyk wat ons moet doen om seker te maak dat God vir ons die ewige lewe in sy nuwe paradys sal gee.

Openbaring 21:3, 4; 5:9, 10; 14:1-3.





My boek met
BYBEL-
VERHALE

**Die
Bybel**

HOE ONS VIR EWIG KAN LEWE 116

SIEN jy wat hierdie meisie en haar maatjies lees? Ja, dit is dieselfde boek wat jy nou lees—*My boek met Bybelverhale*. En hulle lees presies dieselfde verhaal wat jy nou lees—“Hoe ons vir ewig kan lewe”.

Weet jy wat hulle leer? Eerstens, dat ons Jehovah en sy Seun Jesus moet ken as ons vir ewig wil lewe. Die Bybel sê: ‘Só kan ’n mens vir ewig lewe: Leer van die enigste ware God en van die Seun wat hy na die aarde toe gestuur het, Jesus Christus.’

Hoe kan ons van Jehovah God en sy Seun Jesus leer? Een manier is om *My boek met Bybelverhale* van voor tot agter te lees. Dit vertel ons baie van Jehovah en Jesus, nie waar nie? En dit vertel ons baie van die dinge wat hulle reeds gedoen het en van die dinge wat hulle nog gaan doen. Maar ons moet meer doen as om net hierdie boek te lees.

Sien jy die ander boek wat op die vloer lê? Dit is die Bybel. Laat iemand vir jou die dele uit die Bybel lees waaroor die verhale in hierdie boek gaan. Die Bybel gee vir ons al die inligting wat ons nodig het sodat ons almal Jehovah op die regte manier kan dien en die ewige lewe kan kry. Daarom moet ons ’n gewoonte daarvan maak om die Bybel dikwels te bestudeer.

Maar dit is nie genoeg om net van Jehovah God en Jesus Christus te leer nie. Ons kan baie weet van hulle en van wat hulle leer en nog altyd nie die ewige lewe kry nie. Weet jy wat nog nodig is?

Ons moet ook lewe volgens die dinge wat ons leer. Onthou jy vir Judas Iska’riot? Hy was een van die 12 wat Jesus gekies het om sy apostels te wees. Judas het baie van Jehovah en Jesus geweet. Maar wat het met hom gebeur? Na ’n ruk het hy selfsugtig geword, en hy het Jesus vir 30 silwerstukke aan sy vyande verraai. Daarom sal Judas nie die ewige lewe kry nie.

Onthou jy vir Geha'si, die man waarvan ons in Verhaal 69 geleer het? Hy wou klere en geld hê wat nie aan hom behoort het nie. Toe het hy 'n leuen vertel om hierdie dinge te kry. Maar Jehovah het hom gestraf. En hy sal ons ook straf as ons nie sy wette gehoorsaam nie.

Maar daar is baie goeie mense wat Jehovah altyd getrou gedien het. Ons wil soos hulle wees, nè? Jong Samuel is 'n goeie voorbeeld om na te volg. Soos ons in Verhaal 55 gesien het, was hy net vier of vyf jaar oud toe hy Jehovah by Sy tabernakel begin dien het. Al is jy dan ook hoe jonk, jy is nie te jonk om Jehovah te dien nie.

Jesus Christus is natuurlik die persoon wat ons almal wil navolg. Selfs toe hy nog 'n seun was, het hy in die tempel met ander oor sy hemelse Vader gepraat, soos Verhaal 87 wys. Laat ons sy voorbeeld navolg. Laat ons vir soveel mense as moontlik van ons wonderlike God Jehovah en sy Seun, Jesus Christus, vertel. As ons hierdie dinge doen, sal ons vir ewig in God se nuwe paradys op die aarde kan lewe.

Johannes 17:3; Psalm 145:1-21.



Studievrae vir My boek met Bybelverhale

Verhaal 1

God begin om dinge te maak

1. Waar kom alle goeie dinge vandaan, en kan jy 'n voorbeeld daarvan gee?
2. Wat het God heel eerste geskep?
3. Hoekom was die eerste engel spesiaal?
4. Beskryf hoe die aarde aan die begin was (Sien die prent.)
5. Hoe het God begin om die aarde vir diere en mense reg te maak?

Bykomende vrae:

1. Lees *Jeremia 10:12*.

Watter eienskappe van God kan in sy skeppingswerke gesien word? (*Jes. 40:26; Rom. 11:33*)

2. Lees *Kolossense 1:15-17*.

Watter rol het Jesus in die skepping gespeel, en hoe moet dit ons beskouing van hom beïnvloed? (*Kol. 1:15-17*)

3. Lees *Genesis 1:1-10*.

- (a) Waar kom die aarde vandaan? (*Gen. 1:1*)
- (b) Wat het op die eerste skeppingsdag gebeur? (*Gen. 1:3-5*)
- (c) Beskryf wat gedurende die tweede skeppingsdag gebeur het (*Gen. 1:7, 8*)

Verhaal 2

'n Pragtige tuin

1. Hoe het God die aarde reggemaak om ons tuis te te wees?
2. Beskryf die groot verskeidenheid diere wat God gemaak het (Sien die prent.)
3. Hoekom was die tuin van Eden 'n spesiale plek?
4. Wat wou God hê moes die hele aarde word?

Bykomende vrae:

1. Lees *Genesis 1:11-25*.

- (a) Wat het God gedurende die derde skeppingsdag geskep? (*Gen. 1:12*)
- (b) Wat het gedurende die vierde skeppingsdag gebeur? (*Gen. 1:16*)
- (c) Watter soorte diere het God op die vyfde en sesde dag gemaak? (*Gen. 1:20, 21, 25*)

2. Lees *Genesis 2:8, 9*.

Watter twee spesiale bome het God in die tuin gesit, en wat het hulle afgebeeld?

Verhaal 3

Die eerste man en vrou

1. Hoe is die prent by Verhaal 3 anders as die een by Verhaal 2?
2. Wie het die eerste man gemaak, en wat was die man se naam?
3. Watter werk het God vir Adam gegee?
4. Hoekom het God Adam vas aan die slaap laat raak?
5. Hoe lank kon Adam en Eva lewe, en watter werk wou Jehovah hê moes hulle doen?

Bykomende vrae:

1. Lees *Psalms 83:18*.

Wat is God se naam, en wat is sy unieke posisie oor die aarde? (*Jer. 16:21; Dan. 4:17*)

2. Lees *Genesis 1:26-31*.

- (a) Wat was die klimaks van God se skepping op die sesde dag, en hoe was hierdie skeppingswerk anders as die diere? (*Gen. 1:26*)
- (b) Watter voorsiening het Jehovah vir mense so wel as diere gemaak? (*Gen. 1:30*)

3. Lees *Genesis 2:7-25*.

- (a) Wat was betrokke by Adam se werk om die diere name te gee? (*Gen. 2:19*)
- (b) Hoe help *Genesis 2:24* ons om te verstaan wat Jehovah se beskouing is van die huwelik en wanneer mense uitmekaar gaan of skei? (*Matt. 19:4-6, 9*)

Verhaal 4

Hulle verloor hulle tuiste

1. Wat gebeur in die prent met Adam en Eva?
2. Hoekom het Jehovah hulle gestraf?
3. Wat het 'n slang vir Eva gesê?
4. Wie het die slang met Eva laat praat?
5. Hoekom het Adam en Eva hulle Paradystuiste verloor?

Bykomende vrae:

1. Lees *Genesis 2:16, 17* en *3:1-13, 24*.

(a) Hoe het die slang se vraag aan Eva Jehovah verkeerd voorgestel? (*Gen. 3:1-5; 1 Joh. 5:3*)

(b) Hoe is Eva 'n waarskuwende voorbeeld vir ons?

(Fil. 4:8; Jak. 1:14, 15; 1 Joh. 2:16)

(c) Hoe het Adam en Eva nie verantwoordelikheid vir hulle dade aanvaar nie? (Gen. 3:12, 13)

(d) Hoe het die gerubs wat aan die oostekant van die tuin van Eden geplaas is, Jehovah se soewereiniteit ondersteun? (Gen. 3:24)

2. *Lees Openbaring 12:9.*

Hoe suksesvol was Satan om mense teen God se heerskappy te laat draai? (1 Joh. 5:19)

Verhaal 5

'n Moeilike lewe begin

1. Hoe was die lewe vir Adam en Eva buite die tuin van Eden?

2. Wat het met Adam en Eva begin gebeur, en hoekom?

3. Hoekom sou Adam en Eva se kinders oud word en doodgaan?

4. Hoe sou die lewe vir hulle en hulle kinders gevees het as Adam en Eva aan Jehovah gehoorsaam was?

5. Hoe het Eva se ongehoorsaamheid vir haar pyn veroorsaak?

6. Wat was die name van Adam en Eva se eerste twee seuns?

7. Wie is die ander kinders in die prent?

Bykomende vrae:

1. *Lees Genesis 3:16-23 en 4:1, 2.*

(a) Hoe is Adam se lewe geraak deur die vloek op die grond? (Gen. 3:17-19; Rom. 8:20, 22)

(b) Hoekom was die naam Eva, wat "Lewende" beteken, gepas? (Gen. 3:20)

(c) Hoe was Jehovah bedagsaam teenoor Adam en Eva, selfs nadat hulle gesondig het? (Gen. 3:7, 21)

2. *Lees Openbaring 21:3, 4.*

Na die verwydering van watter "vorige dinge" sien jy uit?

Verhaal 6

'n Goeie en 'n slegte seun

1. Watter soort werk kies Kain en Abel?

2. Watter offers bring Kain en Abel aan Jehovah?

3. Hoekom hou Jehovah van Abel se offer, en hoekom hou hy nie van Kain s'n nie?

4. Watter soort mens is Kain, en hoe probeer Jehovah hom reghelp?

5. Wat doen Kain wanneer hy alleen saam met sy broer in die veld is?

6. Verduidelik wat met Kain gebeur het nadat hy sy broer doodgemaak het.

Bykomende vrae:

1. *Lees Genesis 4:2-26.*

(a) Hoe het Jehovah die gevaarlike posisie waarin Kain was, beskryf? (Gen. 4:7)

(b) Hoe het Kain getoon wat sy hartstoestand was? (Gen. 4:9)

(c) Hoe beskou Jehovah die vergieting van onskuldige bloed? (Gen. 4:10; Jes. 26:21)

2. *Lees 1 Johannes 3:11, 12.*

(a) Hoekom het Kain baie kwaad geword, en hoe is dit vandag vir ons 'n waarskuwing? (Gen. 4:4, 5; Spr. 14:30; 28:22)

(b) Hoe toon die Bybel dat ons ons onkreukbaarheid kan behou, selfs wanneer al ons gesinslede Jehovah teëstaan? (Ps. 27:10; Matt. 10:21, 22)

3. *Lees Johannes 11:25.*

Watter versekering gee Jehovah in verband met almal wat ter wille van regverdigheid doodgaan? (Joh. 5:24)

Verhaal 7

'n Dapper man

1. Hoe was Henog anders?

2. Hoekom het mense in Henog se dag soveel slegte dinge gedoen?

3. Watter slegte dinge het mense gedoen? (Sien die prent.)

4. Hoekom moes Henog dapper wees?

5. Hoe lank het mense in daardie dae gelewe, maar hoe lank het Henog gelewe?

6. Wat het gebeur nadat Henog doodgegaan het?

Bykomende vrae:

1. *Lees Genesis 5:21-24, 27.*

(a) Watter soort verhouding het Henog met Jehovah gehad? (Gen. 5:24)

(b) Wie is volgens die Bybel die oudste mens wat nog ooit gelewe het, en hoe oud was hy toe hy doodgegaan het? (Gen 5:27)

2. *Lees Genesis 6:5.*

Hoe sleg het ding op die aarde geword ná Henog se dood, en hoe vergelyk dit met ons dag? (2 Tim. 3:13)

3. *Lees Hebreërs 11:5.*

Watter eienkap van Henog was "vir God welbehaaglik", en met watter gevolg? (Gen. 5:22)

4. *Lees Judas 14, 15.*

Hoe kan Christene vandag Henog se moed navolg wanneer hulle mense waarsku van die komende slag van Armageddon? (2 Tim. 4:2; Heb. 13:6)

Verhaal 8

Reuse op die aarde

1. Wat het gebeur toe party van God se engele na Satan geluister het?

2. Hoekom het party engele opgehou met hulle werk in die hemel en aarde toe gekom?
3. Hoekom was dit verkeerd van die engele om aarde toe te kom en vir hulleself menseliggame te maak?
4. Hoe was die kinders van die engele anders?
5. Wat het die kinders van die engele gedoen toe hulle reuse geword het, soos jy in die prent kan sien?
6. Watter goeie man het ná Henog op die aarde gelewe, en hoekom het God van hom gehou?

Bykomende vrae:

1. Lees Genesis 6:1-8.

Wat toon Genesis 6:6 oor die uitwerking wat ons gedrag op Jehovah se gevoelens kan hê? (Ps. 78: 40, 41; Spr. 27:11)

2. Lees Judas 6.

Hoe is die engele wat in Noag se dag "nie hulle oorspronklike posisie behou het nie" vandag vir ons 'n les? (1 Kor. 3:5-9; 2 Pet. 2:4, 9, 10)

Verhaal 9

Noag bou 'n ark

1. Hoeveel mense was in Noag se gesin, en wat was die name van sy drie seuns?
2. Watter ongewone ding het God vir Noag gevra om te doen, en hoekom?
3. Wat het die ander mense gedoen toe Noag vir hulle van die ark vertel?
4. Wat het God vir Noag gesê om met die diere te doen?
5. Wat moes Noag en sy gesin doen nadat God die deur van die ark toegemaak het?

Bykomende vrae:

1. Lees Genesis 6:9-22.

(a) Wat het Noag 'n uitsonderlike aanbieder van die ware God gemaak? (Gen. 6:9, 22)

(b) Hoe voel Jehovah oor geweld, en hoe moet dit ons keuse van vermaak beïnvloed? (Gen. 6:11, 12; Ps. 11:5)

(c) Hoe kan ons Noag navolg wanneer ons riglyne deur middel van Jehovah se organisasie ontvang? (Gen. 6:22; 1 Joh. 5:3)

2. Lees Genesis 7:1-9.

Hoe moedig die feit dat Jehovah die onvolmaakte man Noag as regverdig beskou het, ons vandag aan? (Gen. 7:1; Spr. 10:16; Jes. 26:7)

Verhaal 10

Die groot vloed

1. Hoekom kon niemand meer in die ark ingaan nadat dit begin reën het nie?
2. Hoeveel dae en nagte het Jehovah dit laat reën, en hoe diep het die water geword?

3. Wat het met die ark gebeur toe die water die aarde begin bedek het?
4. Het die reuse die Vloed oorleef, en wat het van die reuse se pa's geword?
5. Wat het ná vyf maande met die ark gebeur?
6. Hoekom het Noag 'n raaf uit die ark gestuur?
7. Hoe het Noag geweet dat die water op die aarde gesak het?
8. Wat het God vir Noag gesê nadat hy en sy gesin meer as 'n jaar lank in die ark was?

Bykomende vrae:

1. Lees Genesis 7:10-24.

(a) Hoe omvattend was die vernietiging van lewe op die aarde? (Gen. 7:23)

(b) Hoe lank het dit geneem vir die water van die Vloed om te sak? (Gen. 7:24)

2. Lees Genesis 8:1-17.

Hoe toon Genesis 8:17 dat Jehovah se oorspronklike voorneme vir die aarde nie verander het nie? (Gen. 1:22)

3. Lees 1 Petrus 3:19, 20.

(a) Watter oordeel het die opstandige engele ontvang toe hulle teruggegaan het hemel toe? (Jud. 6)

(b) Hoe versterk die verslag oor Noag en sy gesin ons vertroue in Jehovah se vermoë om sy knegte te verlos? (2 Pet. 2:9)

Verhaal 11

Die eerste reënboog

1. Wat het Noag heel eerste gedoen nadat hy uit die ark gekom het, soos die prent wys?
2. Watter gebod het God ná die Vloed vir Noag en sy gesin gegee?
3. Wat het God belowe?
4. Waaraan moet dit ons herinner as ons 'n reënboog sien?

Bykomende vrae:

1. Lees Genesis 8:18-22.

(a) Hoe kan ons vandag " 'n rustige geur" aan Jehovah voorsien? (Gen. 8:21; Heb. 13:15, 16)

(b) Wat het Jehovah van die mens se hartstoestand gesê, en waarvoor moet ons dus versigtig wees? (Gen. 8:21; Matt. 15:18, 19)

2. Lees Genesis 9:9-17.

(a) Watter verbond het Jehovah met alle lewende wesens op die aarde gesluit? (Gen. 9:10, 11)

(b) Hoe lank sal die reënboogverbond geldig bly? (Gen. 9:16)

Verhaal 12

Mense bou 'n groot toring

1. Wie was Nimrod, en hoe het God oor hom gevoel?
2. Hoekom maak die mense in die prent bakstene?

God toets Abraham se geloof

1. Wat het God aan Abraham belowe, en hoe het God sy belofte gehou?
2. Hoe het God Abraham se geloof getoets, soos die prent wys?
3. Wat het Abraham gedoen, al het hy nie die rede vir God se bevel verstaan nie?
4. Wat het gebeur toe Abraham die mes uithaal om sy seun dood te maak?
5. Hoe sterk was Abraham se geloof in God?
6. Wat het God gegee sodat Abraham dit kon offer, en hoe?

Bykomende vrae:

1. *Lees Genesis 21:1-7.*
Hoekom het Abraham sy seun op die agtste dag besny? (Gen. 17:10-12; 21:4)
2. *Lees Genesis 22:1-18.*
Hoe het Isak gewys dat hy aan sy vader, Abraham, onderdanig was, en hoe het dit 'n toekomstige, meer betekenisvolle gebeurtenis voorafgeskadu? (Gen. 22:7-9; 1 Kor. 5:7; Fil. 2:8, 9)

Lot se vrou het omgekyk

1. Hoekom het Abraham en Lot uitmekaar gegaan?
2. Hoekom het Lot gekies om in Sodom te woon?
3. Hoe was die mense van Sodom?
4. Waarvan het twee engele vir Lot gewaarsku?
5. Hoekom het Lot se vrou 'n soutpilaar geword?
6. Watter les kan ons leer uit wat met Lot se vrou gebeur het?

Bykomende vrae:

1. *Lees Genesis 13:5-13.*
Watter les kan ons by Abraham leer oor hoe probleme tussen mense opgelos moet word? (Gen. 13:8, 9; Rom. 12:10; Fil. 2:3, 4)
2. *Lees Genesis 18:20-33.*
Hoe gee Jehovah se handeling met Abraham ons vertroue dat Jehovah en Jesus regverdig sal oordeel? (Gen. 18:25, 26; Matt. 25:31-33)
3. *Lees Genesis 19:1-29.*
(a) Wat wys hierdie Bybelverslag oor God se beskouing van homoseksualiteit? (Gen. 19:5, 13; Lev. 20:13)
(b) Watter verskil sien ons in die manier waarop Lot en Abraham op God se instruksies gereageer het, en wat kan ons hieruit leer? (Gen. 19:15, 16, 19, 20; 22:3)
4. *Lees Lukas 17:28-32.*
Watter gesindheid het Lot se vrou teenoor materiële dinge gehad, en hoe is dit vir ons 'n waarskuwing? (Luk. 12:15; 17:31, 32; Matt. 6:19-21, 25)

3. Hoekom het Jehovah nie van die bouery gehou nie?
4. Hoe het God die mense laat ophou om die toring te bou?
5. Wat is die stad genoem, en wat het daardie naam beteken?
6. Wat het met die mense gebeur nadat God hul le tale verwar het?

Bykomende vrae:

1. *Lees Genesis 10:1, 8-10.*
Watter eienskappe het Nimrod aan die dag gelê, en waarteen waarsku dit ons? (Spr. 3:31)
2. *Lees Genesis 11:1-9.*
Hoekom het hulle die toring gebou, en hoekom was die projek tot mislukking gedoem? (Gen. 11:4; Spr. 16:18; Joh. 5:44)

Abraham—'n vriend van God

1. Watter soort mense het in die stad Ur gewoon?
2. Wie is die man in die prent, wanneer is hy gebore, en waar het hy gewoon?
3. Wat het God vir Abraham gesê om te doen?
4. Hoekom is Abraham God se vriend genoem?
5. Wie het saam met Abraham gegaan toe hy uit Ur weggetrek het?
6. Wat het God vir Abraham gesê toe hy in die land Kanaän gekom het?
7. Watter belofte het God aan Abraham gemaak toe hy 99 jaar oud was?

Bykomende vrae:

1. *Lees Genesis 11:27-32.*
(a) Hoe was Abraham en Lot familie van mekaar? (Gen. 11:27)
(b) Al lees ons dat Tera sy familie na Kanaän laat trek het, hoe weet ons dat dit eintlik Abraham was wat die leiding hierin geneem het, en hoekom het hy dit gedoen? (Gen. 11:31; Hand. 7:2-4)
2. *Lees Genesis 12:1-7.*
Hoe het Jehovah meer besonderhede oor die Abrahamitiese verbond gegee nadat Abraham in die land Kanaän gekom het? (Gen. 12:7)
3. *Lees Genesis 17:1-8, 15-17.*
(a) Waarna is Abram se naam verander toe hy 99 jaar oud was, en hoekom? (Gen. 17:5)
(b) Watter toekomstige seëninge het Jehovah aan Sara belowe? (Gen. 17:15, 16)
4. *Lees Genesis 18:9-19.*
(a) Watter verantwoordelikhede word in Genesis 18:19 vir vaders uiteengesit? (Deut. 6:6, 7; Ef. 6:4)
(b) Watter ondervinding van Sara wys dat ons niks vir Jehovah kan wegsteek nie? (Gen. 18:12, 15; Ps. 44:21)

In navolging van Lot, wat moet ons gesindheid wees teenoor die goddelose wêreld om ons? (Eseg. 9:4; 1 Joh. 2:15-17)

Jakob gaan na Haran

1. Wie is die jong vrou in die prent, en wat het Jakob vir haar gedoen?
2. Wat was Jakob bereid om te doen om met Ragel te trou?
3. Wat het Laban gedoen toe die tyd gekom het vir Jakob om met Ragel te trou?
4. Wat het Jakob gesê sal hy doen om met Ragel te kan trou?

Verhaal 16

Isak kry 'n goeie vrou

1. Wie is die man en die vrou in die prent?
2. Wat het Abraham gedoen om vir sy seun 'n vrou te kry, en hoekom?
3. Hoe is die gebed van Abraham se kneg verhoor?
4. Wat het Rebekka gesê toe sy gevra is of sy met Isak wil trou?
5. Wat het Isak weer gelukkig gemaak?

Bykomende vrae:

1. Lees Genesis 29:1-30.

(a) Hoe het Jakob gewys dat hy eerbaar is, selfs nadat Laban hom gekul het, en wat kan ons hieruit leer? (Gen. 25:27; 29:26-28; Matt. 5:37)

(b) Hoe wys Jakob se voorbeeld wat die verskil is tussen liefde en verliefdheid? (Gen. 29:18, 20, 30; Hoogl. 8:6)

(c) Watter vier vroue het deel van Jakob se huis geword en later vir hom seuns gebaar? (Gen. 29:23, 24, 28, 29)

Bykomende vrae:

1. Lees Genesis 24:1-67.

(a) Watter goeie eienskappe het Rebekka aan die dag gelê toe sy Abraham se kneg by die put ontmoet het? (Gen. 24:17-20; Spr. 31:17, 31)

(b) Watter goeie voorbeeld stel Abraham se reëling vir Isak vir Christene van vandag? (Gen. 24:37, 38; 1 Kor. 7:39; 2 Kor. 6:14)

(c) Hoekom moet ons, soos Isak, tyd maak vir bepeinsing? (Gen. 24:63; Ps. 77:12; Fil. 4:8)

Verhaal 19

Jakob het 'n groot gesin

1. Wat is die name van die ses seuns wat Jakob by sy eerste vrou, Lea, gehad het?
2. Aan watter twee seuns van Jakob het Lea se slavin Silpa geboorte gegee?
3. Wat is die name van die twee seuns van Jakob waaraan Ragel se slavin Bilha geboorte gegee het?
4. Watter twee seuns het Ragel gehad, maar wat het gebeur toe die tweede seun gebore is?
5. Hoeveel seuns het Jakob volgens die prent gehad, en wat het van hulle afgestam?

Bykomende vrae:

1. Lees Genesis 29:32-35; 30:1-26 en 35:16-19.

Soos gesien kan word in die geval van Jakob se 12 seuns, hoe het Hebreuse seuns in die ou tyd dikwels hulle name gekry?

2. Lees Genesis 37:35.

Hoe weet ons dat Jakob meer as een dogter gehad het, hoewel net Dina in die Bybel genoem word? (Gen. 37:34, 35)

Verhaal 17

'n Tweeling wat verskil het

1. Wie was Esau en Jakob, en hoe het hulle van mekaar verskil?
2. Hoe oud was Esau en Jakob toe hulle oupa Abraham doodgegaan het?
3. Wat het Esau gedoen wat sy ma en pa baie hartseer gemaak het?
4. Hoekom het Esau baie kwaad geword vir sy broer, Jakob?
5. Wat het Isak vir sy seun Jakob gesê om te doen?

Bykomende vrae:

1. Lees Genesis 25:5-11, 20-34.

(a) Wat het Jehovah oor Rebekka se twee seuns voorspel? (Gen. 25:23)

(b) Hoe het Jakob en Esau se gesindheid teenoor die geboortereg verskil? (Gen. 25:31-34)

2. Lees Genesis 26:34, 35; 27:1-46 en 28:1-5.

(a) Waaraan kon Esau se gebrek aan waardering vir geestelike dinge gesien word? (Gen. 26:34, 35; 27:46)

(b) Wat het Isak gesê moes Jakob doen om deur God gesê te word? (Gen. 28:1-4)

3. Lees Hebreërs 12:16, 17.

Wat wys Esau se voorbeeld is die gevolg vir diegene wat heilige dinge verag?

Verhaal 20

Dina kom in die moeilikheid

1. Hoekom wou Abraham en Isak nie hê dat hulle kinders met mense van die land Kanaän moes trou nie?
2. Het Jakob daarvan gehou dat sy dogter met Kanaänitiese meisies vriende gemaak het?

3. Wie is die man wat in die prent na Dina kyk, en watter slegte ding het hy gedoen?
4. Wat het Dina se broers Simeon en Levi gedoen toe hulle hoor wat gebeur het?
5. Het Jakob saamgestem met wat Simeon en Levi gedoen het?
6. Hoe het al die moeilikheid in die gesin begin?

Bykomende vrae:

1. Lees *Genesis 34:1-31*.
 - (a) Was Dina se besoek aan die dogters van die land Kanaän 'n eenmalige gebeurtenis? Verduidelik (Gen. 34:1)
 - (b) Hoekom was Dina in 'n mate self daarvoor verantwoordelik dat sy haar maagdelikheid verloor het? (Gal. 6:7)
 - (c) Hoe kan jongmense vandag wys dat hulle die waarskuwende voorbeeld van Dina ter harte geneem het? (Spr. 13:20; 1 Kor. 15:33; 1 Joh. 5:19)

Verhaal 21

Josef se broers haat hom

1. Hoekom was Josef se broers jaloers op hom, en wat het hulle gedoen?
2. Wat wil Josef se broers met hom doen, maar wat sê Ruben?
3. Wat gebeur wanneer Ismaelitiese handelaars daar verbykom?
4. Wat doen Josef se broers om hulle pa te laat dink dat Josef dood is?

Bykomende vrae:

1. Lees *Genesis 37:1-35*.
 - (a) Hoe kan Christene Josef se voorbeeld navolg deur oortreding in die gemeente aan te meld? (Gen. 37:2; Lev. 5:1; 1 Kor. 1:11)
 - (b) Wat het Josef se broers verraderlik teenoor hom laat optree? (Gen. 37:11, 18; Spr. 27:4; Jak. 3:14-16)
 - (c) Wat het Jakob gedoen wat 'n normale deel van droefheid is? (Gen. 37:35)

Verhaal 22

Josef in die tronk

1. Hoe oud is Josef wanneer hy na Egipte toe geneem word, en wat gebeur wanneer hy daar kom?
2. Hoekom word Josef in die tronk gegooi?
3. Watter verantwoordelikheid kry Josef in die tronk?
4. Wat doen Josef in die tronk vir Farao se skinker en bakker?
5. Wat gebeur nadat die skinker uit die tronk vrygelaat word?

Bykomende vrae:

1. Lees *Genesis 39:1-23*.
Wat het Josef van Potifar se vrou laat wegvlug, aangesien daar in sy dag geen geskrewe wet van God was wat egbreuk veroordeel het nie? (Gen. 2:24; 20:3; 39:9)
2. Lees *Genesis 40:1-23*.
 - (a) Beskryf kortliks die skinker se droom en die verklaring daarvan wat Jehovah vir Josef gegee het (Gen. 40:9-13)
 - (b) Wat het die bakker gedroom, en wat het dit beteken? (Gen. 40:16-19)
 - (c) Hoe het "die getroue en verstandige slaaf"-klas in ons dag Josef se gesindheid nagevolg? (Gen. 40:8; Ps. 36:9; Joh. 17:17; Hand. 17:2, 3)
 - (d) Hoe werp *Genesis 40:20* lig op die Christelike beskouing van verjaarsdagvierings? (Pred. 7:1; Mark. 6:21-28)

Verhaal 23

Farao se drome

1. Wat gebeur een nag met Farao?
2. Hoekom onthou die skinker uiteindelik vir Josef?
3. Watter twee drome het Farao, soos die prent wys?
4. Wat sê Josef beteken die drome?
5. Hoe word Josef die belangrikste man in Egipte, naas Farao?
6. Hoekom kom Josef se broers na Egipte toe, en hoekom herken hulle hom nie?
7. Watter droom onthou Josef, en wat help dit hom om te verstaan?

Bykomende vrae:

1. Lees *Genesis 41:1-57*.
 - (a) Hoe het Josef die aandag op Jehovah gevestig, en op watter manier kan Christene vandag sy voorbeeld navolg? (Gen. 41:16, 25, 28; Matt. 5:16; 1 Pet. 2:12)
 - (b) Hoe beeld die sewe jare van oorfloed in Egipte wat deur die jare van hongersnood gevolg is, die kontras tussen die geestelike toestand van Jehovah se volk van vandag en dié van die Christendom goed uit? (Gen. 41:29, 30; Amos 8:11, 12)
2. Lees *Genesis 42:1-8* en *50:20*.
Is dit verkeerd vir aanbidders van Jehovah om voor 'n mens te buig uit eer en respek vir sy posisie as dit die gebruik in die land is? (Gen. 42:6)

Verhaal 24

Josef toets sy broers

1. Hoekom beskuldig Josef sy broers daarvan dat hulle spioene is?

2. Hoekom laat Jakob sy jongste seun, Benjamin, na Egipte toe gaan?
3. Hoe kom Josef se silwerbeker in Benjamin se sak?
4. Wat bied Juda aan om te doen sodat Benjamin vrygelaat kan word?
5. Hoe het Josef se broers verander?

Bykomende vrae:

1. *Lees Genesis 42:9-38.*

Hoe is Josef se woorde in Genesis 42:18 'n goeie herinnering vir diegene wat vandag verantwoordelikhede in Jehovah se organisasie het? (Neh. 5: 15; 2 Kor. 7:1, 2)

2. *Lees Genesis 43:1-34.*

(a) Waaraan kan ons sien dat Juda die woordvoerder vir sy broers geword het, al was Ruben die eersgeborene? (Gen. 43:3, 8, 9; 44:14, 18; 1 Kron. 5:2)

(b) Hoe het Josef sy broers klaarblyklik getoets, en hoekom? (Gen. 43:33, 34)

3. *Lees Genesis 44:1-34.*

(a) As wat het Josef hom voorgedoen as deel van sy plan om sy identiteit vir sy broers weg te steek? (Gen. 44:5, 15; Lev. 19:26)

(b) Hoe het Josef se broers gewys dat die jaloerse gees wat hulle vroeër teenoor hulle broer gehad het, nou nie meer daar was nie? (Gen. 44:13, 33, 34)

Verhaal 25

Die gesin trek na Egipte

1. Wat gebeur wanneer Josef vir sy broers vertel wie hy is?
2. Wat verduidelik Josef vir sy broers?
3. Wat sê Farao wanneer hy van Josef se broers hoor?
4. Hoe groot was Jakob se gesin toe hulle na Egipte toe getrek het?
5. Wat is Jakob se gesin later genoem, en hoekom?

Bykomende vrae:

1. *Lees Genesis 45:1-28.*

Hoe wys die Bybelverslag van Josef dat Jehovah kan meebring dat dinge wat bedoel is om sy knegte kwaad aan te doen, 'n goeie resultaat het? (Gen. 45:5-8; Jes. 8:10; Fil. 1:12-14)

2. *Lees Genesis 46:1-27.*

Watter versekering het Jehovah vir Jakob op pad na Egipte gegee? (Gen. 46:1-4, voetnoot in naslaan-uitgawe)

Verhaal 26

Job is getrou aan God

1. Wie was Job?
2. Wat het Satan probeer doen, maar het hy dit reggekry?

3. Wat het Jehovah vir Satan toestemming gegee om te doen, en hoekom?

4. Hoekom het Job se vrou vir hom gesê: "Verloek God en sterf"? (Sien die prent.)

5. Hoe het Jehovah vir Job geseën, soos jy in die tweede prent kan sien, en hoekom?

6. Watter seënninge sal ons kry as ons, soos Job, aan Jehovah getrou bly?

Bykomende vrae:

1. *Lees Job 1:1-22.*

Hoe kan Christene Job vandag navolg? (Job 1:1; Fil. 2:15; 2 Pet. 3:14)

2. *Lees Job 2:1-13.*

Op watter twee uiteenlopende maniere het Job en sy vrou op Satan se vervolging gereageer? (Job 2: 9, 10; Spr. 19:3; Miga 7:7; Mal. 3:14)

3. *Lees Job 42:10-17.*

(a) Watter ooreenkomste is daar tussen die beloning wat Job ontvang het vir 'n getroue lewenswandel en wat Jesus ontvang het? (Job 42:12; Fil. 2:9-11)

(b) Hoe word ons aangespoor deur die seënninge wat Job ontvang het omdat hy sy onkreukbaarheid teenoor God gehandhaaf het? (Job 42:10, 12; Heb. 6:10; Jak. 1:2-4, 12; 5:11)

Verhaal 27

'n Slegte koning in Egipte

1. Wie is die man in die prent met die sweep, en wie slaan hy?
2. Wat het met die Israeliete gebeur nadat Josef doodgegaan het?
3. Hoekom het die Egiptenaars bang geword vir die Israeliete?
4. Watter bevel het Farao vir die vroue gegee wat die Israelitiese vroue help het wanneer hulle babas kry?

Bykomende vrae:

1. *Lees Eksodus 1:6-22.*

(a) Hoe het Jehovah begin om sy belofte aan Abraham na te kom? (Eks. 1:7; Gen. 12:2; Hand. 7:17)

(b) Hoe het die Hebreuse voedvroue respek getoon vir die heiligheid van lewe? (Eks. 1:17; Gen. 9:6)

(c) Hoe is die voedvroue beloon vir hulle getrouheid aan Jehovah? (Eks. 1:20, 21; Spr. 19:17)

(d) Hoe het Satan probeer om Jehovah se voorname met betrekking tot die belofte Saad van Abraham in die wiele te ry? (Eks. 1:22; Matt. 2:16)

Verhaal 28

Hoe baba Moses gered is

1. Wie is die baba in die prent, en wie se vinger hou hy vas?

2. Wat het Moses se ma gedoen om te keer dat hy doodgemaak word?
3. Wie is die meisietjie in die prent, en wat het sy gedoen?
4. Wat het Mirjam voorgestel toe Farao se dogter die baba vind?
5. Wat het die prinses vir Moses se ma gesê?

Bykomende vraag:

1. *Lees Eksodus 2:1-10.*

Watter geleentheid het Moses se ma gehad om Moses gedurende sy kleuterjare te leer, en watter voorbeeld stel dit vir ouers van vandag? (Eks. 2: 9, 10; Deut. 6:6-9; Spr. 22:6; Ef. 6:4; 2 Tim. 3:15)

Verhaal 29

Hoekom Moses gevlug het

1. Waar het Moses grootgeword, maar wat het hy van sy ouers geweet?
2. Wat het Moses gedoen toe hy 40 jaar oud was?
3. Wat het Moses vir 'n Israelitiese man gesê wat baklei het, en hoe het die man hom geantwoord?
4. Hoekom het Moses uit Egipte gevlug?
5. Waar het Moses heen gevlug, en wie het hy daar ontmoet?
6. Wat het Moses gedoen gedurende die 40 jaar nadat hy uit Egipte gevlug het?

Bykomende vrae:

1. *Lees Eksodus 2:11-25.*

Hoe het Moses sy loyaliteit teenoor Jehovah en teenoor sy volk getoon, ten spyte van jare van opleiding in die wysheid van die Egiptenaars? (Eks. 2:11, 12; Heb. 11:24)

2. *Lees Handeling 7:22-29.*

Watter les kan ons leer uit Moses se poging om Israel op sy eie uit slawerny in Egipte te bevry? (Hand. 7:23-25; 1 Pet. 5:6, 10)

Verhaal 30

'n Bos wat brand

1. Wat is die naam van die berg in die prent?
2. Beskryf die buitengewone ding wat Moses gesien het toe hy met sy skape na die berg toe gegaan het.
3. Wat het 'n stem uit die brandende bos gesê, en wie se stem was dit?
4. Hoe het Moses geantwoord toe God vir hom sê dat hy God se volk uit Egipte sal lei?
5. Wat het God vir Moses gesê om te sê as die mense vra wie hom gestuur het?
6. Hoe sou Moses kon bewys dat God hom gestuur het?

Bykomende vrae:

1. *Lees Eksodus 3:1-22.*

Hoe gee Moses se ondervinding vir ons vertroue dat Jehovah ons sal ondersteun, selfs al voel ons onbevoeg om 'n teokratiese toewysing uit te voer? (Eks. 3:11, 13; 2 Kor. 3:5, 6)

2. *Lees Eksodus 4:1-20.*

(a) Hoe het Moses se gesindheid verander gedurende die 40 jaar wat hy in Midian deurgebring het, en watter les kan diegene wat na gemeentelike voorregte streef, hieruit leer? (Eks. 2:11, 12; 4:10, 13; Miga 6:8; 1 Tim. 3:1, 6, 10)

(b) Al dissiplineer Jehovah ons deur sy organisasie, watter vertroue kan Moses se voorbeeld ons gee? (Eks. 4:12-14; Ps. 103:14; Heb. 12:4-11)

Verhaal 31

Moses en Aäron by Farao

1. Wat het die Israeliete geglo toe hulle die wonderwerke sien wat Moses en Aäron gedoen het?
2. Wat het Moses en Aäron vir Farao gesê, en wat was Farao se antwoord?
3. Wat wys die prent het gebeur toe Aäron sy stok neergegooi het?
4. Hoe het Jehovah vir Farao 'n les geleer, en hoe het Farao daarop gereageer?
5. Wat het ná die tiende plaag gebeur?

Bykomende vrae:

1. *Lees Eksodus 4:27-31 en 5:1-23.*

Wat het Farao bedoel toe hy gesê het: "Ek ken Jehovah glad nie?" (Eks. 5:2; 1 Sam. 2:12; Rom. 1:21)

2. *Lees Eksodus 6:1-13, 26-30.*

(a) In watter sin het Jehovah hom nie aan Abraham, Isak en Jakob bekend gemaak nie? (Eks. 3:13, 14; 6:3; Gen. 12:8)

(b) Hoe laat dit ons voel om te weet dat Jehovah Moses nog steeds gebruik het, al het Moses onbekwaam gevoel vir die taak wat hy gegee is? (Eks. 6:12, 30; Luk. 21:13-15)

3. *Lees Eksodus 7:1-13.*

(a) Watter voorbeeld het Moses en Aäron vir God se knegte van vandag gestel toe hulle Jehovah se oordele moedig aan Farao oorgedra het? (Eks. 7:2, 3, 6; Hand. 4:29-31)

(b) Hoe het Jehovah sy oppergesag ten opsigte van die gode van Egipte getoon? (Eks. 7:12; 1 Kron. 29:12)

Verhaal 32

Die tien plae

1. Gebruik die prente hier en beskryf die eerste drie plae wat Jehovah oor Egipte gebring het.
2. Wat was die verskil tussen die eerste drie plae en die res van die plae?

3. Wat was die vierde, vyfde en sesde plaag?
4. Beskryf die sewende, agtste en negende plaag.
5. Wat het Jehovah vir die Israeliete gesê om voor die tiende plaag te doen?
6. Wat was die tiende plaag, en wat het daarna gebeur?

Bykomende vrae:

1. *Lees Eksodus 7:19–8:23.*

- (a) Al kon Egipte se towerpriesters Jehovah se eerste twee plae nadoen, wat moes hulle ná die derde plaag erken? (Eks. 8:18, 19; Matt. 12:24-28)
- (b) Hoe het die vierde plaag gewys dat Jehovah die vermoë het om sy volk te beskerm, en hoe laat hierdie wete God se volk voel nou dat hulle voor die voorspelde “groot verdrukking” staan? (Eks. 8:22, 23; Op. 7:13, 14; 2 Kron. 16:9)

2. *Lees Eksodus 8:24; 9:3, 6, 10, 11, 14, 16, 23-25 en 10:13-15, 21-23.*

- (a) Watter twee groepe is deur die Tien Plae aan die kaak gestel, en hoe raak dit vandag ons beskouing van hierdie groepe? (Eks. 8:10, 18, 19; 9:14)
- (b) Hoe help Eksodus 9:16 ons om te verstaan hoekom Jehovah toegelaat het dat Satan tot nou toe bestaan? (Rom. 9:21, 22)

3. *Lees Eksodus 12:21-32.*

Hoe het die Pasga redding vir baie moontlik gemaak, en waarna het die Pasga vooruitgewys? (Eks. 12:21-23; Joh. 1:29; Rom. 5:18, 19, 21; 1 Kor. 5:7)

Verhaal 33

Deur die Rooi See

1. Hoeveel Israelitiese mans het, saam met vroue en kinders, uit Egipte uitgetrek, en wie het saam met hulle getrek?
2. Hoe het Farao gevoel nadat hy die Israeliete laat gaan het, en wat het hy gedoen?
3. Wat het Jehovah gedoen om te keer dat die Egiptenaars sy volk aanval?
4. Wat het gebeur toe Moses sy stok oor die Rooi See uitgesteek het, en wat het die Israeliete gedoen?
5. Wat het gebeur toe die Egiptenaars die see ingestorm het agter die Israeliete aan?
6. Hoe het die Israeliete gewys dat hulle bly en dankbaar teenoor Jehovah was omdat hulle gered is?

Bykomende vrae:

1. *Lees Eksodus 12:33-36.*

Hoe het Jehovah gesorg dat sy volk vergoed is vir al hulle jare van slawerny aan die Egiptenaars? (Eks. 3:21, 22; 12:35, 36)

2. *Lees Eksodus 14:1-31.*

Watter uitwerking het Moses se woorde in Eksodus 14:13, 14 op Jehovah se knegte van vandag wat voor die naderende slag van Armageddon staan? (2 Kron. 20:17; Ps. 91:8)

3. *Lees Eksodus 15:1-8, 20, 21.*

- (a) Hoekom moet Jehovah se knegte lofiedere aan hom sing? (Eks. 15:1, 2; Ps. 105:2, 3; Op. 15:3, 4)
- (b) Watter voorbeeld om Jehovah te loof, het Mirjam en die vroue by die Rooi See vir Christenvroue van vandag gestel? (Eks. 15:20, 21; Ps. 68:11)

Verhaal 34

'n Nuwe soort kos

1. Wat tel die mense in die prent van die grond af op, en wat word dit genoem?
2. Wat sê Moses vir die volk oor hoeveel manna hulle mag optel?
3. Wat sê Jehovah moet die volk op die sesde dag doen, en hoekom?
4. Watter wonderwerk doen Jehovah wanneer die manna tot die sewende dag oorgehou word?
5. Hoe lank gee Jehovah vir die volk manna om te eet?

Bykomende vrae:

1. *Lees Eksodus 16:1-36 en Numeri 11:7-9.*

- (a) Wat wys Eksodus 16:8 oor hoe belangrik dit is dat ons teokratiese aanstellings in die Christengemeente respekteer? (Heb. 13:17)
- (b) Hoe is die Israeliete in die wildernis daagliks daaraan herinner dat hulle van Jehovah afhanklik is? (Eks. 16:14-16, 35; Deut. 8:2, 3)
- (c) Watter simboliese betekenis het Jesus aan die manna geheg, en hoe vind ons baat by hierdie “brood uit die hemel”? (Joh. 6:31-35, 40)

2. *Lees Josua 5:10-12.*

Hoeveel jare het die Israeliete manna geëet, hoe is hulle daardeur getoets, en wat kan ons uit hierdie verslag leer? (Eks. 16:35; Num. 11:4-6; 1 Kor. 10:10, 11)

Verhaal 35

Jehovah gee sy wette

1. Waar slaan die Israeliete kamp op omtrent twee maande nadat hulle uit Egipte weggegaan het?
2. Wat sê Jehovah wil hy hê moet die volk doen, en wat is hulle antwoord?
3. Hoekom gee Jehovah vir Moses twee plat klippe?
4. Watter ander wette, behalwe die Tien Gebooue, het Jehovah vir die Israeliete gegee?
5. Watter twee wette het Jesus Christus gesê is die grootste?

Bykomende vrae:

1. Lees Eksodus 19:1-25; 20:1-21; 24:12-18 en 31:18. Hoe help die woorde wat in Eksodus 19:8 opgeteken staan, ons om te verstaan wat betrokke is by Christelike toewyding? (Matt. 16:24; 1 Pet. 4:1-3)
2. Lees Deuteronomium 6:4-6; Levitikus 19:18 en Matteus 22:36-40. Hoe toon Christene hulle liefde vir God en hulle naaste? (Mark. 6:34; Hand. 4:20; Rom. 15:2)

Verhaal 36

Die goue kalf

1. Wat doen die mense in die prent, en hoekom?
2. Hoekom is Jehovah kwaad, en wat doen Moses wanneer hy sien wat die mense doen?
3. Wat sê Moses vir party van die mans om te doen?
4. Watter les moet hierdie verhaal ons leer?

Bykomende vrae:

1. Lees Eksodus 32:1-35. (a) Hoe wys hierdie verslag wat Jehovah se gesindheid is teenoor die vermenging van valse godsdiens met ware aanbidding? (Eks. 32:4-6, 10; 1 Kor. 10:7, 11) (b) Waarvoor moet Christene versigtig wees in die vermaak wat hulle kies, soos sing en dans? (Eks. 32:18, 19; Ef. 5:15, 16; 1 Joh. 2:15-17) (c) Hoe het die stam Levi 'n uitstekende voorbeeld gestel in die ondersteuning van regverdigheid? (Eks. 32:25-28; Ps. 18:25)

Verhaal 37

'n Tent vir aanbidding

1. Wat word die gebou in die prent genoem, en waarvoor word dit gebruik?
2. Hoekom het Jehovah vir Moses gesê om die tent te maak sodat dit maklik uitmekaargehaal kon word?
3. Wat is die kis in die kleiner kamer aan die end van die tent, en wat is daarin?
4. Wie kies Jehovah om hoëpriester te wees, en wat doen die hoëpriester?
5. Noem die drie dinge in die groter kamer van die tent.
6. Watter twee dinge is in die werf rondom die tabernakel, en waarvoor word dit gebruik?

Bykomende vrae:

1. Lees Eksodus 25:8-40; 26:1-37; 27:1-8 en 28:1. Wat het die gerubs op "die ark van die getuënis" voorgestel? (Eks. 25:20, 22; Num. 7:89; 2 Kon. 19:15)
2. Lees Eksodus 30:1-10, 17-21; 34:1, 2 en Hebreërs 9:1-5.

- (a) Hoekom het Jehovah beklemtoon hoe belangrik dit was dat die priesters wat by die tabernakel dien, liggaamlik skoon moet bly, en watter uitwerking moet dit vandag op ons hê? (Eks. 30:18-21; 40:30, 31; Heb. 10:22)
- (b) Hoe wys die apostel Paulus dat die tabernakel en die Wetsverbond verouderd was teen die tyd dat hy sy brief aan Hebreëuse Christene geskryf het? (Heb. 9:1, 9; 10:1)

Verhaal 38

Die 12 spioene

1. Wat let jy op omtrent die tros druiwe in die prent, en waar het dit vandaan gekom?
2. Hoekom stuur Moses 12 spioene na die land Kanaän?
3. Wat sê tien spioene wanneer hulle na Moses toe terugkom?
4. Hoe wys twee spioene dat hulle op Jehovah vertrou, en wat is hulle name?
5. Hoekom is Jehovah kwaad, en wat sê hy vir Moses?

Bykomende vrae:

1. Lees Numeri 13:1-33. (a) Wie is gekies om die land te verken, en watter wonderlike geleentheid het hulle gehad? (Num. 13:2, 3, 18-20) (b) Hoekom was Josua en Kaleb se beskouing anders as dié van die ander spioene, en wat leer dit ons? (Num. 13:28-30; Matt. 17:20; 2 Kor. 5:7)
2. Lees Numeri 14:1-38. (a) Op watter waarskuwing oor murmurering teen Jehovah se aardse verteenwoordigers moet ons ag slaan? (Num. 14:2, 3, 27; Matt. 25:40, 45; 1 Kor. 10:10) (b) Hoe wys Numeri 14:24 dat Jehovah persoonlik in elkeen van sy knegte belangstel? (1 Kon. 19:18; Spr. 15:3)

Verhaal 39

Aäron se staf kry blomme

1. Wie kom in opstand teen die gesag van Moses en Aäron, en wat sê hulle vir Moses?
2. Wat sê Moses moet Korag en sy 250 volgelinge doen?
3. Wat sê Moses vir die volk, en wat gebeur sodra hy ophou praat?
4. Wat gebeur met Korag en sy 250 volgelinge?
5. Wat doen Eleasar, Aäron se seun, met die dooie mans se vuurbakke, en hoekom?
6. Hoekom laat Jehovah Aäron se staf blomme kry? (Sien die prent.)

Bykomende vrae:

1. *Lees Numeri 16:1-49.*

(a) Wat het Korag en sy volginge gedoen, en hoekom was dit 'n daad van opstandigheid teen Jehovah? (Num. 16:9, 10, 18; Lev. 10:1, 2; Spr. 11:2)

(b) Watter verkeerde beskouing het Korag en die 250 "owerstes van die vergadering" aangekweek? (Num. 16:1-3; Spr. 15:33; Jes. 49:7)

2. *Lees Numeri 17:1-11 en 26:10.*

(a) Wat het die feit dat Aäron se staf blomme gekry het, gewys, en hoekom het Jehovah gesê dat dit in die ark gehou moet word? (Num. 17:5, 8, 10)

(b) Watter lewensbelangrike les kan ons uit die teken van Aäron se staf leer? (Num. 17:10; Hand. 20:28; Fil. 2:14; Heb. 13:17)

Verhaal 40

Moses slaan die rots

1. Hoe sorg Jehovah vir die Israëliete terwyl hulle in die wildernis is?

2. Waaroor kla die Israëliete wanneer hulle by Kades kamp opslaan?

3. Hoe voorsien Jehovah water vir die volk en hulle diere?

4. Wie is die man in die prent wat na homself wys, en hoekom doen hy dit?

5. Hoekom is Jehovah kwaad vir Moses en Aäron, en hoe word hulle gestraf?

6. Wat gebeur by die berg Hor, en wie word Israel se hoëpriester?

Bykomende vrae:

1. *Lees Numeri 20:1-13, 22-29 en Deuteronomium 29:5.*

(a) Wat leer ons uit die manier waarop Jehovah in die wildernis vir die Israëliete gesorg het? (Deut. 29:5; Matt. 6:31; Heb. 13:5; Jak. 1:17)

(b) Hoe het Jehovah dit beskou dat Moses en Aäron hom nie voor Israel geheilig het nie? (Num. 20:12; 1 Kor. 10:12; Op. 4:11)

(c) Wat kan ons leer uit die manier waarop Moses gereageer het op die dissipline wat hy van Jehovah gekry het? (Num. 12:3; 20:12, 27, 28; Deut. 32:4; Heb. 12:7-11)

Verhaal 41

Die koperslang

1. Wat is in die prent om die paal gedraai, en hoekom het Jehovah vir Moses gesê om dit daar te sit?

2. Hoe is die mense ondankebaar vir alles wat God vir hulle gedoen het?

3. Wat vra die volk vir Moses om te doen nadat Jehovah giftige slange gestuur het om hulle te straf?

4. Hoekom sê Jehovah vir Moses om 'n koperslang te maak?

5. Watter les kan ons uit hierdie verhaal leer?

Bykomende vrae:

1. *Lees Numeri 21:4-9.*

(a) Hoe is Israel se klagtes oor Jehovah se voorsienings vir ons 'n waarskuwing? (Num. 21:5, 6; Rom. 2:4)

(b) Hoe het die Israëliete in latere eeue die koperslang gebruik, en wat het koning Hiskia daaromtrent gedoen? (Num. 21:9; 2 Kon. 18:1-4)

2. *Lees Johannes 3:14, 15.*

Hoe was die feit dat die koperslang op 'n paal gesit is, 'n duidelike voorafskaduwing van die feit dat Jesus Christus aan 'n paal gehang is? (Gal. 3:13; 1 Pet. 2:24)

Verhaal 42

'n Donkie praat

1. Wie is Balak, en hoekom laat hy Bileam haal?

2. Hoekom gaan lê Bileam se donkie in die pad?

3. Wat sê die donkie vir Bileam?

4. Wat sê 'n engel vir Bileam?

5. Wat gebeur wanneer Bileam probeer om Israel te vervloek?

Bykomende vrae:

1. *Lees Numeri 21:21-35.*

Hoekom het Israel koning Sihon van die Amorie-te en koning Og van Basan verslaan? (Num. 21:21, 23, 33, 34)

2. *Lees Numeri 22:1-40.*

Wat was Bileam se beweegrede toe hy Israel probeer vervloek het, en watter lesse kan ons hieruit leer? (Num. 22:16, 17; Spr. 6:16, 18; 2 Pet. 2:15; Jud. 11)

3. *Lees Numeri 23:1-30.*

Hoewel Bileam gepraat het asof hy 'n aanbieder van Jehovah was, hoe het sy dade die teendeel bewys? (Num. 23:3, 11-14; 1 Sam. 15:22)

4. *Lees Numeri 24:1-25.*

Hoe versterk hierdie Bybelverslag ons geloof in die verwesenliking van Jehovah se voorneme? (Num. 24:10; Jes. 54:17)

Verhaal 43

Josua word leier

1. Wie is die twee mans in die prent wat by Moses staan?

2. Wat sê Jehovah vir Josua?

3. Hoekom klim Moses tot bo-op die berg Nebo, en wat sê Jehovah vir hom?

4. Hoe oud is Moses wanneer hy doodgaan?

5. Hoekom is die volk hartseer, maar watter rede het hulle om bly te wees?

Bykomende vrae:

1. *Lees Numeri 27:12-23.*

Watter belangrike toewysing het Josua van Jehovah ontvang, en hoe word Jehovah se sorg vir Sy volk vandag getoon? (Num. 27:15-19; Hand. 20:28; Heb. 13:7)

2. *Lees Deuteronomium 3:23-29.*

Hoekom het Jehovah Moses en Aäron nie toegelaat om die Beloofde Land in te gaan nie, en watter les kan ons hieruit leer? (Deut. 3:25-27; Num. 20:12, 13)

3. *Lees Deuteronomium 31:1-8, 14-23.*

Hoe toon Moses se afskeidswoorde aan Israel dat hy die dissipline van Jehovah nederig aanvaar het? (Deut. 31:6-8, 23)

4. *Lees Deuteronomium 32:45-52.*

Hoe behoort God se Woord ons lewe te raak? (Deut. 32:47; Lev. 18:5; Heb. 4:12)

5. *Lees Deuteronomium 34:1-12.*

Hoewel Moses Jehovah nooit letterlik gesien het nie, wat toon Deuteronomium 34:10 oor sy verhouding met Jehovah? (Eks. 33:11, 20; Num. 12:8)

Verhaal 44

Ragab help die spioene

1. Waar woon Ragab?

2. Wie is die twee mans in die prent, en hoekom is hulle in Jerigo?

3. Wat beveel die koning van Jerigo vir Ragab om te doen, en hoe antwoord sy?

4. Hoe help Ragab die twee mans, en watter guns vra sy hulle?

5. Wat belowe die twee spioene vir Ragab?

Bykomende vrae:

1. *Lees Josua 2:1-24.*

Hoe is Jehovah se belofte in Eksodus 23:28 vervul toe die Israeliete teen Jerigo opgetrek het? (Jos. 2:9-11)

2. *Lees Hebreërs 11:31.*

Hoe beklemtoon Ragab se voorbeeld die belangrikheid van geloof? (Rom. 1:17; Heb. 10:39; Jak. 2:25)

Verhaal 45

Deur die Jordaanrivier

1. Watter wonderwerk doen Jehovah sodat die Israeliete deur die Jordaanrivier kan trek?

2. Watter daad van geloof moet die Israeliete doen om deur die Jordaanrivier te trek?

3. Hoekom sê Jehovah vir Josua om 12 groot klippe uit die rivierbedding op te tel?

4. Wat gebeur sodra die priesters uit die Jordaan opklim?

Bykomende vrae:

1. *Lees Josua 3:1-17.*

(a) Soos in hierdie verslag toegelig word, wat moet ons doen om Jehovah se hulp en seën te ontvang? (Jos. 3:13, 15; Spr. 3:5; Jak. 2:22, 26)

(b) Wat was die toestand van die Jordaanrivier toe die Israeliete daardeur getrek het om in die Beloofde Land in te gaan, en hoe het dit Jehovah se naam verheerlik? (Jos. 3:15; 4:18; Ps. 66:5-7)

2. *Lees Josua 4:1-18.*

Watter doel het die 12 klippe gedien wat uit die Jordaan geneem en by Gilgal opgerig is? (Jos. 4:4-7)

Verhaal 46

Die mure van Jerigo

1. Wat sê Jehovah vir die soldate en die priesters om ses dae lank te doen?

2. Wat moet die mans op die sewende dag doen?

3. Wat gebeur in die prent met die mure van Jerigo?

4. Hoekom is daar 'n rooi tou wat by die venster uithang?

5. Wat sê Josua vir die soldate om met die mense en die stad te doen, maar wat van die silwer, goud, koper en yster?

6. Wat moet die twee spioene gaan doen?

Bykomende vrae:

1. *Lees Josua 6:1-25.*

(a) Hoe stem die manier waarop die Israeliete op die sewende dag om Jerigo getrek het, ooreen met die manier waarop Jehovah se Getuies in hierdie laaste dae hulle predikingswerk doen? (Jos. 6:15, 16; Jes. 60:22; Matt. 24:14; 1 Kor. 9:16)

(b) Hoe is die profesie in Josua 6:26 sowat 500 jaar later vervul, en wat leer dit ons van Jehovah se woord? (1 Kon. 16:34; Jes. 55:11)

Verhaal 47

'n Dief in Israel

1. Wie is die man in die prent wat waardevolle goed begrawe wat uit Jerigo gevat is, en wie help hom?

2. Hoekom is die ding wat Agan en sy gesin gedoen het, so ernstig?

3. Wat sê Jehovah wanneer Josua hom vra hoekom die Israeliete in die geveg by Ai verslaan is?

4. Wat gebeur met Agan en sy gesin nadat hulle na Josua gebring is?

5. Watter belangrike les leer die oordeel oor Agan ons?

Bykomende vrae:

1. Lees *Josua 7:1-26*.

(a) Wat het Josua se gebede geopenbaar omtrent sy verhouding met sy Skepper? (Jos. 7:7-9; Ps. 119: 145; 1 Joh. 5:14)

(b) Wat toon die voorbeeld van Agan, en hoe is dit vir ons 'n waarskuwing? (Jos. 7:11, 14, 15; Spr. 15:3; 1 Tim. 5:24; Heb. 4:13)

2. Lees *Josua 8:1-29*.

Watter persoonlike verantwoordelikheid het ons vandag teenoor die Christengemeente? (Jos. 7:13; Lev. 5:1; Spr. 28:13)

Verhaal 48

Die wyse Gibeoniete

1. Hoe is die mense van Gibeon anders as die Kanaäniete in stede daar naby?

2. Wat doen die Gibeoniete, soos die prent wys, en hoekom?

3. Wat belowe Josua en die Israelitiese leiers vir die Gibeoniete, maar wat vind hulle drie dae later uit?

4. Wat gebeur wanneer konings in ander stede hoor dat die Gibeoniete vrede gemaak het met Israel?

Bykomende vrae:

1. Lees *Josua 9:1-27*.

(a) Watter eienskappe word beklemtoon deur die feit dat Jehovah die Gibeoniete gespaar het, al het hy die nasie Israel beveel 'om al die inwoners van die land te verdelg'? (Jos. 9:22, 24; Matt. 9:13; Hand. 10:34, 35; 2 Pet. 3:9)

(b) Hoe het Josua 'n goeie voorbeeld vir Christene van vandag gestel deurdat hy getrou gebly het aan die verbond wat hy met die Gibeoniete gesluit het? (Jos. 9:18, 19; Matt. 5:37; Ef. 4:25)

2. Lees *Josua 10:1-5*.

Hoe volg die groot menigte vandag die Gibeoniete na, en waarvoor word hulle gevolglik teikens? (Jos. 10:4; Sag. 8:23; Matt. 25:35-40; Op. 12:17)

Verhaal 49

Die son staan stil

1. Wat sê Josua in die prent, en hoekom?

2. Hoe help Jehovah vir Josua en sy soldate?

3. Hoeveel vyandige konings verslaan Josua, en hoe lank neem dit?

4. Hoekom verdeel Josua die land Kanaän?

5. Hoe oud is Josua wanneer hy doodgaan, en wat gebeur daarna met die volk?

Bykomende vrae:

1. Lees *Josua 10:6-15*.

Watter vertroue gee dit ons vandag om te weet dat Jehovah die son en die maan vir Israel laat

stilstaan het? (Jos. 10:8, 10, 12, 13; Ps. 18:3; Spr. 18:10)

2. Lees *Josua 12:7-24*.

Wie was eintlik daarvoor verantwoordelik dat die 31 konings in Kanaän verslaan is, en hoekom is dit vandag vir ons belangrik? (Jos. 12:7; 24:11-13; Deut. 31:8; Luk. 21:9, 25-28)

3. Lees *Josua 14:1-5*.

Hoe is die land tussen die stamme van Israel verdeel, en wat toon dit oor erfdele in die Paradys? (Jos. 14:2; Jes. 65:21; Eseg. 47:21-23; 1 Kor. 14:33)

4. Lees *Rigters 2:8-13*.

Wie tree vandag, soos Josua in Israel, as 'n teëhouer teen afvalligheid op? (Rigt. 2:8, 10, 11; Matt. 24:45-47; 2 Tess. 2:3-6; Tit. 1:7-9; Op. 1:1; 2:1, 2)

Verhaal 50

Twee dapper vroue

1. Wie is die rigters, en wat is die name van party hulle?

2. Watter spesiale voorreg het Debora, en wat sluit dit in?

3. Watter boodskap van Jehovah dra Debora aan rigter Barak oor wanneer koning Jabin en Sisera, die hoof van sy leër, Israel bedreig, en wie sê sy sal die eer kry?

4. Hoe wys Jael dat sy 'n dapper vrou is?

5. Wat gebeur ná koning Jabin se dood?

Bykomende vrae:

1. Lees *Rigters 2:14-22*.

Hoe het die Israeliete Jehovah se toorn oor hulleself gebring, en watter les kan ons hieruit leer? (Rigt. 2:20; Spr. 3:1, 2; Eseg. 18:21-23)

2. Lees *Rigters 4:1-24*.

Watter lesse oor geloof en moed kan Christenvroue van vandag uit die voorbeelde van Debora en Jael leer? (Rigt. 4:4, 8, 9, 14, 21, 22; Spr. 31:30; 1 Kor. 16:13)

3. Lees *Rigters 5:1-31*.

Hoe kan die oorwinningslied van Barak en Debora toegepas word as 'n gebed oor die naderende oorlog vir Har-Magedon? (Rigt. 5:3, 31; 1 Kron. 16:8-10; Op. 7:9, 10; 16:16; 19:19-21)

Verhaal 51

Rut en Naomi

1. Hoekom is Naomi in die land Moab?

2. Wie is Rut en Orpa?

3. Hoe reageer Rut en Orpa wanneer Naomi vir hulle sê om na hulle volk toe terug te gaan?

4. Wie is Boas, en hoe help hy vir Rut en Naomi?

5. Wat is die naam van die kind wat vir Boas en Rut gebore word, en hoekom moet ons hom onthou?

Bykomende vrae:

1. *Lees Rut 1:1-17.*

(a) Met watter pragtige woorde betuig Rut haar lojale liefde? (Rut 1:16, 17)

(b) Hoe toon Rut se gesindheid duidelik wat die gesindheid is van die “ander skape” teenoor die gesalfdes wat vandag op aarde is? (Joh. 10:16; Sag. 8:23)

2. *Lees Rut 2:1-23.*

Hoe is Rut 'n goeie voorbeeld vir jong vroue van vandag? (Rut 2:17, 18; Spr. 23:22; 31:15)

3. *Lees Rut 3:5-13.*

(a) Hoe het Boas Rut se gewilligheid beskou om met hom te trou eerder as met 'n jong man?

(b) Wat leer Rut se gesindheid ons oor lojale liefde? (Rut 3:10; 1 Kor. 13:4, 5)

4. *Lees Rut 4:7-17.*

Hoe kan Christenmans vandag soos Boas wees? (Rut 4:9, 10; 1 Tim. 3:1, 12, 13; 5:8)

Verhaal 52

Gideon en sy 300 manne

1. In watter groot moeilikheid is die Israëliete, en hoekom?

2. Hoekom sê Jehovah vir Gideon dat hy te veel mans in sy leër het?

3. Hoeveel mans bly oor nadat Gideon vir die mans wat bang is, sê om huis toe te gaan?

4. Gebruik die prent en verduidelik hoe Jehovah die aantal mans in Gideon se leër minder maak totdat daar net 300 mans is.

5. Hoe organiseer Gideon sy 300 manne, en hoe wen Israel die geveg?

Bykomende vrae:

1. *Lees Rigters 6:36-40.*

(a) Hoe het Gideon seker gemaak wat Jehovah se wil is?

(b) Hoe vind ons vandag uit wat Jehovah se wil is? (Spr. 2:3-6; Matt. 7:7-11; 2 Tim. 3:16, 17)

2. *Lees Rigters 7:1-25.*

(a) Watter les kan ons leer by die 300 wat op hulle hoede gebly het in teenstelling met dié wat onverskillig was? (Rigt. 7:3, 6; Rom. 13:11, 12; Ef. 5:15-17)

(b) Net soos die 300 geleer het deur Gideon dop te hou, hoe leer ons deur die Grotere Gideon, Jesus Christus, dop te hou? (Rigt. 7:17; Matt. 11:29, 30; 28:19, 20; 1 Pet. 2:21)

(c) Hoe help Rigters 7:21 ons om tevrede te wees ongeag waar ons in Jehovah se organisasie dien? (1 Kor. 4:2; 12:14-18; Jak. 4:10)

3. *Lees Rigters 8:1-3.*

Wanneer ons persoonlike verskille met 'n broer of suster moet hanteer, wat kan ons leer uit die ma-

nier waarop Gideon die geskil met die Efraimiete opgelos het? (Spr. 15:1; Matt. 5:23, 24; Luk. 9:48)

Verhaal 53

Jefta se belofte

1. Wie is Jefta, en in watter tyd het hy gelewe?

2. Wat belowe Jefta vir Jehovah?

3. Hoekom word Jefta hartseer wanneer hy by die huis kom ná die oorwinning oor die Ammoniete?

4. Wat sê Jefta se dogter wanneer sy van haar pa se belofte hoor?

5. Hoekom is die volk lief vir Jefta se dogter?

Bykomende vrae:

1. *Lees Rigters 10:6-18.*

Watter waarskuwing hou Israel se rekord van ontrouheid aan Jehovah vir ons in? (Rigt. 10:6, 15, 16; Rom. 15:4; Op. 2:10)

2. *Lees Rigters 11:1-11, 29-40.*

(a) Hoe weet ons dat Jefta nie sy dogter as “'n brandoffer” gegee het deur haar as 'n menseoffer met vuur te verbrand nie? (Rigt. 11:31; Lev. 16:24; Deut. 18:10, 12)

(b) In watter sin het Jefta sy dogter as 'n offer gebring?

(c) Wat kan ons leer uit Jefta se gesindheid teenoor sy gelofte aan Jehovah? (Rigt. 11:35, 39; Pred. 5:4, 5; Matt. 16:24)

(d) Hoe is Jefta se dogter 'n goeie voorbeeld vir jong Christene wat 'n loopbaan in die voltydse diens betref? (Rigt. 11:36; Matt. 6:33; Fil. 3:8)

Verhaal 54

Die sterkste man

1. Wat is die naam van die sterkste man wat nog ooit gelewe het, en wie het vir hom sy krag gegee?

2. Wat doen Simson eenkeer met 'n groot leeu, soos jy in die prent kan sien?

3. Watter geheim vertel Simson vir Delila in die prent, en hoe help dit die Filistyne om hom gevange te neem?

4. Hoe veroorsaak Simson die dood van 3 000 vyandige Filistyne op die dag dat hy doodgaan?

Bykomende vrae:

1. *Lees Rigters 13:1-14.*

Hoe voorsien Manoag en sy vrou 'n goeie voorbeeld vir ouers oor hoe hulle hulle kinders moet grootmaak? (Rigt. 13:8; Ps. 127:3; Ef. 6:4)

2. *Lees Rigters 14:5-9 en 15:9-16.*

(a) Wat toon die verslae oor Simson wat die leeu doodgemaak het, wat nuwe toue gebreek het waarmee hy gebind is en wat 'n eselskakebeen gebruik het om 1 000 mans dood te maak, oor die werking van Jehovah se heilige gees?

(b) Hoe help die heilige gees ons vandag? (Rigt. 14:6; 15:14; Sag. 4:6; Hand. 4:31)

3. *Lees Rigters 16:18-31.*

Watter gevolge het slegte omgang vir Simson gehad, en wat kan ons hieruit leer? (Rigt. 16:18, 19; 1 Kor. 15:33)

Verhaal 55

'n Seuntjie dien God

1. Wat is die naam van die seuntjie in die prent, en wie is die ander mense?
2. Wat bid Hanna eendag toe sy by Jehovah se tabernakel is, en hoe verhoor Jehovah haar gebed?
3. Hoe oud is Samuel wanneer hy geneem word om by Jehovah se tent te dien, en wat doen sy ma elke jaar vir hom?
4. Wat is die name van Eli se seuns, en watter soort mense is hulle?
5. Hoe roep Jehovah vir Samuel, en watter boodskap gee Hy vir hom?
6. Wat word Samuel wanneer hy grootword, en wat gebeur wanneer hy oud word?

Bykomende vrae:

1. *Lees 1 Samuel 1:1-28.*

(a) Watter goeie voorbeeld stel Elkana vir gesins-hoofde om die leiding te neem in ware aanbidding? (1 Sam. 1:3, 21; Matt. 6:33; Fil. 1:10)

(b) Watter les kan ons uit Hanna se voorbeeld leer oor hoe om 'n moeilike probleem te hanteer? (1 Sam. 1:10, 11; Ps. 55:22; Rom. 12:12)

2. *Lees 1 Samuel 2:11-36.*

Hoe het Eli sy seuns meer as Jehovah geëer, en hoe kan dit vir ons 'n waarskuwing wees? (1 Sam. 2:22-24, 27, 29; Deut. 21:18-21; Matt. 10:36, 37)

3. *Lees 1 Samuel 4:16-18.*

Watter boodskap met vier slegte berigte kom van die gevegslinie, en watter uitwerking het dit op Eli?

4. *Lees 1 Samuel 8:4-9.*

Hoe het Israel Jehovah grootliks aanstoot gegee, en hoe kan ons vandag sy Koninkryk lojaal ondersteun? (1 Sam. 8:5, 7; Joh. 17:16; Jak. 4:4)

Verhaal 56

Saul—Israel se eerste koning

1. Wat doen Samuel in die prent, en hoekom?
2. Hoekom hou Jehovah van Saul, en watter soort mens is hy?
3. Wat is die naam van Saul se seun, en wat doen die seun?
4. Hoekom bring Saul 'n offer pleks van te wag dat Samuel dit doen?

5. Watter lesse kan ons uit die verslag oor Saul leer?

Bykomende vrae:

1. *Lees 1 Samuel 9:15-21 en 10:17-27.*

Hoe het Saul se beskeidenheid hom gehelp om oorhaastige optrede te vermy toe sekere manne on-eerbiedig van hom gepraat het? (1 Sam. 9:21; 10:21, 22, 27; Spr. 17:27)

2. *Lees 1 Samuel 13:5-14.*

Watter sonde het Saul by Gilgal gepleeg? (1 Sam. 10:8; 13:8, 9, 13)

3. *Lees 1 Samuel 15:1-35.*

(a) Watter ernstige sonde het Saul in verband met Agag, die koning van Amalek, gepleeg? (1 Sam. 15:2, 3, 8, 9, 22)

(b) Hoe het Saul probeer om sy dade te regverdig en ander die skuld te gee? (1 Sam. 15:24)

(c) Op watter waarskuwing moet ons vandag ag slaan wanneer ons raad gegee word? (1 Sam. 15:19-21; Ps. 141:5; Spr. 9:8, 9; 11:2)

Verhaal 57

God kies vir Dawid

1. Wat is die naam van die seun in die prent, en hoe weet ons dat hy dapper is?

2. Waar woon Dawid, en wat is die name van sy pa en oupa?

3. Hoekom sê Jehovah vir Samuel om na Isai se huis in Betlehem te gaan?

4. Wat gebeur wanneer Isai sewe van sy seuns na Samuel toe bring?

5. Wat sê Jehovah vir Samuel toe Dawid ingebring word?

Bykomende vrae:

1. *Lees 1 Samuel 17:34, 35.*

Hoe beklemtoon hierdie gebeurtenisse Dawid se moed en vertroue op Jehovah? (1 Sam. 17:37)

2. *Lees 1 Samuel 16:1-14.*

(a) Hoe help Jehovah se woorde in 1 Samuel 16:7 ons om onpartydig te wees en nie toe te laat dat voorkoms ons bevooroordeel maak nie? (Hand. 10:34, 35; 1 Tim. 2:4)

(b) Hoe wys Saul se voorbeeld dat wanneer Jehovah sy heilige gees van iemand af wegneem, die leemte gevul kan word deur 'n slegte gees, of 'n innerlike drang om verkeerd te doen? (1 Sam. 16:14; Matt. 12:43-45; Gal. 5:16)

Verhaal 58

Dawid en Goliat

1. Hoe daag Goliat die leer van die Israëliete uit?
2. Hoe groot is Goliat, en watter beloning belowe koning Saul vir die man wat Goliat doodmaak?

3. Wat sê Dawid wanneer Saul vir hom sê dat hy nie teen Goliat kan veg nie omdat hy net 'n seun is?
4. Hoe wys Dawid in sy antwoord aan Goliat dat hy op Jehovah vertrou?
5. Soos jy in die prent kan sien, wat gebruik Dawid om Goliat dood te maak, en wat gebeur hier-na met die Filistyne?

Bykomende vrae:

1. *Lees 1 Samuel 17:1-54.*
- (a) Wat was die geheim van Dawid se vreesloosheid, en hoe kan ons sy moed navolg? (1 Sam. 17:37, 45; Ef. 6:10, 11)
- (b) Hoekom moet Christene 'n gees van wedyering soos dié van Goliat vermy wanneer hulle speletjies speel of aan ontspanningsbedrywighede deelneem? (1 Sam. 17:8; Gal. 5:26; 1 Tim. 4:8)
- (c) Hoe wys Dawid se woorde dat hy op God se ondersteuning vertrou het? (1 Sam. 17:45-47; 2 Kron. 20:15)
- (d) Hoe wys hierdie verslag dat die stryd nie net tussen twee vyandige leërs was nie, maar in werklikheid tussen valse gode en die ware God, Jehovah? (1 Sam. 17:43, 46, 47)
- (e) Hoe volg die gesalfde oorblyfsel Dawid se voorbeeld van vertroue op Jehovah na? (1 Sam. 17:37; Jer. 1:17-19; Op. 12:17)

Verhaal 59

Hoekom Dawid moet vlug

1. Hoekom is Saul jaloers op Dawid, maar hoe is Saul se seun Jonatan anders?
2. Wat gebeur eendag terwyl Dawid vir Saul op die harp speel?
3. Wat sê Saul moet Dawid doen voordat hy met Saul se dogter Migal kan trou, en hoekom sê Saul so?
4. Wat wys die prent gebeur 'n derde keer terwyl Dawid vir Saul op die harp speel?
5. Hoe help Migal om Dawid se lewe te red, en wat moet Dawid dan sewe jaar lank doen?

Bykomende vrae:

1. *Lees 1 Samuel 18:1-30.*
- (a) Hoe het die onverbreeklike liefde van Jonatan vir Dawid die onderlinge liefde tussen die "ander skape" en die "klein kuddetjie" voorafgeskadu? (1 Sam. 18:1; Joh. 10:16; Luk. 12:32; Sag. 8:23)
- (b) Met die oog op die feit dat Jonatan onder normale omstandighede Saul se erfgenaam sou gewees het, hoe toon 1 Samuel 18:4 Jonatan se besondere onderdanigheid aan die een wat gekies is om koning te wees?
- (c) Hoe wys Saul se voorbeeld dat jaloesie tot ernstige sonde kan lei, en watter waarskuwing hou dit vir ons in? (1 Sam. 18:7-9, 25; Jak. 3:14-16)

2. *Lees 1 Samuel 19:1-17.*

Hoe het Jonatan sy lewe gewaag toe hy die woorde gesê het wat in 1 Samuel 19:4, 5 opgeteken staan? (1 Sam. 19:1, 6)

Verhaal 60

Abigail en Dawid

1. Wat is die naam van die vrou wat in die prent na Dawid toe kom, en watter soort mens is sy?
2. Wie is Nabal?
3. Hoekom stuur Dawid 'n paar van sy manne om vir Nabal 'n guns te vra?
4. Wat sê Nabal vir Dawid se manne, en hoe reageer Dawid?
5. Hoe wys Abigail dat sy 'n wyse vrou is?

Bykomende vrae:

1. *Lees 1 Samuel 22:1-4.*
- Hoe het Dawid se familie 'n goeie voorbeeld gestel van hoe ons mekaar in die Christenbroederskap moet ondersteun? (Spr. 17:17; 1 Tess. 5:14)
2. *Lees 1 Samuel 25:1-43.*
- (a) Hoekom word Nabal met soveel minagting beskryf? (1 Sam. 25:2-5, 10, 14, 21, 25)
- (b) Wat kan Christenvrouens vandag uit Abigail se voorbeeld leer? (1 Sam. 25:32, 33; Spr. 31:26; Ef. 5:24)
- (c) Van watter twee slegte dinge het Abigail Dawid weerhou? (1 Sam. 25:31, 33; Rom. 12:19; Ef. 4:26)
- (d) Hoe help Dawid se reaksie op Abigail se woorde mans om vandag Jehovah se beskouing van vroue te hê? (Hand. 21:8, 9; Rom. 2:11; 1 Pet. 3:7)

Verhaal 61

Dawid word koning gemaak

1. Wat het Dawid en Abisai gedoen terwyl Saul in sy kamp geslaap het?
2. Watter vrae vra Dawid vir Saul?
3. Waarheen gaan Dawid nadat hy van Saul af weggaan?
4. Wat maak Dawid baie hartseer, sodat hy 'n pragtige lied skryf?
5. Hoe oud is Dawid wanneer hy in Hebron koning gemaak word, en wat is die name van party van sy seuns?
6. Waar regeer Dawid later as koning?

Bykomende vrae:

1. *Lees 1 Samuel 26:1-25.*
- (a) Watter gesindheid teenoor teokratiese orde openbaar Dawid se woorde wat in 1 Samuel 26:11 opgeteken staan? (Ps. 37:7; Rom. 13:2)
- (b) Hoe kan Dawid se woorde in 1 Samuel 26:23 ons help om die regte beskouing te behou wanneer

ons 'n opregte poging aanwend om liefderyke goedhartigheid te betoon, maar ons poging nie waardeer word nie? (1 Kon. 8:32; Ps. 18:20)

2. Lees 2 Samuel 1:26.

Hoe kan Christene vandag dieselfde soort "intense liefde vir mekaar" aankweek as wat Dawid en Jonatan gehad het? (1 Pet. 4:8; Kol. 3:14; 1 Joh. 4:12)

3. Lees 2 Samuel 5:1-10.

(a) Hoeveel jaar het Dawid as koning regeer, en hoe is hierdie tydperk verdeel? (2 Sam. 5:4, 5)

(b) Waaraan word Dawid se grootheid toegeskryf, en waaraan is dit vandag vir ons 'n herinnering? (2 Sam. 5:10; 1 Sam. 16:13; 1 Kor. 1:31; Fil. 4:13)

Verhaal 62

Moeilikheid in Dawid se huis

1. Wat gebeur uiteindelik, met Jehovah se hulp, met die land Kanaän?

2. Wat gebeur een aand terwyl Dawid op die dak van sy paleis is?

3. Hoekom is Jehovah baie kwaad vir Dawid?

4. In die prent, wie stuur Jehovah om vir Dawid van sy sondes te vertel, en wat sê daardie man sal met Dawid gebeur?

5. Watter moeilikheid het Dawid?

6. Wie word ná Dawid die koning van Israel?

Bykomende vrae:

1. Lees 2 Samuel 11:1-27.

(a) Hoe is dit vir ons 'n beskerming as ons besig bly in Jehovah se diens?

(b) Hoe is Dawid tot sonde verlok, en watter waarskuwing hou dit vandag vir Jehovah se knegt in? (2 Sam. 11:2; Matt. 5:27-29; 1 Kor. 10:12; Jak. 1:14, 15)

2. Lees 2 Samuel 12:1-18.

(a) Watter les kan ouer manne en ouers leer uit die manier waarop Natan na Dawid toe gekom het om vir hom raad te gee? (2 Sam. 12:1-4; Spr. 12:18; Matt. 13:34)

(b) Hoekom het Jehovah barmhartigheid aan Dawid bewys? (2 Sam. 12:13; Ps. 32:5; 2 Kor. 7:9, 10)

Verhaal 63

Wyse koning Salomo

1. Wat vra Jehovah vir Salomo, en hoe antwoord hy?

2. Omdat Jehovah bly is oor wat Salomo vra, wat belowe Hy om vir hom te gee?

3. Watter groot probleem bring twee vroue voor Salomo?

4. Hoe los Salomo die probleem op, soos jy in die prent kan sien?

5. Hoe gaan dit gedurende die tyd dat Salomo regeer, en hoekom?

Bykomende vrae:

1. Lees 1 Konings 3:3-28.

(a) Wat kan mans wat vandag verantwoordelike in God se organisasie kry, uit Salomo se opregte woorde in 1 Konings 3:7 leer? (Ps. 119:105; Spr. 3:5, 6)

(b) Hoe is Salomo se versoek 'n goeie voorbeeld van die regte dinge om voor te bid? (1 Kon. 3:9, 11; Spr. 30:8, 9; 1 Joh. 5:14)

(c) Watter vertrouwe gee die manier waarop Salomo die geskil tussen die twee vroue opgelos het, ons oor die toekomstige heerskappy van die Grotere Salomo, Jesus Christus? (1 Kon. 3:28; Jes. 9:6, 7; 11:2-4)

2. Lees 1 Konings 4:29-34.

(a) Hoe het Jehovah Salomo se versoek om 'n gehoorsame hart verhoor? (1 Kon. 4:29)

(b) Met die oog op die moeite wat mense gedoen het om Salomo se wysheid te hoor, wat moet ons gesindheid wees teenoor die bestudering van God se Woord? (1 Kon. 4:29, 34; Joh. 17:3; 2 Tim. 3:16)

Verhaal 64

Salomo bou die tempel

1. Hoe lank neem dit Salomo om Jehovah se tempel klaar te bou, en hoekom kos dit so baie geld?

2. Hoeveel hoofkamers is daar in die tempel, en wat word in die binneste kamer gesit?

3. Wat sê Salomo in sy gebed wanneer die tempel klaar gebou is?

4. Hoe wys Jehovah dat hy hou van Salomo se gebed?

5. Wat kry Salomo se vrouens hom om te doen, en wat gebeur met Salomo?

6. Hoekom is Jehovah kwaad vir Salomo, en wat sê Jehovah vir hom?

Bykomende vrae:

1. Lees 1 Kronieke 28:9, 10.

Met die oog op Dawid se woorde in 1 Kronieke 28:9, 10, wat moet ons in ons daaglikse lewe probeer doen? (Ps. 19:14; Fil. 4:8, 9)

2. Lees 2 Kronieke 6:12-21, 32-42.

(a) Hoe het Salomo gewys dat geen mensgemaakte gebou die Allerhoogste God kan bevat nie? (2 Kron. 6:18; Hand. 17:24, 25)

(b) Wat wys Salomo se woorde in 2 Kronieke 6:32, 33 omtrent Jehovah? (Hand. 10:34, 35; Gal. 2:6)

3. Lees 2 Kronieke 7:1-5.

Niet soos die kinders van Israel beweeg is om Jehovah te loof toe hulle sy heerlijkheid gesien het, watter uitwerking moet dit vandag op ons hê wanneer ons dink aan hoe Jehovah sy volk seën? (2 Kron. 7:3; Ps. 22:22; 34:1; 96:2)

4. Lees 1 Konings 11:9-13.

Hoe wys Salomo se lewe hoe belangrik dit is om tot die einde toe getrou te bly? (1 Kon. 11:4, 9; Matt. 10:22; Op. 2:10)

Verhaal 65

Die koninkryk word verdeel

1. Wat is die name van die twee mans in die prent, en wie is hulle?
2. Wat doen Ahia met sy kleed, en wat beteken dit?
3. Wat probeer Salomo aan Jerobeam doen?
4. Hoekom maak die volk vir Jerobeam koning oor tien stamme?
5. Hoekom maak Jerobeam twee goue kalwers, en wat gebeur kort daarna met die land?
6. Wat gebeur met die tweestammeryk en Jehovah se tempel in Jerusalem?

Bykomende vrae:

1. Lees 1 Konings 11:26-43.

Watter soort persoon was Jerobeam, en wat het Jehovah vir hom belowe as hy God se wette sou onderhou? (1 Kon. 11:28, 38)

2. Lees 1 Konings 12:1-33.

- (a) Wat kan ouers en ouer manne uit Rehabeam se slegte voorbeeld leer oor die misbruik van gesag? (1 Kon. 12:13; Pred. 7:7; 1 Pet. 5:2, 3)
- (b) Tot wie moet jongmense hulle vandag wend vir betroubare leiding wanneer hulle ernstige besluite in die lewe moet neem? (1 Kon. 12:6, 7; Spr. 1:8, 9; 2 Tim. 3:16, 17; Heb. 13:7)
- (c) Hoekom het Jerobeam twee sentrums vir kalf-aanbidding opgerig, en hoe het dit 'n groot gebrek aan geloof in Jehovah getoon? (1 Kon. 11:37; 12:26-28)
- (d) Wie het die mense van die tienstammeryk in 'n opstand teen ware aanbidding gelei? (1 Kon. 12:32, 33)

Verhaal 66

Isebel—'n slegte koningin

1. Wie is Isebel?
2. Hoekom voel koning Agab eendag ongelukkig?
3. Wat doen Isebel om Nabot se wingerd vir haar man, Agab, te kry?
4. Wie stuur Jehovah om vir Isebel te straf?
5. Soos jy in die prent kan sien, wat gebeur wanneer Jehu by Isebel se paleis kom?

Bykomende vrae:

1. Lees 1 Konings 16:29-33 en 18:3, 4.

Hoe sleg was toestande in Israel gedurende die tyd van koning Agab? (1 Kon. 14:9)

2. Lees 1 Konings 21:1-16.

- (a) Hoe het Nabot moed en loyaliteit teenoor Jehovah aan die dag gele? (1 Kon. 21:1-3; Lev. 25:23-28)
- (b) Wat kan ons uit Agab se voorbeeld leer oor hoe om teleurstelling te verwerk? (1 Kon. 21:4; Rom. 5:3-5)

3. Lees 2 Konings 9:30-37.

Wat kan ons leer uit Jehu se ywer om Jehovah se wil te doen? (2 Kon. 9:4-10; 2 Kor. 9:1, 2; 2 Tim. 4:2)

Verhaal 67

Josafat vertrou op Jehovah

1. Wie is Josafat, en gedurende watter tyd lewe hy?
2. Hoekom is die Israëliete bang, en wat doen baie van hulle?
3. Watter antwoord gee Jehovah op Josafat se gebed?
4. Wat laat Jehovah voor die geveg gebeur?
5. Watter les kan ons by Josafat leer?

Bykomende vrae:

1. Lees 2 Kronieke 20:1-30.

- (a) Hoe het Josafat gewys wat getroue knegte van God moet doen wanneer hulle voor dreigende omstandighede te staan kom? (2 Kron. 20:12; Ps. 25:15; 62:1)
- (b) Aangesien Jehovah nog altyd 'n kommunikasiekanaal in sy handeling met sy volk gebruik het, watter kanaal gebruik hy vandag? (2 Kron. 20:14, 15; Matt. 24:45-47; Joh. 15:15)
- (c) Hoe sal ons situasie soortgelyk wees aan dié van Josafat wanneer God die "oorlog van die groot dag van God die Almagtige" bring? (2 Kron. 20:15, 17; 32:8; Op. 16:14, 16)
- (d) Watter soort hydrae lewer pioniers en sendelinge vandag tot die wêreldwyse predikingswerk in navolging van die Leviete? (2 Kron. 20:19; Rom. 10:13-15; 2 Tim. 4:2)

Verhaal 68

Twee seuns wat weer lewe

1. Wie is die drie mense in die prent, en wat gebeur met die seuntjie?
2. Wat bid Elia oor die seun, en wat gebeur dan?
3. Wat is die naam van Elia se helper?
4. Hoekom word Elisa na die huis van 'n vrou in Sunem geroep?
5. Wat doen Elisa, en wat gebeur met die dooie kind?
6. Watter mag het Jehovah, soos ons in die geval van Elia en Elisa kan sien?

Bykomende vrae:

1. *Lees 1 Konings 17:8-24.*

(a) Hoe is Elia se gehoorsaamheid en geloof getoets? (1 Kon. 17:9; 19:1-4, 10)

(b) Hoekom was die geloof van die weduwe van Sarfat iets anders? (1 Kon. 17:12-16; Luk. 4:25, 26)

(c) Hoe bevestig die ondervinding van die weduwe van Sarfat die waarheid van Jesus se woorde in Matteus 10:41, 42? (1 Kon. 17:10-12, 17, 23, 24)

2. *Lees 2 Konings 4:8-37.*

(a) Wat leer die vrou van Sunem ons oor gasvryheid? (2 Kon. 4:8; Luk. 6:38; Rom. 12:13; 1 Joh. 3:17)

(b) Hoe kan ons vandag goeie dade aan God se knegte bewys? (Hand. 20:35; 28:1, 2; Gal. 6:9, 10; Heb. 6:10)

Verhaal 69

'n Kind help 'n vername man

1. Wat vertel die meisietjie vir die vrou in die prent?

2. Wie is die vrou in die prent, en wat doen die meisietjie in die vrou se huis?

3. Wat sê Elisa vir sy kneg om vir Naäman te sê, en hoekom word Naäman kwaad?

4. Wat gebeur wanneer Naäman na sy knegte lui-ter?

5. Hoekom aanvaar Elisa nie Naäman se geskenk nie, maar wat doen Gehasi?

6. Wat gebeur met Gehasi, en wat kan ons hieruit leer?

Bykomende vrae:

1. *Lees 2 Konings 5:1-27.*

(a) Hoe kan die voorbeeld wat die Israelitiese meisietjie gestel het, jongmense vandag aanmoedig? (2 Kon. 5:3; Ps. 8:2; 148:12, 13)

(b) Hoekom is dit goed om Naäman se voorbeeld in gedagte te hou wanneer ons skriftuurlike raad kry? (2 Kon. 5:15; Heb. 12:5, 6; Jak. 4:6)

(c) Watter lesse kan ons leer deur Elisa se voorbeeld met dié van Gehasi te vergelyk? (2 Kon. 5:9, 10, 14-16, 20; Matt. 10:8; Hand. 5:1-5; 2 Kor. 2:17)

Verhaal 70

Jona en die groot vis

1. Wie is Jona, en wat sê Jehovah vir hom om te doen?

2. Wat doen Jona omdat hy nie wil gaan waarheen Jehovah hom stuur nie?

3. Wat sê Jona vir die matrose moet hulle doen om die storm te laat ophou?

4. Soos jy in die prent kan sien, wat gebeur wanneer Jona in die water afsink?

5. Hoe lank is Jona binne-in die groot vis, en wat doen hy daar?

6. Waarheen gaan Jona nadat hy uit die groot vis uitgekom het, en wat leer ons daaruit?

Bykomende vrae:

1. *Lees Jona 1:1-17.*

Hoe het Jona klaarblyklik gevoel oor sy toewysing om vir die Nineviete te preek? (Jona 1:2, 3; Spr. 3:7; Pred. 8:12)

2. *Lees Jona 2:1, 2, 10.*

Hoe gee Jona se ondervinding ons die vertroue dat Jehovah ons gebede sal verhoor? (Ps. 22:24; 34:6; 1 Joh. 5:14)

3. *Lees Jona 3:1-10.*

(a) Watter aanmoediging kry ons uit die feit dat Jehovah voortgegaan het om Jona te gebruik, al het hy aanvanklik nie sy toewysing uitgevoer nie? (Ps. 103:14; 1 Pet. 5:10)

(b) Wat leer Jona se ondervinding met die Nineviete ons oor vooroordeel teen mense in ons gebied? (Jona 3:6-9; Pred. 11:6; Hand. 13:48)

Verhaal 71

God belowe 'n paradys

1. Wie was Jesaja, wanneer het hy gelewe, en wat het Jehovah vir hom gewys?

2. Wat beteken die woord "paradys", en waaraan laat dit jou dink?

3. Wat het Jehovah vir Jesaja gesê om oor die nuwe Paradys te skryf?

4. Hoekom het Adam en Eva hulle pragtige tuis-ter verloor?

5. Wat belowe Jehovah vir mense wat vir hom lief is?

Bykomende vrae:

1. *Lees Jesaja 11:6-9.*

(a) Hoe beeld God se Woord die vrede uit wat in die nuwe wêreld tussen diere en mense sal bestaan? (Ps. 148:10, 13; Jes. 65:25; Eseg. 34:25)

(b) Watter geestelike vervulling van Jesaja se woorde vind vandag onder Jehovah se volk plaas? (Rom. 12:2; Ef. 4:23, 24)

(c) Wie verdien die eer vir die verandering in mense se persoonlikhede nou sowel as in die nuwe wêreld? (Jes. 48:17, 18; Gal. 5:22, 23; Fil. 4:7)

2. *Lees Openbaring 21:3, 4.*

(a) Hoe wys die Skrif dat wanneer dit sê God woon by die mensdom, beteken dit dat hy figuurlik op die aarde teenwoordig is, nie letterlik nie? (Lev. 26:11, 12; 2 Kron. 6:18; Jes. 66:1; Op. 21:2, 3, 22-24)

(b) Watter soort trane en pyn sal daar nie meer wees nie? (Luk. 8:49-52; Rom. 8:21, 22; Op. 21:4)

Verhaal 72

God help koning Hiskia

1. Wie is die man in die prent, en hoekom is hy in groot moeilikheid?
2. Wat is die briede wat Hiskia voor God neergesit het, en wat bid Hiskia?
3. Watter soort koning is Hiskia, en watter boodskap stuur Jehovah deur die profeet Jesaja aan hom?
4. Wat doen Jehovah se engel aan die Assiriërs, soos die prent wys?
5. Hoewel die tweestammeryk 'n ruk lank vrede het, wat gebeur ná Hiskia se dood?

Bykomende vrae:

1. *Lees 2 Konings 18:1-36.*

(a) Hoe het die Assiriese woordvoerder Rabsake die geloof van die Israëliete probeer ondermyn? (2 Kon. 18:19, 21; Eks. 5:2; Ps. 64:3)

(b) Hoe slaan Jehovah se Getuies ag op die voorbeeld van Hiskia wanneer hulle met teenstanders te doen kry? (2 Kon. 18:36; Ps. 39:1; Spr. 26:4; 2 Tim. 2:24)

2. *Lees 2 Konings 19:1-37.*

(a) Hoe volg Jehovah se volk Hiskia vandag in tye van benoudheid na? (2 Kon. 19:1, 2; Spr. 3:5, 6; Heb. 10:24, 25; Jak. 5:14, 15)

(b) Watter drievoudige nederlaag het koning Sanherib gely, en wie beeld hy profeties af? (2 Kon. 19:32, 35, 37; Op. 20:2, 3)

3. *Lees 2 Konings 21:1-6, 16.*

Hoekom kan daar gesê word dat Manasse een van die goddeloosste konings was wat ooit in Jerusalem regeer het? (2 Kron. 33:4-6, 9)

Verhaal 73

Israel se laaste goeie koning

1. Hoe oud is Josia wanneer hy koning word, en wat begin hy doen nadat hy sewe jaar lank koning is?
2. Wat doen Josia in die eerste prent?
3. Wat kry die hoëpriester wanneer die mans herstelwerk aan die tempel doen?
4. Hoekom skeur Josia sy klere?
5. Watter boodskap van Jehovah af stuur die profetes Hulda aan Josia?

Bykomende vrae:

1. *Lees 2 Kronieke 34:1-28.*

(a) Watter voorbeeld stel Josia vir mense wat moontlik moeilike kinderyare gehad het? (2 Kon. 33:21-25; 34:1, 2; Ps. 27:10)

(b) Watter betekenisvolle stappe het Josia gedurende die 8ste, 12de en 18de jaar van sy heerskappy gedoen om ware aanbidding te bevorder? (2 Kron. 34:3, 8)

(c) Watter lesse om ons plekke van aanbidding te onderhou, kan ons leer uit die voorbeeld wat deur koning Josia en hoëpriester Hilkia gestel is? (2 Kron. 34:9-13; Spr. 11:14; 1 Kor. 10:31)

Verhaal 74

'n Man wat nie bang is nie

1. Wie is die jong man in die prent?
2. Wat dink Jeremia daarvan om 'n profeet te word, maar wat sê Jehovah vir hom?
3. Wat sê Jeremia oor en oor vir die volk?
4. Hoe probeer die priesters om Jeremia stil te maak, maar hoe wys hy dat hy nie bang is nie?
5. Wat gebeur wanneer die Israëliete nie hulle slechte weë verander nie?

Bykomende vrae:

1. *Lees Jeremia 1:1-8.*

(a) Wat maak 'n mens bekwaam vir Jehovah se diens, soos Jeremia se voorbeeld toon? (2 Kor. 3:5, 6)

(b) Hoe moedig Jeremia se voorbeeld Christenjongmense vandag aan? (Pred. 12:1; 1 Tim. 4:12)

2. *Lees Jeremia 10:1-5.*

Watter kragtige illustrasie gebruik Jeremia om te wys hoe nuttelos dit is om op afgode te vertrou? (Jer. 10:5; Jes. 46:7; Hab. 2:19)

3. *Lees Jeremia 26:1-16.*

(a) Hoe neem die gesalfde oorblyfsel Jehovah se bevel aan Jeremia 'om nie 'n enkele woord weg te neem nie', ter harte wanneer hulle vandag die waarskuwingsboodskap bekend maak? (Jer. 26:2; Deut. 4:2; Hand. 20:27)

(b) Watter goeie voorbeeld het Jeremia gestel vir Jehovah se Getuies wat vandag Jehovah se waarskuwing aan die nasies bekend maak? (Jer. 26:8, 12, 14, 15; 2 Tim. 4:1-5)

4. *Lees 2 Konings 24:1-17.*

Wat was die droewige gevolg van Juda se ontrouheid aan Jehovah? (2 Kon. 24:2-4, 14)

Verhaal 75

Vier seuns in Babilon

1. Wie is die vier seuns in die prent, en hoekom is hulle in Babilon?
2. Watter planne het Nebukadnesar vir die vier seuns, en wat beveel hy sy knegte?
3. Wat vra Daniël oor kos en drank vir hom en sy drie vriende?

4. Nadat Daniël en sy drie vriende tien dae lank groente geëet het, hoe vergelyk hulle met die ander jong mans?

5. Hoe kom Daniël en sy drie vriende in die koning se paleis, en hoe is hulle beter as die priesters en wyse manne?

Bykomende vrae:

1. Lees Daniël 1:1-21.

(a) Watter soort inspanning is nodig as ons hoop om versoekings te weerstaan en swakhede te bowe te kom? (Dan. 1:8; Gen. 39:7, 10; Gal. 6:9)

(b) Hoe kan jongmense vandag versoek word of hoe kan druk op hulle uitgeoefen word om hulle oor te gee aan dinge wat party mense as "lekker-nye" beskou? (Dan. 1:8; Spr. 20:1; 2 Kor. 6:17-7:1)

(c) Wat help die Bybelverslag van die vier Hebreuse jongmense ons om te besef oor wêreldse geleerdheid? (Dan. 1:20; Jes. 54:13; 1 Kor. 3:18-20)

Verhaal 76

Jerusalem word vernietig

1. Wat gebeur met Jerusalem en die Israëliete wat in die prent gewys word?

2. Wie is Esegïel, en watter skokkende dinge wys Jehovah vir hom?

3. Wat belowe Jehovah omdat die Israëliete geen respek vir hom het nie?

4. Wat doen koning Nebukadnesar nadat die Israëliete teen hom gerebelleer het?

5. Hoekom laat Jehovah toe dat hierdie verskriklike vernietiging oor die Israëliete kom?

6. Hoe word die land van Israel sonder enige mense gelaat, en vir hoe lank?

Bykomende vrae:

1. Lees 2 Konings 25:1-26.

(a) Wie was Sedekia, wat het met hom gebeur, en hoe het dit 'n Bybelprofesie vervul? (2 Kon. 25:5-7; Eseg. 12:13-15)

(b) Wie is deur Jehovah aanspreeklik gehou vir al Israel se ontrouheid? (2 Kon. 25:9, 11, 12, 18, 19; 2 Kron. 36:14, 17)

2. Lees Esegïel 8:1-18.

Hoe het die Christendom afvallige Israëlitiese sonaansidders nagevolg? (Eseg. 8:16; Jes. 5:20, 21; Joh. 3:19-21; 2 Tim. 4:3)

Verhaal 77

Hulle weier om neer te buig

1. Watter bevel het Nebukadnesar, die koning van Babilon, vir die mense gegee?

2. Hoekom buig Daniël se drie vriende nie voor die goue beeld neer nie?

3. Hoe wys die drie Hebreërs dat hulle op Jehovah vertrou wanneer Nebukadnesar hulle nog 'n kans gee om neer te buig?

4. Wat laat Nebukadnesar sy manne met Sadrag, Mesag en Abednego doen?

5. Wat sien Nebukadnesar wanneer hy in die vuurood inkyk?

6. Hoekom loof die koning die God van Sadrag, Mesag en Abednego, en watter voorbeeld stel hulle vir ons?

Bykomende vrae:

1. Lees Daniël 3:1-30.

(a) Watter gesindheid wat deur die drie jong Hebreërs aan die dag gelê is, moet al God se knegte navolg wanneer hulle voor toetse van onkreukbaarheid te staan kom? (Dan. 3:17, 18; Matt. 10:28; Rom. 14:7, 8)

(b) Watter belangrike les het Jehovah God vir Nebukadnesar geleer? (Dan. 3:28, 29; 4:34, 35)

Verhaal 78

Die skrif teen die muur

1. Wat gebeur wanneer die koning van Babilon 'n groot fees hou en die bекers en bakke gebruik wat uit Jehovah se tempel in Jerusalem geneem is?

2. Wat sê Belsasar vir sy wyse manne, maar wat kan hulle nie doen nie?

3. Wat sê die koning se ma moet hy doen?

4. Volgens wat Daniël vir die koning vertel, hoekom het God die hand gestuur om op die muur te skryf?

5. Hoe verduidelik Daniël wat die woorde teen die muur beteken?

6. Wat gebeur terwyl Daniël nog praat?

Bykomende vrae:

1. Lees Daniël 5:1-31.

(a) Beskryf die verskil tussen godvrugtige vrees en die vrees wat Belsasar gevoel het toe hy die skrif teen die muur gesien het (Dan. 5:6, 7; Ps. 19:9; Rom. 8:35-39)

(b) Hoe het Daniël groot moed aan die dag gelê toe hy met Belsasar en sy edelmanne gepraat het? (Dan. 5:17, 18, 22, 26-28; Hand. 4:29)

(c) Hoe beklemtoon Daniël hoofstuk 5 Jehovah se universele soewereiniteit? (Dan. 4:17, 25; 5:21)

Verhaal 79

Daniël in die leeuuil

1. Wie is Darius, en wat dink hy van Daniël?

2. Wat kry party jaloerse mans Darius om te doen?

3. Wat doen Daniël wanneer hy van die nuwe wet hoor?

4. Hoekom is Darius so ontsteld dat hy nie kan slaap nie, en wat doen hy die volgende oggend?
5. Hoe antwoord Daniël vir Darius?
6. Wat gebeur met die slegte mans wat Daniël probeer doodmaak het, en wat skryf Darius aan al die mense in sy koninkryk?

Bykomende vrae:

1. *Lees Daniël 6:1-28.*
- (a) Hoe laat die sameswering teen Daniël ons dink aan wat teenstanders gedoen het om die werk van Jehovah se Getuies in hedendaagse tye te probeer onderdruk? (Dan. 6:7; Ps. 94:20; Jes. 10:1; Rom. 8:31)
- (b) Hoe kan knegte van God Daniël vandag navolg deur onderdanig te bly aan “die hoër owerhede”? (Dan. 6:5, 10; Rom. 13:1; Hand. 5:29)
- (c) Hoe kan ons Daniël se voorbeeld navolg om Jehovah “met standvastigheid” te dien? (Dan. 6:16, 20; Fil. 3:16; Op. 7:15)

Verhaal 80

God se volk verlaat Babilon

1. Wat doen die Israëliete in die prent?
2. Hoe het Kores Jehovah se profesie vervul wat Hy deur Jesaja gegee het?
3. Wat sê Kores vir die Israëliete wat nie na Jerusalem toe kan teruggaan nie?
4. Wat gee Kores vir die mense om na Jerusalem toe terug te neem?
5. Hoe lank neem dit die Israëliete om na Jerusalem toe te reis?
6. Hoeveel jare het verbygegaan vandat daar niks meer mense in die land oorgebly het nie?

Bykomende vrae:

1. *Lees Jesaja 44:28 en 45:1-4.*
 - (a) Hoe het Jehovah die sekerheid van die vervulling van die profesie oor Kores beklemtoon? (Jes. 55:10, 11; Rom. 4:17)
 - (b) Wat wys Jesaja se profesie aangaande Kores oor Jehovah God se vermoë om die toekoms te voorspel? (Jes. 42:9; 45:21; 46:10, 11; 2 Pet. 1:20)
 2. *Lees Esra 1:1-11.*
- Hoe kan ons vandag, in navolging van dié wat nie na Jerusalem toe kon teruggaan nie, ‘die hande versterk’ van diegene wat die voltydse diens kan betree? (Esra 1:4, 6; Rom. 12:13; Kol. 4:12)

Verhaal 81

Vertroue op God se hulp

1. Hoeveel mense gaan op die lang reis van Babilon na Jerusalem, maar wat sien hulle wanneer hulle daar aankom?

2. Wat begin die Israëliete bou nadat hulle daar aangekom het, maar wat doen hulle vyande?
3. Wie is Haggai en Sagaria, en wat sê hulle vir die volk?
4. Hoekom stuur Tattenai ’n brief na Babilon, en watter antwoord kry hy?
5. Wat doen Esra wanneer hy hoor dat God se tempel reggemaak moet word?
6. Waarvoor bid Esra in die prent, hoe word sy gebed verhoor, en wat leer ons daaruit?

Bykomende vrae:

1. *Lees Esra 3:1-13.*
- Wat moet ons aanhou doen as ons ooit iewers is waar daar geen gemeente van God se knegte is nie? (Esra 3:3, 6; Hand. 17:16, 17; Heb. 13:15)
2. *Lees Esra 4:1-7.*
- Watter voorbeeld het Serubbabel vir Jehovah se volk gestel met betrekking tot geloofsvermenging? (Eks. 34:12; 1 Kor. 15:33; 2 Kor. 6:14-17)
3. *Lees Esra 5:1-5, 17 en 6:1-22.*
- (a) Hoekom kon die teenstanders nie die bouwerk aan die tempel stopsit nie? (Esra 5:5; Jes. 54:17)
- (b) Hoe is die optrede van die ouer manne van die Jode ’n aansporing vir Christen-ouer manne om Jehovah se leiding te soek wanneer hulle met teenstanders te doen kry? (Esra 6:14; Ps. 32:8; Rom. 8:31; Jak. 1:5)
4. *Lees Esra 8:21-23, 28-36.*
- Watter voorbeeld van Esra moet ons navolg voordat ons tot ’n sekere handelswyse oorgaan? (Esra 8:23; Ps. 127:1; Spr. 10:22; Jak. 4:13-15)

Verhaal 82

Mordegai en Ester

1. Wie is Mordegai en Ester?
2. Hoekom wil koning Ahasveros ’n nuwe vrou hê, en wie kies hy?
3. Wie is Haman, en wat maak hom baie kwaad?
4. Watter wet word gemaak, en wat doen Ester nadat sy ’n boodskap van Mordegai kry?
5. Wat gebeur met Haman, en wat gebeur met Mordegai?
6. Hoe word die Israëliete van hulle vyande gered?

Bykomende vrae:

1. *Lees Ester 2:12-18.*
- Hoe het Ester gewys hoe waardevol dit is om ’n “stille en sagmoedige gees” aan te kweek? (Est. 2:15; 1 Pet. 3:1-5)
2. *Lees Ester 4:1-17.*
- Net soos Ester ’n geleentheid gegee is om ten behoeve van ware aanbidding op te tree, watter geleentheid word ons vandag gegee om ons toege-

wydheid en loyaliteit aan Jehovah te bewys? (Est. 4:13, 14; Matt. 5:14-16; 24:14)

3. Lees Ester 7:1-6.

Hoe het baie van God se volk hulle ook, soos Ester, aan vervolging blootgestel? (Est. 7:4; Matt. 10:16-22; 1 Pet. 2:12)

Verhaal 83

Die mure van Jerusalem

1. Hoe het dit vir die Israëliete gevoel om nie mure rondom hulle stad Jerusalem te hê nie?

2. Wie is Nehemia?

3. Watter werk doen Nehemia, en hoekom is dit belangrik?

4. Watter nuus maak Nehemia hartseer, en wat doen hy?

5. Watter goeie ding doen koning Artasasta vir Nehemia?

6. Hoe reël Nehemia die bouwerk sodat die Israëliete se vyande nie 'n einde daaraan kan maak nie?

Bykomende vrae:

1. Lees Nehemia 1:4-6 en 2:1-20.

Hoe het Nehemia Jehovah se leiding gesoek? (Neh. 2:4, 5; Rom. 12:12; 1 Pet. 4:7)

2. Lees Nehemia 3:3-5.

Wat kan ouer manne en bedieningsknegte leer uit die verskil tussen die Tekoiete en hulle "vooraanstaandes"? (Neh. 3:5, 27; 2 Tess. 3:7-10; 1 Pet. 5:5)

3. Lees Nehemia 4:1-23.

(a) Wat het die Israëliete aangespoor om ondanks hewige teenstand aan te hou bou? (Neh. 4:6, 8, 9; Ps. 50:15; Jes. 65:13, 14)

(b) Hoe moedig die voorbeeld van die Israëliete ons vandag aan?

4. Lees Nehemia 6:15.

Wat toon die feit dat Jerusalem se mure binne twee maande voltooi is, oor die krag van geloof? (Ps. 56:3, 4; Matt. 17:20; 19:26)

Verhaal 84

'n Engel kom na Maria toe

1. Wie is die vrou in die prent?

2. Wat sê Gabriël vir Maria?

3. Hoe verduidelik Gabriël vir Maria dat sy 'n baba gaan hê al het sy nie saam met 'n man geblly nie?

4. Wat gebeur wanneer Maria vir haar familielid Elisabet gaan kuier?

5. Wat dink Josef wanneer hy hoor dat Maria 'n baba gaan hê, maar hoekom verander hy van plan?

Bykomende vrae:

1. Lees Lukas 1:26-56.

(a) Wat gee Lukas 1:35 te kenne aangaande enige Adamitiese onvolmaaktheid in Maria se eiersel toe die lewe van God se Seun uit die geesteryk oorgeplaas is? (Hag. 2:11-13; Joh. 6:69; Heb. 7:26; 10:5)

(b) Hoe is Jesus geëer selfs voordat hy gebore is? (Luk. 1:41-43)

(c) Watter goeie voorbeeld het Maria gestel vir Christene wat vandag spesiale diensvoorregte kry? (Luk. 1:38, 46-49; 17:10; Spr. 11:2)

2. Lees Matteus 1:18-25.

Al is Jesus nie by die naam Immanuel genoem nie, hoe het sy rol as 'n mens die betekenis daarvan vervul? (Matt. 1:22, 23; Joh. 14:8-10; Heb. 1:1-3)

Verhaal 85

Jesus word in 'n stal gebore

1. Wie is die babatjie in die prent, en waar lê Maria hom neer?

2. Hoekom is Jesus in 'n stal by die diere gebore?

3. Wie is die mans in die prent wat in die stal inkom, en wat het 'n engel vir hulle gesê?

4. Hoekom is Jesus spesiaal?

5. Hoekom kan Jesus God se Seun genoem word?

Bykomende vrae:

1. Lees Lukas 2:1-20.

(a) Watter rol het keiser Augustus in die vervulling van die profesie oor Jesus se geboorte gespeel? (Luk. 2:1-4; Miga 5:2)

(b) Hoe kan 'n mens ingesluit word onder diegene wat "mense van welwillendheid" genoem word? (Luk. 2:14; Matt. 16:24; Joh. 17:3; Hand. 3:19; Heb. 11:6)

(c) As daardie nederige Judese herders rede gehad het om verheug te wees oor die geboorte van 'n Redder, watter groter rede tot vreugde het God se knegte vandag? (Luk. 2:10, 11; Ef. 3:8, 9; Op. 11:15; 14:6)

Verhaal 86

Mans gelei deur 'n ster

1. Wie is die mans in die prent, en hoekom wys een van hulle na 'n helder ster?

2. Hoekom was koning Herodes ontsteld, en wat doen hy?

3. Waarheen lei die helder ster die mans, maar hoekom gaan hulle met 'n ander pad terug na hulle eie land toe?

4. Wat beveel Herodes, en hoekom?

5. Wat sê Jehovah vir Josef om te doen?
6. Wie het die nuwe ster laat skyn, en hoekom?

Bykomende vraag:

1. Lees Matteus 2:1-23.

Hoe oud was Jesus en waar het hy gewoon toe die sterrewiggelaars na hom toe gekom het? (Matt. 2: 1, 11, 16)

Verhaal 87

Jong Jesus in die tempel

1. Hoe oud is Jesus in die prent, en waar is hy?
2. Wat doen Josef elke jaar met sy gesin?
3. Hoekom gaan Josef en Maria terug na Jerusalem toe ná een dag van die reis terug huis toe?
4. Waar kry Josef en Maria vir Jesus, en hoekom is die mense daar verbaas?
5. Wat sê Jesus vir sy ma, Maria?
6. Hoe kan ons soos Jesus wees en van God leer?

Bykomende vrae:

1. Lees Lukas 2:41-52.

(a) Al het die Wet dit net van mans vereis om die jaarlikse feeste by te woon, watter goeie voorbeeld het Josef en Maria vir ouers van vandag gestel? (Luk. 2:41; Deut. 16:16; 31:12; Spr. 22:6)

(b) Hoe het Jesus 'n goeie voorbeeld vir kinders van vandag gestel wat onderdanigheid aan hulle ouers betref? (Luk. 2:51; Deut. 5:16; Spr. 23:22; Kol. 3:20)

2. Lees Matteus 13:53-56.

Watter vier vleeslike broers van Jesus word in die Bybel genoem, en hoe is twee van hulle later in die Christengemeente gebruik? (Matt. 13:55; Hand. 12:17; 15:6, 13; 21:18; Gal. 1:19; Jak. 1:1; Jud. 1)

Verhaal 88

Johannes doop vir Jesus

1. Wie is die twee mans in die prent?
2. Hoe word 'n mens gedoop?
3. Wie doop Johannes gewoonlik?
4. Om watter spesiale rede vra Jesus vir Johannes om hom te doop?
5. Hoe wys God dat Hy bly is dat Jesus gedoop is?
6. Wat gebeur wanneer Jesus vir 40 dae na 'n een-same plek toe gaan?
7. Wie is 'n paar van Jesus se eerste volgelinge, of dissipels, en wat is sy eerste wonderwerk?

Bykomende vrae:

1. Lees Matteus 3:13-17.

Watter voorbeeld het Jesus met betrekking tot die doop van sy dissipels voorsien? (Ps. 40:7, 8; Matt. 28:19, 20; Luk. 3:21, 22)

2. Lees Matteus 4:1-11.

Hoe moedig Jesus se vaardige gebruik van die Skrif ons aan om die Bybel gereed te bestudeer? (Matt. 4:5-7; 2 Pet. 3:17, 18; 1 Joh. 4:1)

3. Lees Johannes 1:29-51.

Op wie het Johannes die Doper sy dissipels se aandag gevestig, en hoe kan ons hom vandag navoel? (Joh. 1:29, 35, 36; 3:30; Matt. 23:10)

4. Lees Johannes 2:1-12.

Hoe het Jesus se eerste wonderwerk gewys dat Jehovah niks goeds van Sy knegte terughou nie? (Joh. 2:9, 10; Ps. 84:11; Jak. 1:17)

Verhaal 89

Jesus reinig die tempel

1. Hoekom word diere by die tempel verkoop?
2. Wat maak Jesus kwaad?
3. Wat doen Jesus, soos jy in die prent kan sien, en wat beveel hy die mans wat duiwe verkoop?
4. Waaraan dink Jesus se volgelinge wanneer hulle sien wat hy doen?
5. Deur watter streek reis Jesus op sy pad terug na Galilea toe?

Bykomende vraag:

1. Lees Johannes 2:13-25.

Johannes Jesus so verontwaardig was oor die geldwisselaars in die tempel, wat is die regte beskouing van kommersiële bedrywighede in die Koninkryksaal? (Joh. 2:15, 16; 1 Kor. 10:24, 31-33)

Verhaal 90

Die vrou by die put

1. Hoekom het Jesus by 'n put in Samaria gestop, en wat sê hy vir 'n vrou daar?
2. Hoekom is die vrou verbaas, wat sê Jesus vir haar, en hoekom?
3. Van watter soort water dink die vrou praat Jesus, maar watter water bedoel hy eintlik?
4. Hoekom is die vrou verbaas oor wat Jesus van haar weet, en hoe het hy hierdie inligting gekry?
5. Watter lesse kan ons leer uit die verslag oor die vrou by die put?

Bykomende vrae:

1. Lees Johannes 4:5-43.

(a) In navolging van Jesus se voorbeeld, watter gesindheid moet ons aan die dag lê teenoor mense van 'n ander ras of sosiale agtergrond? (Joh. 4:9; 1 Kor. 9:22; 1 Tim. 2:3, 4; Tit. 2:11)

(b) Watter geestelike voordele geniet iemand wat 'n dissipel van Jesus word? (Joh. 4:14; Jes. 58:11; 2 Kor. 4:16)

(c) Hoe kan ons waardering toon soos dié van die Samaritaanse vrou, wat gretig was om ander te

vertel wat sy geleer het? (Joh. 4:7, 28; Matt. 6:33; Luk. 10:40-42)

Verhaal 91

Jesus leer op 'n berg

1. Waar leer Jesus mense in die prent, en wie is die mans wat naaste aan hom sit?
2. Wat is die naam van die 12 apostels?
3. Wat is die Koninkryk waarvan Jesus preek?
4. Waarvoor leer Jesus die mense om te bid?
5. Wat sê Jesus oor hoe mense mekaar moet behandel?

Bykomende vrae:

1. Lees *Matteus 5:1-12*.

Op watter maniere kan ons wys dat ons bewus is van ons geestelike behoefte? (Matt. 5:3; Rom. 10:13-15; 1 Tim. 4:13, 15, 16)

2. Lees *Matteus 5:21-26*.

Hoe beklemtoon Matteus 5:23, 24 dat ons verhouding met ons broers 'n invloed het op ons verhouding met Jehovah? (Matt. 6:14, 15; Ps. 133:1; Kol. 3:13; 1 Joh. 4:20)

3. Lees *Matteus 6:1-8*.

Wat is party vorme van eiegeregtigheid wat Christene moet vermy? (Luk. 18:11, 12; 1 Kor. 4:6, 7; 2 Kor. 9:7)

4. Lees *Matteus 6:25-34*.

Wat het Jesus geleer oor die belangrikheid daarvan om op Jehovah te vertrou vir ons materiële lewensmiddele? (Eks. 16:4; Ps. 37:25; Fil. 4:6)

5. Lees *Matteus 7:1-11*.

Wat leer ons uit die treffende illustrasie in Matteus 7:5? (Spr. 26:12; Rom. 2:1; 14:10; Jak. 4:11, 12)

Verhaal 92

Jesus wek dooies op

1. Wie is die meisie in die prent se pa, en hoekom is hy en sy vrou baie bekommerd?
2. Wat doen Jaïrus wanneer hy vir Jesus kry?
3. Wat gebeur terwyl Jesus op pad is na Jaïrus se huis toe, en watter boodskap kry Jaïrus op pad?
4. Hoekom lag die mense in Jaïrus se huis vir Jesus?
5. Wat doen Jesus nadat hy drie apostels en die meisie se pa en ma na die meisie se kamer toe gevat het?
6. Wie anders het Jesus uit die dode opgewek, en wat wys dit?

Bykomende vrae:

1. Lees *Lukas 8:40-56*.

Hoe het Jesus medelye en redelikheid teenoor die vrou met die bloedvloeiing betoon, en wat kan

Christen-oor manne van vandag hieruit leer? (Luk. 8:43, 44, 47, 48; Lev. 15:25-27; Matt. 9:12, 13; Kol. 3:12-14)

2. Lees *Lukas 7:11-17*.

Hoekom kan diegene wat geliefdes aan die dood afgegee het, groot vertroosting vind in Jesus se reaksie op die weduwe van Nain? (Luk. 7:13; 2 Kor. 1:3, 4; Heb. 4:15)

3. Lees *Johannes 11:17-44*.

Hoe het Jesus gewys dat dit normaal is om oor die dood van 'n geliefde te treur? (Joh. 11:33-36, 38; 2 Sam. 18:33; 19:1-4)

Verhaal 93

Jesus gee baie mense kos

1. Watter verskriklike ding het met Johannes die Doper gebeur, en hoe laat dit Jesus voel?
2. Hoe gee Jesus vir die skares wat hom gevolg het, kos, en hoeveel kos bly oor?
3. Hoekom is die dissipels gedurende die nag bang, en wat gebeur met Petrus?
4. Hoe gee Jesus 'n tweede keer vir duisende mense kos?
5. Hoekom sal dit wonderlik wees wanneer Jesus as God se Koning oor die aarde regeer?

Bykomende vrae:

1. Lees *Matteus 14:1-32*.

(a) Watter insig gee die verslag in Matteus 14:23-32 in Petrus se persoonlikheid?

(b) Hoe toon die skriftuurlike verslag dat Petrus meer volwasse geword en sy impulsiewe gedrag te bowe gekom het? (Matt. 14:27-30; Joh. 18:10; 21:7; Hand. 2:14, 37-40; 1 Pet. 5:6, 10)

2. Lees *Matteus 15:29-38*.

Hoe het Jesus respek getoon vir die materiële voorsienings wat van sy Vader kom? (Matt. 15:37; Joh. 6:12; Kol. 3:15)

3. Lees *Johannes 6:1-21*.

Hoe kan Christene vandag Jesus se voorbeeld volg met betrekking tot die regering? (Joh. 6:15; Matt. 22:21; Rom. 12:2; 13:1-4)

Verhaal 94

Hy is lief vir kindertjies

1. Waaroor stry die apostels op hulle pad terug na 'n lang reis?
2. Hoekom roep Jesus 'n kindjie en laat hy hom tussen die apostels staan?
3. Die apostels moet leer om op watter manier soos kinders te wees?
4. Hoe wys Jesus 'n paar maande later dat hy lief is vir kinders?

Bykomende vrae:

1. *Lees Matteus 18:1-4.*

Hoekom het Jesus illustrasies gebruik om mense te leer? (Matt. 13:34, 36; Mark. 4:33, 34)

2. *Lees Matteus 19:13-15.*

Watter eienskappe van jong kinders moet ons naboots as ons Koninkrykseëninge wil geniet? (Ps. 25:9; 138:6; 1 Kor. 14:20)

3. *Lees Markus 9:33-37.*

Wat het Jesus sy dissipels geleer oor 'n begeerte na prominente posisies? (Mark. 9:35; Matt. 20:25, 26; Gal. 6:3; Fil. 2:5-8)

4. *Lees Markus 10:13-16.*

Hoe genaakbaar was Jesus, en wat kan Christenouwer manne uit sy voorbeeld leer? (Mark. 6:30-34; Fil. 2:1-4; 1 Tim. 4:12)

Verhaal 95

Hoe Jesus ander leer

1. Watter vraag vra 'n man vir Jesus, en hoekom?
2. Wat gebruik Jesus partykeer om ander te leer, en wat het ons vroeër oor die Jode en die Samaritaner geleer?
3. Wat gebeur met 'n Jood wat op die pad na Jerigo reis in die storie wat Jesus vertel?
4. Wat gebeur wanneer 'n Joodse priester en 'n Leviet daarlangs loop?
5. Wie help die beseerde Jood in die prent?
6. Watter vraag vra Jesus aan die einde van sy storie, en hoe antwoord die man?

Bykomende vrae:

1. *Lees Lukas 10:25-37.*

(a) Hoe het Jesus 'n man wat met die Wet verroud was, gehelp om oor 'n saak te redeneer, eerder as om 'n direkte antwoord te gee? (Luk. 10:26; Matt. 16:13-16)

(b) Hoe het Jesus illustrasies gebruik om vooroordeel aan die kant van sy toehoorders te bowe te kom? (Luk. 10:36, 37; 18:9-14; Tit. 1:9)

Verhaal 96

Jesus maak siekes gesond

1. Wat doen Jesus terwyl hy deur die land reis?
2. Wat sê Jesus vir sy apostels omtrent drie jaar nadat hy gedoop is?
3. Wie is die mense in die prent, en wat doen Jesus vir die vrou?
4. Hoekom laat Jesus se antwoord op die klagtes van die godsdiensteleiers hulle skaam voel?
5. Wat doen Jesus vir twee blinde bedelaars wanneer hy en sy apostels naby Jerigo is?
6. Hoekom doen Jesus wonderwerke?

Bykomende vrae:

1. *Lees Matteus 15:30, 31.*

Hoe word Jehovah se krag op wonderlike wyse deur Jesus geopenbaar, en watter uitwerking behoort dit te hê op hoe ons Jehovah se beloftes vir die nuwe wêreld verstaan? (Ps. 37:29; Jes. 33:24)

2. *Lees Lukas 13:10-17.*

Hoe wys die feit dat Jesus van sy uitsonderlikste wonderwerke op die Sabbat gedoen het watter soort verligting hy gedurende sy Duisendjarige Heerskappy vir die mensdom sal bring? (Luk. 13:10-13; Ps. 46:9; Matt. 12:8; Kol. 2:16, 17; Op. 21:1-4)

3. *Lees Matteus 20:29-34.*

Hoe wys hierdie verslag dat Jesus nooit te besig was om mense te help nie, en wat kan ons hieruit leer? (Deut. 15:7; Jak. 2:15, 16; 1 Joh. 3:17)

Verhaal 97

Jesus kom as koning

1. Wat sê Jesus vir sy dissipels om te doen wanneer hy by 'n klein dorpie naby Jerusalem kom?
2. Wat gebeur in die prent wanneer Jesus naby die stad Jerusalem kom?
3. Wat doen die jong kinders wanneer hulle sien dat Jesus mense gesond maak wat blind en kreupel is?
4. Wat sê Jesus vir die priesters wat kwaad is?
5. Hoe kan ons soos die kinders wees wat Jesus loof?
6. Wat wil die dissipels weet?

Bykomende vrae:

1. *Lees Matteus 21:1-17.*

(a) Hoe was Jesus se intog as Koning in Jerusalem anders as dié van seëvierende generaals in Romeinse tye? (Matt. 21:4, 5; Sag. 9:9; Fil. 2:5-8; Kol. 2:15)

(b) Watter les kan jongmense leer by die Israelitiese seuns wat uit Psalm 118 aangehaal het toe Jesus in die tempel ingegaan het? (Matt. 21:9, 15; Ps. 118:25, 26; 2 Tim. 3:15; 2 Pet. 3:18)

2. *Lees Johannes 12:12-16.*

Wat word afgebeeld deur die feit dat die mense wat Jesus geloof het, palmtakke gebruik het? (Joh. 12:13; Fil. 2:10; Op. 7:9, 10)

Verhaal 98

Op die Olyfberg

1. Watter man in die prent is Jesus, en wie is by hom?
2. Wat het die priesters probeer om in die tempel aan Jesus te doen, en wat het hy vir hulle gesê?
3. Wat vra die apostels vir Jesus?

4. Hoekom vertel Jesus vir sy apostels party van die dinge wat op die aarde gaan gebeur wanneer hy as Koning in die hemel regeer?

5. Wat sê Jesus gaan gebeur voordat hy 'n einde aan alle slegte dinge op die aarde maak?

Bykomende vrae:

1. *Lees Matteus 23:1-39.*

(a) Hoewel die Skrif toon dat die gebruik van sekulêre titels gepas kan wees, wat toon Jesus se woorde in Matteus 23:8-11 oor die gebruik van vleiende titels in die Christengemeente? (Hand. 26:25; Rom. 13:7; 1 Pet. 2:13, 14)

(b) Wat het die Fariseërs gebruik om mense te probeer keer om Christene te word, en hoe het godsdiensteleiers in hedendaagse tye soortgelyke taktieke gebruik? (Matt. 23:13; Luk. 11:52; Joh. 9:22; 12:42; 1 Tess. 2:16)

2. *Lees Matteus 24:1-14.*

(a) Hoe vestig Matteus 24:13 die aandag op die belangrikheid van volharding?

(b) Wat beteken die uitdrukking “die einde” in Matteus 24:13? (Matt. 16:27; Rom. 14:10-12; 2 Kor. 5:10)

3. *Lees Markus 13:3-10.*

Watter uitdrukking in Markus 13:10 toon hoe dringend dit is om die goeie nuus te verkondig, en watter uitwerking moet Jesus se woorde op ons hê? (Rom. 13:11, 12; 1 Kor. 7:29-31; 2 Tim. 4:2)

Verhaal 99

In 'n bokamer

1. Hoekom is Jesus en sy 12 apostels in 'n groot bokamer, soos die prent wys?

2. Wie is die man wat uitgaan, en wat gaan hy doen?

3. Met watter spesiale maal begin Jesus nadat die Pasgamaal klaar is?

4. Aan watter gebeurtenis het die Pasga die Israëliete laat dink, en waaraan laat hierdie spesiale maal Jesus se volgelingen dink?

5. Wat sê Jesus ná die Here se Aandmaal vir sy volgelingen, en wat doen hulle?

Bykomende vrae:

1. *Lees Matteus 26:14-30.*

(a) Hoe wys Matteus 26:15 dat Judas Jesus opsetlik verraai het?

(b) Aan watter tweevoudige doel beantwoord Jesus se vergote bloed? (Matt. 26:27, 28; Jer. 31:31-33; Ef. 1:7; Heb. 9:19, 20)

2. *Lees Lukas 22:1-39.*

In watter sin het Satan in Judas ingevaar? (Luk. 22:3; Joh. 13:2; Hand. 1:24, 25)

3. *Lees Johannes 13:1-20.*

(a) In die lig van die verslag in Johannes 13:2, kan Judas blameer word vir wat hy gedoen het, en watter les kan God se knegte hieruit leer? (Gen. 4:7; 2 Kor. 2:11; Gal. 6:1; Jak. 1:13, 14)

(b) Watter praktiese les het Jesus voorsien? (Joh. 13:15; Matt. 23:11; 1 Pet. 2:21)

4. *Lees Johannes 17:1-26.*

Jesus het gebid dat sy volgelingen in watter sin ‘een moet wees’? (Joh. 17:11, 21-23; Rom. 13:8; 14:19; Kol. 3:14)

Verhaal 100

Jesus in die tuin

1. Waarheen gaan Jesus en sy apostels nadat hulle uit die bokamer weggegaan het, en wat sê hy moet hulle doen?

2. Wat sien Jesus wanneer hy terugkom na waar die apostels is, en hoeveel keer gebeur dit?

3. Wie kom in die tuin in, en wat doen Judas Iskariot, soos die prent wys?

4. Hoekom soen Judas vir Jesus, en wat doen Petrus?

5. Wat sê Jesus vir Petrus, maar hoekom vra Jesus nie vir God om enige engele te stuur nie?

Bykomende vrae:

1. *Lees Matteus 26:36-56.*

(a) Hoe is die manier waarop Jesus sy dissipels raad gegee het, 'n goeie voorbeeld vir Christenouer manne van vandag? (Matt. 20:25-28; 26:40, 41; Gal. 5:17; Ef. 4:29, 31, 32)

(b) Hoe het Jesus die gebruik van wapens teen ander mense beskou? (Matt. 26:52; Luk. 6:27, 28; Joh. 18:36)

2. *Lees Lukas 22:39-53.*

Het die feit dat 'n engel in die tuin van Getsemane aan Jesus verskyn het om hom te versterk, beteken dat Jesus in sy geloof gewankel het? Verduidelik (Luk. 22:41-43; Jes. 49:8; Matt. 4:10, 11; Heb. 5:7)

3. *Lees Johannes 18:1-12.*

Hoe het Jesus sy dissipels teen sy teenstanders beskerm, en wat kan ons uit hierdie voorbeeld leer? (Joh. 10:11, 12; 18:1, 6-9; Heb. 13:6; Jak. 2:25)

Verhaal 101

Jesus word doodgemaak

1. Hoofsaaklik wie is verantwoordelik vir Jesus se dood?

2. Wat doen die apostels wanneer die godsdiensteleiers vir Jesus vang?

3. Wat gebeur by die huis van Kajafas, die hōepriester?

4. Hoekom gaan Petrus weg en huil?
5. Wat skreeu die hoofpriesters nadat Jesus na Pilatus toe teruggebring is?
6. Wat gebeur vroeg Vrydagmiddag met Jesus, en wat belowe Jesus vir 'n misdadiger wat langs hom aan 'n paal hang?
7. Waar sal die Paradys wees waarvan Jesus gepraat het?

Bykomende vrae:

1. *Lees Matteus 26:57-75.*
Hoe het die lede van die Joodse Hoë Raad gewys dat hulle harte goddeloos is? (Matt. 26:59, 67, 68)
2. *Lees Matteus 27:1-50.*
Hoekom kan ons sê dat die berou wat Judas gevoel het, nie opreg was nie? (Matt. 27:3, 4; Mark. 3:29; 14:21; 2 Kor. 7:10, 11)
3. *Lees Lukas 22:54-71.*

Watter les kan ons leer uit Petrus se verloëning van Jesus die nag toe hy verraai en in hegtenis geneem is? (Luk. 22:60-62; Matt. 26:31-35; 1 Kor. 10:12)

4. *Lees Lukas 23:1-49.*
Hoe het Jesus gereageer op die onreg wat hy aangedoen is, en watter les kan ons hieruit leer? (Luk. 23:33, 34; Rom. 12:17-19; 1 Pet. 2:23)
5. *Lees Johannes 18:12-40.*
Wat toon die feit dat Petrus, hoewel hy vir 'n oomblik deur mensevrees verlam is, herstel het en 'n voortreflike apostel geword het? (Joh. 18:25-27; 1 Kor. 4:2; 1 Pet. 3:14, 15; 5:8, 9)
6. *Lees Johannes 19:1-30.*

- (a) Watter gebalanseerde beskouing van materiële dinge het Jesus gehad? (Joh. 2:1, 2, 9, 10; 19:23, 24; Matt. 6:31, 32; 8:20)
- (b) Hoe was Jesus se laaste woorde 'n triomfantlike verklaring dat hy Jehovah se soewereiniteit ondersteun het? (Joh. 16:33; 19:30; 2 Pet. 3:14; 1 Joh. 5:4)

Verhaal 102

Jesus lewe

1. Wie is die vrou in die prent, wie is die twee mans, en waar is hulle?
2. Hoekom sê Pilatus vir die priesters om soldate te stuur om by Jesus se graf wag te hou?
3. Wat doen 'n engel vroeg op die derde dag ná Jesus se dood, maar wat doen die priesters?
4. Hoekom is party vroue verbaas wanneer hulle na Jesus se graf toe kom?
5. Hoekom hardloop Petrus en Johannes na Jesus se graf toe, en wat sien hulle daar?
6. Wat het met Jesus se liggaam gebeur, maar wat doen hy om vir die dissipels te wys dat hy lewe?

Bykomende vrae:

1. *Lees Matteus 27:62-66 en 28:1-15.*
Hoe het die hoofpriesters, Fariseërs en ouer manne teen die heilige gees gesondig toe Jesus opgewek is? (Matt. 12:24, 31, 32; 28:11-15)
2. *Lees Lukas 24:1-12.*
Hoe wys die verslag oor Jesus se opstanding dat Jehovah vroue as betroubare getuies beskou? (Luk. 24:4, 9, 10; Matt. 28:1-7)
3. *Lees Johannes 20:1-12.*
Hoe help Johannes 20:8, 9 ons om te sien dat dit belangrik is om geduldig te wees as ons nie die vervulling van 'n Bybelprofesie heeltemal verstaan nie? (Spr. 4:18; Matt. 17:22, 23; Luk. 24:5-8; Joh. 16:12)

Verhaal 103

In 'n geslote kamer

1. Wat sê Maria vir 'n man wat sy dink die tui-nier is, maar wat laat haar beseft dat dit eintlik Jesus is?
2. Wat gebeur met twee dissipels wat na die dorp Emmaus toe loop?
3. Watter verbasende ding gebeur wanneer twee dissipels vir die apostels vertel dat hulle Jesus gesien het?
4. Hoeveel keer het Jesus aan sy volgelinge verskyn?
5. Wat sê Tomas wanneer hy hoor dat die dissipels die Here gesien het, maar wat gebeur agt dae later?

Bykomende vrae:

1. *Lees Johannes 20:11-29.*
Het Jesus in Johannes 20:23 gesê dat mense gesag het om sondes te vergewe? Verduidelik (Ps. 49:2, 7; Jes. 55:7; 1 Tim. 2:5, 6; 1 Joh. 2:1, 2)
2. *Lees Lukas 24:13-43.*
Hoe kan ons ons hart voorberei sodat dit ontvanklik is vir Bybelwaarhede? (Luk. 24:32, 33; Esra 7:10; Matt. 5:3; Hand. 16:14; Heb. 5:11-14)

Verhaal 104

Jesus gaan terug hemel toe

1. Hoeveel dissipels sien eenkeer vir Jesus, en waarvoor praat hy met hulle?
2. Wat is die Koninkryk van God, en hoe sal die lewe op die aarde wees wanneer Jesus 'n duisend jaar lank as Koning regeer?
3. Hoeveel dae lank verskyn Jesus aan sy dissipels, maar wat moet hy nou doen?
4. Wat sê Jesus, net voordat hy van sy dissipels af weggaan, moet hulle doen?

5. Wat gebeur in die prent, en hoekom kan hulle Jesus nie meer sien nie?

Bykomende vrae:

1. *Lees 1 Korintiërs 15:3-8.*

Hoekom kon die apostel Paulus met soveel vertroue van Jesus se opstanding praat, en waarom kan Christene vandag met vertroue praat? (1 Kor. 15:4, 7, 8; Jes. 2:2, 3; Matt. 24:14; 2 Tim. 3:1-5)

2. *Lees Handeling 1:1-11.*

Hoe ver het die predikingswerk versprei, soos in Handeling 1:8 voorspel is? (Hand. 6:7; 9:31; 11:19-21; Kol. 1:23)

Verhaal 105

Hulle wag in Jerusalem

1. Wat wys die prent gebeur met Jesus se volgelinge wat in Jerusalem gewag het?

2. Watter verrassing kry besoekers aan Jerusalem?

3. Wat verduidelik Petrus vir die mense?

4. Hoe voel die mense nadat hulle na Petrus geluister het, en wat sê hy vir hulle om te doen?

5. Hoeveel mense word op daardie dag, Pinkster 33 G.J., gedoop?

Bykomende vrae:

1. *Lees Handeling 2:1-47.*

(a) Hoe het Petrus se woorde in Handeling 2:23, 36 gewys dat die hele Joodse nasie aanspreeklik was vir Jesus se dood? (1 Tess. 2:14, 15)

(b) Hoe het Petrus 'n goeie voorbeeld van redenering uit die Skrif gestel? (Hand. 2:16, 17, 29, 31, 36, 39; Kol. 4:6)

(c) Hoe het Petrus die eerste van "die sleutels van die koninkryk van die hemele" gebruik, wat Jesus belowe het om aan hom te gee? (Hand. 2:14, 22-24, 37, 38; Matt. 16:19)

Verhaal 106

Uit die tronk vrygelaat

1. Wat gebeur een middag met Petrus en Johannes wanneer hulle na die tempel toe gaan?

2. Wat sê Petrus vir 'n kreupel man, en wat gee Petrus vir hom wat meer werd is as geld?

3. Hoekom is die godsdiensteleiers kwaad, en wat doen hulle met Petrus en Johannes?

4. Wat sê Petrus vir die godsdiensteleiers, en watter waarskuwing kry die apostels?

5. Hoekom is die godsdiensteleiers jaloes, maar wat gebeur wanneer die apostels die tweede keer in die tronk gegooi word?

6. Hoe antwoord die apostels wanneer hulle na die Sanhedrinsaal gebring word?

Bykomende vrae:

1. *Lees Handeling 3:1-10.*

Al word ons vandag nie die krag gegee om wonderwerke te doen nie, hoe help Petrus se woorde in Handeling 3:6 ons om die waarde van die Koninkryksboudskap te waardeer? (Joh. 17:3; 2 Kor. 5:18-20; Fil. 3:8)

2. *Lees Handeling 4:1-31.*

In watter opsig moet ons ons eerste-eeuse Christenbroers navolg wanneer ons voor teenstand in die bediening te staan kom? (Hand. 4:29, 31; Ef. 6:18-20; 1 Tess. 2:2)

3. *Lees Handeling 5:17-42.*

Hoe het party wat nie Getuies is nie, in die verlede en die hede, redelikheid getoon ten opsigte van die predikingswerk? (Hand. 5:34-39)

Verhaal 107

Stefanus word gestenig

1. Wie is Stefanus, en wat het God hom gehelp om te doen?

2. Wat sê Stefanus wat die godsdiensteleiers baie kwaad maak?

3. Wat doen die mans wanneer hulle Stefanus uit die stad uitsleep?

4. Wie is die jong man in die prent wat by die kleure staan?

5. Wat sê Stefanus in gebed tot Jehovah voordat hy doodgaan?

6. Soos Stefanus, wat moet ons doen wanneer iemand iets slegs aan ons doen?

Bykomende vrae:

1. *Lees Handeling 6:8-15.*

Watter bedrieglike taktieke het godsdiensteleiers gebruik om die predikingswerk van Jehovah se Getuies te probeer stopstip? (Hand. 6:9, 11, 13)

2. *Lees Handeling 7:1-60.*

(a) Wat het Stefanus gehelp om 'n doeltreffende verdediging van die goeie nuus voor die Sanhedrin te gee, en wat kan ons uit sy voorbeeld leer? (Hand. 7:51-53; Rom. 15:4; 2 Tim. 3:14-17; 1 Pet. 3:15)

(b) Watter gesindheid moet ons aankweek teenoor diegene wat ons werk teëstaan? (Hand. 7:58-60; Matt. 5:44; Luk. 23:33, 34)

Verhaal 108

Op die pad na Damaskus

1. Wat doen Saulus nadat Stefanus doodgemaak is?

2. Watter verbasende ding gebeur wanneer Saulus op pad na Damaskus is?

3. Wat sê Jesus vir Saulus om te doen?

4. Watter instruksies gee Jesus vir Ananias, en wat gebeur sodat Saulus weer kan sien?

5. Onder watter naam raak Saulus bekend, en hoe word hy gebruik?

Bykomende vrae:

1. *Lees Handeling 8:1-4.*

Hoe het die vlaag van vervolging wat teen die nuut gevormde Christengemeente gekom het, die Christelike geloof versprei, en watter soortgelyke situasie het in hedendaagse tye ontstaan? (Hand. 8:4; Jes. 54:17)

2. *Lees Handeling 9:1-20.*

Watter drievoudige werk het Jesus gesê dat hy vir Saulus in gedagte het? (Hand. 9:15; 13:5; 26:1; 27:24; Rom. 11:13)

3. *Lees Handeling 22:6-16.*

Hoe kan ons soos Ananias wees, en hoekom is dit belangrik? (Hand. 22:12; 1 Tim. 3:7; 1 Pet. 1:14-16; 2:12)

4. *Lees Handeling 26:8-20.*

Hoe is Saulus se bekering tot die Christelike geloof 'n aanmoediging vir diegene wat vandag ongelowige huweliksmaats het? (Hand. 26:11; 1 Tim. 1:14-16; 2 Tim. 4:2; 1 Pet. 3:1-3)

Verhaal 109

Petrus by Kornelius

1. Wie is die man in die prent wat kniel?

2. Wat sê 'n engel vir Kornelius?

3. Wat laat God vir Petrus sien wanneer hy op die dak van Simon se huis in Joppe is?

4. Hoekom sê Petrus vir Kornelius hy moenie kniel en hom aanbid nie?

5. Hoekom is die Joodse dissipels wat saam met Petrus gekom het, verbaas?

6. Watter belangrike les moet ons leer uit Petrus se besoek aan Kornelius?

Bykomende vrae:

1. *Lees Handeling 10:1-48.*

Wat toon Petrus se woorde in Handeling 10:42 oor die werk om die goeie nuus van die Koninkryk te verkondig? (Matt. 28:19; Mark. 13:10; Hand. 1:8)

2. *Lees Handeling 11:1-18.*

Watter gesindheid het Petrus aan die dag gelê toe Jehovah se riglyne in verband met nie-Jode duidelik geword het, en hoe kan ons sy voorbeeld navolg? (Hand. 11:17, 18; 2 Kor. 10:5; Ef. 5:17)

Verhaal 110

Timoteus help vir Paulus

1. Wie is die jong man in die prent, waar woon hy, en wat is sy ma en oma se name?

2. Wat sê Timoteus wanneer Paulus hom vra of hy saam met hom en Silas wil gaan om vir mense in ver plekke te preek?

3. Waar word Jesus se volginge vir die eerste keer Christene genoem?

4. Wat is party van die stede waarheen Paulus, Silas en Timoteus gaan nadat hulle uit Antiogië weggaan?

5. Hoe help Timoteus vir Paulus, en wat moet jongmense hulle vandag afvra?

Bykomende vrae:

1. *Lees Handeling 9:19-30.*

Hoe het die apostel Paulus oordeelkundigheid aan die dag gelê toe hy met teenstand teen die goeie nuus te kampe gehad het? (Hand. 9:22-25, 29, 30; Matt. 10:16)

2. *Lees Handeling 11:19-26.*

Hoe wys die verslag in Handeling 11:19-21, 26 dat Jehovah se gees die predikingswerk rig en lei?

3. *Lees Handeling 13:13-16, 42-52.*

Hoe wys Handeling 13:51, 52 dat die dissipels nie toegelaat het dat teenstand hulle misdoedings maak nie? (Matt. 10:14; Hand. 18:6; 1 Pet. 4:14)

4. *Lees Handeling 14:1-6, 19-28.*

Hoe help die uitdrukking 'hulle het hulle aan Jehovah opgedra' om ons van enige onnodige angstigtheid te bevry terwyl ons nuwelinge help? (Hand. 14:21-23; 20:32; Joh. 6:44)

5. *Lees Handeling 16:1-5.*

Hoe toon die feit dat Timoteus bereid was om besny te word, hoe belangrik dit is om 'alles ter wille van die goeie nuus te doen'? (Hand. 16:3; 1 Kor. 9:23; 1 Tess. 2:8)

6. *Lees Handeling 18:1-11, 18-22.*

Wat dui Handeling 18:9, 10 aan oor Jesus se persoonlike betrokkenheid by die leiding van die predikingswerk, en watter vertroue gee dit ons vandag? (Matt. 28:20)

Verhaal 111

'n Seun raak aan die slaap

1. Wie is die seun wat in die prent op die grond lê, en wat het met hom gebeur?

2. Wat doen Paulus wanneer hy sien dat die seun dood is?

3. Waarheen gaan Paulus, Timoteus en dié wat saam met hulle reis, en wat gebeur wanneer hulle by Milete stop?

4. Waaroor waarsku die profeet Agabus vir Paulus, en hoe gebeur dit net soos die profeet sê?

Bykomende vrae:

1. *Lees Handeling 20:7-38.*

(a) Hoe kan ons, volgens Paulus se woorde in Handeling 20:26, 27, "rein . . . van die bloed van alle mense" bly? (Eseg. 33:8; Hand. 18:6, 7)

(b) Hoekom moet ouer manne “stewig aan die betroubare woord vashou” wanneer hulle onderrig? (Hand. 20:17, 29, 30; Tit. 1:7-9; 2 Tim. 1:13)

2. Lees *Handelinge 26:24-32*.

Hoe het Paulus sy Romeinse burgerskap gebruik om die opdrag wat hy van Jesus ontvang het om die predikingswerk te doen, uit te voer? (Hand. 9:15; 16:37, 38; 25:11, 12; 26:32; Luk. 21:12, 13)

Verhaal 112

Gestrand op 'n eiland

1. Wat gebeur met die boot waarop Paulus is wanneer dit naby die eiland Kreta verbyseil?
2. Wat sê Paulus vir die mense op die boot?
3. Hoekom breek die boot in stukke?
4. Watter instruksies gee die leëroffisier in bevel, en hoeveel mense kom veilig op die strand?
5. Wat is die naam van die eiland waarop hulle is, en wat gebeur met Paulus wanneer die weer beter word?

Bykomende vrae:

1. Lees *Handelinge 27:1-44*.

Hoe word ons vertrou in die juistheid van die Bybelverslag versterk wanneer ons die verslag van Paulus se reis na Rome lees? (Hand. 27:16-19, 27-32; Luk. 1:3; 2 Tim. 3:16, 17)

2. Lees *Handelinge 28:1-14*.

As die heidense bewoners van Malta Paulus en sy medeskibbreukelinge met “buitengewone mensliewendheid” behandel het, watter eienskap moet Christene beweeg word om aan die dag te lê en veral hoe? (Hand. 28:1, 2; Heb. 13:1, 2; 1 Pet. 4:9)

Verhaal 113

Paulus in Rome

1. Vir wie preek Paulus terwyl hy 'n gevangene in Rome is?
2. Wie is die besoeker by die tafel in die prent, en wat doen hy vir Paulus?
3. Wie is Epafroditus, en wat vat hy saam met hom wanneer hy na Filippi toe teruggaan?
4. Hoekom skryf Paulus 'n brief aan sy goeie vriend Filemon?
5. Wat doen Paulus wanneer hy vrygelaat word, en wat gebeur later met hom?
6. Wie gebruik Jehovah om die laaste boeke van die Bybel te skryf, en waarvan vertel die boek Openbaring?

Bykomende vrae:

1. Lees *Handelinge 28:16-31 en Filippense 1:13*.

Hoe het Paulus sy tyd gebruik terwyl hy in Rome gevangene gehou is, en watter uitwerking het sy onwrikbare geloof op die Christengemeente gehad? (Hand. 28:23, 30; Fil. 1:14)

2. Lees *Filippense 2:19-30*.

Watter betuigings van waardering het Paulus oor Timoteus en Epafroditus gemaak, en hoe kan ons Paulus se voorbeeld navolg? (Fil. 2:20, 22, 25, 29, 30; 1 Kor. 16:18; 1 Tess. 5:12, 13)

3. Lees *Filemon 1-25*.

(a) Op grond waarvan het Paulus vir Filemon aangespoor om te doen wat reg is, en hoe is dit 'n riglyn vir ouer manne van vandag? (Filem. 9; 2 Kor. 8:8; Gal. 5:13)

(b) Hoe toon Paulus se woorde in Filemon 13, 14 dat hy die gewete van ander in die gemeente gerespekteer het? (1 Kor. 8:7, 13; 10:31-33)

4. Lees *2 Timoteus 4:7-9*.

Hoe kan ons, soos die apostel Paulus, die vertroue hê dat Jehovah ons sal beloon as ons tot die einde toe getrou bly? (Matt. 24:13; Heb. 6:10)

Verhaal 114

Die einde van alle slegte dinge

1. Hoekom praat die Bybel van perde in die hemel?
2. Wat is die naam van God se oorlog teen slegte mense op die aarde, en wat is die doel van hierdie oorlog?
3. Volgens die prent, wie is die Een wat die leiding gaan neem in die geveg, hoekom dra hy 'n kroon, en wat beteken sy swaard?
4. As jy terugkyk na Verhaal 10, 15 en 33, hoekom moet ons nie verbaas wees dat God slegte mense gaan vernietig nie?
5. Hoe wys Verhaal 36 en 76 vir ons dat God slegte mense gaan vernietig, al sê hulle dat hulle hom aanbid?

Bykomende vrae:

1. Lees *Openbaring 19:11-16*.

(a) Hoe maak die Skrif dit duidelik dat Jesus Christus die ruiter op die wit perd is? (Op. 1:5; 3:14; 19:11; Jes. 11:4)

(b) Hoe bevestig die bloed wat op Jesus se bokleed gesprinkel is dat sy oorwinning beslissend en volkome is? (Op. 14:18-20; 19:13; Jes. 63:1-6)

(c) Wie is waarskynlik deel van die leërs wat Jesus op sy wit perd volg? (Op. 12:7; 19:14; Matt. 25:31, 32)

Verhaal 115

'n Nuwe paradys op aarde

1. Watter toestande sê die Bybel sal ons in die aardse Paradys geniet?
2. Wat belowe die Bybel aan die mense wat in die Paradys lewe?
3. Wanneer sal Jesus sorg dat hierdie wonderlike verandering plaasvind?

4. Wat het Jesus gedoen toe hy op die aarde was om te wys wat hy gaan doen wanneer hy Koning van God se Koninkryk word?

5. Waarvan sal Jesus en dié wat saam met hom in die hemel regeer, seker maak wanneer hulle uit die hemel oor die aarde regeer?

Bykomende vrae:

1. Lees *Openbaring 5:9, 10*.

Hoekom kan ons die vertrouwe hê dat diegene wat gedurende die Duisendjarige Heerskappy oor die aarde gaan regeer, simpatieke en barmhartige konings en priesters sal wees? (Ef. 4:20-24; 1 Pet. 1:7; 3:8; 5:6-10)

2. Lees *Openbaring 14:1-3*.

Wat word aangedui deur die feit dat die naam van die Vader en die naam van die Lam op die vooroppe van die 144 000 geskrywe staan? (1 Kor. 3:23; 2 Tim. 2:19; Op. 3:12)

Verhaal 116

Hoe ons vir ewig kan lewe

1. Wat moet ons weet as ons vir ewig wil lewe?
2. Hoe kan ons, soos die meisie en haar maatjies in die prent, van Jehovah God en Jesus leer?

3. Watter ander boek sien jy in die prent, en hoekom moet ons dit dikwels lees?

4. Wat anders is nodig om die ewige lewe te kry, buiten om van Jehovah en Jesus te leer?

5. Watter les leer ons in Verhaal 69?

6. Wat wys die goeie voorbeeld van jong Samuel in Verhaal 55?

7. Hoe kan ons die voorbeeld van Jesus Christus navolg, en as ons dit doen, wat sal ons in die toekoms kan doen?

Bykomende vrae:

1. Lees *Johannes 17:3*.

Hoe wys die Skrif dat dit nie net die memorisering van feite behels as ons kennis van Jehovah God en Jesus Christus wil inneem nie? (Matt. 7:21; Jak. 2:18-20; 1 Joh. 2:17)

2. Lees *Psalms 145:1-21*.

(a) Wat is party van die baie redes wat ons het om Jehovah te loof? (Ps. 145:8-11; Op. 4:11)

(b) Hoe is Jehovah “goed vir almal”, en hoe moet dit ons steeds nader aan hom laat kom? (Ps. 145:9; Matt. 5:43-45)

(c) Wat sal ons wil doen as Jehovah na aan ons hart is? (Ps. 119:171, 172, 175; 145:11, 12, 21)

Wil jy graag meer inligting hê?

Jy kan met Jehovah se Getuies in verbinding tree by **www.jw.org**.